# GELOOFSLEER EN SEDELEER

VIR STANDERD 10

HANDBOEK VIR DIE ONDERWYSER

Opgestel in opdrag van die
Interkerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding
Deur

Prof. S.J. van der Walt
Prof. B.J. Engelbrecht
Prof. Dr. D.J. Keet
Dr. A.C. Barnard

# INHOUD


REDAKSIONELE VOORWOORD ........ 4
AFDELING I: GELOOFSLEER ........ 6
GODSDIENS ........ 6
Les 1: WAT IS GODSDIENS? ........ 6
Les 2: GOD KAN ALLEEN DEUR SY OPENBARING GEKEN WORD ........ 8
Les 3: GOD SE OPENBARING WORD ALLEEN DEUR DIE GELOOF AANVAAR ........ 11
WAARIN GOD HOM OPENBAAR ........ 13
Les 4: DIE ALGEMENE OPENBARING VAN GOD ........ 13
Les 5: DIE BESONDERE OPENBARING VAN GOD ........ 15
DIE HEILIGE SKRIF ........ 17
Les 6: CHRISTUS DIE HELE INHOUD VAN DIE BYBEL ........ 17
Les 7: DIE BYBEL GEÏNSPIREER DEUR DIE HEILIGE GEES ........ 20
Les 8: DIE HEILIGE SKRIF EN ONS BELYDENISSKRIFTE ........ 23
GOD ........ 25
Les 9: DIE WESE EN EIENSKAPPE VAN GOD ........ 25
Les 10: GOD SE NAAM ........ 28
Les 11: GOD SE DRIE-ENIGHEID ........ 31
SKEPPING EN VOORSIENIGHEID ........ 35
Les 12: DIE RAADSPLAN VAN GOD ........ 35
Les 13: SKEPPING VAN DIE WÊRELD ........ 37
Les 14: DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD ........ 40
DIE MENS ........ 42
Les 15: GESKAPE NA GODS BEELD ........ 42
Les 16: DIE VERBONDSGEDAGTE ........ 46
DIE SONDEVAL ........ 49
Les 17: OORSPRONG VAN DIE SONDE ........ 49
Les 18: DIE WESE VAN DIE SONDE ........ 52
Les 19: DIE VERBREIDING VAN DIE SONDE ........ 56
Les 20: DIE STRAF OP DIE SONDE ........ 60
CHRISTUS ........ 64
Les 21: DIE VREDERAAD VAN GOD EN DIE GENADEVERBOND ........ 64
Les 22: DIE VLEESWORDING VAN CHRISTUS ........ 68
Les 23: DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS ........ 72
Les 24: DIE PERSOON VAN DIE HERE JESUS CHRISTUS ........ 75

DIE WERK VAN CHRISTUS ........ 79
Les 25: DIE DRIEËRLEI AMP VAN CHRISTUS ........ 79
Les 26: DIE STAAT VAN VERNEDERING ........ 83
Les 27: WAAROM CHRISTUS GELY HET ........ 87
Les 28: DIE STAAT VAN VERHOGING ........ 91
DIE HEILSORDE: HOE ONS SALIG WORD ........ 95
Les 29: DIE HEILIGE GEES EN SY WERK ........ 95
Les 30: ROEPING EN WEDERGEBOORTE ........ 99
Les 31: GELOOF EN BEKERING ........ 103
Les 32: DIE REGVERDIGMAKING ........ 108
Les 33: HEILIGMAKING EN VOLHARDING ........ 111
DIE KERK ........ 115
Les 34: WAT DIE KERK IS ........ 115
Les 35: DIE TAAK VAN DIE KERK ........ 119
Les 36: DIE EENHEID EN HEILIGHEID VAN DIE KERK ........ 122
DIE GENADEMIDDELE ........ 125
Les 37: DIE PREDIKING VAN DIE EVANGELIE ........ 125
Les 38: OOR DIE HEILIGE DOOP ........ 129
Les 39: OOR DIE HEILIGE NAGMAAL ........ 133
DIE VOLEINDING VAN DIE WÊRELD ........ 137
Les 40: DIE TUSSENTOESTAND NA DIE DOOD ........ 137
Les 41: DIE TEKENS VAN DIE NADERENDE EINDE ........ 141
Les 42: DIE VOLEINDING ........ 145

## REDAKSIONELE VOORWOORD

Dit is met groot dankbaarheid dat die Interkerklike Handboekkomitee vir Godsdiensonderrig op Skool, saamgestel deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, hierdie eerste band van sy voorgenome reeks *"Handboeke vir Godsdiensonderrig op Skool"* aanbied.

Om die leser 'n duidelike beeld te gee van wat met hierdie publikasie beoog word, bring die redaksie graag die volgende paar sake onder die aandag:

1. *"Handboeke vir Godsdiensonderrig op Skool"*: Onder hierdie reeks stel die Handboekkomitee in vooruitsig die publikasie van die volgende vyf bande:

(a) Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings as agtergrondstudie van die Bybel vir standerd 6.

(b) Die Ou Testament vir standerd 7.

(c) Die Nuwe Testament vir standerd 8.

(d) Kerkgeskiedenis vir standerd 9.

(e) Geloofsleer en Sedeleer vir standerd 10.

Hierbenewens het die Handboekkomitee reeds 'n boekie oor die *"Metodiek vir Godsdiensonderrig op die Middelbare Skool"* die lig laat sien.

Hiermee verskyn die boek vir standerd 10: Geloofsleer en Sedeleer. En dit is nie sonder rede nie. Die redaksie is daarvan oortuig dat die grootste behoefte aan 'n handboek op die terrein van die geloofsleer en die sedeleer bestaan. Ons stellige hoop is dat ons spoedig in staat sal wees om ook die ander handboeke die lig te laat sien.

2. **Bedoeling met hierdie publikasie:** *"Geloofsleer en Sedeleer vir Standerd 10"* is 'n handboek vir die onderwyser. Laat ons dit steeds in gedagte hou. Hierdie werk is dus nie geskryf vir die hantering deur die leerlinge nie; daarvoor is dit te moeilik en te uitgebreid. Die onderwyser sal dit dus met oorleg moet gebruik en sy mededelinge vereenvoudig volgens die peil van die leerling. Dit beteken egter nie dat die belangstellende en intelligente leerling nie self ook die boek mag bestudeer nie — inteendeel, diesulkes kan en moet selfs aangemoedig word om hulle in hierdie waarhede sodanig te verdiep dat die onderwyser hulle met nog verdere literatuur in aanraking moet bring.

3. **Metode:** Dit is wenslik dat die onderwyser vooraf 'n deeglike studie maak van die boek *Metodiek vir Godsdiensonderrig op die Middelbare Skool* (onder par. 1 genoem).

4. **Die plek van godsdiensonderrig op skool:** Daar kan werklik nie langer getalm word om hierdie werk op 'n behoorlike en waardige vlak in die skoolwerk as geheel te plaas nie. Omrede van die grondliggende posisie van hierdie vak in die kinderontwikkeling en vorming moet dit verhef word tot die sentrale vak in elke skool van die Republiek van Suid-Afrika. Hiervoor is nodig:

(a) Goed toegeruste vakmanne wat leerlinge en leesstof net so meesterlik beheers as sy kollegas in die ander vakke;

(b) genoegsame tyd in die vorm van aantal periodes om wat die belangrikste in die

skool is, die swaarste te laat weeg; en

(c) wetenskaplike benadering van die tegniese aspekte van die onderrig van hierdie vak net soos in al die ander skoolwerk.

Die redaksie voel hom daarvan oortuig dat hierdie handboek al die bostaande oogmerke ten beste dien. Ten slotte wil die redaksie die lede van die Raad van Trustees van die Interkerklike Uitgewerstrust bedank vir hulle aandeel in verband met die uitgawe van hierdie boek. Met die finale nalees van die manuskrip het ds, J. Norval Geldenhuys waardevolle hulp verleen, waarvoor die redaksie hom opreg bedank.

Mag hierdie boek, onder die seënende hand van God, gedy tot heil van vele van ons volk se kinders!

REDAKSIE:

PROF. DR. H. J. J. BINGLE (hoofredakteur) Ds. R. J. RAATH

DR. L. M. LE Roux

PROF. DR. S. J. v. D. WALT

H. C. CASTELYN

## BELANGRIKE NASKRIF

Alhoewel hierdie boek as handleiding vir godsdiensonderrig opgestel is, sal dit veel kan bydra om lesers ook buite die onderwys 'n dieper insig in die Christelike geloof te laat kry. Dit word dus van harte aanbeveel vir enige leraar of lidmaat wat 'n beter insig wil hê in die groot waarhede van ons geloof en in die ander onderwerpe wat in hierdie boek behandel word.

## NOTA BY DIE ELEKTRONIESE TEKS:

In die teks dui [xxx] die oorspronklike bladsynommers aan. Die nommer is telkens aan die begin van die bladsy geplaas. Waar die woord aan die einde van ’n bladsy deur ’n koppelteken opgebreek was, is die bladsynommer voor daardie woord geplaas.

[9]

# AFDELING I: GELOOFSLEER

## GODSDIENS

### Les 1: WAT IS GODSDIENS?

Wat godsdiens is, kan ons uit die woord self aflei, naamlik "die diens van God". Maar wat ons daaronder moet verstaan, is nie sommer vanself duidelik nie, aangesien daar ware en valse godsdiens bestaan. As Paulus byvoorbeeld sê dat die Atheners godsdienstige mense is (Hand, 17:22), neem dit nie weg dat hulle stad vol afgodsbeelde was en dat hulle dus eintlik afgodsdienaars was nie. Uit die Skrif blyk dat van die vroegste tye af die ware godsdiens (Set) parallel geloop het met die valse (Kain).

1. **Die ware godsdiens:** Dis duidelik dat godsdiens vir ons as gelowiges alleen kan beteken die band wat die mens aan die lewende, waaragtige God verbind. Dit is die teerste en heiligste maar ook die allerbelangrikste van ons hele bestaan. Daarin vind ons ons hoogste geluk en vrede in die lewe. Maar daarvan hang ook ons ewige geluk af. Die Bybel leer ons dat God die ewigheid in die hart van die mens gelê het (Pred. 3:11). Die mens is na Gods beeld geskape. Hy is dus op God aangelê. *Om God te ken, lief te hê en te dien, is vir hom die lewe.* Al wat hy is en al wat hy het en al wat hy doen, wy hy aan die diens van God. Vir 'n kind, byvoorbeeld, is selfs sy skoolwerk 'n deel van sy godsdiens. Godsdiens is dus nie net 'n kwessie van Bybel lees, bid en kerkbesoek nie, maar van 'n volkome toegewyde lewe tot diens van God. God is dan vir ons alles in die lewe. Om Hom te verloor, is om alles te verloor. Geluk en vrede buite God is daar vir die mens nie te vinde nie. Sy siel kan nooit rus totdat in God die rus gevind is nie, soos die groot kerkvader Augustinus na bittere ervaring verklaar het.

2. **Die valse godsdiens (afgodediens):** Nieteenstaande die sondeval is godsdiens 'n algemeen menslike verskynsel en is daar g'n enkele mens wat nie 'n godsdienstige of religieuse behoef te het nie. Selfs die mees geharde heiden kan die godsdienstige besef nie uit sy hart uitroei nie, want die mens bly 'n beelddraer van God, al is dit ook deur die sonde geskend. Ook hy wat voorgee dat hy nie in God glo nie en wat aan geen kerk of geloof behoort nie, glo nogtans in God, al probeer hy dit onderdruk. Hy stry teen sy [10] eie beterwete, en daarom juis is hy *so* onverdraagsaam teen die godsdiens. Hy versin vir hom 'n valse god of gode, maar sonder godsdiens kan hy nie bly nie. Sy sielehonger dryf hom om 'n god te soek. Dit is byvoorbeeld die rede waarom Kommuniste Lenin en ander leiers tot afgode verhef.

En wat vir die enkeling geld, geld ook vir die volke. Daar is geen enkele volk ter wêreld, hoe primitief en agterlik ook al, wat nie sy godsdiens het nie. Ondersoek in hierdie verband het aangetoon dat die sg. primitiewe volkere in baie opsigte 'n hoër godsbegrip het as die meer ontwikkelde volke. So tref ons by hulle aan die idee van 'n Vader-god wat alles gemaak het, 'n "god" wat die goeie seën en die slegte straf en wat bo alle dinge aanbid moet word.

Hierteenoor word die diens van talle natuurgode of -geeste (veelgodedom of politeïsme), met die daarmee gepaard gaande wreedhede van mense-offers en dronkenskap en onsedelikheid, by die sg. hoër volkere aangetref. Dit dui op agteruitgang (degenerasie), weg van die idee van één God en Vader, en dus op verval op sedelik godsdienstige gebied. Dis dus in lynregte stryd met die ewolusiegedagte as sou die mens altyd hoër gestyg en nader by

God gekom het.

3. **Uitwerking van die sonde op die godsdiens:**

(a) *Die sonde vervreem die mens van God*: Die diepste oorsaak van alle menslike ellende is dat die mens hom van God losgeskeur het en tog nooit heeltemal los kan kom nie. Hy stry dus eintlik teen homself, sy eie natuur en aanleg. Hy maak homself seer in sy pogings om van God af weg te kom en verkrag sy eie natuur, wat aangelê is om God te dien en lief te hê.

(b) *Die mens wil self god wees:* Dit was eintlik die eerste sonde, die sonde van Adam en Eva in die paradys. En vandag wil die mens nog "soos God" wees (Gen. 3:5), d.w.s. hy wil outonoom wees om self te bepaal wat goed en kwaad is en om sy eie heil uit te werk. So het die mens in sy hele natuur en al sy funksies ontaard. Hy het dus deur ongeloof sy eie lewenswortel afgesny en is in sy kern, sy "hart", waaruit al die uitgange van sy lewe is (Spr. 4:23), dodelik getref.

(c) *Die resultaat van die vervreemding van God en die egoïsme:* Uit die vervreemding van God het gespruit die onrustigheid en gejaagdheid, die bitterheid en onverdraagsaamheid van die menslike lewe. Vandaar dat mense sonder besieling en idealisme is. Vandaar die gevoel van leegheid, lusteloosheid en frustrasie, wat in ons tyd steeds toeneem; ook die toenemende sensasiejag en plesiersug. Die mens wil maar sy ellende vergeet soos in 'n roes van dronkenskap. Ander weer soek bevrediging in kultuur en wetenskap.

[11]

Baie mense glo dat die *wetenskap* in staat is om al ons probleme op te los en om ten slotte alle siekte en selfs die dood te oorwin en vir ons 'n menswaardige bestaan op aarde te verseker. Nieteenstaande die hoogtes wat die wetenskap bereik het, is daar egter groter ellende op aarde vandag as wat daar ooit was en bedreig die atoomvuur die mens vandag met algehele ondergang. Sonder geloof in God is die toekoms donker.

Die ander kultuurkragte wat die mens aanbid, soos bv. die kuns en die sosiale wetenskappe, kan ook vir 'n sterwende wêreld g'n hoop bied nie. Kuns kan vir ons wel 'n ideale wêreld voortower, maar nie verwesenlik nie. En met al ons sosiale vooruitgang, ons organisasieplanne, ons rehabilitasie-skemas, ons konferensies, ons aanwending van kapitaalkrag, ens., kan ons onsself nie red nie.

**4. Die plek van die gelowige in die sondige wêreld:** Die gelowige besef sy sondigheid en doodgedoemdheid en vlug tot God om genade, wat hy vind in die soenbloed van Jesus Christus. Hy klim van die troon van selfverheffing af en verneder hom voor Gods aangesig. Daarom verafgood hy niks in hierdie wêreld nie, ook nie die kultuur nie. Nie dat hy die kultuur beskou as uit die bose nie; inteendeel, hy sien die kultuur as 'n van God opgelegde taak, naamlik om die aarde te onderwerp (Gen. 1:28) en die paradys te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15). Die mens het dan ook van vroeg af kultuur beoefen (Gen. 4:20-22). Hy was nie 'n halfdier soos die ewolusie leer nie. Al het die mens die kultuur misbruik om homself teen God te verhef, mag ons nog nie daarom die kultuur verfoei, soos baie sektariese mense doen nie. Die gelowige heilig die kultuur en stel dit in die diens van God. So gesien, word die beoefening van 'n Christelike kultuur ons praktiese godsdiens. Dan word God daarin verheerlik en word dit 'n seën vir die mensheid. Om vroom te wees in Bybelse sin is om God te dien en te vrees in alles, d.w.s. om altyd en oral as met ontblote hoof voor God te staan en om met heilige eerbied en ontsag jeens God vervul te wees, 'n eerbied wat deur liefde en aanbidding gedra word.

5. **Hoe God gedien wil** wees: (a) *Godsdiens is nie 'n saak van willekeur nie:* Al is godsdiens in die eerste plek 'n saak van vroom en toegewyde hart en gemoed, is dit geen privaatsaak nie, soos sommige wil voorgee, sodat elkeen maar kan glo soos hy wil. Nee, eiewillige godsdiens is uit die bose. En daar is baie "vroomheid" wat nie tot eer van God is nie. Deur die sonde is ons verstand verduister, ons hart verhard en ons wil verdraai, en daarom kan ons nie self uitmaak hoe God gedien moet word nie. God self alleen kan bepaal hoe Hy gedien wil wees.

(b) *Alleen uit Gods openbaring weet ons hoe Hy gedien moet word:* Die vroomheid van die hart word gekweek en gedra deur [12] suiwere kennis van God en kom tot uitdrukking in 'n godsalige en toegewyde lewenswandel.

Ons kan God egter nie ken nie, tensy Hy Hom deur ons laat vind, d.w.s. Homself aan ons openbaar. En so leer ons Hom dan ken, nie maar as 'n soort vae Opperwese nie, maar as ons hemelse Vader in Jesus Christus. Om dus sg. godsdienstig te wees, sê niks as ons *God* nie dien nie, die God wat Hom in Christus aan ons geopenbaar het.

Godsdiens is dus nie maar 'n saak van persoonlike opinie of gevoel of belewing nie. Nee, God het self bepaal hoe Hy gedien wil wees.

Aan die godsdiens is daar twee kante, naamlik 'n objektiewe en 'n subjektiewe. Die objektiewe, wat eerste kom, word in die Bybel aangedui as "die gebooie", "die woorde", "die insettinge van die Here" of as "die leer van die profete en apostels", ens. Ons moet die objektiewe inhoud van die godsdiens ken, anders kan ons subjektief ook nie reg godsdienstig wees nie. Subjektief bestaan ons godsdiens uit "die vrees van die Here, wat die beginsel van alle wysheid is" (Ps. 111:10), of wat in die Nuwe Testament byvoorbeeld aangedui word as "geloof, hoop en liefde" (1 Kor. 13:13).

6. **Onderrig in die godsdiens:** Die gedagte dat die mens nie in die godsdiens kan of moet onderrig word nie, is uit Satan.

God wil dat ons onderrig moet word in die heerlike waarheid wat Hy aan ons geopenbaar het (Deut. 6:1-7; Ef. 6:4). Die godsdiens behels die hoogste en die mees fundamentele wetenskap. Dis belangriker as enige ander wetenskap en kan alleen tot ons hoogste skade en diepste ongeluk nagelaat word. Dit gaan hier om die kennis van die lewende God wat die ewige lewe is. Onkundige lidmate is nie alleen swak en onstandvastig nie, maar 'n positiewe gevaar vir kerk en staat. "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis, sê die Here" (Hosea 4:6).

## Les 2: GOD KAN ALLEEN DEUR SY OPENBARING GEKEN WORD

**1. Daar is 'n absolute verskil tussen Skepper en skepsel:** Dis opmerklik dat alle godsdienste van die wêreld uitgaan van die gedagte dat hulle berus op een of ander "openbaring" wat van die godewêreld af sou gekom het. Maar tog hoef ons ons nie daaroor te verwonder nie, want dit is inderdaad so dat die mens, omdat hy skepsel is en God Skepper, nie in staat is om met God in aanraking te kom nie, tensy God Hom *openbaar*.

[13]

God is nie 'n deel van ons wêreld met wie ons in direkte kontak kan kom as 'n deel van ons ervaringsveld nie. Nee, Hy is die ewige Skepper, wat as sodanig nie net gradueel verskil van die skepsel nie, maar wesenlik, kwalitatief geheel en al anders is en tot 'n geheel ander orde van bestaan behoort as alle geskapenes. Daar loop nie 'n pad van die skepping tot die

Skepper, waardeur hulle in die diepste werklikheid dieselfde sou wees nie. God is wel agter alles en Hy werk in alles deur Sy almag, maar Hy self, Sy persoon en wese is verhewe bo alle dinge. Dit is nie so dat God deur die skepping afgeperk sou wees of dat Hy nie alomteenwoordig is nie. Alhoewel alle dinge in God is, is Hy nogtans onderskeie van alles. Alhoewel ons in God lewe, in Hom beweeg en in Hom is (Hand. 17:28), bly daar 'n absolute en onoorbrugbare kloof tussen Skepper en skepsel sover dit hulle wese aanbetref.

**2. Daarom is die egte godsdiens nie 'n produk van die menslike gees nie:** Godsdiens is nie 'n bloot natuurlike produk van menslike ontwikkeling nie. Dit spruit nie voort uit die bloot menslike soeke na die Ewige nie. Dit kan nooit naturalisties verklaar word uit menslike behoeftes en omstandighede nie. Dis deur en deur onwaar dat die profete van Israel, in 'n proses van godsdienstig-sedelike ontwikkeling, die sg. etiese monoteïsme van Israel sou *ontdek* het. Enige "god" wat deur ons ontdek of uitgevind sou word, *is* eenvoudig nie God nie, maar 'n mensgemaakte afgod.

Ons kan alleen van God self leer wie en wat Hy is. So nie sal ons dit in der ewigheid nie weet nie.

Die Skrif sê: "Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God" (1 Kor. 2:10, 11). En weer: "Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige?" (Job 11:7).

Dit het God behaag om 'n band van persoonlike gemeenskap tussen Hom en ons te lê. En daarom hunker ons hart na God, soos die psalmdigter sê: "Vir my is daar geen goed bo U nie" (Ps. 16:2b); en weer: "Wie het ek *buiten* U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie" (Ps. 73:25). Jammer dat die mens vanweë die sonde sy eie hart nie meer verstaan nie en agter ander dinge aanjaag wat sy siel nooit kan bevredig nie. Tog bly die drang steeds daar om na God te soek.

**3. Die verskillende maniere waarop God gesoek word:** Alhoewel alle godsdienste van die openbaringsgedagte uitgaan, beteken dit nie dat hulle die absoluut kwalitatiewe verskil tussen God en die [14] skepsel erken nie. Inteendeel, die panteïstiese gedagte, waarvolgens God eintlik die diepste wese van alle dinge is, lê aan die heidense godsdienstige denke ten grondslag. Ons moet dan opklim tot of wegsink in die wese van God, wat ons eie diepste wese sou wees. Vir ander weer gaan ons met wêreld en al in God op, sodat van ons naderhand niks meer oorbly nie. Hoe dit gebeur, hang dan eintlik af van hoe die wese van God beskou word.

As God gesien word as die hoogste Redelikheid, soos by die Griekse denke, dan moet Hy langs die weg van rasionele denke gesoek en benader word. Dit is wat genoem word die Rasionalisme. God is dan eintlik die absolute Rede, wat in ons beperkte denke steeds meer en meer ontdek word. Filosofie sou hier dan eintlik die hoogste soort godsdiens wees.

Waar God gesien word as Lewe en Krag, soos by die Boeddhisme, daar moet ons Hom vind deur irrasionele gevoelsbelewing om op 'n mistiese wyse in Sy Alwese te versink. Mistisisme is hier die weg tot God.

En waar God meer gesien word as Wil en Daad, soos by die Mohammedanisme en die Jodedom vandag, daar word Hy gesoek langs die weg van werkheiligheid en wetsgeregtigheid en sedelike ontplooiing. Dis wat genoem word Moralisme of die Etiese rigting. Vir baie mense

was Jesus dan ook niks anders nie as die volmaakte Voorbeeld, wat deur ons in ons sedelike lewe nagevolg moet word.

Die ongeluk met al hierdie rigtinge is dat daar nie besef word dat die sonde ’n dodelike breuk tussen God en mens geslaan het nie en dat gemeen word dat ons ellende daaraan te wyte is dat ons as skepsele beperk is en *nog nie* “soos God” geword het nie. Dis die dwaasheid van die trotse Humanisme (mensvergoddeliking) wat, soos Adam en Eva in die paradys, die mens wil verhef om “soos God” te wees.

4. **God is nogtans nie “die onbekende God” nie:** Daar het in ons tyd ’n sterk reaksie gekom teen die selfversekerde Humanisme van die vorige eeu. Die nadruk word nou nie meer op die mens en sy vermoëns gelê nie, maar op God en Sy genade. Maar, helaas, God word dan dikwels op so ’n manier ingeskakel dat Hy ’n “onbekende God” is en bly en dat Hy nie werklik tot ons inkom in ons historiese situasie nie. *Waar God* vroeër as 't ware *in ons wêreld opgegaan het,* daar *gaan ons wêreld nou in God op,* en daar bly van ons niks oor nie. Dis feitlik ’n soort Humanisme waarin die mens en sy geskiedenis aan die dood prysgegee word, maar net om hom in God en die ewigheid weer te laat herrys as ’n god-mens. Hier bly God dus in Sy openbaring verborge, sodat Hy nie werklik deur Christus in ons geskiedenis ingegaan het nie en ons eintlik van Hom niks af *weet* nie.

[15]

En tog is dit vir ons ’n kwessie van lewe of dood om God te vind in ons werklike historiese wêreld. Christus sê: “En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het” (Joh. 17:3). En kennis van God beteken nie maar net om te weet *dat* daar ’n God is nie, maar om Hom persoonlik as God en Saligmaker te ontmoet en met Hom verenig te word in volmaakte gemeenskap. Hierdie kennis kan ons dus nooit deur wetenskaplike navorsing verkry nie, maar alleen deur Hom persoonlik aan te neem as God, geopenbaar in die vlees. “Niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar” (Matt. 11:27). Ook sê Christus: “Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak” (Joh. 17:26). In Christus het God die Vader self Hom aan ons geopenbaar. Daarom sê Christus: “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien” (Joh. 14:9).

Die kennis van God hang dus nie af van ’n groot verstand nie. Selfs die eenvoudigste kind van God besit hierdie kennis en word daardeur salig. Daarom sê Jesus: “Ek loof U, Vader .... dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het” (Matt. 11:25). God is nie net die *Bron* van die openbaring nie, maar is *Self in eie Persoon* aan ons geopenbaar deur Jesus Christus. Daarom sê die Skrif: “Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar” (Joh. 1:18).

5. **Die troos van God se openbaring aan ons:** Hoe dankbaar moet ons dan nie wees dat die grote en heilige God uit die verborge dieptes van Sy ewige bestaan na ons toe gekom het nie! Wat sou die lewe tog nie donker, troosteloos en hopeloos gewees het as God nie na ons toe afgedaal het om ons te vertroos en te versterk in die lewenstryd en ons uit sonde en dood te verlos, om ons vir ewig by Hom te neem nie! Wie sal dit ooit kan begryp of verstaan, die wonderbare selfopenbaring van God aan Sy skepsele?

In Christus het die onmoontlike gebeur, van ons kant af beskou. God het in die wêreld gekom, die ewigheid het in die tyd ingedaal. Die buite-historiese, ongeworde “wêreld” van God se bestaan het die middelpunt van ons historiese, wordende bestaan en wêreld geword,

wat alles dra en beheers tot ons ewige verlossing. Die ewige God het in Christus ons natuur (vlees en bloed) aangeneem.

Sonder hierdie openbaring van God in Christus sou ons lewe g'n sin of doel gehad het nie. In Christus is "alle dinge uit en deur en tot God" (Rom. 11:36). Wie God, geopenbaar in die vlees, deur ongeloof verwerp, slaan die bodem uit sy eie bestaan. Maar wie God persoonlik in Christus gevind het, het 'n sinryke en volle bestaan, ja, hy besit die lewe tot in ewigheid.

[16]

## Les 3: GOD SE OPENBARING WORD ALLEEN DEUR DIE GELOOF AANVAAR

**1. Die sogenaamde Godsbewyse:** Die vraag is of dit *bewys* kan word dat daar 'n God is en hoe Hy is. Op hierdie vraag het baie mense bevestigend geantwoord. Sommige mense glo vas dat God se bestaan bewys kan word en dat daar 'n sg. natuurlike Gods-kennis of teologie uitgewerk kan word. In die 18de eeu toe die rasionalisme of verstandsverheerliking geheers het, het vele ook gemeen dat ons God se besondere openbaring in die Skrif nie juis nodig het nie en dat ons bloot deur ons verstand kan weet dat daar so iets is soos God, deug en onsterflikheid. Die Gods-bewyse wat aangevoer is, is die volgende:

(a) *Die kosmologiese bewys:* Uit die feit dat die kosmos (wêreld) bestaan, word afgelei dat daar 'n God moet wees wat die oorsaak is deur wie alle dinge tot stand gekom het. Alle beweging moet veroorsaak wees deur Een wat die eerste stoot gegee het, maar wat self nie deur enigiets beweeg word nie. Alle dinge wat hier op aarde in 'n relatiewe en steeds veranderlike gestalte bestaan, moet gedra word deur Een wat absoluut en onveranderlik is. Daar moet 'n eerste Oorsaak wees wat die laaste Oorsaak is van alle oorsake — die Alfa en die Omega, die begin en die einde (Openb. 21:6).

Vir ons wat in God glo, is hierdie bewys dan ook van groot betekenis. Maar die ongelowige, wat nie *wil* glo nie, kan redeneer dat die wêreld self sy eie oorsaak is en geen begin gehad het nie. Buitendien, al sou ons so 'n eerste oorsaak aanneem, dan hoef dit nie noodwendig die God te wees wat ons uit die Bybel leer ken het nie. Dan *weet* ons nog nie vir seker hoe en wat die eerste oorsaak was nie. Dus is hierdie "bewys" geen bewys in absolute sin nie. Tog mag ons daarop wys dat as ons nie 'n ewige alwyse God aanneem nie, ons dan geen verklaring vir die bestaan van hierdie wêreld kan gee nie. Waar sou die materie vandaan gekom het en hoe sou dit in beweging gekom het, om uit 'n blinde atoom-massa, wat somaar daar *was* en somaar vanself begin draai en beweeg het, 'n wêreld vol lewensvorme, soos ons dit ken, te voorskyn te bring?

(b) *Die ontologiese bewys:* Daar is g'n mens of volk wat nie een of ander Godsidee besit nie, al is dit ook hoe verdraaid. En nou word geredeneer dat die idee van God in die menslike gedagte ook 'n bewys is dat God werklik moet bestaan. Die woord "ontologies" wil dus sê dat die idee van God in verband staan met die [17] "syn" of bestaan van God. Die Godsidee, so word geredeneer, is die hoogste idee wat ons kan besit, en as God nie werklik bestaan nie, sou dit tog nie die *hoogste* idee wees nie. Verder word betoog dat as God nie werklik bestaan nie, die mens dan ook nie tot 'n Godsidee sou kon gekom het nie. Uit die wêreld van beperkte en verganklike dinge sou hy nie op die idee van 'n absolute en ewige God kon gekom het nie.

Hier weer moet ons sê dat dit wel 'n heerlike getuienis is wat ons geloof versterk, om

te weet dat alle mense ’n idee het van God, van ’n ewige en absolute Mag of Krag of Persoon, hoe hy hom dit ook al mag voorstel. Die mens kan hom maar nie ontworstel van die besef dat daar ’n Wese of ’n Bestaan is wat ver bokant ons beperkte aardse bestaan en wese uitgaan nie. Maar met dit alles kan ons tog nie redeneer dat wat ons *dink* ook noodwendig moet *bestaan* nie. Wel sou ons kan sê dat omdat God werklik bestaan, daarom het ons ook ’n idee van God, maar dit is dan ’n geloofsuitspraak. Uit die blote *idee* van God kan ons nie Sy bestaan *bewys* nie.

(c) *Die teleologiese bewys:* Daar is ’n wonderbaarlike doelmatigheid, orde en harmonie in die wêreld van dinge en gebeurtenisse. Die mens, met al sy prestasies, sou byvoorbeeld nie kon bestaan sonder die voedsel en kleding, lug en lig wat daar is nie. Die hele wêreld, insluitende al die sonnestelsels, is so wonderlik ingerig dat dit die lewe hier op aarde moontlik maak. Daar is g’n ding wat nie saamhang met alle ander dinge en wat somaar doelloos en nutteloos bestaan nie. Elke ding het ’n rol om te speel in die groot plan en doelgerigtheid van die wêreld. Selfs in die menslike lewe met al sy wisselvalligheid en onsekerheid is daar ’n duidelike en vaste doel en plan waarvolgens alles gebeur en waarheen alles lei. Die geskiedenis is nie maar ’n sinnelose warboel van onsamehangende gebeurtenisse nie. In daardie geval sou ons selfs nie eens van *geskiedenis* kon praat nie. Daar moet dus ’n selfbewuste en alwyse Doelsteller wees, ’n God wat alles beheer en bestier volgens ’n Goddelike plan.

Ook hier moet ons sê dat dit ongetwyfeld waar is dat alles wys op ’n heerlike Wese, wat ons God noem. En dit is ’n kragtige versterking van ons geloof. Maar tog is dit nie ’n *bewys* in absolute sin nie. Dis alleen dat hy wat die hand van God in alles *wil* sien deur die geloof ’n oog het vir die wonderbare rykdom van kennis en wysheid wat uit al Gods werke spreek (vgl. die lofsang van Paulus in Rom. 11:33-36). Maar die twyfelaar en die ongelowige sien net die probleme en skynbare verwarring in alles raak. Hulle vra hoe die sonde en die lyde met God se regverdigheid en Sy liefde te rym is. Trouens, daar is veel in die wêreld geskiedenis wat ons [18] nie kan deurgrond nie. Ons glo maar en weet dat God goed is en regverdig en dat ons wel eenmaal sal verstaan wat nou nog duister is, en dan sal alles vir ons duidelik word.

(d) *Die morele bewys:* Dit blyk dat daar ’n sedelikheidsgevoel of -bewussyn by alle mense is. Daar word onderskeid gemaak tussen goed en kwaad. En die algemene gevoel is dat die goeie beloon en die kwaad gestraf behoort te word. Aangesien nou egter in hierdie lewe soveel onreg ongestraf bly, moet ons aanneem dat daar ’n heilige en regverdige God is wat in die hiernamaals sal sorg dat elke mens sal ontvang volgens wat hy in hierdie lewe gedoen het, of dit goed is of kwaad (2 Kor. 5:10). Die sedelike bewussyn of gewete van die mens roep hom om die goeie te doen en die kwaad te vermy, selfs al sou dit nie direk in eie belang wees nie. Hierdie stem van die gewete moet dus deur God in ons geskep wees en kan daarom nie onderdruk word nie. Dit is dus ’n bewys dat daar ’n God moet wees wat die sedelike regsorde ingestel het en handhaaf. Sonder die veronderstelling van God sou ons moraliteit g’n grond hê nie.

Maar weer moet ons sê dat dit alles nie kan *bewys* dat God bestaan nie. Vir ons as gelowiges is dit natuurlik volkome duidelik dat daar g’n sedelikheid sonder godsdiens kan bestaan nie. Maar die ongelowige mense betwyfel selfs die bestaansreg van sedelike eise en wil die mens se gewete uit allerlei natuurlike gegewens verklaar. Sommige meen dat die kwaad ’n ewige en inherente mag is. Dis die noodwendige agtergrond van die goeie waaruit en waardeur die goeie tot stand kom, en is dus in wese nie eintlik kwaad nie. Ook is daar soveel verskil oor wat goed en kwaad is dat ons eintlik nie meer glo aan die objektief goeie

en kwade nie. So sien ons dat die goddelose God ook hier probeer wegredeneer, al is dit teen sy eie beterwete in. En die gevolg is dat die wêreld in 'n moeras van onsedelikheid versink.

2. **Ons kan God alleen deur die geloof aanvaar:** In Heb. 11:1 lees ons dat "die geloof 'n vaste vertroue is op die dinge wat ons hoop en 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie". Ons hele lewe berus ten slotte op *geloof*. Ek moet *glo* dat die son môre vroeg weer in die Ooste sal opkom. In absolute sin kan ek dit nie *bewys* nie. Ek moet *glo* dat die dinge so is soos ek hulle waarneem. Ek moet *glo* dat my oë en ore en hande my nie bedrieg nie. Die ongelowige mens *glo* ook maar dat daar nie 'n God is nie. Hy kan nooit bewys dat hy reg is nie. Weliswaar is die oorweldigende getuienis ten gunste van die bestaan van God. En wie dit verwerp, is 'n dwaas en kan g'n redelike verklaring van die wêreld gee nie. Maar tog is dit deur die *geloof* dat ons met absolute sekerheid weet dat God bestaan, ja, met groter sekerheid en innerlike [19] noodwendigheid as wat ons glo dat die wêreld bestaan. Dis God self wat deur Sy Woord en Gees ons oortuig, en dan *kan* ons nie meer twyfel nie. Daarom sê die Skrif: "Want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van dié wat Hom soek (Heb. 11:6).

Ons kan God se bestaan nie *bewys* nie, maar ons *wil* dit ook nie doen nie. Want dan sou Hy nie meer God wees nie, maar 'n voorwerp van wetenskaplike ondersoek. God alleen kan Homself bewys in Sy selfopenbaring, en dit *doen* Hy dan ook deur die natuur en Skriftuur.

## WAARIN GOD HOM OPENBAAR

### Les 4: DIE ALGEMENE OPENBARING VAN GOD

God openbaar Hom (stel Hom bekend) aan die mens op tweërlei wyse: die een noem ons die "algemene openbaring" omdat dit kom deur die natuur, die geskiedenis van die mens en sy gewete en tot alle mense; en die ander een "besondere openbaring", omdat dit slegs deur die Woord van God kom en ook slegs tot die gelowige mens.

1. **Wat ons onder algemene openbaring verstaan:** Dit beteken dat God Hom aan geen enkele mens op aarde onbetuig laat nie. God spreek tot die hart van iedere mens. Paulus sê in Hand. 14 dat God in die tye wat verby is, Hom aan al die nasies nie onbetuig gelaat het nie, deurdat Hy aan hulle goed gedoen het (v. 16, 17). Dis dan ook opmerklik dat daar g'n mens is wat nie 'n Godsbesef het nie, soos Calvyn reeds betoog het, en dat die "saad van die godsdiens" daarom in elke mensehart geplant is.

Reeds voor die sondeval in die paradys het God Homself deur woord en daad aan die mens geopenbaar. God het deur die skepping van die wêreld getoon hoe groot en aanbiddelik Hy is in Sy almagsdade, en alles het gespreek van Sy wonderbare wysheid en goedheid. Hy het ook aan die mens, wat na Sy beeld geskape is, die vermoë geskenk om dit te kon raaksien; en as die sonde nie gekom het nie, sou die mens die grootheid en heerlikheid van God steeds meer ontdek het namate hy in die geheimenisse van die natuur ingedring het. Nie asof God met die natuur identies is en Sy Wese dus vanself in die natuur te sien is nie. Nee, God kan alleen in die natuur gesien word omdat en vir sover Hy Homself daarin *openbaar* en dus deur die *geloof* waargeneem word. Ook het God tot Adam *gespreek* en hom so laat verstaan wat God se [20] bedoeling met hom en met die wêreld is, en so het God ook 'n *verbond* gesluit met Adam as hoof van die mensheid en in 'n *persoonlike* relasie met die mens getree.

Onder algemene openbaring verstaan ons dus dat God in die skepping, onderhouding en regering van die wêreld Homself aan *alle* mense bekend maak en met *alle* mense in

verbinding tree, alhoewel ons nog sal sien wat die uitwerking daarvan is.

2.**Hoe God Hom openbaar in Sy werke in die skepping:** Alhoewel God na Sy wese oneindig bokant die skepping verhewe is, is Hy tog nie 'n God van ver nie, maar woon en werk Hy in ons wêreld, soos Paulus sê in Hand. 17, waar hy praat van die skepping en regering van die nasies deur God, "sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kan aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons . . . ." (v. 27, 28). In Ps. 19:2-4 wys Dawid daarop dat die hemele die eer van God vertel en dat die uitspansel die werk van Sy hande verkondig en dat die een dag vir die ander 'n boodskap uitstort en die een nag vir die ander kennis aankondig, al geskied dit ook sonder hoorbare woorde. In die ontsaglike sterrehemel met al sy miljoene sterre ken God elkeen by die naam en hou Hy hulle op hulle bane, sodat daar nie een gemis word nie (Jes. 40:26). Dit spreek van Sy almag en wysheid. (Vgl. ook Ps. 65, 104; Matt. 6:26-30; 5:45; Ps. 8.) Daarom sê Paulus in Rom. 1:20: "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie."

Maar God openbaar Hom nie net in die natuur nie. Ook in die menslike *gewete* spreek Hy tot die mens, soos duidelik blyk uit wat Paulus sê in Rom. 2:14-15, naamlik dat die mens die wet van God van nature in sy hart het en sy gewete hom daarom beskuldig of verontskuldig.

Ook kan God se alwyse leiding in die *geskiedenis* van die mensheid opgemerk word, soos o.a. blyk uit die straf van die sondvloed en die redding van Noag; die verwarring by die toringbou van Babel, waardeur die nasies oor die aarde versprei is en elkeen 'n erfdeel ontvang het en die grense van al die volke bepaal is; in verband met die roeping en geskiedenis van Israel (Deut. 32:8, 9). Die hele wêreldgeskiedenis draai in sekere sin om Israel, soos Israel se hele geskiedenis draai om die vleeswording van Christus, deur wie die wêreld van sonde en dood verlos word en tot sy ewige bestemming gebring word.

3. **Die algemene openbaring onvoldoende tot die ware kennis van God:** Die mens het deur die sondeval die vermoë verloor om [21] God uit die skepping reg en suiwer te kan ken. Alhoewel God hom nooit losgelaat het nie, het hy God losgelaat en vanweë die innerlike verblindheid en verdraaidheid van sy hart in verset teen God gekom en toe vir homself maar 'n god of gode uitgedink soos hy dit graag wou hê. Die wêreld was, volgens art. 2 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis, soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien. Maar deur die sonde het die vloek van God die wêreld getref en die letters haas onleesbaar gemaak. Daar is veel in hierdie wêreld wat vir ons verduisterde oog die krag, wysheid en goedheid van God verberg. Daar is raaisels en vraagstukke in die geskiedenis en in ons persoonlike lewe wat vir ons verwarrend is, te meer omdat ons opstandig en eiegeregtig is en byvoorbeeld God se goedheid nie *wil* raaksien nie. Daarom sê Paulus dat "alhoewel hulle God geken het, hulle Hom nie as God verheerlik of gedank het nie" (Rom. 1:21). Hy wys daarop dat die mens deur die dwaasheid en onverstandigheid van sy verduisterde hart die heerlikheid van God verander het in die gelykvormigheid van 'n skepsel en so vir hom afgode gemaak het en in allerlei gruwelike sondes verval het (v. 24-32).

4. **Waarde van die algemene openbaring:** Deur Sy algemene openbaring het God die mens nog vasgehou sodat hy nie in algehele duisternis versink het nie. Daar het by hom nog iets van sy oorspronklike menslikheid oorgebly. Die beeld van God is wel geskonde, maar

nog nie geheel en al verlore nie. Deurdat die mens nog ’n soort gevoel van godsdienstige vrees het en ook ’n gewete, al is dié ook baie verswak, bewaar dit hom tog dat hy nie totaal verdierlik nie en dat daar darem nog ’n soort menslike samelewing moontlik is. As die ongelowiges nes diere was wat absoluut g’n gevoel van ontsag en g’n besef van reg en verkeerd gehad het nie, sou dit feitlik ’n hel op aarde gewees het.

Ook vind ons in sending en evangelisasie aansluiting by die heidendom, in die algemeen menslike godsdienstige besef. Soos Paulus vir die Atheners gesê het: “Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle (Hand. 17:23), so sluit God ook in Sy genade aan by die natuur en vind die heiden deur Gods genade die God in Jesus Christus, wat hy uit die algemene openbaring wel vaagweg aangevoel het, maar tog nie geken het nie.

En ten slotte maak die algemene openbaring dit moontlik dat ons in die lig van die besondere openbaring Gods waarheid en geregtigheid kan verbrei op die aarde en die natuurlike lewe kan opeis vir Christus en dit heilig in Sy Naam. So kom daar byvoorbeeld ’n Christelike wetenskap, politiek ens. tot stand en trek ons ons nie in ’n hoekie terug nie.

[22]

## Les 5: DIE BESONDERE OPENBARING VAN GOD

**1.Wat verstaan ons onder besondere openbaring?** Deur die sondeval het dit nodig geword dat daar ’n besondere openbaring moet kom. God moes weer tot die mens *spreek,* soos Hy ook voor die sondeval in die paradys gedoen het. En dit nie net omdat die mens deur die sonde *dwaas* geword het en Gods algemene openbaring nie meer kan *deurgrond* nie, maar veral ook omdat God ons bekend moet maak met die blye boodskap of evangelie van genade in onse Here Jesus Christus. Dit kan ons nooit uit die natuur of die geskiedenis sonder meer te wete kom nie. Alle openbaring van God aan Sy skepsele is enkel vrywillige goedheid en guns van Sy kant. Niks dwing Hom daartoe nie as net Sy liefde vir ons en Sy begeerte om ons te red van die sonde en die dood. God het dan ook self die eerste evangelie in die wêreld verkondig toe Hy beloof het dat die saad van Eva (d.i. Christus) die kop van die slang (Satan) sou vermorsel.

In die openbaring van God is daar dus altyd drieërlei betrokke, naamlik (i) *God self,* Sy persoon (dis Hy wat optree en Homself aan ons bekend maak); (ii) *God se Woord* (Hy deel sekere dinge aan ons mee, wat onsself nooit sou kon weet nie) en (iii) *God se daad* (Hy doen wat Hy sê en voer Sy plan of gedagte in die geskiedenis uit). Die besondere openbaring verskil dus hierin van die algemene dat God na die sondeval opnuut verskyn en die genadeboodskap aankondig en die heilswerk dan ook uitvoer in die geskiedenis. Tog sluit Hy hierin aan by die algemene openbaring en kry die algemene openbaring ’n nuwe betekenis in die lig van die besondere. Die besondere openbaring is heilsopenbaring, maar dan alleen vir die gelowiges. Dit raak wel ook die ongelowiges, maar alleen tot verswaring van hulle oordeel, aangesien hulle dit verwerp.

2. **Die middele van die besondere openbaring:** Omdat God ’n persoonlike Wese is en nooit met Sy skepping vereenselwig mag word, soos die panteïste doen nie, daarom dra Sy openbaring ook steeds ’n persoonlike karakter. Alleen ’n persoon kan *spreek,* en daarom is God se openbaring, ook in Sy handelinge, steeds aan Sy Woord gebonde en word dit daardeur gedra. Ook in Sy werke *spreek* God en druk Hy Sy gedagtes uit. God spreek as Hy skep (Gen. 1; vgl. ook Ps. 33:6, 9). En Sy hele besondere openbaring is ’n *spreke* Gods tot ons (Heb. 1:1). Dit wil sê Hy spreek deur Woord en daad.

Sommige openbaringsmiddele dra ’n meer uitwendinge karakter [23] en ander ’n meer inwendige. God openbaar Hom byvoorbeeld deur ’n Godsverskyning (Teofanie). So het Hy byvoorbeeld Homself onder die teken van ’n vurige oond aan Abram geopenbaar (Gen. 15) en uit ’n brandende doringbos met Moses gepraat (Exod. 3); God was in die wolk- en vuurkolom wat Israel deur die woestyn gelei het (Exod. 13:21). Veral het God verskyn as die Engel van die verbond in die Ou Testament (vgl. veral Exod. 23:20, 21). Volgens Mal. 3:1 het ons hier te doen met God se Seun, in Ou-Testamentiese gestalte. Die hoogste Godsverskyning egter was toe God in Christus self vlees aangeneem het en onder ons kom woon het in die vleeswording. Die Skrif sê: “Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik” (Kol. 2:9).

God het Hom ook bekend gemaak deur sulke dinge soos die lot, die Urim en die Tummim (Exod. 28:30), die droom (Num. 12:6), ’n diepe slaap (Gen. 15:12), die visioen (’n gesig van bowêreldlike dinge in klare, volle bewussyn), soos bv. by Esegiël, Daniël en Johannes op Patmos. ’n Hoër vorm van openbaring was egter toe God *gespreek* het tot Sy knegte. So het Hy byvoorbeeld met Adam en Eva gespreek, ook met Noag, Samuel e.a. Met Moses, wat ’n heel besondere plek inneem in die Ou-Testamentiese profesie, het God “mond tot mond” gespreek (Num. 12:8).

God het met die profete meestal deur *inspraak* Homself geopenbaar, sonder hoorbare stem en dan tree hulle op met: “So sê die Here”. Christus was die hoogste én dan ook die *enigste* Profeet deur wie God in persoon op aarde verskyn het en sonder tussenskakels met ons gespreek het. Van Hom was Moses, Josua, Dawid, Salomo, Jona, ens., almal tipes. Christus was die groot profeet wat Moses reeds voorspel het (Deut. 18:18). Die hele tempeldiens met sy offerandes het na Christus heengewys, en feitlik die hele geskiedenis van Israel was ’n profetiese heenwysing na Christus.

3. **Die Wonderwerke in die self openbaring van God:** Die Bybel is vol van allerlei wonderwerke wat die Here gedoen het. En dis vir menigeen ’n struikelblok, veral in ons eeu, waar daar so gedweep word met die natuurwetenskap en die veronderstelde onveranderlikheid en onbuigbaarheid van die natuurwette. Tog is die bestaan van die wêreld één wonderwerk so groot as hy is. Om aan te neem dat die natuur homself gemaak het en dat die mens met al sy wysheid, kuns en kultuur ’n blote produk is van blinde natuurkragte, is om ’n groter wonder aan te neem as enige wonder in die Bybel. Nee, ons weet dat daar ’n alwyse en almagtige en algoeie God is wat alles gemaak het en onderhou. En sou Hy dan, wat alles uit Sy almag te voorskyn geroep het en die lewe gee aan miljoene van skepsele, nie in staat wees om ’n sieke gesond of ’n dooie lewend te maak nie? Vir God is geen ding te wonderlik [24] nie (Gen. 18:14), en by Hom is alle dinge moontlik (Matt. 19:26).

Daar is nie maar één grondstof en één grondwet waaruit alles te verklaar is nie. God het aan elke skepsel ’n eie wese en ’n eie bestaansorde en lewenswet gegee. Daar is ’n prinsipiële verskil tussen stof en gees, tussen siel en liggaam, tussen bewustheid en onbewustheid, tussen redelike en redelose skepsele, tussen mens en dier. Tog hou God alles in stand en regeer Hy daaroor met soewereine mag. God het wel wette gestel vir alles omdat Hy ’n God van orde en vastigheid is, maar Hy is nie aan die wette onderworpe nie. Hulle is Sy diensknegte en doen wat Hom behaag, en God kan te eniger tyd ’n wet ophef en ’n ander wet toepas as Hy dit verkies. Dis ook nie die wette wat onafhanklik van God funksioneer nie. Nee, Hy self funksioneer elke oomblik in en deur die wette. Dis God wat die son laat opgaan, wat siek en gesond maak, wat laat reën en weer laat afdroog. So gesien, is alles wonderwerke en is die natuur self in sy diepste grond bonatuurlik, want in en agter alles is

die lewende God.

Die wondere van die Bybel draai alles om die groot wonder van die vleeswording en die reddingswerk van Christus. So byvoorbeeld kondig die sondvloed God se oordele aan en die redding van Noag in die ark die opstanding uit die dood. Dieselfde geld vir die deurtog van die Israeliete deur die Rooi See. Alles wys heen na Christus. Hy is die Wonder van alle wondere. Sy geboorte uit ’n maagd, Sy wonderwerke wat Hy gedoen het, Sy lyde en dood, Sy opstanding en hemelvaart is nie maar net tekens van God se almag, soos die ander Bybelwonders nie, maar is self dié groot wonderwerk van God se reddende genade, waardeur Hy die wêreld verlos. En alhoewel Hy nou nie meer spesiale wonders doen nie, is die hele bestaan en uitbreiding van die kerk, die bekering van miljoene mense deur die wedergeboorte, één groot geestelike wonderwerk, wat sal uitloop op die groot wonderwerk van die uiteindelike vernuwing van hemel en aarde. Die geloof self is ’n wonder van God en werk wonders in ons uit.

4. **Die besondere openbaring het ’n geskiedenis:** God se besondere openbaring bestaan nie uit ’n aantal los en onsamehangende woorde en gebeurtenisse nie, maar is ’n magtige organiese ontwikkeling van wat sentraal in Christus geopenbaar is en uit Hom na die wêreld vloei. Dit het begin by die moederbelofte (moederbelofte, omdat dit die moeder van alle beloftes is, die eerste) in Gen. 3:15. Van daar het dit oor die sondvloed heen geloop na die roeping van Abraham uit Ur van die Chaldeërs en sy afsondering in Kanaän. Langs kronkelweë het God Sy volk gelei deur Egipte, oor Sinai na Sion, waar die tempeldiens en die koningskap ’n profesie en aanvanklike vervulling was van die ewige Vrederyk, [25] wat God oor Golgota heen oprig en bevestig en wat sal kulmineer in ’n nuwe aarde, onder ’n nuwe hemel, waarop geregtigheid sal woon.

Alles wat voor Christus gebeur het, wys heen na Hom; en alles wat ná Hom op die aarde gebeur het, wys terug na Christus. Hy is die middelpunt en daarom ook die aanvang en die eindpunt van alle dinge. In die geskiedenis van Israel tree Sy gestalte altyd duideliker na vore, soos veral in die profesie van Jesaja ontwikkel in verband met die “Dienskneg” van die Here, bv. Jesaja 50-55. So wys die laaste van die profete, Maleagi, as met die vinger op die komende Christus, veral hoofstukke 3 en 4. En as Christus dan eindelik gekom en Sy werk volbring het, dan getuig die apostels nog van Hom en wys op Sy wederkoms op die jongste dag. Die hele Bybel verkondig die Christus Gods in die geskiedenis. Hy is die sentrale figuur, wat Sy skaduwee werp van Genesis tot Openbaring, in wie ons al die rykdom van Gods genade leer ken en deelagtig word.

## DIE HEILIGE SKRIF

### Les 6: CHRISTUS DIE HELE INHOUD VAN DIE BYBEL

Die besondere openbaring van God is vir ons in die Bybel opgeteken. Die opmerklike is dat, alhoewel die Bybel uit 66 boeke bestaan (nl. 39 in die O.T. en 27 in die N.T.) en alhoewel dit deur baie persone, van wie sommige honderde jare ná. die ander geleef het, geskrywe is, dit tog ’n wonderbare eenheid uitmaak met die hooftema, die heilswerk van God in Jesus Christus. Eintlik was daar dan ook net één Skrywer of Outeur wat die Bybel tot stand gebring het, nl. die Heilige Gees van God, soos ons nog sal sien. In verband met die inhoud van die Bybel let ons dan op die volgende:

1. **Die Bybel bevat nie álles wat God geopenbaar het nie:** Ongetwyfeld het die Here veel meer *tot* die profete en ook deur hulle gespreek as wat vir ons in die Skrif opgeteken is.

So lees ons byvoorbeeld van Salomo dat hy 3,000 spreuke en 1,005 liedere gemaak het, en daarvan is maar 'n klein gedeelte in die Bybel opgeteken. Johannes sê dat as alles beskryf moet word wat Jesus gedoen het, dan sou die wêreld nie die boeke kon bevat nie (Joh. 21:25). God se openbaring val dus nie presies met die Skrif saam nie, maar tog moet ons aanneem dat die essensiële daarvan wel in die Skrif opgeteken is en dat ons dus 'n volledige en afgeronde [26] beeld van die inhoud van Gods besondere openbaring in die Skrif besit.

2. **Alles in Gods Woord is geskrywe om vir ons die heil van Christus te leer ken:** Johannes sê byvoorbeeld dat Jesus nog baie tekens gedoen het wat hy nie in sy evangelie beskryf het nie, "maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (20.31). In en deur die Bybel word Christus aan ons bekend gemaak, en daarom *bevat* die Bybel nie net God se openbaring nie, maar *is* dit Sy openbaring aan ons. Ons leer die versoeningswerk van Christus nêrens anders ken nie as in die Bybel. Daarom sê Christus dan ook: "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig" (Joh. 5:39). Ook sê Petrus dat die doel van die profete in die Ou Testament was om deur die Heilige Gees te getuig van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna (1 Pet. 1:10, 11); (vgl. ook Openb. 19:10). Daar word in die Bybel dus niks verhaal wat nie uiteindelik in verband met Christus en die vestiging van Sy koninkryk in verband staan nie. Dinge wat in die profane geskiedenis van belang geag word, soos bv. die opkoms van die Griekse kultuur of die Romeinse imperium, word glad nie of anders net terloops aangeraak vir sover dit enige betrekking op Christus mag hê.

3. **Oorsig van die besondere openbaring:** (a) *Voor die sondvloed:* In die eerste tyd van die mensheidsgeskiedenis loop die besondere openbaring in die bedding van die menslike geslag. Daar was nog g'n besondere persoon of volk wat as draer van die besondere openbaring gedien het nie. Wel is daar 'n splitsing tussen die geslag van Kain en van Set en loop die stroom van Gods genade deur die geslag van Set, soos daaruit blyk dat in die dae van sy seun Enos hulle die naam van die Here begin aanroep het (Gen. 4:26); verder vind ons in sy geslag vir Henog, wat met God gewandel en lewend na die hemel opgeneem is (Gen. 5:24). Ook word Noag, die prediker van geregtigheid, uit hierdie geslag gebore. Hier is dus al onderskeid tussen die twee geslagte, alhoewel nie skeiding nie, en dit loop tog maar weer uit op vermenging en verbastering van gelowiges en ongelowiges met die gevolglike oordeel van God in die sondvloed.

(b) *Ná die sondvloed:* Van Gen. 12 af word nou verhaal van die roeping van Abram uit Ur van die Chaldeërs en sy afsondering in Kanaän. Voortaan sou deur Abraham en sy geslag die besondere openbaring in pag geneem en gedra word tot op die koms van Christus. In die geslag van Sem is die kennis van die ware God enigermate bewaar, soos blyk uit die geval van [27] Melgisedek, die koning van Jerusalem. Selfs Abimeleg en die farao is nie totaal onbekend met Abraham se God nie. Tog is daardie kennis baie vervals en vermeng met bygeloof en afgodery, soos o.a. blyk uit die terafim (huisgode) wat Jakob uit die huis van Laban saamgebring het (vgl. Gen. 31:30-35; 35:1-4). Daarom sonder die Here vir Abram af en sluit Hy met hom 'n verbond. nl. om sy God te wees en ook van sy nageslag en om deur hom die hele wêreld te seën (Gen. 12:1-4). Hy sou die land Kanaän erflik ontvang vir sy nageslag, wat soos die sterre aan die hemel en die sand van die see sou wees (Gen. 15:5-7). Hierdie belofte het God beseël met die verbondsteken van die besnydenis (Gen. 17:1-14) en met 'n eed bevestig (Gen. 22:15-18; Heb. 6:13e.v.).

Die hele geskiedenis draai om hierdie heerlike en plegtige verbondsbelofte van God. Die wondergeboorte van Isak, toe Sara weens hoë leeftyd nie meer 'n kind kón hê nie, wys heen na die geboorte van Christus uit die maagd Maria, wat nie uit die vlees was nie maar deur die Gees. Die betekenis van Abraham en die Joodse volk lê nie alleen in die sg. monoteïstiese Godsbegrip wat hul gebring het nie, maar in die feit dat hulle die draers was van die verbondsbeloftes, m.a.w. van die beloofde Saad, nl. die Christus. Daarom het dit gegaan in die stryd tussen Jakob en Esau, tussen Moses en die farao, tussen Israel en die omringende heidense nasies. Telkens skyn dit of die verbondsvolk te gronde sal gaan en juig die satansmagte. Maar daar bly altyd 'n oorblyfsel van getroues wat volhard, soms net eenlinge soos bv. Elia en Daniël. Maar saam met hulle is daar altyd die 7,000 wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie. Telkens staan die volk as uit die dood op, soos in die stryd teen die Assiriese en later die Babiloniese oormag.

(c) *Vervulling van die besondere openbaring in Christus:* In Christus het die Godsopenbaring sy vervulling gevind. Die hele stryd van die Ou-Testamentiese gelowiges teen die Baäldiens, die valse profete en die afval en bondsbreuk van Israel was wesenlik 'n stryd van Christus teen Satan, en dit was feitlik 'n worsteling van Satan om die koms en die geboorte van die beloofde Saligmaker te belet. Selfs die kindermoord in Betlehem en die latere aanvalle van Satan, wat uitgeloop het op die kruisiging van Jesus, was 'n poging om Hom ten onder te bring (vgl. Openb. 12:4, 5). Maar God het Sy belofte uitgevoer. Niks kon dit verhinder nie. In Christus is die eis van Gods heilige wet vervul (Matt. 3:15; 5:17). Omdat Jerusalem Hom verwerp en uitgestoot het, het Jerusalem en die Joodse volkstaat as draer van die kerk verdwyn, maar só juis het die nuwe Jerusalem daarbo, wat die geestelike moeder van ons almal is, vry geword (Gal. 4:25, 26). Dit wil sê die kerk het uit die windsels van die Joodse volkstaat uitgebreek en wêreldkerk Baäl [28] geword. Die middelmuur van afskeiding tussen Jode en heidene is afgebreek (Ef. 2:14, 15). En die nuwe Jerusalem sal *van die hemel af* neerdaal (Openb. 21:2). Die belofte dat Israel 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie sal wees, kom uiteindelik tot vervulling in die Nieu-Testamentiese volk van God, wat 'n uitverkore geslag en 'n koninklike priesterdom is, 'n volk as eiendom van Christus verkry (1 Pet. 2:9, 10). In Christus word die lewende tempel van God opgebou, met die gelowiges as lewende stene (1 Pet. 2:4, 5). Daar kan niks meer by Christus bygevoeg word nie. Die openbaring is vervul en afgesluit. Die apostels het dit net verder uitgedra en toegepas deur die evangelieverkondiging, maar wesenlik het daar niks verder bygekom nie. Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Heb. 13:8).

4. *Verhouding van wet en evangelie:* Daar word soms 'n verkeerde en gevaarlike teëstelling gemaak tussen wet en evangelie of tussen Ou en Nuwe Testament. Die gevolg is dat ons óf in wettiese gestrengheid die evangelie van genade uit die oog verloor, óf in evangeliese weekhartigheid die wet van minder belang ag. Tog is die feit dat die evangelie in die skoot van die wet lê en dat die wet die einde van die evangelie is. Die Ou Testament bevat die belofte van wat in die Nuwe Testament vervul is. Die wettiese vorms van die Ou-Testamentiese erediens was die *skaduwee* van wat in Christus *beliggaam* is (Kol. 2:16, 17; Heb. 10:1). Die *slawerny* van die wet het in Christus tot die hoogste *vryheid* gelei (Rom. 8:15; Gal. 4). Ook onder die Ou Testament het nie die wet (werke) salig gemaak nie, maar die evangelie (genade). Abraham is geregverdig deur die *geloof* (Gen. 15:6; Rom. 4) en is *daarna* eers besny. Dit is nie die besnydenis wat hom geregverdig het nie. Israel het nie eers vanaf die wetgewing op Sinai die bondsvolk geword nie, maar was dit vanaf Abraham, vierhonderd-en-dertig jaar tevore (Gal. 3:17). En die wet het nie die belofte kragteloos

gemaak nie. Israel is *eers* uit die dienshuis (Egipte) verlos en het *daarna* die wet ontvang. Die inleiding tot die wet herinner gedurig daaraan.

Die doel van die wet was om Israel op te voed en uit te dryf tot Christus (Gal. 3:21-4:7). Hulle moes leer verstaan wat *sonde* is en dat ons God nie met ons werke kan tevrede stel nie. Daar moes *bloed* vloei, die bloed van duisende offerdiere, wat heenwys na die bloed van die Lam wat op Golgota geslag sou word. Die gelowige in die Ou Testament het ook geweet van die vergewing van sondes uit genade (vgl. Eks. 34:6-9; Num. 14:18-20). Ook hulle het geweet dat die kern van die wet was die liefde tot God bo alles en tot ons naaste soos onsself (Deut. 30:6; Lev. 19:18). Wie onder die wet sondig, word swaarder gestraf as hulle wat die [29] wet nie geken het nie (Rom. 2:12), omdat hulle bondsbrekers is (1 Kor. 15:56; Rom. 7:7-11). Die eise wat Christus stel, is nie makliker nie, maar oneindig hoër as dié van die Fariseërs (Matt. 5:17-48). Goddank dat ons nie deur die wet geregverdig word nie, maar enkel en alleen deur *die geloof* in die soenbloed van Christus (Rom. 5:1).

## Les 7: DIE BYBEL GEÏNSPIREER DEUR DIE HEILIGE GEES

Die Christendom berus op die Bybel as Gods Woord. Daarom is die Bybels vroeër, in tye van vervolging, by hope verbrand. En daar is geprobeer om te bewys dat die Bybel vol foute en menslike swakhede is. Veral sinds die laaste paar eeue is venynige kritiek op die Bybel uitgeoefen. Die sg. Hoër Kritiek het op die inhoud van die Bybel geweldige aanslae gemaak, veral vanuit die ewolusionisties-wetenskaplike wêreldbeskouing, en daardeur talle se geloof geskok en die kerk van Christus tot op sy fondamente geskud. Daarteen het die Roomse Kerk hom sterk verset en so ook baie Protestantse geleerdes wat nog vashou aan ons reformatoriese belydenis. Ons glo, soos in artt. 3-7 van ons Geloofsbelydenis saamgevat word, dat die Bybel onfeilbaar geïnspireer is deur Gods Gees en vanaf Genesis tot Openbaring 'n absoluut betroubare bron van Goddelike waarheid bevat.

1. **Die Bybel self getuig dat hy geïnspireer is:**

(a) *Dawid getuig* in 2 Sam. 23:2 dat die Gees van die Here in hom spreek en dat God se woord op sy tong is. *Paulus getuig* in 1 Thess. 2:13 dat die woord wat hy verkondig het, nie die woord van mense nie maar God se woord is. Ook verklaar hy in 1 Kor. 2:13 dat sy woorde nie deur menslike wysheid nie maar deur die Heilige Gees aan hom geleer is.

(b) *Die profete gebruik dikwels die uitdrukking: "So sê die Here!"* In Amos 1 en 2 byvoorbeeld kom dit agt keer voor. Ook op talle ander plekke sê die profete dat die Here se woord na hulle gekom het (vgl. Jer. 36:27; Eseg. 26:1). Jesaja praat van sy eie profesieë as die boek van die Here (34:16).

(c) *Die Nuwe Testament haal uit die Ou Testament aan as Gods Woord:* Nie minder as 25 van die boeke van die Ou Testament word in die Nuwe Testament aangehaal nie (vgl. Matt. 15:4; 4:4; Joh. 7:38; Heb. 1:5; 5:6). Uit Hand. 4:24, 25 blyk duidelik dat God self deur die mond van Dawid gespreek het in Ps. 2 (vgl. ook Hand. 1:16).

(d) *Jesus en die apostels praat van die Ou Testament as die Skrif:* Hulle besien dit dan as één geheel wat nie gebreek mag [30] word nie (Joh. 10:35). Jesus beroep Hom soms op 'n enkele *woord* in die Ou Testament as gesaghebbend (Matt. 22:43, 44). As God Homself noem die God van Abraham, Isak en Jakob, dan lei Christus daaruit af dat daar 'n opstanding moet wees, aangesien God nie 'n God van die dooies nie maar van die lewendes is (Luk. 20:37, 38). Jesus sien in alles in Sy lewe die vervulling van die Skrif (d.w.s. die Ou Testament) (vgl.

Matt. 26:54; Mark. 14:49; Joh. 13:18; 17:12; 19:24; Luk. 24:44). Jesus het die Satan elke keer 'n uitklophou toegedien deur eenvoudig te sê: "Daar is geskrywe", en Hom dan op die Ou Testament te beroep (Matt. 4:1-11). Ook verklaar Jesus dat Hy nie gekom het om die wet of die profete (d.w.s. die Ou Testament) te ontbind nie, maar om dit te vervul en dat hemel en aarde eerder kan verbygaan as dat een jota of tittel van die wet ooit verbygaan en nie vervul sal word nie (Matt. 5:17, 18). Ook uit Gal. 3:16 kan ons sien dat een enkele woord in die Skrif van groot betekenis is.

(e) *Ook die Nuwe Testament is geïnspireer:* In Joh. 14:26 sê Jesus dat die Heilige Gees die apostels in alle waarheid sal lei. En daarom moes hulle as sy getuies die waarheid uitdra in die wêreld (Joh. 15:26, 27; 16:13). Die apostels getuig dit "wat hulle gesien en gehoor het" (1 Joh. 1:1-3). Paulus het nie in woorde van menslike wysheid gespreek nie, maar van Goddelike krag (1 Kor. 2:4, 5; 2 Kor. 2:17). Al sou hy of selfs 'n engel uit die hemel 'n evangelie verkondig in stryd met dié wat hulle verkondig het, dan moet hy 'n vervloeking wees (Gal. 1:8). Aan die Woord van God mag niks toegevoeg en daarvan mag niks weggeneem word nie (Openb. 22:18, 19). In 2 Tim. 3:16 lees ons dat "die hele Skrif deur God ingegee is" en in 2 Pet. 1:19-21 dat die profetiese woord baie vas is en dat "geen profesie ooit deur die wil van 'n mens voortgebring is nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (vgl. ook 1 Pet. 1:10-12). Daarom kon Jesus byvoorbeeld aan Sy dissipels sê: "Wie na julle luister, luister na My; en wie julle verwerp, verwerp My" (Luk. 10:16).

2. **Die Heilige Skrif in al sy dele onfeilbaar:** As ons sê dat die Skrif geïnspireer is, dan beteken dit nie dat ons alleen die sedelik-godsdienstige boodskap van die Bybel moet aanvaar, terwyl al die ander gegewens vir ons g'n gesag het nie. Die inhoud van die Bybel kan nie losgemaak word van die vorm waarin dit tot ons kom nie. As ons eers sou begin om sekere dinge uit die Bybel weg te werk as onnodige ballas, dan bly ons naderhand sit met 'n verskraalde Christus-*idee*, waarin selfs Sy persoon ook nie meer van belang is nie en waaruit ons net 'n soort algemeen menslike moraal van naasteliefde distilleer, soos geteken in die bergrede [31] (Matt. 5-7). En selfs hierdie sg. moraal is dan grondig vals, omdat dit van sy historiese bodem losgemaak is en geplaas is in 'n algemeen menslike raamwerk. Wat Christus *gesê* het, kan nooit losgemaak word van wat Hy *gedoen* het nie. En wat Hy gedoen het, kan nie losgemaak word van wat Hy *gewees* het nie. En wat Hy was, kan weer nie losgemaak word van die geskiedenis van Israel nie. En die geskiedenis van Israel hang onlosmaaklik saam met die geskiedenis van die wêreld, soos geteken in Gen. 1-11, en die voleinding van die wêreld soos veral in die boek Openbaring vir ons geteken.

Die Nuwe Testament rus in elke opsig op die Ou Testament. Uit tekste soos Rom. 4:19, 1 Kor. 10:1-10, Jak. 5:17, 1 Pet. 3:20, ens., blyk dat die apostels ook die geskiedverhale van die Ou Testament as waar en seker aanvaar het. Die Bybel is wel deur baie skrywers geskrywe, maar is tog één geheel, omdat God self die eintlike Outeur daarvan is. Dat daar ook woorde en dade van sondige mense en selfs van Satan in beskrywe word, maak daaraan g'n verskil nie. Hulle is almal opgeneem in die geheelverband van die een Goddelike Openbaringswoord van God en dien om daardie openbaring te belig. Die Bybel is dus wel nie 'n handboek vir wetenskap, geskiedenis ens. nie, maar tog het *alle* gegewens in die Bybel onfeilbare gesag en moet die wetenskap in die lig daarvan beoefen word.

3. **Die aard van die inspirasie:** Dat die Bybel deur God geïnspireer is, beteken nie dat dit op 'n meganiese wyse soos 'n diktaat afgeskryf is sonder dat die Bybelskrywers eintlik geweet of besef het wat hulle doen nie. God het wel deur die mond van profete en apostels

gespreek en die openbaring daarna deur hulle hand laat opteken. Maar dit beteken nie dat hulle eie persoon daarby uitgeskakel is en dat hulle nie bewuste medewerkers van God was nie. In Eks. 17:14 gee die Here uitdruklik bevel aan Moses om die oorwinning oor die Amalekiete in 'n boek op te skryf. In Eks. 24:4, 7 lees ons dat Moses die woorde en verordeninge van God in 'n boek opgeskrywe het, naamlik die boek van die verbond (vgl. ook Num. 33:2; Eks. 34:27; Jes. 8:1; Jer. 25:13). Ons moet dus aanneem dat God, wat beveel het dat Sy Woord opgeteken moes word, ook die Bybelskrywers deur Sy Gees behoed het vir foutiewe optekening, te meer nog daar hulle soms die ontvange openbaring opgeteken het lank nadat hulle dit ontvang en uitgespreek het. Die Bybel is dus 'n getuienis en weergawe van wat God aan die profete en apostels geopenbaar het. Nogtans is dit nie 'n *menslike* nie, maar wel 'n Goddelike getuienis van die openbaring, alhoewel dit deur mense geskrywe is, en daarom is die Skrif self God se openbaring aan ons. As God se openbaring [32] *bevat* dit nie net die Woord van God nie, maar is dit die Woord van God.

Dat die Bybelskrywers bewus te werk gegaan het toe hulle die Bybel geskryf het, kan byvoorbeeld gesien word uit wat Lukas sê in hfst. 1:1-4, naamlik dat hy van voor af alles noukeurig ondersoek het en dit toe in volgorde neergeskryf het. Die skrywers het ook bronne geraadpleeg, soos blyk uit Num. 21:14, waar verwys word na die Boek van die Oorloë van die Here (vgl. ook Jos. 10:13). Die Spreuke van Salomo is versamel deur die manne van Hiskia (Spr. 25:1). In die Psalms, die boek Handelinge en die sendbriewe deel die skrywers baie persoonlike ondervindinge mee.

Ons glo dus aan die organiese en nie die meganiese inspirasie van die Bybelskrywers nie. Die persoonlikheid, temperament, ontwikkeling en omstandighede van elke skrywer het dan ook 'n eie stempel afgedruk op sy styl, seggingswyse en ordening van sy stof, alhoewel dit nie in die minste afgedoen het aan die suiwerheid en waarheid van wat hy geskryf het nie. Jesaja en Jeremia, Paulus en Johannes skryf elkeen op sy eie manier, en tog het almal Gods Woord onfeilbaar betuig.

4. **Onderskeid tussen inspirasie en verligting deur die Heilige Gees:** Dit moet vir ons duidelik wees dat daar nie net 'n graduele nie maar 'n absolute onderskeid is tussen die inspirasie waaronder die Bybelskrywers geskryf het, en die algemene verligtende werking van die Heilige Gees wat alle gelowiges deelagtig is. Die Bybel alleen is absoluut gesagvol en die onfeilbare norm (kanon) vir ons leer en lewe. Daarom word alleen die Bybelboeke as kanoniek aanvaar in ons Belydenis (art. 4). Geen ander boeke, hoe besield en besielend, hoe skoon en geleerd ook al, mag daarmee op een lyn gestel word nie. Die Bybelboeke het hulleself uitgewys, onder leiding van die Heilige Gees, as die onfeilbare Woord van God. Vanself het hulle ingang gevind by die kerk, terwyl ander geestelike werke uitgesak het. G'n konsilie of sinode het ooit besluit om hierdie Bybelse boeke te versamel en vas te stel as die Woord van God nie. Die Sinodes van Hippo Regius, 393 nC., en Carthago, 397 nC., het alleen maar vasgestel dat die kerk daardie bepaalde boeke as die onbetwyfelbare Woord van God aangeneem het en gebruik. Daar kan en mag dan ook niks meer by die Bybel bygevoeg word nie. Dis 'n afgeslote kanon. God self het van ewigheid af bepaal dat hierdie en g'n ander boeke nie in Sy Woord opgeneem sal word. Ons mag nooit die geskrifte van Cicero, Milton, Goethe of wie ook al naas Gods Woord stel nie. Dit is en bly mensewerk, hoe verhewe ook al. Net die Bybel alleen is die Woord van God.

[33]

**Les 8: DIE HEILIGE SKRIF EN ONS BELYDENISSKRIFTE**

**1. Wat is ons Belydenisskrifte?** Behalwe die Apostoliese Geloofsbelydenis, wat in die tweede eeu n.C. ontstaan het, die Geloofsbelydenis van Nicea (325 nC.), van Chalcedon (451 nC.), van Athanasius, ens., wat die hele Christelike kerk aanvaar, het die Calvinistiese kerke van Nederland die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat almal agter in ons Psalmboeke verskyn. Dit is die belydenisskrifte wat in 1618/19 op die Sinode van Dordrecht aangeneem is en wat die gemeenskaplike belydenisskrifte ook van ons drie Afrikaanse kerke uitmaak en ook genoem word die drie Formuliere van Enigheid.

2. **Waarom het ons Belydenisskrifte?** Dit vloei voort uit die positiewe roeping om die Naam van God in Christus te bely in hierdie wêreld (Matt. 10:32). So het Petrus byvoorbeeld die goeie belydenis afgelê (Matt. 16:17). Ons moet met die hart glo en met die mond bely (Rom. 10:9, 10). Die geloof wat ons bely, is 'n pand wat aan ons toevertrou is om te bewaar (1 Tim. 6:20; vgl. ook 1 Tim. 6:3, 4). Volgens 2 Joh. v. 9, 10 moet ons vashou aan die leer van Christus en g'n gemeenskap hou met hulle wat hierdie leer verwerp nie (vgl. Rom. 16:17). Die kerk het van die begin af 'n belydenis gehad (Heb. 4:14; 10:23). Timotheüs het die goeie belydenis voor baie getuies afgelê (1 Tim. 6:12). So is die Apostoliese Geloofsbelydenis (die 12 artikels) waarskynlik gebore uit die gewoonte dat mense wat hulle uit die heidendom bekeer het, eers die Naam van die drie-enige God moes *bely* voordat hulle gedoop is. Dit het mettertyd tot 'n vaste formulier aangegroei.

Die Belydenisskrifte het dan ook meestal ontstaan in tye toe die kerk hom moes verweer teen dwalinge en ongeloof. Die Skrif sê dat 'n ketter, na vermaning, verwerp moet word (Tit. 3:10, 11; Openb. 2:14, 15). Ons moet stry vir die oorgelewerde geloof (Jud.: 3), want die gemeente is 'n pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15). Aan die kerk is die sleutelmag gegee (Matt. 16:19; 18:18) om ook die valse leraars uit te sluit of te verwyder (Openb. 2:3; Matt. 7:15). Die Belydenisskrifte het dus ontstaan uit die behoefte om die Naam van die Here openlik te bely en God se waarheid te verdedig teen die vyand. Hulle het gedien om te toon dat die gelowiges fundamenteel één is in Christus en om die kerk te bewaar by die suiwerheid van die leer.

3. **Die Belydenisskrifte en die Heilige Skrif:** Alhoewel die [34] Belydenisskrifte op die grondslag van Gods Woord opgestel is, bly hulle nogtans mensewerk en mag nooit met die Bybel op een lyn gestel word asof hulle net so onfeilbaar sou wees nie. Wel moet ons aanvaar dat die Here deur Sy Gees die kerk gelei het om die waarheid van Sy Woord suiwer te vertolk, maar dit neem nie weg nie dat die belydenis steeds aan die Heilige Skrif getoets mag word. Ons laaste en hoogste norm is en bly die Bybel, waarheen die Belydenisskrifte ons dan ook wys. Hierby moet ons egter onthou dat die kerk 'n lang en bloedige worsteling deurgemaak het en dat die Belydenisskrifte deur stryd verwerf is en dikwels met martelaarsbloed beseël is, sodat ons dit nie somaar so maklik opsy moet skuif en uit die hoogte behandel nie. Ons mag nie vergeet dat Christus beloof het dat Sy Gees die kerk in alle waarheid sou lei nie (Joh. 14:26; 16:13). Ook moet ons besef dat ons nie somaar elkeen sy eie afwykende mening mag verkondig en so die kerk ondermyn nie, maar dat, as ons werklik oortuig sou wees dat die belydenis op een of ander punt met die Skrif in stryd is, ons dan ons besware behoorlik moet voorlê aan die bevoegde kerklike liggame om daaroor te oordeel. Dis dan ook opmerklik dat dit dikwels blyk dat mense beswaar het teen die belydenis, juis omdat hulle op sekere punte eintlik die *Skrif* verwerp.

4. **Die Belydenisskrifte en die kerk:** Die vraag hier is: Waaruit put die kerk sy belydenis? Hoe weet die kerk wat die waarheid is? Vir ons is dit natuurlik duidelik dat die Bybel die enigste bron en maatstaf vir die waarheid is. Die kerk staan dus onder die gesag van die Skrif as Woord van God. Maar daar is ander wat glo dat die kerk bokant die Skrif staan. Ook diegene wat meen dat die menslike rede of gevoel of gewete of die religieuse *ervaring* die diepste bron van kennis van God is, stel hulleself bokant die Bybel. So ook dié wat meen dat hulle direk deur die Gees, as 'n inwendige lig, geleer word. Hierteenoor het die Reformasie die gelowiges teruggevoer na die Skrif as die laaste en hoogste bron van Godskennis. "Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen daeraad het nie" (Jes. 8:20). Die kerk is uit die Skrif, as Gods geopenbaarde waarheid, gebore en nie andersom nie.

5. **Die waarde van die Belydenisskrifte:** Daar was van vroeg af diegene wat g'n vasgelegde belydenis in die kerk wou hê nie. In die tyd van die Reformasie was daar byvoorbeeld die Anabaptiste, Sociniane en Arminiane, wat allerlei besware teen die Belydenisskrifte gehad het. Daar is gesê dat die Belydenisskrifte die plek van die Bybel sou inneem, dat dit die vryheid van ondersoek belemmer en dat dit die groei van die teologiese wetenskap strem. Maar hierdie besware is nie geldig nie. Die Belydenisskrifte voer [35] ons nie weg van die Bybel af nie, maar lei ons juis daarheen. Dit belemmer nie die vryheid van ondersoek na die waarheid nie, maar help ons juis daarin en prikkel ons tot nadere bestudering van die Bybel en tot verdere uitbou van die teologie op die grondslag wat gelê is. As daar g'n Belydenisskrifte was nie, sou die kerk verval en versplinter tot volkome anargie, en elkeen sou ten slotte sy eie kerk wees en sy eie koers gaan.

6. **Ware vryheid van gewete is alleen daar waar die gesag van Gods Woord erken word:** Ons leef in 'n wêreld van tirannie en despotisme soos nog nooit tevore nie. Waar die *mens* heers, is dit uit met alle vryheid. Of dit die indiwiduele mens (liberalis), die massamens (kommunis en anargis) of die gepersonifieerde staat of volk (fascis, sosialis) is, maak g'n wesenlike verskil nie. Alleen wanneer God die gesag voer deur Sy Woord, kom daar vryheid.

Christus sê dat elkeen wat die sonde doen, 'n slaaf van die sonde is, en "as die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" (Joh. 8:36). Die mensheid het behoefte aan die *gesag* van Gods Woord en die grootste vraag is nie hoe ons salig word nie, maar hoedat die soewereine God al die eer sal ontvang wat Hom toekom?

Alleen wanneer die mens hom laat lei deur die lamp van Gods Woord, sal hy lig vind in al sy duistere probleme (Ps. 119:105; 2 Pet. 1:19). Alleen deur die skerp swaard van Gods Woord kan die leuens en bedrog van menslike wysheid oopgeklief en die waarheid ontbloot word (Heb. 4:12; Ef. 6:17). Alleen wanneer ons deur die Gees in die waarheid van Gods Woord gelei word, kan ons van God getuig (Joh. 15:26, 27).

Die Skrif kry sy gesag nie deur die kerk nie, ook nie deurdat dit so 'n eerbiedwaardige historiese plek inneem of vanweë sy hoogstaande sedelike strekking nie, maar alleen daardeur dat dit God is wat daarin tot ons spreek. Artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat ons "sonder *enige twyfel glo* alles wat daarin (d.w.s. in die Skrif) vervat is", insonderheid omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat dit van God is. Die Bybel is selfgeloofwaardig, en alles wat daarin voorsê word, gaan in vervulling. Maar dis alleen die gelowige wat deur die inwerking van die Gees weet dat dit Gods Woord is en met absolute gesag tot ons spreek.

7. **Die noodsaaklikheid van die Skrif, selfs al het ons 'n belydenis:** Ons glo dat die Skrif nie net 'n nuttige boek is om ons te besiel met hoëre gedagtes en te stimuleer tot 'n goeie lewe nie, maar dat dit absoluut noodsaaklik is en onmisbaar vir ons om Gods genade in Christus te leer ken en *Sy Naam te bely* met gedagtes, woorde en dade. Die Skrif help om ons te fundeer en vas te maak [36] in die geloof (Kol. 1:23; 2 Tim. 3:16). As Gods Woord nie op skrif gestel was nie, sou allerlei dwaling en kettery in die kerk ingesluip het, soos dit ook gebeur het in die geskiedenis toe die Skrif een tyd feitlik uit die hande van die leke weggeneem was. Deurdat Gods openbaring beskrywe is, het dit 'n vaste en duursame karakter verkry en kon dit suiwer en onvervals van geslag tot geslag oorgelewer en tot aan die eindes van die wêreld versprei word.

8. **Die duidelikheid (deursigtigheid) van die Skrif in verband met wat ons bely:** Kan ons die Skrif verstaan sonder dat iemand dit vir ons uitlê? Hierop moet ons antwoord dat, alhoewel daar baie dieptes en verborgenhede in Gods Woord is wat selfs die geleerdste teoloë ook nie kan deurgrond nie, soos bv. die drie-enigheid van God, nogtans kan ook die eenvoudigste gelowige begryp wat tot sy saligheid nodig is en die heilsweg verstaan (Ps. 19:18; 119:130; vgl. ook 1 Kor. 2:15; 1 Joh. 2:20). Ook die gewone man kan en moet die Skrifte ondersoek (Hand. 17:11; Joh. 5:39). Gods Woord is klaar en duidelik vir elkeen wat dit gelowig ondersoek (Deut. 30:11-14; 29:29; Spr. 1:3, 4; 2 Tim. 3:15). Alhoewel God se gedagtes ver bokant ons gedagtes uitgaan, het Hy Hom in genade aan ons betuig op so 'n manier dat eenvoudiges en selfs kinders Hom kan ken (Matt. 11:25). Dit beteken natuurlik nie dat ernstige wetenskaplike Skrifstudie en Skrifverklaring onnodig is nie, soos sekere mense meen. Nee, die Skrif is soos 'n goudmyn waaruit ons deur toegewyde en biddende ondersoek die gouderts moet haal. Die kerk het deur al die eeue heen hierdie myn ontgin, en ons kan dankbaar wees vir soveel harde studie van manne soos Augustinus, Luther en Calvyn en so baie ander. Ons moet gebruik maak van hulle arbeid. Tog leef baie van ons in vrywillige geestelike armoede en besef ons nie hoe arm ons is en wat ons mis in die lewe nie.

9. **Die genoegsaamheid van die Skrif as enigste bron vir ons belydenis:** Ons het nie nog direkte of besondere openbaringe nodig bo en behalwe wat die Skrif ons leer nie. Trouens, al sou ons 'n duisend jaar lewe en die Skrif ondersoek, sal ons hierdie goudmyn nog nie eens naasteby kan uitput nie. Ook het ons nie die tradisie nodig as aanvulling by die Skrif soos sommige beweer nie. Daarom verwerp ons die sg. apokriewe boeke, wat op vertellinge gebaseer is. By Gods Woord mag niks bygevoeg of weggelaat word nie (Deut. 4:2; 12:32). Christus het gewys op die gevaar van die oorlewering, waardeur die gebod kragteloos gemaak word (Matt. 15:1-9). Waar Gods Woord gelowig ondersoek word, sal die Heilige Gees ons hart en verstand verlig om te verstaan die dinge wat van God is, en sal ons g'n behoefte hê aan enige lig buite die [37] Skrif om nie. Daarom kan en mag ons 'n belydenis opstel op grond van Gods Woord en moet ons rekening hou met die kerklike belydenis in die uitleg van Gods Woord.

## GOD

### Les 9: DIE WESE EN EIENSKAPPE VAN GOD

1. **God se verhewenheid:** Die mens moet alleen biddend oor God spreek. Hy is so ver bokant ons verhewe dat ons haas nie oor Hom durf spreek nie. Wie dan ook oor God redeneer asof dit 'n alledaagse onderwerp is, besondig hom grootliks. Ons kan maar oor Hom stamel soos kindertjies, vir sover ons iets van Hom te wete kom uit Sy selfopenbaring.

Sy gedagtes gaan ons sinne ver te bowe (Jes. 55:8, 9); Dan. 4.35; Eks. 15:11). Al die nasies is teenoor God soos 'n druppel aan 'n emmer, 'n stoffie aan 'n weegskaal (Jes. 40:15). Daarom word God genoem die Hoë en Verhewene (Jes. 57:15), wat nogtans woon by die nederige van gees (vgl. ook Ps. 89:7; Job 36:26; 37:23). Toe Salomo die tempel gebou het, het hy uitgeroep: "Die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het!" (1 Kon. 8:27). Ook in Ps. 96:4-6; 97:9; 99:2, 3; 147:5 word Gods verhewenheid bo alles en almal besing.

2. **God is Gees**: Die Here Jesus sê vir die Samaritaanse vrou: "God is Gees; en dié wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid" (Joh. 4:24). Die Here vermaan Israel streng om g'n beeld van Hom te probeer maak nie en wys hulle daarop dat hulle wel Sy stem gehoor het uit die vuur op Horeb, maar g'n verskyning gesien het nie (Deut. 4:12, 15). Dis daarom dwaasheid om God te wil *sien;* na Sy aard en wese is Hy onsigbaar, net soos 'n mens se gees ook onsigbaar is. Al sny ons 'n mens se liggaam oop, sal ons sy siel nêrens kry nie; en tog weet ons dat die siel die liggaam beheers. Dis die mens se *gees* wat dink, hoor, sien en handel, al doen hy dit ook deur die liggaam. *God* is egter 'n *Ewige Gees,* anders as die engele byvoorbeeld wat geskape geeste is. En Hy het g'n liggaam nodig om te doen wat Hy wil nie. Daarom kon Moses Hom op die berg ook nie *sien* nie (Eks. 33:20). En die Here Jesus sê: "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar (Joh. 1:18). In 1 Tim. 1:16 lees ons dat God 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie.

[38]

3. **Tog openbaar God Hom op mensvormige wyse aan ons:** Die Skrif praat van God se oë, ore, mond, hart, hande, voete, ens. Volgens die Skrif dink, hoor, sien, praat, gedenk, vergeet, seën, kasty God. Hy is ywerig, Hy toorn, treur. Hy het lief, maar haat ook. God word vergelyk met 'n arend, leeu, son, fontein, rotssteen, skild, 'n held, krygsman, kunstenaar, boumeester, regter, landman, herder, vader, ens. Al kan ons God dus nie ken soos Hy in Homself is nie, kan ons tog baie van God te wete kom deurdat Hy Hom aan ons bekend maak op 'n wyse wat ons goed kan verstaan. Al kan ons God dus nie op 'n doeltreffende wyse ken nie, ken ons Hom na analogie van die kenbare dinge, en dit is ware en suiwere kennis van God wat Hy op dié wyse ons laat toekom. Dis 'n wonderwerk van Sy genade. En daardeur leer ons Hom ken as ons troue Verbondsgod en Vader op wie ons ons volkome kan verlaat. Daarom glo ons nie net *aan* 'n God nie, maar *in* God, die lewende God, soos artikel 1 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis ook sê.

4. **Ons ken God deur Sy eienskappe of deugde:** Ons mag God nie afskei van die deugde waarin Hy Hom aan ons openbaar nie. God se denke is nie iets abstraks nie, maar is die denkende God. God se wil is die willende God. God se besluit is die besluitende God. 'n Mens kan sy gesig, sy gehoor, ens., verloor en tog nog mens wees. Maar by God is so iets nie moontlik nie. In alles wat Hy is, dink of doen, is Hy met Sy volle wese teenwoordig. God word in ons Geloofsbelydenis 'n *eenvoudige* Wese genoem, omdat Hy nie saamgestel is uit meervoudige komponente nie. Hy is die absoluut volmaakte Wese. Hy is altyd ten volle Homself; nooit is daar dinge wat "sluimer" in God, blote potensialiteite nie. En daarom is daar in Hom ook g'n wording, groei en evolusie nie. Hy is die ewig onveranderlike, en daarom mag Hy nooit vereenselwig word met die wordingsproses van die wêreld nie, soos die Panteïste doen. Ons moet God nie gaan soek *agter* Sy wysheid, goedheid, geregtigheid, ens., nie, maar *in* daardie dinge.

God is nie maar 'n Krag of Beginsel, die Hoogste Goed, die Universele Syn, ens., nie, maar Hy is 'n Persoonlike Wese, redelik en selfbepalend, wat met Sy hele drie-enige Persoonlikheid in al Sy werke teenwoordig is, sonder dat Hy met Sy werke vereenselwig word. Daarom is Sy hoogste en enigste Wesensopenbaring te vind in 'n *Persoon,* naamlik die Persoon van onse Here Jesus Christus. Dat Hy 'n drie-persoonlike Wese is, raak nie die eenheid en ondeelbaarheid van Sy Goddelike Wese nie, soos ons nog sal sien. God is 'n *enige* God (Deut. 6:4), d.w.s. na Sy Wese een en ondeelbaar en uniek. Daar kan nie meer as een God wees soos die Politeïsme of veelgodedom leer nie. Dit stry met die *Wese* van God.

[39]

**5. Onmededeelbare eienskappe van God:** Daar word gewoonlik onderskeid gemaak tussen die deugde van God wat onmededeelbaar is en wat geen mens ooit kan besit nie, en dié wat mededeelbaar is, d.w.s. wat 'n mens wel kan besit. Tog moet ons hier baie versigtig wees. Die neiging by die mens is om God te vermenslik of die mens te vergoddelik. En ons moet dus onthou dat die sg. mededeelbare eienskappe deur ons alleen op menslike en nooit op Goddelike wyse besit word nie. En God besit al Sy deugde, ook die mededeelbare, op 'n gans unieke, Goddelik absolute wyse. Daarom sê die Skrif: “Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaakheid van die Almagtige?” (Job 11:7). God se onmededeelbare eienskappe is die volgende:

(a) *Oneindigheid:* Daarin lê opgesluit dat God *alomteenwoordig* is (Ps. 139:7-12; Hand. 17:27). Dit beteken nie dat God as 't ware versprei is op alle plekke nie, maar dat die hele Goddelike Wese op elke punt en plek teenwoordig is. Wel woon God op 'n besondere wyse in die hemel en in besondere sin in ons hart, maar dit neem nie weg dat Hy op elke plek teenwoordig is nie en dat Sy oë op alle plekke sien nie (Spr. 15:3). Ook lê in God se oneindigheid opgesluit dat Hy *ewig* is. Dit beteken dat God *altyd* hier is. Vir Hom bestaan daar g'n tyd, g'n verlede of toekoms, g'n begin en g'n einde nie (Ps. 90:4). Ewigheid is nie 'n lang tyd nie, maar is self tydloos. Tog openbaar God Hom in die *tyd,* en dit beteken dat in elke moment die polsslag van die ewigheid” is.

(b) *Onveranderlikheid:* Omdat God selfstandig is, en alle dinge uit Hom en deur Hom en tot Hom is, verander Hy nooit nie (Rom. 11:36). Daarom dra Hy die naam Jahweh óf HERE, d.w.s. die God wat ewig aan Homself getrou bly. Hy het Sy lewe in Homself (Joh. 5:36). God het ons of ons diens nie nodig nie. Hy is salig in Homself. Hy is nie soos die heidense afgode, wat deur hulle aanbidders onderhou en versorg moet word nie (Ps. 50:9-15). Alle goeie dinge kom van God, “by wie daar g'n verandering of skaduwee van omkering is nie” (Jak. 1:17). Ons heil lê daarin dat God onveranderlik is in Sy trou (Mal. 3:6). Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Heb. 13:8). Hemel en aarde gaan verby, maar God bly dieselfde (Ps. 102:26, 27). God se krag het g'n einde nie (Jes. 40:28-31). Wel word in die Skrif soms gesê dat God *berou* het oor 'n saak (Gen. 6:6; 1 Sam. 15:35; Jona 3:10), maar dit beteken nie dat God verander nie. Dis maar mensvormige taal en wil juis aandui dat God *anders* optree teenoor ons om Sy ewige, vaste en onveranderlike plan en doel deur te voer.

6. **Mededeelbare eienskappe van God:**

(a) *Kennis:* God ken en [40] deurskou alle dinge van ewigheid af tot in ewigheid (Jes. 46:9-11; Heb. 4:13; Matt. 10:30). God ken Homself deur en deur en weet van alle moontlike en werklike dinge. Die Gees van God ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God (1 Kor. 2:10). Aan God is al Sy werke van ewigheid af bekend (Hand. 15:18; vgl. ook Ps.

139:1-16; Joh. 21:17).

(b) *Wysheid:* God weet om alle dinge te orden en doelmatig in te rig (Ps. 19:1-12). God se wysheid word gepersonifieer in Spr. 8:22-36 en word saamgevat in Christus (Kol. 1:15-20; vgl. ook 1 Kor. 1:21-25; Rom. 16:27; Ef. 3:10).

(c) *Goedheid* (Ps. 145:8, 9; Hand. 14:17): Hiermee hang saam dat God aan sondaars onverdiende *genade* bewys (Ef. 1:6, 7; Titus 2:11); dat Hy *barmhartig* is en vir ons jammer is (Luk. 1:54; Rom. 15:9; 9:16; Ef. 2:4) en dat God *lankmoedig* is oor ons en g'n behae in die dood van die sondaar het nie (Rom. 2:4; 1 Pet. 3:20; 2 Pet. 3:9-20).

(d) *Liefde:* Die Skrif sê dat God *Liefde* is (1 Joh. 4:8). Alle liefde onder ons is maar strale uit die ewige Son van liefde, naamlik God. God het Homself lief en daarom ook Sy skepsele. God se liefde vir ons blyk veral daaruit dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het om vir ons aan die kruis te sterwe (Joh. 3:16).

(e) *Waaragtigheid en trou:* Die Here kom Sy beloftes na (Jos. 21:45; Ps. 105:8) en bly altyd getrou (1 Kor. 1:9). Selfs as ons ontrou is, bly Hy nogtans getrou (2 Tim. 2:13; Heb. 10:23). God is waaragtig en het die waarheid lief. In Hom is geen duisternis nie (1 Joh. 1:5-7). God kan nie lieg nie, en Sy beloftes is ja en amen in Jesus Christus.

(f) *Heiligheid:* God is die Driemaal-Heilige, voor wie selfs die engele hulle aangesigte verberg (Jes. 6:2, 3; 1 Sam. 2:2). God is afgesonderd van Sy skepping, al is Hy ook daarin, en kan nie met die skepsel op een peil gestel word nie (Hos. 11:9). Daarom moes Moses sy skoene uittrek (Eks. 3:5) en mag Israel nie die berg Sinai aanraak nie (Eks. 19:12). God is ook heilig in dié sin dat Hy g'n gemeenskap met die kwaad het nie (1 Pet. 1:16; Joh. 17:19; Lev. 11:44; Hab. 1:13).

(g) *Geregtigheid en soewereiniteit:* God is soewerein en volkome vry in al Sy handelinge. Hy is vir Homself die wet. Hy is die Alregeerder (Openb. 4:11). Hy werk alles volgens die raad van Sy wil (Ef. 1:11). Ons heil en saligheid lê uitsluitend in Sy soewereine genade (Rom. 9:15, 16). Hy beskik tot die kleinste dinge toe (Matt. 10:29, 30). Vir God is niks te wonderlik nie (Gen. 18:14; Matt. 19:26). Hy doen alles volgens Sy *welbehae* (Matt. 11:26), en by Hom is g'n aanneming van die persoon nie (Rom. 2:11). In Sy verborge wil of raad lê alles vir ewig vas, [41] en Sy geopenbaarde wil stry nie daarmee nie (Deut. 29:29). God se wil is altyd goed en heilig, en ons moet ons daaraan onderwerp (Jes. 10:15; Rom. 9:15-18). Wat God doen, is altyd reg, en Sy liefde stry nooit met Sy geregtigheid nie. Sy wil skakel ons wil nie uit nie, maar word juis daardeur volbring (Fil. 2:12, 13). God se wil is goed, omdat Hy self goed is. God kan nie lieg of sondig nie, omdat dit met Sy heilige wese stry (Num. 23:19; 1 Sam. 15:29). God is wel die Almagtige, maar Hy is nie koue, blinde almag nie. Ook wanneer Hy in Sy geregtigheid teen die sonde toorn, word Hy deur liefde gedrywe. Sy almag is nie willekeur nie, maar word deur redelikheid, liefde en trou beheers en gedring. God is Homself in al wat Hy doen, en Sy almag en geregtigheid kan nooit losgemaak word van Sy liefde en genade, waarin Hy soek om ons te behou nie. Al Sy deugde is ten slotte identies in God en met God.

## Les 10: GOD SE NAAM

1. **Wat 'n naam in die Bybel beteken:** Naamgewing is in die Bybel 'n ernstige saak. Daardeur word te kenne *gegee* wie en wat iemand is of wat van so iemand verwag word. Dis dus nie soos in ons tyd dat ouers somaar enige naam gryp wat vir hulle mooi klink of wat

miskien aan 'n karakterlose rolprentster of 'n verafgode sportheld behoort, om dit aan hulle kinders vas te plak nie. Die woord “naam” kom in die Hebreeus van 'n woord wat beteken “ingraveer”. Dis dus 'n stempel waardeur 'n persoon aangedui word in verband met sy persoonlike eienskappe en indiwidualiteit. Daarom moes Adam ook aan die diere name gee (Gen. 2:19, 20) om aan te dui wat die eienaardigheid van elke dier is en waarin hy van ander diere verskil. So beteken Adam *mens,* van *adamah* — “grond”; Eva beteken *lewe,* of die moeder van die lewendes (Gen. 3:20); Kain beteken *ek het ('n man) verwerf* (Gen. 4:1); Noag beteken *rus* (Gen. 5:29); Jesus beteken *Saligmaker* (Luk. 1:31-33); Petrus beteken *rots* (Matt. 16:18), ens. Soms word name verander om 'n ander betekenis aan iemand te heg. Abram word Abraham, en dit beteken *vader van 'n menigte* (Gen. 17:5). Sarai word Sara, wat beteken *vorstin* (Gen. 17:15). Jakob (die bedrieër) word Israel, wat beteken *vors van God of worstelaar met God* (Gen. 32:28). Vergelyk ook Rut 1:20, Dan. 1:7, ens. Die Jode het ook aan proseliete wat uit die heidene oorgekom het, 'n nuwe naam gegee. In die Bybel lees ons ook van 'n nuwe naam (Fil. 2:9; Openb. 2:17). 'n Naam is dus in die Bybel van groot betekenis. Deur God se Naam of Name word Hy self aangedui [42] in Sy Goddelike, aanbiddelike Opperwese, en daarom mag Sy Naam nie gelaster of ydellik gebruik word nie. Die vloeker rand God self aan en tas Sy eer aan. Daarom moet God se Naam geheilig word (Eks. 20:7).

2. **Ons ken God** op mensvormige wyse: Soos ons nog sal sien, word God onder verskillende name in die Bybel aangedui. Elke besondere naam wil 'n bepaalde aspek van God se Wese aandui. Sy Wese is so groot en ryk en vol dat daar as 't ware nie woorde genoeg is om vir ons te sê wie Hy is nie. Tog beteken dit nie dat ons God kan ken soos Hy in Sy volheerlike Wese is nie. Hy gaan ons nietige begrippe ver te bowe. Daarom moet Hy Hom aan ons bekend maak in aardse vorme en gestaltes. Dit is wat genoem word antropomorfisme of mensvormigheid. God het Homself op mensvormige of aardse wyse afgebeeld en uitgedruk in Sy skeppingswerk, en daarom kan dit wel iets meedeel aangaande Sy Goddelike Wese. Die skepping staan nie heeltemal los van God, soos 'n tweede “God” nie, maar is tog aan God verwant en uitdrukking van Sy Goddelike gedagtes (Joh. 1:1-4; Kol. 1:15-17). Daarom is God nie vir ons 'n verborge God nie, maar ken ons Hom deur Sy openbaring. Bavinck druk dit so sterk uit dat hy sê: “Omdat die wêreld God's schepping is, is zij ook zijne openbaring en verschijning.”

Ons kan God alleen in beeldspraak ken of anders glad nie ken nie. Ons ken Hom op mensvormige wyse, of ons weet totaal niks van God nie. *Al* ons begrippe, ook die mees abstrakte soos gees, siel, wese, denke, lewe, ens., kan alleen onder *beelde* voorgestel word, wat egter geensins beteken dat ons 'n beeld van God kan of mag maak nie (tweede gebod). God kan na Sy Wese nooit afgebeeld word nie, en dis alleen 'n wonder van Sy genade dat Hy Hom in ons menslike denkvorme en begrippe aan ons bekend maak. Maar dan moet ons daarby onthou dat die wesenlike van die dinge juis dit is wat ons nie sien nie (Heb. 11:1-3), sodat ons uit die skaduagtige mensekennis wel deeglik die ware God leer ken. As God byvoorbeeld *Vader* genoem word, is dit nie maar 'n vae analogie van wat ons vaderskap noem nie, maar dan is die ware en egte vaderskap juis in God te vinde.

3. **In God se Naam het ons met God self te doen:** In 'n naam is daar altyd iets persoonliks. 'n Mens se naam is jou eer, wat jy nie maklik laat aanrand nie (Pred. 7:1). As God byvoorbeeld sê dat Sy Naam in die Engel van die Verbond is (Eks. 23:21), dan beteken dit dat God self in die Engel is, dat Hulle één is. As Jesus sê dat Hy die Naam van die Vader aan Sy dissipels bekend gemaak het (Joh. 17:6), beteken dit dat Hy die lewende [43] God persoonlik aan hulle bekend gemaak of geopenbaar het. As daar in Lev. 24:10-23 staan dat

'n jong man “die Naam” gelaster het en daarom gestenig moes word, dan beteken dit dat hy God self persoonlik onteer en aangerand het, God as 't ware in die gesig geslaan het. God is dieselfde as Sy Naam in Deut. 28:58. As God se Naam op die kinders van Israel gelê word (Lev. 6:27), dan is dit nie maar 'n goeie wens dat God met hulle mag wees nie, maar dan gee God Homself in die drievoudige verbondseën aan Sy volk (v. 23-26). Wanneer God Sy Naam op 'n sekere plek vestig onder Israel, dan beteken dit dat *Hy self* daar woon (Deut. 12:5). Geen wonder dat lastertaal of vloek in die derde gebod so streng verbied word nie! Wie God of Christus se Naam misbruik of dinge wat met God se Naam in verband staan, soos hemel, hel, magtig, ens., moet weet dat Hy God self aanrand en God laat Hom nie bespot nie (Gal. 6:7). Ons mag sulke woorde nooit aanwend om daarmee te *vloek* nie.

**4. Hoe ons teenoor God se Naam moet staan:** Waar ons in God se Naam met God self te doen kry, moet ons met vrees en eerbied daarteenoor vervul wees. Daarom het die gelowiges steeds die Bybel, waarin Gods Naam geopenbaar word, met die grootste respek behandel. God se Naam is immers heilig en vreeslik (Ps. 119:9). Daarom is van die vroegste tye af die Naam van die Here aangeroep in die openbare erediens (Gen. 4:26). God het die plae oor Egipteland gebring sodat Sy grote Naam oor die hele aarde verkondig kan word (Eks. 9:16; vgl. Deut. 28:58). Maar veral in Gods huis (kerk) word Sy Naam verkondig (1 Kon. 8:29), en daarom is God se oë dag en nag oop oor Sy huis; wee hom wat die Here se kerk probeer afbreek! In die Naam van die Here behoort ons te juig voor Sy aangesig (Ps. 5:12; 34:4), en in Gods huis behoort ons saam met Gods kinders Sy Naam te dank (Ps. 122:1-4). Ons begeerte moet steeds wees om Gods Naam beter te leer ken (Jes. 26:8). Ons moet strewe om die Naam van God op alle terreine van die lewe erken te kry (Matt. 6:9). Ons moet in die Naam van God skuiling neem soos in 'n sterk toring (Spr. 18:10) en bedink dat daar g'n ander Naam onder die hemel gegee is waardeur ons gered moet word nie as die Naam van Christus (Hand. 4:12). Al is ons maar min wat die Naam van God in Christus bely, moet ons onthou dat “waar twee of drie in my Naam vergader is, daar is Ek onder hulle” (Matt. 18:20). In die Naam van die driemaal-heilige Verbondsgod is ons gedoop (Matt. 28:19). Daarom *ken* die Here dié wat Syne is en moet elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid (2 Tim. 2:19) en het ons die heerlike versekering dat Gods Naam eendag op ons voorhoofde geskrywe sal staan in [44] die heerlikheid (Openb. 22:4), dit wil sê, ons hele wese en bestaan sal Sy Naam openbaar en verkondig.

5. **Die verskillende Name van God:**

(a) *God (Elohim* in die Ou Testament en *Theos* in die Nuwe Testament): Deur hierdie benaming word God aangedui as die Skepper van hemel en aarde. Dit staan in verband met Sy grote krag waardeur Hy alles beheers en in stand hou. Die naam word ook enkele male van engele gebruik (Ps. 8:6) en ook van owerheidspersone (Ps. 82:1; 138:1), maar dan dui dit aan dat iets van die Goddelike majesteit op hulle gelê is. *Elohim* dui God dus meer aan soos Hy Hom in die skepping openbaar. Dit wil iets weergee van Sy verskriklike almag en van die *volheid* van Sy krag en lewe. Daarom is dit 'n meervoudsvorm. In die Nuwe Testament word *Theos* gebruik vir God (bv. 2 Thess. 2:4) en vir Christus (bv. Joh. 1:1). Dit het dieselfde betekenis as Elohim in die Ou Testament.

(b) *Die Allerhoogste (Elyon).* Deur hierdie naam word God aangedui as die God, die Allerhoogste, dit wil sê die enigste ware God wat ver bokant alles en almal uitgaan en met wie niemand in die hemel of op die aarde te vergelyke is nie (Ps. 89:7, 8). God beklee dus

'n posisie van absolute en onbeperkte mag en gesag. In Gen. 14:18 word Melgisedek genoem priester van God, die Allerhoogste (vgl. Num. 24:16). Die woord in die Nuwe Testament is *hupsistos* (Mark. 5:7; Luk. 1:32, ens.). Dit dui ook aan dat God *bokant* alles is.

(c) HERE *(Jahwe).* Hierdie naam gee te kenne God se onveranderlike verbondstrou (Eks. 3:14). *Jahwe* is dus die eintlike verbondsnaam van God. God sê aan Moses dat *Hy is wat Hy is,* waaruit volg dat Hy ook in die toekoms dieselfde troue Verbondsgod sal wees wat Hy vir Abraham, Isak en Jakob gewees het en ook vir Moses en Israel is (vgl. ook Mal. 3:6). Dis asof die Here vir Moses wil sê dat ons tevrede moet wees om te weet dat God, wat na Sy wese so onbegryplik is, tog die troue Verbondsgod is wat met ewige liefde oor Sy kinders waak en wat die werk van Sy hande nooit laat vaar nie (Ps. 138:8).

God was ook met die naam *Jahwe* bekend aan Abraham, Isak en Jakob; tog het Hy, blykens Eks. 6:2, eers aan Moses en Israel die volle betekenis en krag van daardie heerlike verbondsnaam getoon, want nou eers sal gesien word wat die onveranderlike trou van God vir Sy volk beteken, in hulle verlossing en vestiging in Kanaän, waar uiteindelik die Messias (Gen. 3:15) gebore sal word en deur Sy soendood die ewige vrederyk opgerig sal word.

Of die naam: "Here van die leërskare", wat dikwels voorkom, ook iets te doen het met die beloofde heil in Christus en of dit [45] net betrek moet word op die leërskare van skepsele, is moeilik om te sê. Waarskynlik het dit op die engele betrekking.

Hierby kan ons nog daarop wys dat die Jode ten onregte uit sulke tekste soos Eks. 3:14, Lev. 24:16 afgelei het dat die Jahwe-naam nie uitgespreek mag word nie. Die gevolg is dat ons nie heeltemal seker is hoe die naam oorspronklik uitgespreek is nie. Die onveranderlikheid van God word in die Nuwe Testament aangedui deur uitdrukkinge soos: "Hy wat is en wat was en wat kom" (Openb. 1:4), "die Alfa en die Omega" (1:8, dit is die begin- en slotletters van die Griekse alfabet), "die eerste en die laaste" (2:8).

Die naam Jahwe kom soms in die Nuwe Testament voor onder die vorm *Kurios,* dit wil sê, onse Here wat die wetlike gesag en mag het (Mark. 5:19; Hand. 15:26 ens.); maar *Kurios* bevat tog enigsins 'n ander gedagte as *Jahwe* en neem dus ook die plek in van *Adonai* in die Ou Testament. Dit wil dus eintlik sê dat God die Besitter of Eienaar is van Sy volk en dat hulle Sy diensknegte is. Waar die woord *Adonai* in die Ou Testament voorkom, word dit geskryf as *Here* om dit te onderskei van HERE of Jahwe (vgl. Deut. 10:17). In die Nuwe Testament kom die woord Here ook soms voor as *Despotes* (Despoot) en wil dan te kenne gee dat die Here (heer, baas of eienaar) inderdaad *mag* uitoefen oor sy onderdane.

(d) *Vader (pater* in Nuwe Testament). Die Vadernaam kom ook in die Ou Testament voor, maar vind tog sy heerlikste openbaring in die Nuwe Testament, waar Christus gedurig spreek van Sy Vader (bv. Joh. 17:17). Hy is Vader van Sy Seun Christus in eintlike sin, maar Hy is ook Vader of Lewensbron van die skepping en deur Jesus ook Vader van Sy gelowige kinders. In die Ou Testament word God *El-sjaddai* (die magtige) genoem en in die Nuwe Testament *Pantokratoor* (Openb. 4:8) (Hy wat oor alles regeer). Heerlik is dit om kinders van so 'n *Vader* te mag wees (Hos. 1:10; 1 Joh. 3:1, 2).

## Les 11: GOD SE DRIE-ENIGHEID

Die leerstuk van die Triniteit of Drie-enigheid van God kom nie met soveel woorde in die Bybel voor nie. Tog is daar duidelike en onweerlegbare getuienis in die Skrif wat ons dwing om dit te aanvaar. Ons let dan eerste op die Skrifgronde:

**1. Skrif gronde in die Ou Testament:** Die *eenheid* van God staan [46] in die Bybel steeds op die voorgrond: “Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here” (Deut. 6:4; vgl. Deut. 4:35; Jes. 45:5). Daar is net één God en nie baie gode soos die heidene glo nie. Dit moet voor alles en bo alles vasstaan.

Maar dis dan nog iets anders as die starre numerieke eenheidsgedagte wat byvoorbeeld die Mohammedane oor God koester. Daar is in God 'n rykdom van lewe en krag wat in Sy persoonlike drie-vuldigheid tot uiting kom. Reeds die naam *Elohim* vir God, wat 'n meervoudsvorm is, wys op die *volheid* in God. As God in Gen. 1:26 en 3:22 van Homself praat as “Ons” wys dit ook op Sy persoonlike volheid. Verder moet ons daarop let dat God skep deur Sy *Woord* (Ps. 33:6, 9; Spr. 8:22-31) en deur Sy *Gees* (Ps. 104:30; 33:6). So lees ons in Gen. 1 dat God geskep het deur te *spreek* en dat die *Gees van God* op die waters gesweef het om die lewe daarin te verwek. Volgens Joh. 1:1-3 was Christus die *Woord* deur wie God alles gemaak het. Dis ook Hy wat in die Ou Testament opgetree het as die *Engel van die Verbond* (Eks. 14:19-24; Gen. 16:11-13; 19:1, 24). Die drie-enigheidsgedagte kom ook mooi uit in Jes. 61:1 en dan veral ook in die drievoudige verbondseën (Num. 6:24-26), waarin die Vader Sy kinders *behoed,* die Seun *genade* skenk en die Heilige Gees *vrede* gee.

**2. Skrifgronde in die Nuwe Testament:** Ook hier staan die eenheidsgedagte in verband met God op die voorgrond (Joh. 17:3; 1 Kor. 8:4; 1 Tim. 2:5; 1 Joh. 5:7). Tog is daar drie persone wat optree, byvoorbeeld by die geboorte van Christus: daar word Hy van die Vader gestuur en deur die Heilige Gees oorskadu en neem self vlees aan uit die bloed en vlees van Maria (Luk. 1:26-38; Joh. 3:16; 6:38). By die doop van Jesus vind ons weer die drie persone: *Hy* word gedoop; die *Vader* spreek uit die hemel, en die *Heilige Gees* daal op Hom neer (Matt. 3:16, 17).

As Jesus voor Sy hemelvaart Sy laaste opdrag aan die dissipels gee om die wêreld te evangeliseer, beveel Hy om te doop in die Naam (enkelvoud) van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hier word al drie op volkome gelyke voet gestel as Goddelike persone wat al drie, as God, meewerk tot ons saligheid. Ook die apostoliese seën, naamlik: “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!” (2 Kor. 13:13), wys daarop dat drie persone in die één Goddelike Wese werksaam is tot heil van Gods volk (vgl. ook Openb. 1:4-6; 1 Pet. 1:2). Daar is dus volop aanduidinge in die Skrif dat God, wat Één en ondeelbaar is, tog 'n drievoudige persoonlike Wese is wat 'n rykdom van bestaanswyse in Homself dra en ook na buite openbaar. Daarvan het ons 'n geringe aanduiding in die voorbeelde van 'n *lig,* wat bestaan uit [47] vuur en lig versprei en warmte afgee, of 'n *boom,* wat bestaan uit wortels, stam en takke, of 'n *huisgesin,* wat bestaan uit man, vrou en kind, almal drie en tog een. Tog is dit maar net 'n floue beeld van die geheimenis van die Drievuldigheid van God.

3. **God die Vader:**

(a) *Hy is Vader van Sy Seun:* In Joh. 1:14 word Christus genoem die Eniggeborene van die Vader. Daarom kan alleen die eniggebore Seun van God Hom aan ons verklaar (1:18). Christus het God Sy Vader genoem in dié sin dat Hy self ook God is (Joh. 5:18), net soos 'n kind van dieselfde natuur is as sy ouers (vgl. Joh. 20:17; Matt. 11:27; Matt. 3:17). In Rom. 8:32 word Christus genoem God se “eie Seun”. God het dus nie eers Vader geword toe Hy Sy skepping voortgebring het of toe Hy ons as Sy kinders vir Hom verwek het nie. Hy was van ewigheid af *Vader,* naamlik van Sy Seun Christus, in wie al die volheid van die Godheid

liggaamlik woon (Kol. 2:9) en wat die Beeld is van die onsienlike God (Kol. 1:15), die afdruksel van Sy Wese (Heb. 1:3). Om Vader te wees beteken om Bron en Oorsprong te wees, en dit is God in Homself.

(b) *God is Vader van Sy skepping:* In Luk. 3:38 word Adam genoem die seun van God. In Adam het die skepping dus vir God as Vader. In Hand. 17:28 word die mensheid genoem God se "geslag". Ons is dus Sy geskape kinders (vgl. Ef. 3:15; Heb. 12:9). God is "die Vader uit wie alles is" (1 Kor. 8:6). In soverre Christus ons menslike natuur aangeneem het, behoort ook Hy as mens aan God, die Vader (1 Kor. 3:23), en is die Vader ook Sy "God" (Matt. 27:46; Joh. 20:17). God is na Sy wese die begin en die oorsprong, die fontein van alle lig en lewe. Daarom daal elke goeie gif en volmaakte gawe neer van bo af, van die Vader van die ligte (Jak. 1:17; Matt. 5:45).

(c) *God is die Vader van Sy kinders:* God is in besondere sin die Vader van Sy volk (Deut. 32:6; Ps. 103:13; Mal. 1:6; Jes. 63:16). Ons is aangenome kinders van God, en daarom roep ons Abba, wat beteken Vader (Rom. 8:15). God is ons Vader wat in die hemele is (Matt. 5:45; 6:9). As God se kinders moet ons ons afsonder van die kwaad, en dan sal God vir ons 'n Vader wees, en ons sal vir Hom seuns en dogters wees (2 Kor. 6:17, 18). Hieruit volg dan ook dat *alle* mense nie vir God as Vader het nie, maar alleen dié wat in Christus met God versoen is (1 Joh. 3:1-10). Dié wat die sonde aanhang, is duiwelskinders (v. 10 en Joh. 8:44).

4. **God die Seun:** (a) *Ewige Kindskap:* Ons moet ons nie voorstel dat die Vader eers alleen daar was en Sy Seun later uit Hom gebore is nie. So gaan dit wel by mense, maar nie by God nie. Want Christus is, as Seun van God, self ook God en dus net so [48] ewig soos die Vader. Dus neem die Seun nooit die plek van die Vader in soos dit by mense die geval is nie. Die Seun het die lewe in Homself net soos die Vader (Joh. 5:26; vgl. Ps. 2:7; Hand. 13:33 en Heb. 1:5).

(b) *Die Godheid van die Seun:* In Ps. 110:1 noem Dawid Christus sy "Here". Die Messiaskoning word beloof in 2 Sam. 7:12-16 (vgl. Deut. 18:18; Jes. 7:14; Jes. 53). In Jes. 9:5 word die Christus genoem "sterke God", "ewige Vader". In Joh. 1:1 is die Woord (Christus) self God. Hy het Goddelike name (Jer. 23:5, 6); doen Goddelike werke (Matt. 9:1-8); besit Goddelike eienskappe (Joh. 2:24, 25; Openb. 1:8) en Goddelike eer (Heb. 1:6). Volgens Kol. 1:15 is Hy die eersgeborene van die skepping, dit wil sê Hy was daar voor alle dinge. Wel word die engele ook soms seuns van God genoem (Job 38:7) en ook Israel (Deut. 8:7; Hos. 11:1), maar Christus alleen is die Eniggeborene van die Vader, deur wie alle dinge is (1 Kor. 8:6).

(c) *Die werke van die Seun*: Waar die Vader die Bron, Skepper en Onderhouer van alle dinge is, daar is die Seun die Woord, die Wysheid, die Middelaar deur wie God werk. Hy is sowel skeppings- as herskeppingsmiddelaar (Joh. 1:3, 10; Heb. 1:2, 3). Christus verlos ons van die sonde (Ef. 1:3-14; 1 Kor. 1:30). Deur Sy Gees woon en werk Hy en die Vader in ons harte (Joh. 14:16-18,23).

**5. God die Heilige Gees:** *Die Heilige Gees is nie 'n krag of invloed nie, maar 'n Goddelike Persoon.* In Hand. 5, waar Petrus vir Ananias bestraf, stel hy die Heilige Gees voor as God self (v. 3, 4). So is God en die Heilige Gees ook eenswesens in 1 Kor. 3:16, 17. Die Heilige Gees is 'n persoon (Hand. 13:2). Die Heilige Gees *neem besluite* (Hand. 15:28); *onderrig* die gemeente (Openb. 2:7); *deel die gawes van God uit* soos Hy *wil* (1 Kor. 12:11); *getuig* met ons

gees dat ons kinders van God is (Rom. 8:16); *ondersoek* die dieptes van God (1 Kor. 2:10); *roep:* Abba, Vader (Gal. 4:6), en Hy *bid* vir ons met onuitspreeklike versugtinge (Rom. 8:26). Ook *vertroos* Hy ons en *lei* ons in alle waarheid (Joh. 15:26; 16:13). Al hierdie dinge kan slegs 'n *persoon* doen. Die Gees is dus nie 'n blote krag of invloed nie. *Die Heilige Gees is God self.* Alhoewel God self Gees is, *het* Hy ook 'n Gees as derde persoon in Sy Wese, en die Gees word *Heilig* genoem om te wys dat Hy Goddelik is in onderskeiding van alle ander geeste. Hy word voorgestel as 'n wind (of asem van die lewe) wat geblaas word *(spiratio)* of uitgestuur word *(processio).* In Job 33:4 word Hy genoem die asem van die Almagtige, in Ps. 33:6 die Gees van Gods mond. God het die asem van die lewe in die [49] mens se neus geblaas (Gen. 2:7). Christus blaas op Sy dissipels as Hy hulle die Heilige Gees skenk (Joh. 22:22). Die Heilige Gees is ewewel 'n Goddelike Persoon en besit daarom ook ewigheid (Heb. 9:14), alomteenwoordigheid (Ps. 139:7), alwetendheid (1 Kor. 2:11), almag (1 Kor. 12:4-6). Daarom is dit so 'n onvergeeflike sonde om die Heilige Gees te laster, omdat ons daardeur God self laster (Matt. 12:32), dit wil sê, ons verset ons in blywende verharding *teen ons beterwete teen die oortuigende krag van die Heilige Gees,* soos Satan hom teen God verset het. God *kan* ons wel inbreek as Hy wil, maar soms laat Hy mense toe om hulle te verhard, sodat Hy Sy grootheid en geregtigheid kan openbaar (Gen. 7:3-5).

6. **Die verhouding tussen die drie Persone:** Ons het gesien dat die Vader veral optree as skepper en onderhouer van die wêreld en die Seun as skeppings- en versoeningsmiddelaar. Die Heilige Gees rond as 't ware die werk af. Hy is die lewenswekker in die skepping (Gen. 1:3) en in die herskepping deur die wedergeboorte (Joh. 3:3-8). Hy is die groot kerkbouer (1 Kor. 12:4-11; 1 Joh. 2:20, 27).

Tog moet ons die drie Persone nooit van mekaar skei nie. Na buite tree hulle steeds op as die één God met één raad en wil en daad. Tog is dit nie die Vader wat aan die kruis gehang het nie, en dis nie die Heilige Gees wat die wêreld geskep het nie. Elkeen het Sy eie werk waarin Hy meer op die voorgrond tree, tog werk al drie altyd saam. As ons hulle uitmekaar ruk, dan dweep ons óf met die Vader, soos die Moderniste doen, óf met Jesus Christus, soos sekere piëtiste doen, óf met die Gees, soos die geesdrywers doen. Ons moet weet dat ons *altyd* met die driemaal-heilige God (Jes. 6:3) te doen het. Elke Persoon het die hele volle Goddelike wese, tog is daar nie *drie* Gode nie, maar één (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 8, 9). Alleen in soverre die Vader die Oorsprong en die Seun die Middelaar en die Heilige Gees die Voltooier van Gods werke is, is daar 'n soort rangorde, nie van hoër of laer nie, maar van onderskeie bestaanswyse of selfstandigheid in God. Daar is g'n subordinasie van die een onder die ander nie. Ons moet ook nooit die Gees losmaak van die Woord, naamlik Christus, nie. Die Gees gaan uit van die Vader én die Seun (Rom. 8:9; Joh. 15:26; 16:7). Anders verval ons óf in starre ortodoksisme (Woordverheerliking) óf in dweepsieke gevoelsgodsdiens (Geesverheerliking). Woord en Gees gaan steeds saam in die verlossingswerk.

7. **Die betekenis van die Triniteitsleer:** Hierdie leer toon ons dat God Sy skepping glad nie *nodig* het nie, maar in Homself 'n volle en ryke bestaan voer. Hierdeur *verstaan* ons hoedat God [50] transendent *bokant* Sy skepping verhewe is en tog immanent *in* die skepping woon en werk. Omdat Christus waarlik *God* is, weet ons dat ons nie van menslike redders afhanklik is nie. Omdat die Heilige Gees *God* is, weet ons dat Hy ons kan en sal reinig van die sonde en ons verheerlik — iets wat geen mens kan doen nie. Wie in nood verkeer, kan sy toevlug neem na 'n almagtige *Vader.* Wie deur sy gewete aangekla word, kan sy toevlug neem na die soenbloed van *Christus.* Wie in sy swakheid worstel met die

sondemag, kan reken op die hulp en bystand van die *Heilige Gees*. Lees maar die Kategismus, vraag 1. En ook in die Doopsformulier kom dit so mooi uit wat die drie Persone vir ons beteken. Twee van die drie Persone bid vir ons en in ons tot 'n liefderyke Vader, naamlik Christus (1 Joh. 2:1; Rom. 8:34; Heb. 9:24) en die Heilige Gees (Rom. 8:26). Wat 'n troos het ons dan nie in die drie-enigheidsgedagte nie!

## SKEPPING EN VOORSIENIGHEID

### Les 12: DIE RAADSPLAN VAN GOD

**1. God se Raad:** God werk alle dinge volgens Sy ewige raad. Daar is 'n plan of skema waarvolgens alle dinge gebeur. Die dinge gebeur nie somaar vanself nie. Nee, God is werksaam in alles. Hy is ewig aktief en nooit ledig nie (Joh. 5:17). Maar Hy weet wat Hy doen, en agter al Sy werke sit 'n ewige Goddelike gedagte wat Hy besluit het om ten uitvoer te bring. Daarom weet God presies wat sal gebeur in die toekoms (Jes. 46:10), omdat by Hom alles volgens plan (Sy plan) verloop.

Die Bybel gebruik verskillende woorde vir die Raad van God, soos “besluit” (Ps. 2:7); “voorneme” (Jer. 51:12; Rom. 8:28; Ef. 1:11); “verordinering” (Hand. 10:42); “welbehae” (Matt. 11:26; Ef. 1:9), ens. God voer Sy ewige raad uit deur Sy wil wat in alles werk (Openb. 4:11). Sy Raadsplan bevat wel baie dinge, maar is wesenlik één geheel.

Dit mag ook nie van God los gedink word as iets abstraks nie, maar dit is en bly ten nouste met Sy Persoon verbonde, sodat ons ook kan sê: die besluit van God is die besluitende God. Daarom verwerp ons wat genoem word die deïsme, of die gedagte dat “die natuur” deur bloot natuurlike oorsake tot stand sou gekom het en deur blinde natuurwette beheers sou word. Ook verwerp ons die panteïsme, of die gedagte dat die “natuur” self eintlik God is [51] wat tot ontplooiing of tot selfbewussyn sou kom. Die natuur self is 'n produk van die beplanning deur 'n ewige, persoonlike Wese, naamlik God. Dis uitdrukking van Sy wil en welbehae.

2. **God se besluit is onvoorwaardelik:** God het Sy besluite van ewigheid af geneem en was daarin van niemand en niks afhanklik nie, behalwe van Homself. Wat Hy besluit het, is goed en volmaak, omdat Hy self goed en volmaak is. Hy is dus ook aan niemand buite Homself verantwoording skuldig vir Sy doen en late nie (Rom. 9:18-23). Hy is absoluut vry en selfbepaald in al Sy weë en werke. Hy het nie onder een of ander dwang besluit soos Hy besluit het nie. Hy was op geen manier verplig om die skepping in die lewe te roep nie. Dat sommige mense tot geloof kom en ander nie, is nie omdat hulle beter as ander is nie, maar alleen omdat dit God behaag het om hulle dit uit genade te skenk (Ef. 2:4-10). God doen wat Hom behaag. Maar Sy wil is heilig en goed. Hy is alleen aan Homself gebonde, maar dit beteken nie wispelturigheid nie, maar wel dat Hy aan Homself getrou bly en daarom altyd doen wat goed en reg is.

3. **God se Raad is ewig:** “Kyk, die vorige dinge het gekom, en nuwe dinge verkondig Ek; voordat hulle uitspruit, laat Ek julle dit hoor” (Jes. 42:9). Ook lees ons in Hand. 15:18 dat aan God al Sy werke van ewigheid af bekend is. In Ef. 1:4 sê Paulus dat God ons in Christus uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld. En in 2 Tim. 1:9 lees ons dat God ons geroep het volgens Sy eie voorneme en genade wat ons geskenk is in Jesus Christus van ewigheid af.

In God se Raad lê dus alles vas wat tot op die jongste dag en tot in ewigheid sal gebeur, en dit lê daarin vas van ewigheid af. Hier begin ons te duisel by so 'n

ontsagwekkende gedagte. Die wetenskap praat van miljoene jare asof dit 'n ontsettende lang tyd sou wees, maar by God is dit as 't ware maar 'n oogknip. Sy Raad is nie iets uit die gryse verlede, soos die papirusdokumente wat uit die koningsgraftes in Egipte gehaal word nie. Sy Raad is ewig, sonder toekoms of verlede, altyd nou en hier, in alles wat Hy doen. Dit is gevolglik vir ons nietige menslike verstand onbegryplik en wonderbaar (Jes. 28:29; 9:5; Jer. 32:19); maar dis tog heerlik om te weet dat ons nie onder 'n blinde noodlot of grillige toeval staan nie, maar onder die ewige Raad van 'n liefdevolle God en Vader.

4. **God se Raad is alomvattend:** Daar bestaan en gebeur niks buite die wil van God nie. Selfs die kwaad is in God se Raad opgeneem, maar nie so asof dit eintlik iets goeds en noodsaakliks is wat God *moes* gebruik om Sy doel te bereik nie. Sonde bly altyd sonde en verwerplik in God se oë; tog het dit God behaag [52] om dit toe te laat, juis om Homself te verheerlik in die redding van sondaars en die regverdige straf oor die goddelose. In Spr. 16:4 lees ons dat God alles gemaak het vir Sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil. Uit Hand. 4:27, 28 is dit duidelik dat selfs Herodes en Pilatus 'n rol moes speel “om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind”, wat hulle egter nie hulle skuld ontneem nie (vgl. ook Ps. 139:4; Gen. 45:8). God het alles in ons lewe bepaal vir elke dag (Ps. 139:16; 31:16; Job 14:5). Maar dit beteken nie dat ons soos die Mohammedane fataliste is nie. Nee, in al God se werke kom Sy ondeurgrondelike *wysheid* uit. “Die Here het deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel” (Spr. 3:19). Daar sit wysheid, redelikheid, verstand in al God se werke (Ps. 104:24; Hand. 17:26). Daarom is daar 'n heerlike en volkome *eenheid* in al wat God doen. Dis nie 'n aantal los brokstukke nie, nie 'n wirwar van gebeurtenisse nie, maar 'n volmaakte patroon wat God uitwerk in die geskiedenis en waaraan ons as redelike wesens persoonlik-doelbewus deelneem in.verantwoordelikheid.

5. **God se Raad is onveranderlik:** Die Here sê in Jes. 46:10: “My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen.” En in Ps. 33:10, 11 lees ons dat die Here die raad en gedagtes van die nasies verydel en vernietig, maar dat God se raad bestaan vir ewig en die gedagtes van Sy hart van geslag tot geslag (vgl. ook Spr. 19:21; 21:1). Omdat God *weet* wat Hy wil en Sy planne nooit verander nie, kan Hy presies sê wat in die toekoms sal gebeur (vgl. Jes. 42:9), en daarteenoor staan die menslike onkunde (Jes. 41:22, 23). In Heb. 6:17 lees ons dat God die “onveranderlikheid van sy raad” nog verder gewaarborg het met 'n eed aan Abraham.

God hoef nooit Sy planne te verander nie, want Hy het die mag om alles deur te voer. Ook misgis Hy Hom nooit, sodat Hy later tot die ontdekking kom dat daar 'n beter plan is as wat Sy eerste was nie. Ook is Hy nie soos ons mense wat somaar 'n gril kry en van plan verander nie. Op Hom kan ons *altyd* reken. God se besluite is altyd kragdadig en kan deur niks gestuit word nie (Jes. 14:26, 27). Sy besluite staan nie net op papier, soos by ons so dikwels die geval is nie. Nee, wat Hy besluit het, dit *doen* Hy ook. God dreig wel met die dood, en Hy *bedoel* wat Hy sê, maar tog wil Hy langs die weg van berou en bekering Sy kinders tot die lewe lei.

6. **God se Raad omsluit ook die mensheid:** God regeer en heers oor alles, insluitende die mense en ook die engele (Hand. 4:27, 28; 1 Tim. 5:21). Selfs voor die grondlegging van die wêreld is Christus vooruit geken (1 Pet. 1:20), en Hy is deur God “bestemd” [53] vir 'n val en opstanding van baie in Israel (Luk. 2:34). Christus *moes* volgens God se Raad aan die kruishout sterwe, maar dit neem nie die skuld van Judas Iskariot weg nie (Luk. 22:22). Hy het na die verderf gegaan, “sodat die Skrif vervul sou word” (Joh.

17:12). Dit wil nie sê dat hy teen sy sin en wil die Here Jesus verraai het nie, maar dat sowel sy gemene daad van ontrou as die regverdige vergelding wat hy ontvang het, ook in God se Raad opgeneem was. God is soewerein en nie van Sy skepsele afhanklik nie. As dit nie so was nie, dan sou Hy nie *God* wees nie. Dat Hy *God* is, beteken dat Hy alleen regeer en dat daar nie 'n tweede is wat saam met Hom moet besluit nie. Engele en mense het wel 'n wil en is verantwoordelik vir hul dade, maar hulle bly van God afhanklik.

7. **Ons redding is vasgelê in God se ewige Raad:** Die Skrif is vol daarvan dat ons die saligheid ontvang nie omdat ons so goed is of beter as ander nie, maar alleen omdat God ons in Christus liefgehad het met 'n onbegryplike en ewige liefde. Daarom is die gelowiges Sy kinders, Sy bemindes, Sy uitverkorenes (vgl. Jes. 41:9; Deut. 10:15; Matt. 22:14; Rom. 11:5, 6 en veral Ef. 1:4). Dat 'n deel van die mensheid hulle in die sonde bly verhard tot hulle verderf, is helaas ook 'n droewige feit. Waarom God hulle toelaat om op die bose weg te volhard, is 'n raaisel wat ons nie kan deurgrond nie. Dis die keersy van Sy genade. Tog het God geen behae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe, en God laat ook die genade in Jesus Christus aan alle mense verkondig (2 Pet. 3:9). Tog word almal nie gered nie. En *dat* ons gered word, het ons van begin tot end enkel en alleen aan Gods verkiesende genade in Christus te danke (vgl. Ef. 2:1-10; Rom. 6 en 9). Ons hele heil is in God se hande (Rom. 8:30). God het ons uitverkies nieteenstaande ons innerlike verdorwenheid (1 Kor. 1:27, 28; Ef. 1:1-12). Daarom het Hy ons name as met die bloed van Christus geskrywe in die boek van die lewe (Luk. 10:20; Fil. 4:3; Openb. 3:5; 13:8; 22:19, ens.). Die uitverkiesingsgedagte gee heilsekerheid en onwankelbare geloofsvertroue aan Gods kind, omdat hy weet dat sy redding nie in sy eie swakke hande is nie, maar in God se sterk hande, in Jesus Christus.

8. **Die menslike verantwoordelikheid en God se ewige Raad:** Dat ons gered word deur God se verkiesende genade, beteken nie dat ons nie moet *stry* om in te gaan in die hemelryk nie. Ons het nie met God se verborge raad te doen nie, maar met Sy geopenbaarde wil, en die twee kan nie met mekaar stry nie. Paulus sê aan die tronkbewaarder van Filippi: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word!" (Hand. 16:31). Christus sê: "Wie in My glo, [54] sal lewe, al het hy ook gesterwe" (Joh. 11:25). Hy het gekom om sondaars te red en nie dié wat in eie oë regverdig is nie. Op die beloftes van God kan ons vertrou. Ons moet ons dus nie kwel of ons uitverkore is nie, maar ons moet Jesus Christus aanneem deur die geloof. God se belofte van heil is ja en amen in Christus. God sal niemand verstoot wat in sak en as, in berou en droefheid na Hom toe kom nie. God is liefde, en groter liefde het niemand as dat iemand sy lewe vir sy vriende gee nie (Joh. 15:13). God het u uitverkies in Christus voordat u Hom verkies het.

## Les 13: SKEPPING VAN DIE WÊRELD

1. **Gods Woord leer ons dat die wêreld geskape is:** "Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie" (Heb. 11:3). In die begin het God hemel en aarde geskep (Gen. 1:1). Dit beteken dat die skepping nie van ewigheid af daar was nie, maar deur God in aansyn geroep is op 'n definitiewe tydstip. Hoe dit gebeur het, lees ons in Gen. 1. Daar word vir ons die ontstaan of geboorte van die wêreld geskets in letterlik historiese sin, dus nie in beeldspraak of sinnebeeldig, soos sommige meen nie. Wel gee die Bybel die skeppingsverhaal in die gewone, alledaagse verteltrant, soos ons mense die dinge sien, en nie in streng wetenskaplike vorm nie. Die Skrif is nie 'n wetenskaplike handboek nie.

Nogtans neem dit nie weg dat die dinge waar en suiwer meegedeel word soos dit gebeur het nie.

2. **Die skepping van hemel en aarde:** In die eerste twee verse van Genesis word beskryf dat God die *heelal* in aansyn geroep het. Ons kan dus sê dat die wêreld uit *niks* geskape is, mits ons verstaan dat dit deur *Gods wil* tot stand gekom het. Dis deur Gods Woord geskep (Ps. 33:9; Spr. 8:22-31). En uit Joh. 1:1-3 kan ons sien dat die Woord (Logos) die Seun van God en dus God self is. Ook het die Heilige Gees meegewerk, soos blyk uit Gen. 1:2.

Die woord "skep" word in die Bybel net in verband met God gebruik, en daar is nooit 'n vierde naamval by nie, asof God met een of ander voorwerp of bestaande materie sou gehandel het nie. Hy roep die dinge wat nie bestaan nie, asof hulle bestaan (Rom. 4:17b). Die dinge het dus nie uit Gods wese voortgevloei of geëmaneer nie, asof God en die wêreld ten slotte identies sou wees nie. Gen. 1 sny elke gedagte van panteïsme (wêreldvergoding) af. [55] Voor die "sesdaagse" skepping het God dus die heelal in aansyn geroep, wat toe daarna georden is tot die wêreld soos ons dit ken. Hemel en aarde hoort dus bymekaar en is op mekaar aangelê (Ef. 1:10; Kol. 1:16; Jes. 66:1 en 2). Gees en stof is nie vyandige elemente nie. Ons mag die natuur nie *verafgood* nie, maar ook nie die stoflike *verag* nie.

Hoe die hemel in die begin was, weet ons nie. Die aarde was woes en leeg. Dit was 'n vloeibare massa (2 Pet. 3:5). Dis iets anders as die sogenoemde "chaos" wat ons in die heidense mitologie vind. Dit was nog nie georden en bewoonbaar nie. Tog was dit goed en geskik vir wat God daarmee wou doen (Spr. 16:4). Hy wou Homself verheerlik deur Sy skepping, en daarvoor was die grondslag gelê toe hemel en aarde geskape was.

3. **In die begin:** Ons weet nie wanneer "die begin" was nie. Die wetenskap beweer vandag dat die aarde baie oud is. Daaroor kan ons nie oordeel nie. Daar mag 'n lang periode verloop het tussen die skepping van die hemel en aarde en die "sesdaagse" skepping daarna. Met die skepping het ook die tyd ontstaan. Tevore was daar geen *tyd* nie, net die ewigheid. Daarom kan ons ook nie vra waarom God juis op daardie tyd geskep het en nie eerder nie. Daar was geen "eerder" nie. God het geskep "toe dit Hom behaag het", soos die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 12, dit uitdruk. God het ook die tyd geskep.

Die wêreld het 'n *begin* gehad en kan dus nie uit homself verklaar word nie. Hier is ons absoluut afhanklik van God wat alleen daar was "in die begin".

4. **Skepping van die engele:** Die heelal sluit ook die hemel in, dit wil sê die plek van heerlikheid waar God Sy troon gestel het. En hierdie plek is nie leeg nie maar bevolk met engele, wat ontelbare leërskares uitmaak. 'n Engel is nie soos die mens beelddraer van God nie, maar het tog trekke daarvan. Hy is 'n persoonlikheid en het ook verstand (Matt. 25:36) en wil (Jud.: 6). Hulle verbly hulle ook (Luk. 15:10) en het ook begeertes (1 Pet. 1:12), aanbid Christus (Heb. 1:6), praat (Luk. 1:13). Hulle is bodes of diensknegte van God, soos winde en bliksemstrale (Ps. 104:4) of soos waens waarop Hy ry (Ps. 68:18). Hulle beskerm die gelowiges (Ps. 91:11, 12). Hulle waak oor Gods heiligheid (Gen. 3:24; Eks. 25:17 e.v.). Hulle het 'n engeletaal (1 Kor. 13:1). Die goeie engele word vir ons voorgehou as 'n voorbeeld om God se wil so te doen soos hulle doen in die hemel (vgl. die Onse Vader). Hulle is bemiddelaars tussen God en Sy knegte, soos byvoorbeeld toe hulle die Wet uit Gods hand aan Moses gegee het (Hand. 7:53; Gal. 3:19). Die sonde het, helaas, sy oorsprong onder hulle gevind toe een van hulle, naamlik Satan, in opstand [56] gekom en

baie met hom in die verderf meegevoer het (Jud.: 6). Tog is die hemel nog vol van hierdie gedienstige geeste. Die Bybel praat van gerubs, serafs, magte, trone, owerhede. Hulle is dus ook *in* rangorde ingedeel.

5. **Die "dae" van Genesis 1:** Die vraag is of die "dae" van Gen. 1 gewone dae van 24 uur was of wat? Daaroor word verskillend geoordeel. Ons moet onthou dat ons hier te doen het met werkdae van God of skeppingsdae. Hulle kon korter of langer as *ons* dae gewees het. Die aarde is eers op die vierde dag in verband gestel met die sonnestelsel, en die eerste drie dae was dus in elk geval nie aan die son verbind nie. Die skeppingsdae was dus geen gewone menslike dae (dae van 24 uur) nie, dog Goddelike skeppingsdae. Die Bybel wil nie aan ons sê hoe *lank* God aan elke ding geskep het nie, maar *dat* Hy die dinge in 'n bepaalde volgorde op sekere tye gemaak het. By God is duisend jaar soos een dag en andersom (2 Pet. 3:8).

**6. "Volgens hulle soorte":** *Hierdie uitdrukking kom tien maal voor in Gen.* 1. Dit wys ons dat alles nie maar deur natuurlike seleksie en meganiese prosesse ontwikkel het uit 'n oerkiem of so iets nie. Nee, God het die *soorte* geskep, en hulle is eenvoudig nie tot mekaar herleibaar nie. (N.B.: Ons gebruik die term "soorte" hier nie in tegnies-wetenskaplike sin nie.) Die wetenskap erken dan ook vandag dat die organiese (lewe) nie uit die anorganiese (stof) te verklaar is nie. En net so is die menslike geestesvermoë (sy denke en wil) nie te verklaar uit die dierlike bewussyn nie. Daar is 'n onoorbrugbare kloof tussen dié dinge. Adam kon onder die diere eenvoudig geen hulp vind wat by hom pas nie (Gen. 2:20), en God moes spesiaal vir hom 'n vrou maak wat, net soos hy, 'n beelddraer van God was.

7. **Skeppingsordening:** God se werk in die sesdaagse skepping vertoon 'n duidelike plan of skema. Alles word doelmatig ingerig. Eers kom die lig, waarsonder niks kan lewe nie. Dan word die atmosfeer geskep. Daarna verskyn die droë land met plantegroei. Daarop volg die bepaling van die aarde in verhouding tot die sterrewêreld, as ligdraers. Daarna kom die dierelewe (visse, waterreptiele, ens.), wat die water bewoon, en die voëls, wat die lug deurklief. Uiteindelik volg die landdiere en ten slotte die mens as kroon en sluitstuk van die skepping. Tog het die hoëre nie vanself uit die laere ontstaan nie, maar is hulle telkens *geskep,* dit wil sê deur Gods magwoord te voorskyn geroep as iets nuuts, as 'n wonderwerk. En wat die mens betref, dié is heeltemal nuut gevorm uit die stof, en God het die asem van die lewe in hom geblaas. Van soveel betekenis was Sy skepping dat God in Sy drie-enige Wese eers met Homself daaroor gepraat het (v. 26).

[57]

8. **Die ewolusionisme:** Hierdie leer vloek teen die skeppingsgedagte, en dit maak van die natuur sy eie god wat homself gemaak het. Dit ontken die sondeval en maak Christus en Sy soenlyde oorbodig. Dit ontken die opstandingsgedagte en die wederkoms van Christus om hemel en aarde te oordeel en te verlos. Dit ondermyn die ware godsdiens en lei tot sedelike anargisme. Die mens is dan maar 'n verheerlikte *dier.*

Ons glo egter in God as Skepper en Onderhouer van die wêreld en verwerp die ewolusieleer, wat 'n valse evangelie is. Daar is wel orde, samehang, ontwikkeling in die skepping, maar alles binne die perke wat die alwyse Skepper gestel het, en onder direkte beheer van Hom deur wie alle dinge geskape is (Kol. 1:16) en in wie alle dinge standhou (Kol. 1:17).

## Les 14: DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

**1. Wat is God se voorsienigheid?** Die *woord* voorsienigheid kom nie in die Bybel voor nie, maar die *saak* wel baie duidelik. In Gen. 22:8 sê Abraham wel vir Isak dat God 'n lam sal *voorsien,* maar dit beteken maar net dat God sal sorg dat daar 'n lam is, terwyl die voorsienigheidsgedagte veel verder as dit gaan. In die Heidelbergse Kategismus, vr. 27, word geantwoord dat God se voorsienigheid Sy almagtige en alomteenwoordige krag is, waardeur Hy alle dinge as met Sy hand onderhou en regeer, sodat niks by toeval oor ons kom nie. En art. 13 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat in hierdie wêreld niks sonder Gods beskikking gebeur nie. Dit beteken dus nie net dat God alles "vooruitsien" nie en ook nie net dat God voorsiening (versorging) gemaak het vir alle omstandighede nie, maar dat Hy elke oomblik besig is om alles in Sy sterk hande te dra en te beheers en te lei na die Godbestemde doel. Die bestaan en voortbestaan van die wêreld gaan nie vanself deur eie wetmatigheid nie, maar word elke oomblik deur God aan die gang gehou. Dit doen God deur Sy almagtige en alomteenwoordige krag, Sy voorsienigheid. Daarom is dit verkeerd om van God te praat as die Voorsienigheid. Sy *Voorsienigheid* is nie *Hy self* nie, maar Sy werksame en versorgende *krag,* al kan dit nie van *Sy Persoon* losgemaak word nie.

Nadat God die wêreld klaar geskep het, *dra* Hy dit verder deur Sy voorsienigheid. Hy skep dus nie meer iets nuuts nie, maar hou Sy werk in stand en bring dit tot volle ontplooiing. Dit is wat die Skrif bedoel as hy sê dat God op die sewende dag gerus het, en in daardie sin rus God nog terwyl Hy deur Sy voorsienigheid *werk* (Joh. 5:17). Sy rus beteken dat Hy met welgevalle Sy handewerk [58] aanskou en geniet, omdat alles goed en doelmatig geskape is vir die doel waarvoor God dit bestem het.

2. **Waaroor God se voorsienigheid gaan:** Dit gaan oor die wêreld as geheel. "Die Here het sy troon in die hemel gevestig, en sy koninkryk heers oor alles" (Ps. 103:19). Die hele Ps. 104 beskryf God se voorsienigheid in die skepping. Omdat die skepping ontplooi en daar dus as 't ware nuwe dinge uit die ou dinge te voorskyn kom, word in vers 30 gepraat van *skepping.* Tog is dit nie skepping in eintlike sin nie, want dis nie iets totaal *nuut* nie, maar alleen die rykdom van skatte wat deur Gods voorsienigheid oopgemaak word, skatte wat reeds in die wêreld ingeskape *was.* God heers oor alles, selfs oor sonskyn en reent (Matt. 5:45), voëls en blomme (Matt. 6:26-29), die lotgevalle van nasies (Job 12:23; Hand. 17:26), die mens se lewe (Ps. 139:16), die sterre (Jes. 40:26) en die kleinste dinge (Matt. 10:29, 30). God onderhou Sy kinders (Deut. 8:3, 4) en regeer oor goed en kwaad (Jes. 45:7).

Daar word onderskei tussen God se algemene voorsienigheid oor al Sy skepsele, Sy besondere voorsienigheid oor die mens, Sy beelddraer, en Sy allerbesonderste voorsienigheid oor die gelowige, Sy kind. Maar ons moet onthou dat *alles* vir God belangrik is, ook die klein dingetjies, en dit vorm een groot geheel waaroor God regeer in alles. God regeer ook oor die duiwel en sy trawante (1 Kon. 22:20-22; Job 1:6-12). As Simeï vir Dawid vloek, dan sien Dawid God se hand daarin (2 Sam. 16:10). Die Here verydel die raad van Agitófel aan Absalom, sodat Hy hom kon verderf (2 Sam. 17:14). God het dit so beskik dat Josef na Egipte gestuur moes word, al neem dit nie die sonde van sy broers weg nie (Gen. 45:8). "Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk nie?" (Amos 3:6). God doen nie self die kwaad nie en Hy *haat* dit. Tog gebruik Hy dit vir Sy heilige doel (vgl. Job 34:10).

God onderhou alle dinge: God hou alle dinge in stand. As Hy ook maar vir een enkele oomblik Sy hand sou onttrek, sal alles in die niet verdwyn. Niks bestaan deur homself nie.

Van outonomie (selfregering) kan daar dan ook in die skepping geen sprake wees nie, want God bepaal wat ons is, en ons bly steeds diep afhanklik van Hom. Selfs die krag waarmee ons die sonde doen, kom van God af. Tog het God ons nie die krag gegee vir daardie doel nie. God *dra* die skepping elke oomblik in Sy hande. Daar is nie 'n plek waar Hy dit iewers kan "neersit" nie. Tog het die skepping 'n eie, objektiewe bestaan, al rus dit in God se wil. Daarom praat sommige mense van 'n "voortgesette skepping". Tog is dit verkeerd. God skep nie elke dag 'n nuwe hemel en aarde nie, maar hou die [59] bestaande skepping aan die lewe (Neh. 9:6; Kol. 1:17). Die sogenaamde onveranderlikheid van die natuurwette kom dan ook nie daarvandaan dat die natuur outomaties werk nie, maar daardeur dat God Sy handewerk in stand hou. Ons kan sê God handhaaf Homself in die handhawing van Sy skepping en die wette wat Hy vir die skepping gegee het.

Die *natuur* het geen wette nie. Nee, die wette is *God* se wette en daarom onskendbaar. Die wette is God se diensknegte waarmee Hy Sy wil uitvoer. Die onderhouding van die skepping deur God is nie iets passiefs nie, maar 'n aktiewe en daadkragtige werk van God. Die natuurwette werk nie vanself nie, maar God laat hulle elke oomblik werk; en omdat Hy onveranderlik is, daarom is Sy wette ook onveranderlik. Daarom is wonderwerke vir *God* moontlik, alhoewel nie vir *ons* nie. God kan Sy wette gebruik soos Hy wil of hulle ook ophef as dit Hom behaag en ander wette in die plek daarvan stel.

3. **Die medewerking in die voorsienigheid:** Alhoewel die natuur en sy wette volkome van God afhanklik is, bly dit nogtans iets aparts van God. God *is* nie die natuur nie, maar *dra* dit. Die natuurwette *is* nie dieselfde as God se *wil* nie, maar word deur Sy wil beheers. Met ander woorde, die skepping het 'n objektiewe bestaan in God se voorsienigheid en werk dus mee in die uitvoering van Sy raadsplan, alhoewel dit geen oomblik sonder God kan bestaan en funksioneer nie. Veral die mens (en die engele) is *selfbewuste* medewerkers van God (1 Kor. 3:9). Die mens is daarom verantwoordelik vir sy dade, en tog kan hy hom sonder Gods wil nie roer of beweeg nie. In hierdie verband word dan gepraat van die tweede oorsaak, alhoewel die mens as skepsel nooit 'n absolute oorsaak kan wees in die sin wat God dit is nie. God gee ons die krag waarmee ons werk (Deut. 8:18). Hy gee die vrugbaarheid waarmee die plante groei (Hand. 14:17). Hy laat die sondaar hom in sy eie strikke vasdraai (Eks. 14:17; Jes. 66:4; 2 Thess. 2:11).

God gebruik die natuur en sy wette as 'n instrument om Sy doel te bereik. So gebruik Hy ook die mensekinders (Hand. 9:15; Jes. 10:15). Daarom word selfs 'n heidense vors, Kores, genoem 'n "gesalfde" van die Here (Jes. 45:1).

Die mens dra, as *bewuste* medewerker van God, 'n groter verantwoordelikheid as die ander skepsele. Al dien hy ook God se Raad, word die sondaar tog gestraf vir sy sonde, want *hy* bedoel die kwaad met sy sonde (Spr. 16:9; 2 Kon. 12:15; Hand. 2:3 en veral Jes. 10:7, 12, 13). As gelowiges moet ons egter met God meewerk vir die goeie. Ons mag nie fataliste wees wat Gods water [60] oor Gods akker laat loop nie. Ons moet ook met dankbaarheid gebruik maak van die middele wat God ons ter hand stel.

**4. Die regering van God:** Die voorsienigheid van God sluit ook in dat Hy alles bestier en lei na Sy ewige Godgestelde doel. God is *Koning* van die eeue (1 Tim. 1:17). God handel na *Sy* wil met hemel en aarde (Dan. 4:34, 35; Ps. 22:29; Spr. 16:33). God gebruik die Satan om Dawid op te hits om die volk te tel (1 Kron. 21:1; 2 Sam. 24:1). Die skepping is nie 'n dooie meganisme wat met ysterwette geregeer word nie, maar 'n dinamiese organisme wat God stuur en lei en vorm soos Hy wil. Tog is God nie 'n willekeurige en grillige Tiran wat

enige oomblik Sy wil kan verander nie. Nee, Hy is goed en wys in al Sy werke. God is enkel liefde, en alhoewel ons Sy weë dikwels nie kan deurgrond nie, sit agter al Sy handelinge ewige, onpeilbare liefde (1 Joh. 4:7-12). Daarom mag ons ook met vrymoedigheid tot God bid. Hy is die verhoorder van die gebede, en ook ons gebede het 'n bepaalde en betekenisvolle plek in Sy ewige raad. Volgens Openb. 8 is die ontsettende oordele van God, wat Hy stuur tot verlossing van Sy volk op aarde, direk verbonde aan die gebede van die heiliges, wat deur Christus voor die genadetroon gedra word (vgl. veral v. 4, 5). Juis omdat God regeer, kan en wil Hy ons gebede verhoor en hulle ook diensbaar maak aan Sy ewige Raad. *Ons* kan hier op aarde Gods weë nooit deurgrond nie. Ons sien alles deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag sal ons sien van aangesig tot aangesig (1 Kor. 13:12). Sy oordele is ondeurgrondelik en Sy weë onnaspeurlik (Rom. 11:33), maar in alles word God verheerlik; "want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in alle ewigheid" (Rom. 11:36).

5. **Ons verhouding tot God:** Teenoor Mohammedane en ander wat God beskou as 'n koue, afgetrokke, veraf Wese, wat Hom nie met ons en ons sake inmeng nie (die sg. deïste), handhaaf ons die beskouing dat God naby ons is (Hand. 17:28). Hy is Immanuel, God met ons (Jes. 7:14). Die wêreld is nie soos 'n horlosie wat opgewen is en nou vanself loop nie. Nee, God *laat* hom loop en bestier hom op al sy gange. Daarom leef ons elke oomblik as voor die aangesig van die Here (1 Kon. 18:15). Ons kan nie maar los lewe nie, maar moet elke oomblik met God rekening hou. Ons mag nie ons wil probeer verselfstandig nie, maar moet buig onder Gods wil.

Aan die ander kant moet ons God nie weer gaan vereenselwig met die wêreld soos die sogenaamde panteïsme (d.w.s. *alles* is God) doen nie. God is Skepper en ons skepsele. Ons mag Hom nie op 'n gelyke voet met Sy skepsele stel nie (Job 36:22-26). Die panteïsme het geen plek vir 'n persoonlike verhouding tussen God [61] en mens nie, omdat die twee in hulle diepste wese één sou wees. Dis alleen wanneer ons God God laat bly dat die lieflike en tere Vader-kind-verhouding kan ontstaan, wat vir ons so dierbaar is. 6. Die troos van die voorsienigheidsleer: Lees hieroor vr. 28, Heidelbergse Kategismus! So weet ons dan dat God ons *dra* (Ps. 68:20) en *bewaar* (Ps. 91:1) en vir ons *sorg* (1 Pet. 5:7; Ps. 55:23). Geen "noodlot" en geen "toeval" regeer oor ons nie. Ons verafsku die noodlotsgedagte (Eng. "fate"), en net so ken ons geen "fortuin" of "geluk" wat 'n rol in ons lewe sou speel nie. As iets goeds oor my kom, dan is dit nie die "geluk" wat my getref het nie, maar dank ons dit aan Gods *seën.* Ons het nie "geluks-godjies" of sg. maskotte nodig nie. Ons hoef nie ons "geluk" te laat voorspel nie, en met die "sterre" het ons niks te doen nie. God regeer, en dis vir ons genoeg. Ons het 'n Bybel waaruit ons alles te wete kom wat vir ons saligheid nodig is. Ons hoef nie deur middel van allerlei kunsies te verneem wat die toekoms vir ons inhou nie. In voorspoed dank ons God in woord en daad (Rom. 12:12). Ons dank Hom ook vir beproewinge (Rom. 5:3-5; 1 Thess. 5:18). Ons gee nooit moed op nie (2 Kor. 4:16-18). Ons weet dat ons in Christus "meer as oorwinnaars" is en dat *niks,* selfs nie die dood nie, ons ooit van Sy liefde kan skei nie (Rom. 8:37-39). Die voorsienigheidsgeloof maak ons sterk en daadkragtig en besiel ons met moed en oorwinnaarsvreugde.

## DIE MENS

## Les 15: GESKAPE NA GODS BEELD

### 1. Die skepping van die mens:

(a) *Hoe die mens gemaak is.* Die wetenskap erken vandag dat die mensheid op aarde 'n

eenheid vorm en oorspronklik uit dieselfde stamouers afkomstig moet gewees het. Ook wys alle gegewens daarheen dat die mensheid sy oorsprong iewers uit Sentraal-Asië het, dieselfde rigting dus waarin die Bybelse gegewens wys, byvoorbeeld in die name Kus, Assur, Frat (Eufraat) wat ons in Gen. 2 vind. By feitlik alle volke is daar 'n tradisie van 'n "goue eeu" wat ver in die verlede gelê het, 'n herinnering aan die paradysgeskiedenis. Dit blyk dan ook dat baie volkere 'n hoë kultuur gehad het en dat hulle in die geskiedenis eerder gedegenereer as ontwikkel het, volgens die ewolusieleer. Die antropologie bevestig die Skrifgegewens.

Volgens Gen. 1 is die mens deur God uit die stof van die aarde [62] geformeer. Dit beteken nie dat God sy liggaam soos 'n kleipop gemaak het nie, maar dat hy, wat sy liggaam betref, deur God uit die bestaande materiële wêreld geskep is. Hy is fisiek aan die natuur verwant. Op dieselfde oomblik dat hy fisiek in aansyn geroep is, het God egter 'n ander, hoëre, geestelike beginsel en krag in hom gelê, naamlik sy siel of gees. Hierdie element kom direk van God en is dus geestelik van aard en verwant aan die geestelike dinge. Daarom word dit met die wind vergelyk en ook aan die lewe (asemhaling) van die mens verbind. Hy word dus 'n *lewende wese* in 'n ander sin as byvoorbeeld die diere. En so is die mens gevorm tot *persoonlikheid,* 'n twee-eenheid wat deur *één* ek gedra word.

(b) *Adam en Eva was volwasse mense:* Hulle was meteens deur God klaar gevorm en het nie geleidelik *gegroei* tot volwasse menslike wesens nie. Daarom kon hulle direk dink en redeneer en met God in 'n verbondsverhouding tree. Hulle kry opdrag om te vermenigvuldig en het dus reeds voor die sondeval die geslagtelike verhoudinge geken, soos ook verder blyk uit Gen. 2:21-25. Die mens was dus liggaamlik, intellektueel en geestelik deur God volkome toegerus vir sy verantwoordelike taak om koning van die wêreld te wees en dit te onderwerp, dit wil sê: te kultiveer. Hy was nie 'n onnosele kind, 'n sedelik indifferente wese wat nie tussen goed en kwaad kon onderskei nie.

2. **Die beeld van God:** Adam en Eva is albei gemaak na die beeld van God (Gen. 1:26). En hierdie beeld het so na God heengewyse dat dit ook genoem word 'n gelykenis van God. Die Protestante word soms beskuldig dat hulle daarop uit is om die mens as sondaar te wil verneder. Tog is dit nie waar nie. Ons slaan die beeld Gods in die mens so hoog moontlik aan, en daardeur kry die mens 'n betekenis wat hom ver bo die dier verhef. Soos Christus die beeld is van die Vader in Goddelike sin, so is die mens die beeld van God in kreatuurlike sin. Daarom word Adam seun van God genoem (Luk. 3:38). Die beeld van God kom uit in alles wat die mens tot mens maak en hom bokant die diere verhef en dit sowel in sy siel as sy liggaam.

Die mens is in sekere sin 'n mikrokosmos (klein wêreldjie) in homself, 'n samevatting en afronding van die ganse skepping. Omdat hy die kragtigste en glansrykste openbaring van God se heerlikheid in al sy werke is, word hy ook genoem Gods geslag (Hand. 17:28). Die mens het nie net sekere trekke wat op God lyk (gelykenis) nie, maar *is* die lewende beeld van die drie-enige God, waarin God Homself as 't ware afspieël. Hy is 'n weinig minder as 'n Goddelike wese gemaak (Ps. 8:6). Juis daarom is [63] die gevaar so groot dat hy, as skepsel, homself aan God gelyk sal wil maak en soos God wil wees (Gen. 3:5). Want ten slotte is en bly hy *beeld* van God, en *nooit* kan die beeld die persoon self wees nie. Beeld en gelykenis word dan ook in die Skrif afwisselend gebruik (Gen. 1:26, 27; 5:1, 3; Jak. 3:9, ens.). Dit wys dat die mens die beeld van God is in dié sin dat hy *lyk* op God, sonder om God te *wees.* Daarby moet ons beklemtoon dat hy nie soos Christus 'n Goddelike weerspieëling van God is nie, maar 'n *skepsel* en gevolglik 'n beperkte en relatiewe beelddraer

van God is.

Die beeld van God omvat die hele mens na siel en liggaam. Ook in sy liggaamlike voorkoms en houding, wat aangepas is by sy koninklike gees, kom iets uit van God se heerlikheid. Tog word die beeld van God die meeste geopenbaar in die geestelike bestaan van die mens, in sy denke, sy wil en sy gevoel of, met ander woorde, sy kennis, geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:24; Kol. 3:10). Daardeur onderskei hy hom van en verhef hy hom bokant die diere en die natuur. Daardeur kan hy die wêreld onderwerp en as koning onder God daaroor heers. In hierdie koninklike heerskappy oor alles kom dus veral ook die beeld van God tot uitdrukking. As profeet, priester en koning verteenwoordig die mens as 't ware God in Sy skepping en neem hy waar as goewerneur-generaal. Hierdie posisie het hy egter deur die sonde verloor, en nou het Christus, die eintlike en oorspronklike Beelddraer van God (Kol. 1:15; Heb. 1:3), as tweede Adam ingetree. Daartoe moes Hy, alhoewel self sonder sonde, in die gelykheid van ons sondige natuur afdaal en ons vlees aanneem (Fil. 2:7; Rom. 8:3; Heb. 4:15).

3. **Beeld van God in ruimere en engere sin.** Die sonde het die beeld van God in die mens radikaal aangetas, geskend en in sekere sin verwoes. Tog behou ook die sondaar nog altyd iets van die beeld van God, dit wil sê van sy oorspronklike menslikheid. Hy het nie 'n dier of duiwel geword nie en *kan* dit ook nooit word nie, alhoewel hy in menige opsig dierlike en duiwelse trekke vertoon. Dit wil sê hy het die beeld van God in engere sin, naamlik in die Godgerigtheid van sy bestaan, verloor, maar in ruimer sin tog nog trekke van die beeld oorgehou, naamlik in sy aanleg en gawes as mens, alhoewel hy dit verkeerd gebruik en daardeur sy eie menslikheid aanrand en die heerlike gawes in hom ontluister. So is hy besig om die beeld van God meer en meer te verloor en so as mens Gods die dood te sterwe. Dit was naamlik ook deel van die beeld van God by Adam dat hy in vrye wilsbeslissing homself van die beeld kon ontroof, alhoewel dit nie buite Gods Raad geskied het nie. Dit het dan ook helaas gebeur. Tog is dit duidelik uit tekste soos Gen. 9:16 en Jak. 3:9 dat die sondaar nog die beeld van God besit, al is dit ook geskonde [64] Daar is allerlei rigtinge wat meen dat die beeld van God by Adam maar net beteken sy sedelike aanleg of persoonlikheid, dat die sonde nie 'n *skending* van die menslike natuur is nie, maar alleen 'n tekort of gebrek. Hulle meen dat die mens eintlik aangelê is om vergoddelik te word en dat dit die betekenis van Christus is dat Hy die God-mens is, waardeur die mens tot sy bestemde doel kom. Hulle onderskei nie tussen *sonde* en genade nie, maar tussen *natuur* en genade. Die genade is dan eintlik 'n ekstra toegif *(donum superadditum)* waardeur die mens in staat gestel word om die Goddelike te bereik. Hulle stel dan ook soms 'n tweërlei moraal voor, naamlik een vir die natuurlike mens, wat op 'n laer trap staan, en een vir die geestelike mens, wat op 'n hoër trap staan. Die hoogste trap sou dan wees die "sien" van God of versmelting met God. Die verlossingswerk van Christus sou dan nie bestaan in die *herstel* van die beeld van God in die mens nie, sy dit dan ook in glorieryke vorm, soos ons glo, maar in die opheffing van die menslike natuur tot die natuur van God. Allerlei gesindtes maak ook hierdie gevaarlike en goddelose teëstelling tussen natuur en genade. Ons kan daar glad nie mee saamstem nie. Vir ons beteken die kindskap van God nie vergoddeliking nie, maar die liefderyke en verheerlikende *ken* van God in die aangesig van Christus (Rom. 8:14 e.v.; Gal. 4:6; 1 Joh. 3:1, 2; Joh. 3:16). Die Goddelike natuur, waarvan 2 Pet. 1:4 praat, sien nie op God se *wese* nie en word geestelik verwesenlik in heiligmaking (Heb. 12:10).

4. **Die mens nie in die beeld van God geskape nie maar na die beeld:** As ons in Gen. 1:26 lees dat die mens *na* Gods beeld geskape moes word, dan beteken dit soveel as

"volgens" of "ooreenkomstig", dus "in betrekking tot" dit wat Gods beeld uitmaak. Gen. 5:1, 3 wys duidelik dat alleen dit die bedoeling kan wees. Ons sou ook kon vertaal: Laat ons mense maak *as* ons beeld, *na* ons gelykenis. Die mens *dra* nie net die beeld van God nie, maar *is* die kreatuurlike beeld van God, soos ons duidelik gesê word in 1 Kor. 11:7. Dit is dus meer as net die persoonlike Ek-jy-verhouding tussen God en mens. Die engele het ook 'n persoonlike verhouding tot God, tog is hulle nie die beeld van God nie. Die mens beeld op kreatuurlike wyse *al* God se deugde af. God is Gees — die mens het ook 'n geestelike sy. God is ewig; die mens is tydgebonde. God is alomteenwoordig; die mens is aan ruimte gebonde. God se kennis, liefde, heiligheid, trou is almal dinge wat ons op kreatuurlike wyse besit. God is almagtig en alwys en skep die wêreld. Die mens is as koning op die aarde geplaas om geregtigheid te beoefen met verstand en hy het 'n taak om te volbring in afhanklikheid van God. Selfs die heidene doen nog van nature [65] die dinge wat van die wet is (Rom. 2:15). Jammer dat die menslike natuur dodelik bedorwe geraak het: God het hom 'n heerlike wese gemaak.

5. **Siel en liggaam:** Die Westerse teologie maak meesal nie 'n essensiële verskil tussen siel en gees nie, asof die mens uit *drie* komponente saamgestel sou wees. Ons glo aan die digotomie of tweeledigheid van die mens, naamlik sy siel en sy liggaam. As die skrywer in Heb. 4:12 praat van siel en gees, wil hy die *volheid* van die geestelike lewe aandui, en ook in 1 Thess. 5:23 word aangetoon dat ons *hele* wese, hetsy die meer geestelike kant (gees) of die meer psigiese funksies (siel), alles geheilig moet word. Die woord "gees" dui meer die hoëre geestelike, of Godgerigte, sy van ons lewe aan. Die woord "siel" wys meer die verband met die liggaam en die aardse lewe aan. Volgens Gen. 35:18 en Matt. 20:28 skei die *siel* uit die liggaam by die dood. Volgens Ps. 31:6 en Matt. 27:50 is dit egter die *gees* wat wys dat siel en gees *dieselfde* is, van twee kante gesien (vgl. Ps. 146:4; Pred. 12:7; Gen. 35:18; Hand. 7:59). Siel en gees word dikwels om die ewe gebruik in die Skrif (Ps. 139:14; Spr. 17:27; 1 Kor. 2:11; Luk. 1:46). Die mens bestaan uit liggaam en gees (of siel) (Rom. 8:10; Openb. 20:4; 6:9; 1 Pet. 3:19, ens.). In Matt. 22:37 wil Jesus nie vir ons sê uit hoeveel dele 'n mens bestaan nie, maar alleen dat uit die hart die uitgange van die lewe is (Spr. 4:23).

6. **God se beeld in die wêreld:** Die ganse skepping toon ook iets van God se beeld, in die sin dat die ewige Logos of Woord van God (Christus) daarin gereflekteer word (Joh. 1:1). Tog kom die beeld van God in heeltemal enige sin in die *mens* uit en dan nog weer meer in sy siel as in sy liggaam. In die mens word die hele skepping saamgevat, en alles wat in die wêreld te vinde is, is in die mens ook te vinde. Daarom is die redding van die mens ook die redding van die wêreld. God laat die wêreld nooit los nie, en die stof of liggaamlike is nie veragtelik nie. As daar nie sonde gekom het nie, sou die mens ook liggaamlik onsterflik gewees het. Ook die onsterflikheid is 'n trek van die beeld van God. Die dood is nie iets natuur-noodwendigs nie, maar die gevolg van die sonde (Gen. 2:7, 3:19; Rom. 5:12, 6:23; 1 Kor. 15:21, 56). Deur sy liggaam is die mens aan die stoflike wêreld verbonde en oefen hy heerskappy uit op die wêreld. Die menslike liggaam is nie 'n *kerker* waaruit die mens deur vergoddeliking of vergeesteliking verlos moet word nie (vgl. Ps. 8; 139:13-17; Pred. 12:2-7; 2 Kor. 5:1; 1 Kor. 12:18-26; 1 Thess. 4:4). Daarom moet ons die lede van ons liggaam aan God diensbaar stel (Rom. 6:13). Daarom het Christus aan ons in *alles* gelyk geword (uitgenome die sonde) en ons vlees aangeneem (Rom. 8:3; Fil. 2:7, 8), [66] en in Christus kry ons gelykvormigheid aan die gedaante van God (1 Kor. 15:49; Ef. 4:24; Kol. 3:10). Ook in die stoflike word God verheerlik.

## Les 16: DIE VERBONDSGEDAGTE

**1. Die verbond in die algemeen:** Die gedagte kom in die Skrif veelvuldig voor dat God in 'n verbondsverhouding tot Sy volk staan. Die woord *verbond* in die Ou Testament is afgelei van 'n werkwoord wat "sny" beteken, en blykens Gen. 15 en Jer. 34:18 staan dit waarskynlik in verband met die gebruik om 'n dier te slag en middeldeur te sny. Die twee partye wat die verbond sluit, het dan tussen die stukke deur geloop, moontlik om daardeur te kenne te gee dat die een wat die verbond verbreek, ook die dood op sy eie hals haal. In die verbond is dus altyd *twee* partye, in hierdie geval God en die mens. Die verbond bevat altyd 'n bepaalde ooreenkoms, met 'n konkrete inhoud en het in die reël met eedswering gepaard gegaan (Heb. 6:13-17). Die verbond wat met die verbondshoof aangegaan is, het ook die volk of nageslag ingesluit (Gen. 9:9; 17:7). Die algemene strekking van die verbond in die Skrif is dat God onse God sal wees en ons Sy volk.

2. **Wat die verbond inhou.** Dit kom mooi uit in Jer. 31:31-34. Daar spreek God van die *nuwe* verbond wat Hy met Israel sal oprig, waardeur Hy Sy wet op die volk se hart sou skrywe, hulle sondes sou vergewe en vir hulle 'n God sou wees en hulle almal die Here sou *ken,* dit wil sê vrees en dien.

In die Nuwe Testament word 'n woord vir verbond gebruik wat eintlik "testament" beteken (vgl. Heb. 9:15-17), wat in verband staan met die vrymagtige heilsbeskikking van God in Christus en deur die *dood* van Sy Seun vir ons van krag geword het. Ewewel is die nuwe verbond in wese reeds in die ou verbond inbegrepe. Dit is dus wel 'n ryker en voller bedeling as die Ou Testament (Heb. 8:6-13), maar ook onder die Ou Testament is *bloed* gepleng[1], wat heengewys het na die verbondsgehoorsaamheid en -offerande vir Christus aan die kruis (Heb. 9:18-28) en daarvan 'n voorafskaduwing was. Die verbond het in die Ou Testament dus meer 'n uitwendige nasionale (volkse) karakter gedra, maar was in sy wese niks anders as dié van die Nuwe Testament nie. In die Ou sowel as die Nuwe Testament gaan dit om die volk van God en die redding van die wêreld.

3. **Die verbond met Adam:** Ook Adam en Eva het met God in 'n verbond gestaan, al word dit nie in Genesis met soveel woorde meegedeel nie. Wel lees ons van die verbond wat Adam verbreek [67] het (Hos. 6:7). Maar dis duidelik dat Adam die verbondshoof van die mensheid was en dat daarom die sonde van Adam aan alle mense as skuld toegereken word en almal gevolglik moet sterwe (Rom. 5:12-21). Daarteenoor staan Christus as die tweede Adam, die Verbondsmiddelaar wat die mensheid en die wêreld verlos het en tot sy ewige bestemming bring (1 Kor. 15:45-49). Christus het die verbond gehou wat Adam oortree het. Adam sou deur gehoorsaamheid aan God vir hom en sy nageslag die *ewige* lewe verwerf het. Alhoewel die wet in sy hart geskryf was, moes hy deur uitdruklike gehoorsaamheid aan 'n skynbaar willekeurige proefgebod (om naamlik nie te eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie) toon dat hy God liefhet en onvoorwaardelik wil gehoorsaam. Hy kon wel geen *eise* teenoor God stel nie. Ook vir hom was die ewige lewe 'n *genadeloon,* wat God egter vrywillig beloof het as Adam gehoorsaam sou wees. Daar is 'n noue en onverbreekbare verband tussen die wetsvolbrenging en die lewe (Lev. 18:5; Eseg. 20:11; Luk. 10:28; Rom. 7:10, ens.). En Christus het as die tweede Adam die wet volbring in volkome gehoorsaamheid tot die dood toe en so vir ons die lewe verdien.

4. **Verbond en religie:** Ons moet die verbondsbetrekking tussen God en Sy kind nie sien as iets uitwendigs en formeels nie. Dis 'n betrekking waarin God *alles* is vir Sy kind en

[1] Pleng = vergiet, uitstort

die kind *alles* vir Sy Vader. Dit bring tot uitdrukking die algehele eenheid en oorgegewenheid en verbondenheid van God en Sy kind aan mekaar. Die hele menslike samelewing is gefundeer in verbondstrou, selfs by man en vrou, ouer en kind; en die gemeenskap tussen mens en mens is daarom 'n afskaduwing van die religieuse vereniging van die mens en sy God. Die verbond tussen God en mens is dus die grondslag van alle ware religie. Die verbond met Adam het ontstaan deurdat God Homself geopenbaar en met die mens in gemeenskap getree het. God was daartoe geensins *verplig* nie, dit het nie uit sy *natuur* voortgevloei nie, maar was vrye en liefderyke gunsbetoon van God aan Sy skepsel. En Adam moes die verbondsverpligtinge in die *geloof* aanvaar en met *liefde* uitvoer. Dit was dus alles behalwe 'n koue wetstransaksie maar 'n lewende band van liefde en trou wat deur die verbond tussen God en Adam ontstaan het.

5. **God en mens nie op gelyke voet nie:** Ons mag die mens nooit in gelykwaardige sin teenoor of selfs naas God stel nie, asof die twee partye in die verbond op 'n voet van volkome gelykheid van regte en verpligtinge in verhouding tot mekaar sou staan. God is God, en die mens is swakke skepsel, in alles volkome afhanklik van sy Skepper. Die verbond mag dus nie op dieselfde vlak gestel word van 'n gewone dienskontrak tussen werkgewer en [68] werknemer waarby die werknemer sy dienste aanbied teen sekere vergoeding van die kant van die werkgewer nie. God skik en beskik die verbond; Hy *neem* op Hom sekere verpligtinge en *lê* op die mens ander verpligtinge. God *gee* aan die mens wat Hy van hom *eis*. Die verbond wat God met die mens sluit, mag nooit in Remonstrantse gees afhanklik gestel word van sekere *voorwaardes* van ons kant nie, asof die krag en vastheid van die verbond sou afhang van wat *ons* daarmee maak. Wel het ons sekere verpligtinge om na te kom en straf God ons as ons die verbond verbreek, maar God *handhaaf* Sy verbond *desnieteenstaande,* ja, selfs in en deur ons ontrou en swakheid heen.

Dit is presies wat gebeur het toe Adam die verbond oortree het. Toe het God in Christus Sy verbond *gehandhaaf,* soos blyk uit Gen. 3:15, naamlik die oorwinning van die vrouesaad (Christus) oor die slang (Satan). Die verbond is dus altyd gewortel in die bonatuurlike werking van God en nie in enigiets wat ons van nature in staat is om te doen nie. Dit was en bly steeds 'n genade-weldaad van God, selfs vóór die sondeval.

6. **God se verbond met Adam wou hom tot hemelse glorie lei:** As Adam gehoorsaam was en nie van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het nie, sou hy van die boom van die lewe geëet het, wat in die middel van die tuin was (Gen. 2:9), as sakrament van die ewige lewe wat hy in die weg van gehoorsaamheid sou ontvang het. Hy sou, met ander woorde, uiteindelik die *moontlikheid* om te kan sondig en te kan sterwe, verloor het. Hy sou nie meer voedsel vir sy maag nodig gehad het nie (1 Kor. 6:13). En as die mensheid voltallig uitgebrei het, sou daar geen huwelikslewe verder meer gewees het nie (Matt. 22:30). In Christus, die tweede Adam, is die wêreld dus nie bloot herstel en verlos nie, maar ook opgevoer tot sy ewige en glorieryke bestemming, wat dit deur die sondeval nie kon bereik nie. Die eerste mens, Adam, het die stempel van die aardse dinge gedra en van die aardse dinge gelewe, maar die tweede mens, Christus, het die hemelse glorie gedra en het die lewe in Homself besit en was 'n lewendmakende Gees (1 Kor. 15:45-49).

7. **Die verbond met Adam raak die hele mensheid:** As die verbondsidee nie bestaan het nie, sou ons moeilik kon begryp hoe *alle* mense as skuldig beskou kan word vir die sonde wat Adam gedoen het en ook hoe Christus in ons plek die straf op ons skuld kon dra en ons daarvan kan bevry. Tog is dit die leer van die Skrif, soos ons nog later breedvoeriger sal

aantoon. In 1 Kor. 15:21, 22 word die plaasbekledende gedagte kernagtig gestel. In Adam het ons almal gesterwe, omdat hy die verbondshoof was wat vir ons almal gehandel het. En so ook word almal wat in [69] Christus glo, deur Hom salig, omdat Hy in die plek van Adam getree het en die verbondseis van geregtigheid vir ons volbring het. Dieselfde gedagte betoog Paulus ook in Rom. 5:12-21. Die geregtigheid word in Christus vir al Gods kinders *toegereken*. Uit die straf van God oor die sonde van Adam blyk duidelik dat ook sy nageslag en selfs die hele aarde getref word deur die vloek van God (Gen. 3:15-19). Dis juis omdat ons almal *skuld* het aan die sonde van Adam, as verbondshoof, dat die sonde ook as *smet* oor ons kom en ons lewe verwoes. En waar die *skuld* versoen is deur die bloed van Christus, daar word ons ook van die *smet* verlos.

8. **Die verbond is vóór en na die sondeval wesenlik dieselfde:** Daar is wel verskil tussen wat genoem word die werkverbond (Adam) en die genadeverbond (Christus), deurdat Adam in die paradys nog *buite* die sonde gestaan het, terwyl Christus *in* die sondesfeer moes indaal om ons van die mag daarvan te verlos. Maar in wese moes Christus tog volbring wat Adam *nie* gedoen het nie en langs die weg van gehoorsaamheid vir ons die ewige lewe verwerf. Dit is daarom te verstaan dat by Adam die *eis* van die verbond op die voorgrond staan: *doen* dit en jy sal lewe! Die *belofte* skuil eintlik in die dreiging dat hy sou sterwe as hy van die boom van die kennis van goed en kwaad sou eet, waaruit volg dat hy sou *lewe* as hy nie daarvan eet nie. In die genadeverbond word die klem egter op die *belofte* gelê, omdat Christus die *eis* vir ons volbring het en ons dus eintlik net in dankbare aanvaarding van Sy weldade geroep word om vir Hom te lewe.

9. **"In alle verbonde twee dele"** (Doopsformulier): Ons moet in die verbondsleer altyd waak teen twee uiterstes. Dis naamlik moontlik om die aandeel van God in die verbond so eensydig te beklemtoon dat ons in 'n soort fatalisme verval. Al die klem val dan op God se verkiesende genade as oergrond van die verbond, en die menslike bekering word as van bykomstige betekenis gesien. Aan die ander kant is dit moontlik om die menslike aandeel so sterk te beklemtoon dat God se verbond heeltemal afhanklik word van wat *ons* daarmee maak. Dan dreig die gevaar sterk van Remonstrantse verheerliking van die menslike vrye wil.

Ons moet handhaaf dat ons wel 'n verantwoordelike en vrywillige rol speel in die verbond, dat ons met ander woorde nie deur God *gedwing* word om sonde te doen nie, maar dat ons vryheid altyd beperk is en beheers en gedra word deur *God* se absolute vryheid om die verbond op te rig en tot verwesenliking te bring. Ook is ons nie meer vry om uit onsself die goeie te verkies nie, omdat ons in Adam vrywillig daardie vryheid prysgegee het. Ons besit formele vryheid maar nie materiële vryheid nie. [70] Daarom is God bo alle twyfel daarop geregtig om verbondswraak uit te oefen en almal te straf wat Sy verbond verbreek.

Aan die ander kant moet ons stel dat God se verbond nie deur ons ontrou tot niet gemaak kan word nie. God handhaaf Sy verbond deur Christus, in wie dit vas en veilig lê. Hoedat dit dan moontlik is dat 'n groot deel van die wêreld (ongelowige) buite Gods heilswerk gelaat word en hoedat selfs van die saad van die gelowiges vele tog blyk nie "kinders van Abraham" te wees nie, is 'n ondeurgrondelike geheim. God weet wat Hy doen en is aan niemand verantwoording skuldig nie. Maar daardeur kan Sy verbond nie misluk nie en sal nie 'n enkele van Sy uitverkorenes die verbondseën en -weldade ontgaan nie.

## DIE SONDEVAL

### Les 17: OORSPRONG VAN DIE SONDE

**1. Die sonde het sy oorsprong by die engele:** Wanneer ons by die vraag kom hoe dit moontlik was dat die kwaad in God se wêreld kon ingedring het, staan ons by 'n raaisel wat ons verstand nie kan oplos nie. Al wat ons uit die Skrif weet, is dat die sonde sy eerste ontstaan in die hemel gehad het onder die engele, dus vlak by die heilige troon van God. Onder leiding van Satan, wat waarskynlik 'n hoofengel was, het daar onder die engele 'n opstand teen God ontstaan. Die engele wat van God afgeval het, het hulle eie beginsel nie bewaar nie en was nie tevrede met die woning (posisie) wat God aan hulle gegee het nie (Judas: 6). Die sonde was dus in sy wese eintlik selfverheffing, trotsheid, verwaandheid (1 Tim. 3:6). En daarom is die bose engele uit die hemel gewerp (2 Pet. 2:4). Satan is dus die vader van die leuen en 'n mense-moordenaar van die begin af (Joh. 8:44). Hy het hom verbeel dat die skepsel die Skepper van die troon af kan stoot en het op grond van daardie leuen 'n opstand georganiseer wat tot sy eie ondergang gelei het. En hy het 'n magtige aantal engele (hier geteken as sterre) saam met hom na die verderf gesleep (Openb. 12:4). Daarom word hy genoem die owerste van die duiwels, god van hierdie eeu, ens. Hy is satan (teëstander van God) of duiwel (lasteraar) en word ook genoem die verleier (Matt. 4:3) of die draak of slang (Openb. 12:9 ens.).

2. **Die val in die paradys:** Volgens Gen. 3 het die Satan 'n poging aangewend om God se skeppingsplan te verydel deur die mens ook tot 'n val te bring. Wie self in die sonde lewe, wil altyd [71] ander ook daarin meesleep. Satan wou, as hy kon, die hele wêreld saam met hom in die ongeluk dompel. Om sy doel te bereik, maak hy gebruik van die slang om die mens te verlei om te eet van die boom van die kennis van goed en kwaad, wat God uitdruklik verbied het op straf van die dood (Gen. 2:16, 17). Die slang was 'n letterlike slang, soos blyk daaruit dat hy onder die diere gereken word (Gen. 3:1) en dat hy gestraf word deur op sy buik te moet seil en stof te eet (v. 14). Die slang was dus nie die personifikasie van die begeerlikheid of geslagslus of van die rede soos sommige meen nie (vgl. ook 2 Kor. 11:3; Openb. 12:2). Hoe die slang kon praat, is natuurlik 'n wonder, maar dat die duiwel of duiwels in mense en diere kan invaar, is bekend uit die Heilige Skrif — dink maar aan die duiwelbesetenheid.

Die Satan was baie listig om die mens nie direk aan te val nie, maar deur 'n vir hom bekende en aantreklike dier, naamlik die slang. Ook was Satan listig genoeg om eers vir Eva te nader. As vrou was sy meer vatbaar vir die sinlike kant van die lewe en die aantreklikheid van die verbode vrug. God het Sy verbond ook nie met haar direk gesluit nie, maar wel met Adam en alleen deur hom ook met haar. Sy het die verantwoordelikheid dus nie so sterk gevoel nie. En toe sy eers in die sonde verstrik was, was sy net die een om Adam ook tot sonde te verlei.

**3. Die aard van die verleiding:** Die eerste wat die Satan deur die slang aan Eva vra, is of die Here hulle belet het om van al die bome van die tuin te eet (Gen. 3:1). Hy *oordryf* dus die verbod en wek so 'n gevoel van weersin by Eva. Sy kom ook dadelik onder sy invloed en vertel op haar beurt 'n halwe waarheid, as sy sê dat God gesê het dat hulle van daardie een boom se vrugte nie mag eet nie en dit ook nie *aanraak* nie (v. 3). God het dit nie gesê nie. Satan vang Eva nou in die strik van 'n halwe waarheid deur vir haar te sê dat God weet dat as hulle van daardie vrugte eet, hulle soos God sal word deur goed en kwaad te ken (v. 5). Hy wek agterdog by Eva en laat haar voel dat God 'n onnodig sware las op hulle gelê het

en dat God daarmee eintlik 'n bybedoeling gehad het en bang is dat die mens Sy gelyke sal word. So verwar hy haar gedagtes, prikkel haar verbeelding, wek die begeerlikheid by haar op en verlei haar tot die daad van ongehoorsaamheid. So het die sonde ingang in die wêreld verkry. Die mens is getoets t.o.v. sy gehoorsaamheid en het droewig gefaal.

4. **Die twee bome in die paradys:** Terloops wil ons hier net opmerk dat dit wel opmerklik is hoe daar by talle volke oorleweringe bestaan aangaande 'n goue eeu van geluk in die gryse verlede, 'n boom of bome wat blare of vrugte gedra het wat lewe en geluk gegee het, en 'n slang wat die mens se lewensgeluk versteur [72] het. As ons nou vra na die betekenis van die boom van die lewe en die boom van die kennis van goed en kwaad in die paradys, dan moet ons sê dat hierdie twee bome in hulleself gewone bome was, maar dat hulle sakramentele betekenis gehad het om te verderf of te behou. Dis dieselfde gedagte wat ons weer in Openb. 2:7 vind. Die saak is dat as die mens nie van die boom van die kennis van goed en kwaad geëet het nie en dus geloofsgehoorsaamheid betoon het, hy wél van die boom van die lewe sou geëet het en deur Gods verbondstrou die ewige lewe deelagtig geword het.

5. **Wanneer het die val plaasgevind?** Dis moeilik om dit presies te sê. Sommige, soos die Teosowe, byvoorbeeld, meen dat die val van die engele geplaas moet word tussen Gen. 1:1 en 2. Die aarde sou dan eers die woonplek van die engele gewees het en deur die val woes en leeg geword het. Die Bybel sê egter nie dat die aarde woes *geword* het nie, maar dat dit so *was*. Johannes sê (8:44) dat die duiwel 'n mensemoordenaar was "van die begin af". Die indruk wat die Skrif gee, is dat die engele kort vóór of na die skepping van die mens geval het, waarskynlik ná. die skepping van die mens, as ons Gen. 1:31 in aanmerking neem.

6. **Die sondeval wat vir ons in Gen. 3 geteken word, is geskiedenis:** Dis nie, soos soms uitgelê, 'n mite of allegorie of sage nie. Die sondeval het nie, soos party filosowe geleer het, daarin bestaan dat die mens 'n denkende, redelik-sedelike wese geword het nie. Dis duidelik dat Adam en Eva reeds voor die val met verstand begiftig was, soos onder andere blyk uit die naamgewing van die diere. Ook het hulle 'n verantwoordelike taak ontvang om uit te voer, naamlik om die aarde te onderwerp, dit wil sê: te kultiveer, en die paradys te bewaak, dit wil sê: teen die kwaad te waak. Kultuur is op sigself nie sondig nie. Alhoewel die menslike persoonlikheid nou sou ontplooi in die kulturele ontwikkeling, wil dit nie sê dat hy uit 'n dierlike toestand tot mens geword het nie.

Vir die ewolusiemense kan daar dan ook geen *sondeval* wees nie. Sonde is eintlik maar net onvolmaakte ontwikkeling, en die mens klim van krag tot krag van die dierlike na die Goddelike. Vir Christus as Middelaar van versoening is hier dus ook nie plek nie. Nie die kruis nie maar ewolusie bring dan vir ons die saligheid en die vrederyk.

7. **Die sonde setel nie in die vlees as sodanig nie:** Die ou Griekse wysgere het gemeen dat die sonde of kwaad eintlik daarin bestaan dat ons natuurdrifte heers oor die rede of verstand. Maar die Skrif leer ons dat die bose bedenkinge (begeerlikhede) voortkom uit die *hart* (Matt. 15:19). Die grootste sondes soos hoogmoed, haatdraendheid ens. is geestelik en nie liggaamlik van aard nie. "Vlees" kom in die Bybel voor in die sin van *stoflike* [73] (1 Kor. 15:39), *liggaamlik* (Rom. 2:28), die mens as brose, sterflike wese (Gen. 6:3). Maar dit word veral deur Paulus veelvuldig gebruik in die sin van die bedorwe, versondigde vlees en die sondige en van God afvallige lewensrigting (vgl. Rom. 8). As hy daarteenoor die Gees stel, dan bedoel dit die Heilige Gees wat ons lewe vervul en beheers (kyk veral Gal. 5:17). Ons stryd is daarom nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug (Ef. 6:12).

Daarom het Paulus hom ook verset teen die askese as middel om die sonde te oorwin (Kol. 2:16).

Die sonde wortel nie in ons natuurlike, stoflike bestaan as sodanig nie. Daar was ou Griekse filosowe, soos Plato, byvoorbeeld, wat die stof beskou het as ewig, dus feitlik 'n soort Goddelike substansie, maar dan tog so dat die kwaad daarin setel vanweë die beperktheid van die stof. Gevolglik word die menslike liggaam gesien as 'n kerker waaruit die siel verlos moet word en dit veral deur beoefening van deugsaamheid en 'n asketiese lewenswyse. Dieselfde gedagte lê aan die Boeddhisme ten grondslag. Volgens die Boeddhiste moet die groot strewe wees om die wet van karma of vergelding van die sonde deur 'n asketiese lewe te verbreek, sodat ons nie weer in hierdie lewe gereïnkarneer word nie, maar versink in die Nirwana van 'n tydelose bestaan in die ewigheid. Die sonde is hier dus bloot die gevolg van die eindigheid en beperktheid van die kreatuurlike lewe, en verlossing bestaan daarin dat ons van ons kreatuurlike bestaan verlos word om te versink in die Goddelike alwese. Lyde en dood word nie gesien as 'n straf op die sonde, soos die Bybel ons so duidelik leer nie (Rom. 6:23 e.a.). Die mens kan en moet homself red deur 'n vrywillige wilsbesluit. Die menslike wil word parallel gestel met God se wil en dus vergoddelik, soos Pelagius feitlik ook gedoen het. My heil of ondergang lê dan in my eie hande. Ek moet self my verlossing uitwerk.

Dis alles in stryd met die Skrif. Dat die sonde nie in ons liggaam setel nie, blyk onder andere daaruit dat die duiwels nie liggame het nie en tog sondig (Ef. 6:12), ook daaruit dat Christus nie sonde gehad het nie en tog 'n liggaam gehad het (Rom. 9:5; 2 Kor. 5:21). Paulus noem ons liggame tempels van die Heilige Gees (Rom. 6:13; 1 Kor. 6:13-20). In die opstanding na die dood sal ons ook *liggame* hê (1 Kor. 15).

*Die sonde kom nie uit God nie.* Sekere godsdienstige strominge soos die Parsisme en die Manigeïsme het van die idee uitgegaan dat daar twee beginsels of gode is wat van ewigheid af teenoor mekaar staan, naamlik dié van die lig en van die donker. Die Gnostisisme weer het beskou dat die sondige stof van God uit geëmaneer het deur allerlei tussenstadiums. Teosowe soos Schelling [74] en ander het 'n duistere oerwil in God geponeer. Maar die Bybel leer ons dat God goed en heilig is en die sonde haat (Deut. 32:4; Jes. 6:3; 1 Joh. 1:5; Jak. 1:17; Rom. 1:18, ens.). God kan dus nie die outeur van die sonde wees nie. Wel het Hy die moontlikheid daartoe geskep, maar die skepsel en nie die Skepper nie is die bron van die kwaad.

8. **God en die sonde:** Diegene wat die sonde sien as iets wat essensieel tot God se Wese of Sy wil behoort, meen dat sonde eintlik 'n *noodsaaklike* kwaad is en dus wesenlik iets goeds en nuttigs. Hiervolgens dien die sonde 'n goeie doel in God se skepping en moet ons dit eintlik nie as iets vyandigs besien nie, want uit die kwaad word immers die goeie gebore. Sonde is dan maar net 'n laere en mindere graad van ontwikkeling. Dis maar net 'n deurgangstadium, 'n toestand van "nog nie". In en deur die sonde is God eintlik besig om Homself te realiseer en Sy Wese te ontplooi.

Maar die Bybel leer ons dat die sonde onwettigheid (anomie) is. Dis nie aan die inherente goedheid van die sonde te danke dat dit die goeie dien nie, maar alleen aan Gods almag en alwysheid. Die sonde is in stryd met God se wese en Sy wet, en dit werk die dood. God beskik wel ook oor die kwaad (Eks. 7:3; 2 Sam. 16:10; 24:1; Mal. 1:3; Luk. 2:34; Rom. 9:17; 2 Thess. 2:11, ens.). Maar Hy self *doen* nie die kwade en sondige nie. Hy laat toe dat Sy skepsel sondig. En in soverre *wil* Hy die sonde, want dit geskied nie buiten Sy positiewe

wil nie. God is nie 'n bloot lydelike toeskouer nie, maar het die sonde in Sy Raad opgeneem, maar tog altyd so dat nie Hy nie maar die skepsel die sonde doen. God *kon* die sonde belet het as Hy wou. Maar Hy *wou* die sonde ook gebruik om Sy doel te bereik. Die sonde is dus nie 'n selfstandige mag *naas* God nie. Dis op sigself altyd iets negatiefs. Maar God gebruik dit vir 'n positiewe doel. Gods heil skitter soveel heerliker teen die agtergrond van die bose (Spr. 16:4). God gebruik die sonde om Sy kinders te beproef en te louter (Job 1:12; Gen. 45:5) en ook om Sy vyande te straf (Deut. 2:30; Rigt. 9:23, 24; Joh. 12:40; 2 Thess. 2:11, 12).

## Les 18: DIE WESE VAN DIE SONDE

1. **Die aard van die eerste sonde:** Dit skyn of by die engele die eerste opstand teen God in hoogmoed gewortel het. Die sonde van Adam en Eva was 'n komplekse verskynsel en het sulke dinge ingesluit soos ongehoorsaamheid, selfverheffing, twyfel, ongeloof, [75] diefstal (van die verbode vrug), begeerlikheid, ens. Die eet van daardie verbode vrug, wat op sigself so nietig lyk, was in werklikheid 'n growwe misdaad en het in hom die kiem gedra van al die liederlike en vuile sondes wat daaruit gebore is.

Daardie eerste oortreding was des te ernstiger omdat dit teen 'n direkte bevel van God ingegaan het, omdat dit gepleeg is deur 'n skepsel wat na Gods beeld geskape was, omdat dit om so 'n betreklike nietigheid gegaan het soos iets om te eet, terwyl die hele tuin vol heerlike vrugte was, en omdat dit geskied het so kort nadat God dit direk verbied het op straf van die dood.

**2. Wat alles onder sonde ingesluit word:** In die Bybel word die sondebegrip op baie maniere aangedui. So word die sonde byvoorbeeld aangedui as afdwaling, afwyking, verdraaidheid, oortreding van grense, afval, opstand, verbreking van die verbondsverhouding tussen God en mens. Dit word aangedui as skuld, troubreuk, nietigheid, valsheid, dwaasheid, goddeloosheid, kwaad, onreg, vleeslikheid, ens. Dit word beskryf as vyandskap teen God (Rom. 8:7). Dit word voorgestel as jouself te soek (Fil. 2:21; 1 Kor. 10:24). Die sonde word met "die wêreld" in verband gebring vir sover dit onder die mag van die bose lê (Gal. 6:14; 1 Joh. 2:15; 5:19). Die sonde leef in "die oue mens" (Kol. 3:9). Sonde is die verbreking van die liefdesband wat ons aan God en ons naaste verbind (Matt. 22:36-40). In 1 Joh. 3:4 lees ons dat die sonde *die ongeregtigheid* is. Dis miskien die mees fundamentele tekening van die wese van die sonde. Dis *onreg* teenoor God en mens en 'n omkering van alle geregtigheid.

3. **Fundamentele eenheid van alle sonde:** Jakobus sê: "Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword" (Jak. 2:10). Al sou ons die ganse wet onderhou en net in één klein opsig sonde doen, het ons die hele wet verbreek en waardeloos gemaak, soos 'n diamant wat 'n kraak het. Geen jota of tittel van die wet mag verbygaan nie (Matt. 5:17-19). Daarom het Jesus *alle* geregtigheid volbring en geen enkele sonde gehad of gedoen nie. Die wet van God eis ons *hele* mens op, *al* ons kragte na siel en liggaam, ons hele verstand en hart, ons persoon en lewe (Matt. 22:37; Gal. 3:10). Ook wat ons mag beskou as *klein* sondes, is vir God afskuwelik (Matt. 5:22, 28, 37). Dis voor God 'n gruwel om selfs maar 'n klein vloekwoordjie te sê, om selfs maar in wellus met 'n begerige oog na 'n vrou te kyk, om selfs jou gewone jawoord te verbreek, ens. (vgl. ook Matt. 12:36; Ef. 5:4). Daar is *geen* neutrale terrein nie. Wie nie goed doen nie, doen kwaad. Wie *God* nie verheerlik nie, doen die sonde (Matt. 10:32, 33; 12:30). Of dit nou in die kerk is of op 'n politieke vergadering, of ons met ons werk besig is of met [76] sport, of ons in diens is of met vakansie, of ons met godsdiens besig is of met wetenskaplike navorsing, altyd en oral

word ons geroep om Gods wet te vervul, om gehoorsame en toegewyde kinders van God te wees.

4. **Alle sondes is sonde teen God:** Die kwaad wat ons doen, is nie maar net 'n misdaad teenoor die owerheid of 'n onreg teenoor die maatskappy nie, maar is 'n aanranding van God self. Alles wat ons doen, selfs vas en bid, moenie gedoen word om deur die *mense* gesien te word nie, maar met die oog op *God* (Matt. 6:16-18). As ons die goeie najaag, moet dit nie wees omdat ons daardeur die mensheid wil dien en gelukkig maak nie, maar omdat ons God daardeur verheerlik (Matt. 5:48). Die moderne mense praat liewer van die *kwaad* as van *sonde,* omdat hulle nie met God rekening hou nie. Kwaad is dan dit wat in stryd sou wees met die sosiale belange en nie wat in Gods oog verkeerd is nie. Maar alreeds in Gen. 13:13 sien ons dat sonde iets is wat "voor die Here" gepleeg word. Dawid wou Saul nie vermoor nie, omdat Saul "die gesalfde van die Here" was (1 Sam. 24:7; vgl. ook 1 Sam. 7:6; 2 Sam 12:13; Eks. 10:16; Jer. 14:7, 20).

5. **Sonde wortel in die hart:** Die sonde dra nie in die eerste plek 'n vleeslik-sinlike karakter nie, maar kom uit die hart op. Dit was omdat die versinsels wat die mens in sy hart bedink het, altyddeur net sleg was, dat God die ou wêreld deur die sondvloed verdelg het (Gen. 6:5; vgl. Ps. 7:10; 139:13; Spr. 23:26; Eseg. 11:19). Salomo het in afgodery verval omdat "sy hart nie volkome met die Here was soos die hart van sy vader Dawid nie" (1 Kon. 11:4). Dawid bid om 'n rein hart (Ps. 51:12; kyk Luk. 6:45; 12:33-35; 15:17-20). "Uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal." Daarom sê die Skrif: "Bewaar jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe" (Spr. 4:23).

6. **Gods wet die kenbron van die sonde:** Deur die wet is die kennis van die sonde (Rom. 3:20). Daarom kan daar ook geen oortreding wees waar geen wet is nie (Rom. 4:15; vgl. ook Rom. 7:7). Hierby moet ons egter onthou dat Moses soms dinge toegelaat het weens die hardheid van die hart van Israel, wat tog wesenlik nie goed was nie (Matt. 19:8), en ons moet dus nie alles wil navolg wat ons onder die Ou-Testamentiese sedes vind nie, soos byvoorbeeld poligamie, bloedwraak, slawerny, ens. Dit was ruwe tye, en die regspleging was maar elementêr. God moes die volk opvoed tot hoëre sedelike standaarde, en daarvoor het Hy dan ook insettinge gegee wat mettertyd tot afskaffing van sekere dinge moes lei. Alles wat Noag, Jakob, Dawid, ens., gedoen [77] het, is nie vir ons gegee om na te volg nie, maar soms juis as waarskuwing. Die uitroeiing van die Kanaäniete en die daarmee gepaard gaande wreedhede was ook bedoel as *vergelding* vir hulle gruwelike sondes en het ook nie geskied voordat hulle beker van ongeregtigheid eers *vol* geword het nie (Gen. 15:16).

7. **Sonde dra die karakter van Christusverwerping:** Die evangelie is vir die eerste keer deur God self verkondig aan Adam en Eva in die paradys (Gen. 3:15). Alhoewel alle mense nie salig word nie, word die evangelie tog aan alle mense verkondig en die genade hulle aangebied. Die mens wat hom verhard in die sonde, staan dus dubbel skuldig, nie net dat hy van God afgeval het nie, maar hom ook nog teen Gods reddende genade verset het. Dit hang wel saam met die uitverkiesingsgedagte, maar ontneem die mens nie sy skuld nie (vgl. Matt. 11:6; Joh. 15:22, 24; Heb. 2:3; 10:26). Ons kan dus sê dat die verwerping van Gods genade in Christus die kern en samevatting van *alle* sondes uitmaak, selfs ook by hulle wat Christus nie *bewustelik* verwerp omdat hulle nie met die Skrifte bekend is nie. Die sondaar verwerp sowel *God* as Sy *genade.*

8. **Sonde is nie iets substansieels nie:** Sonde is nie 'n soort geestelike of stoflike *smetstof*

nie. Dis nie een van die baie dinge wat God *geskape* het nie, want dan sou God die outeur van die sonde wees. Dis ook nie iets wat ewig en selfstandig is soos God nie, want dan sou dit 'n tweede "god" wees naas God. Sonde is 'n verdraaiing en verderwing van wat God goed geskape het. Dis 'n korrupsie van die goeie, 'n defek of gebrek, en in sekere sin 'n ontrowing van die goeie in Gods handewerk. Tog is sonde nie 'n *blote* gemis of tekort nie, maar 'n werksame, verderwende beginsel van ontbindende aard, 'n aktiewe bederf van die goeie. In sekere sin is sonde nie iets wesenliks op sigself nie, maar 'n deformasie of misvorming van wat God goed gemaak het, maar tog is dit 'n drywende en verterende krag ten verderf, 'n ontrowende gebrek. Die sonde leef as 't ware van die goeie, omdat, as die goeie nie bestaan het nie, die sonde dit ook nie sou kon aangetas het nie. Die sonde kan alleen gedoen word met gawes en kragte wat God gegee het. Om God te onteer en onheil te bewerk, is egter 'n fatale *misbruik* van daardie gawes. Die sonde werk die dood, en as dit in sy doel kon slaag en alles vernietig, dan sou daarmee die sonde self ook vernietig wees. Die sonde is en bly dus 'n onverklaarbare raaisel, sowel wat sy oorsprong as sy wese betref. Desnietemin is dit 'n magtige faktor waarom die heil of ondergang van die ganse skepping draai.

9. **Die sonde vernietig nie die wese van die skepping nie:** Voor en na die sondeval bly die mens byvoorbeeld nog 'n mens. Hy het [78] nog die beeld van God, al is dit 'n karikatuur daarvan. Hy het nog verstand, maar bedink daarmee vleeslike in plaas van geestelike dinge. Hy het nog liefde, maar dis sou selfsugtige liefde vir homself in plaas van vir God. Hy het nog 'n wil, maar daarmee verset hy hom teen die wil van God in plaas van God se wil te dien. Die mens is daarom nog vatbaar vir herstel, mits die verderfbringende beginsel van die sonde in hom gebreek kan word en hy deur Christus die bose kan oorwin. Die sonde wis dus nie die skepping Gods uit nie, maar stel die kragte en wette wat daarin werksaam is, óm tot ontbinding en verbreking van Gods handewerk. In daardie sin werk die sonde dan die dood.

10. **Alleen 'n redelik-sedelike wese kan sondig:** Sonde is altyd gefundeer in 'n persoonlike wil. Daarom kan 'n dier of plant nie sondig nie. Daar is by die mens ook wel sonde uit onkunde, uit begeerlikheid of uit erflike aanleg, maar dit alles staan nie los van die wilslewe nie. Selfs die vleeslike karakter van ons drifte en neiginge is bepaal deur ons wilslewe, wat sy stempel op ons natuur afdruk. Daarom kan ons nooit toestem dat begeerlikheid tot sonde nie verkeerd is solank ons maar net nie in daardie begeerlikheid toestem en in sondige dade omskep nie (vgl. Matt. 5:28). Sonde baar sonde en druk 'n stempel op ons hele wese af, wat ons na die sonde laat neig. Op dié manier word ons soms gestraf vir ons sonde, deurdat dit ons in nog groter sonde laat val. Die begeerlikheid baar sonde, en die sonde lei tot die dood (Jak. 1:13-15). Daarom sê Paulus dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak (Gal. 5:9) en dat dié wat aan Christus behoort, die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig het (Gal. 5:24). En as Paulus in Rom. 7:14-20 sê dat dit nie *hy* is nie maar die sonde wat in hom woon wat hom die sonde laat doen, dan bedoel hy nie dat hy nie daarvoor verantwoordelik is nie, maar wil hy alleen aandui dat sy verloste wil in Christus stry teen daardie bedorwe vleeslike wil, wat nog in sy natuur gewortel is, al is die wortel ook afgesny. Sonde is dus 'n positiewe verderwing van ons wilslewe en stel ons verantwoordelik voor God. Dis nie 'n "siekte" waarvoor ons dan eintlik "bejammer" moet word nie.

11. **Is daar 'n rangorde van sonde?** Daar word verskillende indelinge gemaak ten opsigte van die sondes, byvoorbeeld sondes in gedagtes, woorde en dade, sonde van die gees en van die vlees, sondes van nalatigheid en van bedryf, verborge en openbare sondes, ens. Ons verwerp die onderskeiding tussen vergeefbare en doodsondes, wat soms gemaak word. *Alle*

sondes is deur God vervloek en dodelik in hulle uitwerking, as hulle nie in die bloed van Christus versoen word nie. Matt. 5:22 leer nie dat sommige sondes minder strafbaar as ander is nie, maar juis dat selfs die skynbaar *geringe* [79] sondes met die helse vuur strafbaar is. Die leer dat daar klein en groot of dodelike sondes is, lei tot allerlei kasuïstiek oor die sonde en tot 'n sieklike bekommernis of ons nie dalk 'n doodsonde begaan het nie. Tog maak die Skrif verskil tussen sondes wat uit onkunde en sondes wat met opgehewe hand (d.i. doelbewus) gedoen is (Num. 15:22-31; 35:10-25). Onkunde maak die sonde ligter, maar neem nie alle skuld weg nie (Hos. 4:6; Miga 3:1; Spr. 24:12; 1 Tim. 1:13; Luk. 23:34; Hand. 3.17). Ons kan in die algemeen sê dat sondes teen God swaarder is as oortredinge teenoor mense. Wie meer gawes as 'n ander het, staan des te skuldiger (Matt. 11:21 en 22; Luk. 12:47, 48). Omstandighede maak ook 'n verskil, alhoewel dit ons nie alle skuldigheid ontneem nie (Spr. 6:30), en eweneens of en in hoeverre ons aan die sonde *toegee*. Dit alles neem egter nie weg nie dat selfs die geringste sonde met die helse vuur strafbaar is. Die sonde vorm 'n *ryk* van die bose, en wie die wet op één punt verbreek, staan skuldig aan die hele wet. Sonde mag nooit goedgepraat of gebagatelliseer word nie. Dan speel ons met vuur.

12. **Die sonde teen die Heilige Gees:** Toe die Here Jesus 'n duiwelbesetene wat blind en stom word, gesond gemaak het, het die Fariseërs Hom beskuldig dat Hy dit deur die krag van Beëlsebul gedoen het. En dis toe dat die Here gesê het: "Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie" (Matt. 12:31, 32; vgl. ook Mark. 3:27-30; Luk. 12:10). Volgens Heb. 10:28 was daar geen genade vir hom wat die wet van Moses verwerp het nie, dit wil sê wat met opgehewe hand gesondig het. Volgens Heb. 6:4-8; 10:26, 29 en 1 Joh. 5:16 wil dit lyk of daar ook bedoel word die sonde teen die Heilige Gees. In al hierdie gevalle wil dit voorkom of die sonde teen die Heilige Gees alleen gedoen kan word deur iemand wat deur God se wonderdadige openbaring as 't ware oorweldig en oortuig word van die waarheid en wat hom nogtans daarteen verset en verhard en die Goddelike openbaring uitmaak vir Satanswerk. Tog moet ons *alle* ongeloof beskou as Godverwerping, al is daar miskien graadverskil. Ons weet dat dit die Heilige Gees is wat die openbaring van Gods genade in Christus Jesus subjektief aan ons toepas, en in daardie sin sou ons ook kon sê dat alle verwerping van Gods geopenbaarde waarheid 'n sonde teen die Heilige Gees is, omdat dit die *Gees* is wat ons oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel (Joh. 16:8). Ewewel mag ons gerus voel [80] dat, solank ons huiwer vir die lastering van die Heilige Gees en bevrees is vir hierdie onvergeeflike sonde, ons dit nog nie gedoen het nie.

13. **Die Satan en die sonde:** Dat ons glo aan 'n satan wat die groot aanhitser tot sonde is, help ons om baie ander dinge te verstaan. In die eerste plek weet ons dat die sonde nie 'n ewige Goddelike beginsel is, soos sommige meen nie. Satan is 'n skepsel, en die sonde kom dus van die skepsele. Verder weet ons dat sonde in sy diepste kern 'n *geestelike* beginsel en nie 'n *sinnelike* element is nie, aangesien dit begin het by Satan wat 'n *gees* was. Sonde is ook nie 'n noodsaaklike en verbygaande faktor in die proses van ontwikkeling nie, want Satan bly *altyd* Satan, draer van die bose, ook in die hel. Verder weet ons dat die mens nie 'n *duiwel* is of ooit kan word nie. Anders as die Satan is die mens *verlei* tot sonde en is daar by hom reddingsmoontlikheid, waarvoor die duiwel nie vatbaar is nie. Die duiwels het een vir een op homself in sonde geval, anders as die mens, wat in sy hoof Adam, organies in die sonde versink het, en daarom in Christus, die tweede Adam, gered kon word. Sonde is nie 'n bose

*prinsipe* wat deur 'n etiese *proses* oorwin kan word nie, maar is 'n *persoonlike* kwaad wat alleen deur die persoonlike oorwinning van Christus oor Satan op Golgota *versoen* en *uitgedelg* kon word.

### Les 19: DIE VERBREIDING VAN DIE SONDE

1. **Die uitwerking van die sonde op Adam en Eva:** Sonde druk altyd 'n stempel op die sondaar af, en niemand kan ongeskonde sonde doen nie. Adam en Eva het besef dat hulle naak voor God staan in hulle skandelike troubreuk. Hulle was vir die eerste maal skaam vir hulleself en het daarom vir hulle skorte van vyeblare gemaak. Ook het die skuldige gewete van hulle sedelike lafaards gemaak. Terwyl hulle uiterlik nog dieselfde gelyk het, was hulle innerlik verander en dodelik aangetas deur die sonde.

2. **Die algemeenheid van die sonde:** Dat die mens nie so onskuldig en goed van natuur is soos wat vroeër gemeen is nie, word vandag feitlik algemeen erken. Die menslike verstand is verduister, sy gemoed is verhard en sy wil verdraai. Hy is 'n slaaf van sy welluste en begeertes. Kant, die filosoof, het gepraat van die radikaal bose in die mens. Die mens word dikwels met 'n verskeurende gedierte vergelyk. Schopenhauer het gesê die mens is soos wolwe en tiers van wie die tande uitgebreek is, naamlik die vrees vir straf. [81] Die ewolusieleer praat ook dikwels van die dierlike in die mens. Reeds in Gen. 6:5, 11 lees ons dat die ganse mensheid voor die sondvloed boos en verdorwe was en net slegte dinge versin het en hulle aan gewelddadigheid oorgegee het. En na die sondvloed was die mens niks beter nie (Gen. 8:21; vgl. verder Job 14:4; 1 Kon. 8:46; Ps. 14, 53; 143:2; Spr. 20:9). En juis die gelowiges voel hulle sondigheid nog die meeste (Ps. 6, 32, 38, 51, 130, ens.). Daniël bely sy skuld saam met sy volk (Dan. 9:5); so ook Jesaja (6:5). Volgens die Skrif lê die hele wêreld in die bose (1 Joh. 5:19), en die wêreld en sy begeerlikheid gaan verby (1 Joh. 2:17). Die vriendskap van die wêreld is vyandskap teen God (Jak. 4:4). Satan is die owerste van die wêreld, vir sover dit aan die mag van die sonde onderworpe is (Joh. 14:30). As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en maak ons God tot 'n leuenaar (1 Joh. 1:8, 10). Dit sê Johannes van *almal,* insluitende die gelowiges, en daarom wys hy ons dat Christus 'n Voorspraak vir ons sondes is en 'n versoening daarvan, en nie alleen vir ons sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld (1 Joh. 2:1, 2). Daar was net één mens wat geen sonde gehad het nie, en dit was Jesus Christus. Selfs Maria is nie onbevlek ontvang en gebore nie. Ook sy moes *genade* ontvang, soos blyk uit Luk. 1:28, 30, en moes haar onderwerp aan die reinigingswette (Luk. 2:22).

3. **Pelagius en die erfsonde:** Pelagius was 'n Britse monnik wat teen die einde van die 4de eeu n.C. in 'n kwaai stryd te staan gekom het teen die groot kerkvader, Augustinus. Volgens Pelagius het die sonde die menslike natuur geensins aangetas nie. Adam was sedelik onverskillig en kon sowel die goeie as die kwade kies. Ons begeertes en neiginge is nie sonde nie, solank ons hulle net nie in dade oorsit nie. Elke kind word rein en ongeskonde gebore, en dis alleen die slegte voorbeelde of invloede van sy omgewing wat hom tot sonde verlei.

Augustinus het hierdie leer op grond van Gods Woord verwerp; en ons kan dit ook nooit aanvaar nie. Mark. 7:21-23 leer duidelik dat alle boosheid uit die hart kom, van binne af en nie van buite af nie (vgl. Jer. 17:10).

Pelagius was uiters oppervlakkig om die mens se *dade* los te maak van sy innerlike aard of natuur. Die boom word aan sy vrugte geken, en as die vrugte sleg is, dan is dit omdat die boom sleg is (Matt. 7:16-20). Sonde laat ons nie ongeskonde nie, maar versterk in ons die

neiging tot verdere sonde. Slegte voorbeelde en invloede werk op ons in ten kwade, juis omdat ons innerlik verdorwe *is*. Dit vind aansluiting by ons verdorwe *natuur*. As sonde bloot deur navolging ontstaan, kan ons moeilik verklaar waarom dit so *algemeen* en absoluut universeel is. Die Pelagiaanse [82] antropologie is indiwidualisties en atomisties en sien nie die organiese *eenheid* van die menslike geslag raak nie. Kyk maar byvoorbeeld wat die Skrif sê van Levi, nl. dat hy in die lendene van sy oorgrootvader, Abraham, aan Melgisedek tiendes gegee het (Heb. 7:9, 10). Dit wys dat die nageslag gereken word in die lendene van die voorgeslag.

4. **Die Semi-Pelagianisme:** 'n Groot deel van die Christelike kerk het so 'n soort tussenstandpunt ingeneem tussen Pelagius en Augustinus. Hiervolgens word die idee van erfsonde eintlik verwerp, maar word darem aanvaar dat die mens deur die sonde verswak en aangetas is, sodat hy homself wel nog kan red deur vrye wilsbeslissing, maar tog die ondersteunende genade van God nodig het. Hierdie algemene swakheid van die menslike natuur word aangedui deur die woord "begeerlikheid" (Latyn: *concupiscienta)*. Dit is egter op sigself nie sondig nie, mits ons net nie daaraan toegee nie. Die mens kan deur sy vrye wil die begeerlikheid beteuel en beheers. In dié opsig is ons net so vry soos Adam om te kies tussen goed en kwaad. Alleenlik is die mens van nature nie in staat om die *hoogste* goed te bereik nie, deurdat hy uit die beeld Gods uitgeval het. Daarom moet ons gedoop word om die doopsgenade te ontvang, waardeur ons in staat gestel word om onsself te verlos langs die weg van goeie werke, met die *hulp* van Christus. Dis dus nie 'n kwessie om uit die *sonde* tot die *genade* te kom nie, maar om uit die *natuurlike* (wat op sigself nie sonde is nie) die *bonatuurlike* sfeer te bereik.

5. **Kritiek op die Semi-Pelagianisme:** In die eerste plek moet ons erken dat daar begeerlikheid is wat nie sondig is nie. Daar is goeie dinge wat ons wel mag en moet begeer. Die begeerte na voedsel, rus, ens., is nie verkeerd nie, mits dit ons nie oorheers en verlei om die dinge op 'n verkeerde weg te soek nie. Ons mag en moet die goeie nastreef (Spr. 11:27). Salomo het wysheid van God begeer (1 Kon. 3:5-14). Dawid het begeer om die lieflikheid van die Here te ondersoek in Sy tempel (Ps. 27:4). Maar daar is ook 'n begeerlikheid na die kwaad, soos blyk uit die tiende gebod (vgl. ook Rom. 7:7; Matt. 5:28, ens.).

Die algemene neiging of begeerlikheid tot die kwade is dus beslis sonde en stel ons *skuldig* voor God. Dis alleen deur die wedergeboorte deur Gods Gees dat hierdie wortel van die sonde in ons afgesny word, en selfs dan nog bly dit in ons nawerk tot die dag van ons dood. Van nature is ons dus *dood* in die sonde en die misdade (Ef. 2:1) en *geneig* tot alle kwaad (Heidelbergse Kategismus, vr. 8). Die onwedergeborene is 'n slaaf van sy hartstogte. Ons wil staan nie neutraal en onafhanklik teenoor ons innerlike en konstitusionele neiginge en drifte nie, maar word daardeur [83] beïnvloed. As daar dus in ons 'n erflike *aanleg of neiging tot die kwaad* (begeerlikheid) is, dan is dit op sigself alreeds iets sondigs in ons en verlei dit ons tot verdere sonde. Daar is so iets soos solidariteit in die sonde, waardeur ouers en kinders, geslagte en volke onder die mag van die bose lê. Dis nie waar dat elke mens vir homself sondig sonder enige verband met die res van die mensheid nie (Eks. 20:5, 6; Num. 14:33; 2 Kon. 5:27; Jer. 32:18; Klaagl. 5:7; 2 Sam. 21:1; Num. 16:32, ens.).

6. **Gemeenskaplike sondeskuld:** Deurdat die ganse mensheid van 'n gemeenskaplike stamvader, Adam, af kom, het die sondeval van Adam ook 'n verwoestende uitwerking op sy hele nageslag gehad. Dit hang dus saam met die fisieke eenheid van die mensheid, waardeur die *verbond* wat God met Adam as hoof van die mensheid opgerig het, die ganse mensheid medeskuldig stel aan die sonde van Adam, net soos almal sou gedeel het in die seënryke

gevolge indien Adam *teen* die sonde gekies het. Almal is in die ongehoorsaamheid van Adam ingesluit, net soos almal (dit wil sê alle gelowiges) in die barmhartigheid in Christus ingesluit word (Rom. 5:12). Daarom het niemand ooit weer gesondig in die gelykheid van die oortreding van Adam nie (5:14), omdat Adam alleen as verbondshoof vir *almal* gesondig het. Alle sonde wat "in die wêreld" is, het sy oorsprong in Adam gehad. Deur die sonde van Adam het alle mense onder Gods oordeel gekom (v. 16). En as gevolg daarvan het die dood oor alle mense gaan heers (v. 17). Deur die ongehoorsaamheid van die één mens, Adam, is baie tot sondaars *gestel* (dit wil sê as sodaniges *gereken,* dus vir medeskuldig gehou). Net so word baie in Christus tot regverdiges "gestel" vanweë die één versoening wat Hy aan die kruis vir ons volbring het (v. 19). Volgens Rom. 6:23 is die dood die gevolg (loon) van die sonde en volgens 1 Kor. 15:22 het *almal* in Adam gesterwe en moet almal dus in Adam gesondig het. En net so ontvang ons van Christus as verbondshoof van die genade die geregtigheid en die lewe tot in ewigheid.

7. **Gemeenskaplike sondesmet:** Erfsonde is in die eerste plek wel *erfskuld,* maar daardie skuld bring as straf op ons die erfsmet. Ons is dus nie "ongelukkige slagoffers" van die sondes van die vaders nie, maar moet ons *skuld* voel in die *smet* van die sonde wat ons aankleef. Dit wil nie sê dat elke mens *persoonlik* in Adam gesondig het nie, maar dat sy verbondsbreuk ons almal toegereken word en ons almal skuldig stel. Uit 2 Kor. 5:15 blyk byvoorbeeld dat die dood van Christus ons almal toegereken word net asof ons almal gesterf het. Net so kan gesê word dat ons almal in Adam *gesondig* het, soos ook duidelik blyk uit die laaste woorde van Rom. 5:12, Daarom moes Christus ook sterwe vir die klein [84] kindertjies, wat nog nooit werklik sonde gedoen het nie en tog voor God skuldig is weens die erfsonde. Daarom is die *hele* wêreld voor God doemwaardig (Rom. 3:19). Van nature is alle mense kinders van die toorn (Ef. 2:3). Dis juis vanweë die regverdige toorn van God oor die sonde van Adam dat Hy die smet daarvan laat deurwerk op die ganse nageslag van Adam. Sonde is dus nie in die eerste plek 'n *siekte* en die "arme" sondaar 'n pasiënt wat met simpatie verpleeg moet word nie. Die Skrif sien sonde in die eerste plek as *skuld* en die gevolge van die sonde as die regverdige vergelding vir ons misdade. As 'n mens byvoorbeeld 'n vuil lewe voer en geslagsiekte opdoen, waaronder ook sy vrou en kinders ly, dan is daardie bittere smart en vernedering sy verdiende loon en straf vir die dwaasheid wat hy begaan het.

8. **Sonde en genade as erfgoed:** "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word" (1 Kor. 15:22). Daar is 'n sekere parallelisme tussen Adam en Christus, waarop ons hier nou nie breedvoerig kan ingaan nie. Christus is nie ons fisieke stamhoof soos Adam was nie. Die genade wat ons van Christus ontvang, word ons ook nie langs die weg van voortplanting deelagtig soos ons die erfsonde deelagtig word nie. Tog is dit 'n feit dat net soos Adam se sonde ons *toegereken* (geïmputeer) word en vir ons die dood bring, so word die gehoorsaamheid van Christus ons ook *toegereken* en bring dit vir ons die lewe. Hoewel dit nie op dieselfde manier beërwe word nie, is sowel sonde as genade in sekere sin erfgoed, wat egter nie ons persoonlike medewerking en verantwoordelikheid opsyskuif nie. Die erfsonde tas die hele mens aan (Joh. 3:6; Rom. 1:21; Joh. 8:34; Tit. 1:15; Rom. 3:13-17; 8:5-8; Ef. 4:17-19). En die erfgedagte is iets wat ons in die gewone lewe natuurlik vind. Kinders *erf* van hulle ouers goed en gawes. Geslagte erf kulturele en nasionale goedere van die voorgeslagte. Die moeilikheid is net dat ons graag die goeie wil beërwe, maar nie die slegte nie. Tog moet ons weet dat soos 'n vader vir sy huis en 'n koning vir sy volk handel, so het Adam vir die *mensheid* gehandel, net so ook Christus. As ons bereid

is om die heilsgoed van Christus te *erwe,* dan moet ons ook erken dat ons die onheil van sonde en dood van Adam *geërwe* het.

9. **Die doop en die erfsonde:** In artikel 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word gehandel oor die erfsonde. Daar word gesê dat die erfsonde selfs deur die doop nie geheel en al tot niet gemaak of geheel en al uitgeroei word nie, aangesien die sonde gedurig daaruit soos opborrelende water uit 'n onsalige fontein opspring. Daardeur wil die belydenis nie te kenne gee dat die doop as sodanig wederbarende krag het nie, maar alleen dat dit 'n teken [85] en seël is van die afwassing van die sonde en dat selfs die gelowige dus nog nie geheel en al van die sondesmet bevry is nie; inteendeel, hy moet sy lewe lank teen sy verdorwe aard stry, alhoewel dit in beginsel oorwin is en die wortel van die sonde afgesny is deur die wedergeboorte. En omdat ons aan die erfsonde glo, moet die klein kindertjies dus ook gedoop word, aangesien ook hulle gewas is in die bloed van die Lam. Augustinus het gesê dat as ons die klein kindertjies nie as sondaars beskou nie, ons hulle ook uitsluit van die genade in Jesus Christus, want Hy het gekom om *sondaars* te behou (Luk. 5:32; Joh. 3:3, 5; 1 Joh. 5:12; 1 Pet. 1:3, 5). Ook klein kindertjies is met sonde bevlek en moet gereinig word in die "bad van die wedergeboorte" (Tit. 3:5).

Dit beteken egter nie dat hulle dan nou volkome onbesmet en heilig is nie. Die stryd teen die sonde is 'n lewensproses, waarin ons die "oue mens" moet aflê en ons moet beklee met die "nuwe mens" (Ef. 4:22-24). As ons Romeine 7 lees, kan ons sien hoe vreeslik die sondige begeerlikheid selfs nog in die kind van God woed en dat ons dit met alle mag moet bestry, omdat ons weet dat die sonde deur Christus oorwin *is* (v. 24, 25). As Paulus in v. 22 sê: "Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens", dan wys dit dat hy hier praat as *gelowige,* want sulke woorde sou hy nie as onwedergeborene kon gespreek het nie. As Paulus in v. 14 sê dat hy vleeslik, verkoop onder die sonde, is, moet ons nie daaronder verstaan dat hy 'n *slaaf* van die sonde is nie (vgl. Rom. 6:2, 4, 19). Paulus sê nie dat hy in growwe sondes geleef het nie, maar dat die verdorwe natuur of begeerlikheid tog nog in hom nagewerk het (vgl. 1 Kor. 4:4; 1 Thess. 2:10; Gal. 2:20, in verband met Ef. 3:8a; 2:1-5; 1 Tim. 1:15).

10. **Gods regverdigheid en die erfsonde:** Die vraag mag by ons opkom of dit dan regverdig is dat God van ons eis wat ons nie kan volbring nie (Heid. Kateg., vr. 9). Dan antwoord die Kategismus: "Nee, want God het die mens so geskape dat hy dit kon doen, maar die mens het homself en al sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof." Die mens kan wel nog doen wat burgerlik goed is, maar nie wat voor God kan bestaan nie. Ons beste werke is met sonde besmet (vgl. Kateg., vr. 62, 91).

Volgens die Nederlandse Geloofbelydenis (art. 14) het die mens net "klein oorblyfsels" van al sy uitnemende gawes behou, wat net genoeg is om hom alle verontskuldiging te ontneem. En die Dordtse Leerreëls (hfst. 3 en 4, par. 4) praat van "enkele straaltjies van die lig van die natuur" wat nog in die mens oorgebly het, waardeur hy nog 'n vae kennis van God en van goed en kwaad behou het, maar dit neem nie weg dat die mens voor God [86] morsdood in die sonde is nie, soos blyk uit die "verwerping van die dwalinge", veral par. 1-5. Die mens is geneig om die sonde as 'n soort noodlot of siekte te sien, maar die Skrif stel dit voor as *skuld,* en ons gewete kla ons ook aan as *skuldig* en die wet straf die misdade as *skuld.* Dis die onbegryplike heerlikheid van die mens dat God hom so gemaak het dat hy hom *kon skuldig* maak voor God en dis die heerlikheid van God se genade dat Christus daardie *skuld* op Hom geneem en vir ons versoen het, sodat ons volkome *verlos* kan word van die vloek

van die sonde (Jes. 53).

## Les 20: DIE STRAF OP DIE SONDE

**1. Algemene karakter van straf:** As ons handel oor die straf op die sonde, dan moet ons daarop wys dat dit hier alleen gaan om die straf in *hierdie* lewe. Die ewige straf na dood kom ter sprake by die behandeling van die voleinding van die wêreld. En wat nou die algemene karakter van die straf betref, moet ons sê dat straf volgens Bybel gefundeer is in die handhawing van die Goddelike regsorde. Dis die regverdige vergelding vir die verbreking van Gods wet, omdat ons daardeur God self in Sy majesteit skend en aanrand.

Dit gaan dus nie om sulke dinge soos die bevordering van die staatsbelange, die beskerming van die maatskappy of die verbetering van die misdadiger deur hom af te skrik vir die kwaad nie. Daardie dinge mag wel sydelingse *gevolge* van straf wees, maar sy eintlike doel is om reg en geregtigheid te handhaaf as instelling van God in hierdie wêreld. Nie die voordeel of belang van die mens, die volk of die staat is die regsgrond vir straf nie, maar die eer van God alleen. Regshandhawing deur straf beteken nie uiterlike, roue *vergelding* nie, maar 'n aangepaste herstel van die reg deur 'n sedelik geregverdigde straf, dit wil sê so 'n straf wat met Gods wil ooreenkom.

Vir die ewolusiemense is alle straf, as handhawing van die sedelike reg, natuurlik verwerplik. Die mens kan nie verantwoordelik gehou word vir die "dierlike" instinkte wat nog in hom is nie en moet homself uitlewe. Dat hy foute maak (misdade pleeg), is te wyte aan sy afkoms, sy omstandighede, die noodlot of natuurwetmagtigheid, ens. En so word die straf-idee verwerp en lei dit tot die anargisme en nihilisme van 'n verdierlikte samelewing, soos ons dit vandag baie aantref. As ons die reg van God losmaak, dan *is* daar geen reg meer nie en is *mag* ook *reg*.

**2. Hoe Gods Woord die straf sien:** Volgens die Skrif is God, as die regverdige, verplig om die sonde te straf, nieteenstaande Hy [87] barmhartig en groot van goedertierenheid is (Eks. 34:6, 7; Job 34:10; Ps. 45:8; Rom. 2:5-10; 1 Pet. 1:17; Gal. 3:10). Daardeur word die kwaad uitgeroei en die reg herstel (Deut. 13:5; 17:7; 22:13-24; 24:7). Die straf het ook die uitwerking om die kwaad te voorkom (Deut. 13:11, lees van v. 6 af; 17:13; 19:20; 21:21). Die straf mag nooit uit wraakgierigheid voortspruit nie (Lev. 19:17, 18), maar moet *regverdige* vergelding wees (Eks. 21:23-25; Lev. 24:19, 20; Deut. 19:21). Dis wat genoem word die wet van vergelding of *jus talionis*. Soms kon 'n geldboete opgelê word (Eks. 21:30).

Ons moet onthou dat ons in die Ou Testament met woeste en ongeordende lewenstoestande te doen kry, waarby persoonlike bloedwraak tot willekeurige en skandalige skending van die reg gelei het (vgl. Gen. 4:23, 24) en dat God ook ten opsigte van die strafreg die volk moes opvoed om onder alle omstandighede die *reg* te laat seëvier en dus nie onregverdig te straf nie. God is regverdig maar ook barmhartig (Deut. 7:9, 10; Ps. 68:6, 7; Jer. 51:56; Heb. 10:30; Openb. 22:12; Ps. 136; Ps. 89:2, 3; Ps. 46, ens.).

Die Skrifgeleerdes en Fariseërs het niks begryp van die brandende *liefde* van God wat agter Sy *geregtigheid* geskuil het nie, en daarom moes Jesus hulle daarop wys dat ons verhouding tot ons medemens in die eerste plek gedra moet word deur die wet van vergewende liefde en nie van vergeldende geregtigheid nie (Matt. 5:38-48), wat nie beteken dat die owerheid maar die reg onder die voete kan laat vertrap nie, maar alleen dat die reg altyd en oral nagejaag moet word in die gees van vurige liefde tot God en ons naaste.

3. **Straf die sonde homself?** In sekere sin is dit so dat sonde homself straf. Sonde

maak die sondaar altyd innerlik ongelukkig. Dit bring duisternis, onrus, vrees, twyfel, selfveragting, verwarring, gewetenswroeging, eensaamheid, ens., ens., met hom mee. Dit maak van die mens 'n slaaf van die sonde en lei hom soos met ysterboeie na sy ondergang. Dit skei die mens van God en vat al wat mooi en edel is uit sy lewe weg en laat hom wegsink in die moeras van vuilheid, sinnelikheid, wraaksug en bitterheid. Sonde lei tot sonde en het 'n bittere nasleep van pyn en smart, van rou en trane, van skande en ellende.

Tog moet ons erken dat die geskiedenis nie altyd duidelike taal spreek nie. Die goddelose het dit dikwels baie goed en Gods kinders ly swaar (vgl. Ps. 73). Dis vir ons moeilik om altyd te sien dat die goeie in die lewe beloon en die kwaad gestraf word. Kant het selfs uit die skynbare disharmonie tussen die sedelik goeie en die beloning daarvan in hierdie wêreld gekonkludeer dat daar 'n lewe [88] hiernamaals moet wees waar die goeie beloon en die kwade vergeld sal word. Die huidige eksistensie-filosofie glo selfs dat die geskiedenis irrasioneel is en geen sin of doel in homself het nie, maar alleen heenwys na 'n sinvolle bestaan anderkant die historiese. Tog glo ons dat God in en deur die skynbaar chaotiese gang van die geskiedenis deur Jesus Christus die wêreld lei tot 'n heerlike ontknoping, waarin dit sal blyk dat die goeie beloon en die kwade gestraf word.

Dit alles neem nie weg nie dat God die goeie ook beloon en die kwaad straf deur *uitwendige* faktore. Daarom is alle lyde ook nie noodwendig *straf* nie (vgl. Luk. 13:4; Joh. 9:1; Rom. 8:28). Dis die sondeskuld wat 'n mens se lyde tot straf maak. As ek in my gewete *vrede* met God het, sal ek gelukkig voel selfs onder swaar lyding. God *gebruik* ook die algemene gevolge van die sonde as 'n tugroede om Sy kinders te louter, selfs waar hulle nie onder *persoonlike* sondes ly nie. Maar wat vir die gelowige 'n tugtiging is tot loutering, is vir die ongelowige 'n straf ter vergelding van sy sonde.

**4. Al straf God nie dadelik nie, bly die straf tog nie uit nie:** God se meul maal langsaam maar fyn. Op die duur bly die straf vir die kwaad nie uit nie (Pred. 8:11-14). In hierdie lig moet ons die dreigement van God in Gen. 2:17 verstaan, naamlik: “Die dag as jy daarvan eet, sal jy sterwe.” Al het Adam en Eva nie onmiddellik dood neergeval toe hulle die verbode vrug geëet het nie, beteken dit nie dat God se dreigement nie uitgevoer is nie. Hulle het wel geestelik gesterwe, deurdat die sonde hulle van God losgeruk het; en as God nie in Sy genade met die moederbelofte van heil na hulle toe gekom het nie (Gen. 3:15), sou hulle in die ewige dood weggesink het. Die mens was uiterlik skynbaar nog dieselfde, net soos 'n boom wat so pas afgekap en neergevel is, maar sy lewensmurg was afgesny en die dood het in sy wese ingetrek, en sy lewe was niks anders as 'n sterwe nie, soos die Doopsformulier ook sê. Om te sterwe, in Bybelse sin, is nie om op te hou om te bestaan nie, maar om los van God te lewe, om van God verlate te wees soos Christus aan die kruishout. Daarom vergelyk die Skrif ons lewe op aarde met 'n skaduwee, 'n droom, 'n nagwaak, 'n handbreedte, 'n skrede, 'n blom, ens. Daarom sê Paulus in Ef. 2:1 dat die Efesiërs *dood* was deur die sondes. Hulle was wel lewend, maar eintlik was hulle lewend dood. So was dit ook met Adam en Eva.

5. **Die skuldigheid sowel as vuilheid (sondesmet) is ook 'n straf op die sonde:** Afgesien nog van die smartlike *gevolge* van die sonde in ons uiterlike omstandighede, tas die sonde ons innerlike aan en maak dit ons diep ongelukkig. In Gen. 3:17b vervloek God die [89] hele aarde ter wille van die sondeskuld van die mens. Daarom voel die mens beangs. Dis of selfs die stomme natuur hom beskuldig en verwyt. Kain roep uit: “My skuld is te groot om vergewe te word” (vgl. ook Lev. 4:13; Matt. 6:12; Deut. 27:26; Gal. 3:10). Die sonde

bring die *vloek* van God met hom mee. Die sonde is 'n aanranding van God, en God reageer daarteen met Sy vervloeking (Deut. 11:26-29).

Seën en vloek van God is 'n geweldige mag ten goede of ten kwade. Dis nie maar 'n goeie *wens* nie maar God se heilige reaksie teenoor goed en kwaad. Daarom mag die seën van God nie somaar tydig en ontydig oor alles en almal uitgespreek word nie. Dit onthef Gods kinders van die sondeskuld of bevestig dit oor die ongelowiges. God hou die skuldiges nie vir onskuldig nie (Num. 14:18). Die skuld rus soos 'n swaar las op die gewete van die sondaars. Daarom sê Dawid "want u hand was dag en nag swaar op my" (Ps. 32:4). In Ps. 38:5 vergelyk hy sy sondes met 'n swaar pak wat vir hom te swaar geword het. En wat dit nog swaarder maak, is dat die sonde ons besmet, sodat die gelowige wie se oë daarvoor oopgegaan het, 'n walging aan homself het. Daar is selfs 'n besmetting van families, geslagte en volke sodat sekere mensegroepe ly aan bepaalde soorte of tipes van sonde. Daar is geslagte van dronkaards en daar is families waarin die wellus botvier.

Wat 'n voorreg as ons uit 'n vroom en godsalige familie en volk mag stam!

6. **Die lyde as straf op sonde:** Eva is gestraf deurdat sy met smart kinders sou baar (Gen. 3:16) en Adam deurdat hy op 'n gevloekte aarde in die sweet van sy aanskyn sy brood sou eet (Gen. 3:17-19). Die lyde is dus nie iets natuurliks, 'n essensiële faktor in die bestaan, soos sommige meen nie. Lewe is nie *noodwendig* lyde, soos die Boeddhisme leer nie. Die hele geskiedenis van Israel tot vandag toe is 'n bewys dat hulle ter wille van hulle sondes en afdwalinge gely het (Matt. 27:25). En so moet ons dit beskou dat alle lyde soos honger, oorlog, pes, kinderloosheid, verliese, armoede, droogte, siekte en dood die straf van God op die sonde is, alhoewel hierdie straf Gods kinders tog ten goede kom om hulle na die Here toe te bring en hulle te louter (Lev. 26:14-33; Deut. 28:15e.v.; Hos. 2:8 e.v.; Rom. 8:19-22; Openb. 18:8). So handhaaf God Homself, deurdat Hy die sondaar laat voel dat 'n mens geen vrede en geluk kan kry as hy God loslaat nie. Daar lê inderdaad 'n sluier van swaarmoedigheid oor die natuur, soos Schelling gesê het. Net jammer dat hy nie die oorsaak daarvan, naamlik die sonde, raakgesien het nie. Die mens soek steeds na geluk en kan hom met die ellende van die lewe nooit versoen, asof [90] dit maar iets vanselfsprekends is nie. Tog gebruik God ook die kwade ten goede. Kyk maar hoe dikwels daar wonderlike en seënryke ontdekkinge gemaak word in oorlogstyd, wanneer die mens sy brein inspan om verdelgingsmiddele uit te vind!

7. **Die verwildering van die natuur as straf:** God sê aan Adam dat die aarde dorings en distels sal voortbring as straf op sy sonde (Gen. 3:18). Al *sou* ons ook aanneem dat verskeurende en giftige gediertes en plante voor die sondeval op die aarde gewees het, dan sou ons daarby nog moet glo dat hulle 'n goeie doel gedien het, geen lyde veroorsaak het of vir die mens tot 'n las of gevaar was nie. Dis in elk geval duidelik dat ontaarding en verwildering in die natuur sy verskyning gemaak het na die sondeval en dat die wilde diere van toe af mens en dier verskeur het en die dorings en distels die mak en vrugbare aarde oorwoeker het. Desintegrasie het in die natuur ingetree. Waar die mens die natuur moes oorheers en gebruik het, *vlug* die diere nou vir hom, of anders *verskeur* hulle hom. Dit word nou 'n stryd van almal teen almal of, soos Darwin dit genoem het, 'n "struggle for life". Die paradys verdwyn en die wêreld word 'n woestyn (vgl. Eks. 14:15; Hos. 2:20, 21; Jes. 11:6-9 en veral ook Rom. 8:19-22).

8. **Die duiwel se aanvalle as straf:** Satan word genoem die owerste van hierdie wêreld (Joh. 16:11) en die "god van hierdie wêreld" (2 Kor. 4:4). Paulus sê dat die lug vol is van

duiwels (Ef. 6:12). Die heidendom is die spesiale woonplek van duiwels (1 Kor. 10:20; Openb. 9:20). Satan gaan rond soos 'n brullende leeu om te verslind (1 Pet. 5:8), en net soos Christus vlees aangeneem het, so word Satan as 't ware ook geïnkarneer in die Antichris (2 Thess. 2:1-12; Openb. 13).

Ons moet egter onthou dat Satan nie 'n tweede god is nie. Hy is byvoorbeeld nie alomteenwoordig, alwetend of almagtig nie. In die tyd van die omwandeling van Christus op aarde het Satan met sy trawante wel met buitengewone mag toegesak op Israel en was duiwelbesetenheid feitlik soos 'n epidemie (Joh. 8:44; Luk. 22:3, 53; 4:1-13; Heb. 2:14; 1 Joh. 3:8; Openb. 12:10, 11). Christus het egter oral oor Satan en sy magte getriomfeer (vgl. 1 Joh. 3:8; Luk. 4:1-13; Luk. 8:26-39).

Satan beteken teëstander en so leer ons hom ken (Jak. 4:7; 2 Kor. 12:7; 2 Thess. 2:9; Openb. 20:7-10).

Dat die bose invloed op die mens kan uitoefen, staan vas. Daar vind soms sulke gruwelike dade plaas dat ons nie anders kan as om dit direk aan Satanswerk toe te skryf nie. Die bose laat soms vuil en bose, ja, selfs godslasterlike gedagtes of begeertes by ons opkom om ons tot sonde te verlei of om ons te laat wanhoop aan ons kindskap van God. Magte van die bose kan ons, [91] indien ons nie in en deur die krag van Christus lewe nie, ons in ellende en wanhoop dompel. Net soos die Heilige Gees en die goeie engele in ons harte kan werk, so kan Satan of ander bose geeste in die menslike hart indring en dit selfs beset, as God dit toelaat. Dit is wat met Judas Iskariot gebeur het. Ons gee hom egter self aanleiding wanneer ons met die sonde heul en nie met alle mag teen die bose stry nie. Alhoewel daar geweldig baie bedrog is in sogenaamde waarsêery, towery, ens., kan Satan tog ook daarin 'n groot rol speel en waarsku Gods Woord ons daarom teen sulke dinge (Deut. 18:10-14; Lev. 20:27; Eks. 22:18; 1 Sam. 28; 2 Kron. 33:6; Jer. 27:9; Hand. 8:9-24; 13:6-11, ens.). Ons moet dus gewaarsku wees. In dinge soos teosofie, okkultisme, astrologie of sterrewiggelary, spiritisme, bespreking of beswering van siektes, Christian Science, fortuinvertellery, ens., speel die Satan en sy bose trawante 'n groot rol en kan hulle maklik ons verderf en ondergang bewerk as ons met dié dinge heul.

9. **Die liggaamlike dood as straf**: Van die dinge wat tot *hierdie* lewe behoort, is die liggaamlike dood die vreeslikste, en dit word tereg genoem die koning van verskrikking. Ontsettend is die woord wat God gespreek het: “Want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer” (Gen. 3:19; vgl. Ps. 90:3). En die dood is in die Skrif steeds 'n straf op die sonde (Gen. 6:3; Num. 6:28-33; 27:3; Ps. 90:7-10; Job 14:1-13; Spr. 3:1, 2; Jak. 5:20; Lev. 18:5). In Rom. 6:23 word regstreeks gesê: “Want die loon van die sonde is die dood.” En wat die dood dan nog soveel verskrikliker maak, is dat die oordeel van God daaragter lê: “En net soos die mense bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel. . .” (Heb. 9:27). Dan moet die mens voor God verskyn om verantwoording te doen van sy lewe hier op aarde (2 Kor. 5:10).

O, as die dood maar *vernietiging* was, sou dit vir die goddelose veel beter gewees het. Maar nou is die dood dit nie, dog verbreking en skeiding van wat God saamgevoeg het, naamlik van siel en liggaam, net soos die mens geestelik dood is deurdat hy van God geskei is. Die dood sal dus voortgesit word in die tweede dood of ewige desintegrasie en verbreking van die mens hiernamaals. Maar daaroor later. Hier is dit genoeg om te wys op die vreeslike en oordeelmatige karakter van die dood. Ons kan en mag die dood nooit verheerlik nie, soos sommige probeer doen. Die dood is die afskuwelike vrug van die sonde (Jak. 1:15) en is iets onnatuurliks en vreemds in God se skepping. Hy immers is 'n God van

die lewendes en nie van die dooies nie (Matt. 22:32). Diep in sy hart *vrees* elke mens die dood (Heb. 2:15). Daaragter sien die sondaar die hand van die regverdige en heilige God, wat hy nie *kan* ontvlug nie.

[92]

## CHRISTUS

### Les 21: DIE VREDERAAD VAN GOD EN DIE GENADEVERBOND

**1. Wat ons verstaan onder die Vrederaad (pactum salutis):** Ons kan dit ook noem die heilsraad van God. Dit sien dan op die ewige besluit en plan van God Drie-enig om die wêreld te verlos van sonde en dood en die ewige Vrederyk te bewerkstellig. Hierin sou die Vader dan op die gesette tyd Sy Seun stuur om die wêreld te verlos deur die sondes aan die kruis te versoen. Die Seun het van Sy kant weer vrywillig onderneem om as Borg en Middelaar in te tree en Sy lewe te gee as 'n rantsoen vir die sonde, en die Heilige Gees het onderneem om die versoeningswerk van Christus toe te pas en uit te voer in die heiligmaking en heerlikmaking van Gods kinders en van die wêreld. Hierdie ooreenkoms of vredeverbond is in die ewigheid deur die drie Persone gesluit, voor daar nog 'n wêreld geskape was. Dis 'n algeheel vrywillige, selfbeplande liefdesdaad van die drie-enige God.

2. **Die heilsraad is ewig:** God het ons in Christus uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om kinders van Hom te wees (Ef. 1:4-6; vgl. ook 2 Thess. 2:13; 2 Tim. 1:9; 1 Pet. 1:2, 20). Net soos God as 't ware die skepping met Homself beplan en beredeneer het (Gen. 1:26) so het die drie Persone in die Goddelike Wese ook die heil en redding van die wêreld beplan in federale verband en ooreengekom wat Elkeen sal doen tot redding van die wêreld. Die verlossing en saligheid is dus nie dinge wat van *toevallige* faktore en *moontlike* ontwikkelinge in die toekoms afhanklik is nie, maar lê vir ewig vas in Gods heilsraad.

3. **Die vrederaad en Christus:** As Skeppingsmiddelaar was Christus — so kan 'n mens sê — aangewese om ook Herskeppings-middelaar te wees. Christus was die Woord (Logos), deur wie God geskep het (Joh. 1:1, 3, 14). Daarom kon Hy dan ook sê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek" (Joh. 8:58). Terwyl Hy aan God gelyk was, dit wil sê self God was, het Hy Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem (Filip. 2:6, 7). En dit het Hy geheel en al vrywillig op Homself geneem (Ps. 40:8, 9). As Seun van God het Hy die Kneg van die Here geword (Jes. 42:1) en is Hy volgens die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer om gekruisig te word (Hand. 2:23). Die redding van die uitverkorenes is dus in Christus vasgestel van voor die grondlegging van die wêreld af (Openb. 13:8).

[93]

**4. Christus deur die Vader gestuur:** In die vrederaad was dit bepaal dat Christus in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur sou word om die wêreld te red (Gal. 4:4; Joh. 6:38-40). Hy het gekom om die werk wat die Vader Hom gegee het, te doen (Joh. 17:4). En hierdie werk is deur die Trooster, die Heilige Gees, afgerond en gefinaliseer (Joh. 14:26; Jes. 61:1-3). As gestuurde van die Vader noem Christus die Vader Sy God (Joh. 20:17). Al is Hy kneg van God, het Hy nogtans geheel vrywillig Sy lewe afgelê (Joh. 10:17, 18). En God het onderneem om Hom ryklik te beloon vir Sy werk (Ef. 1:20-22; Fil. 2:9-11; Ps. 2:8; Heb. 1:5, ens.).

5. **Christus het dadelik na die sondeval as Verlosser ingetree:** Waar Christus Homself

in die ewige vrederaad van God verbind het om as Verlosser in te tree, het Hy dit dan ook gedoen *onmiddellik* na die sondeval. Hy het dadelik, as die tweede Adam, die plek van Adam ingeneem (Rom. 5:12-21; 1 Kor. 15:22). God het die genadeverbond met Adam opgerig in Sy "saad", dit is die beloofde Christus (Gen. 3:15). En op grond van hierdie beloofde saad wat die kop van die slang sou vermorsel, is Adam en Eva gered, omdat hulle *geglo* het. En so het Christus prolepties (vooruitgrypend) reeds in die Ou Testament opgetree as die Engel van die Here, die Verlosser van Israel (Eks. 3:2 e.v.; 32:34; Jes. 63:8, 9; Joh. 8:56; 1 Kor. 10:4). Christus het dus die Middelaar van die genadeverbond geword (Heb. 8:6; 7:22; 9:15; 2 Kor. 5:20).

6. **Vir Christus was die genadeverbond 'n werkverbond:** Toe Adam in die sonde geval het, het God nie daarmee Sy eis van geregtigheid laat val nie. Die mens sou en moes nog deur *gehoorsaamheid* die ewige lewe verwerf. Maar omdat Adam daartoe nie in staat was nie, sou *Christus* dit doen. Vir *ons* is die saligheid dus enkel onverdiende *genade,* maar vir Christus was dit 'n *loon* wat Hy *verdien* het. Die eis wat aan Christus gestel is, was dat Hy vlees sou aanneem (Heb. 2:14, 15). Verder moes Christus Hom onder die wet stel (Ps. 40:8; Matt. 5:17, 18; Joh. 8:29) en moes Hy die las van die toorn van God teen die sonde dra (Jes. 53; Joh. 1:29; Kol. 2:14) en deur Sy Gees Sy volk reinig en toeberei vir die heerlikheid (Joh. 16:13-15; 17:19-22). Aan die ander kant weer het die Vader Hom 'n ryke loon belowe op Sy werk (Ps. 2:8; Jes. 53:10-12; Joh. 17:4, 5, 24; Ef. 1:20 e.v.; Fil. 2:9 e.v.).

7. **Verskil tussen vredeverbond (raad) en genadeverbond:** Alhoewel die genadeverbond wat God met Abraham opgerig het, gedra en bepaal word deur die ewige vrederaad, moet ons die twee tog nie identifiseer nie. Die vredeverbond of heilsraad van God is [94] iets wat tot God beperk bly tussen die drie Goddelike Persone. Die genadeverbond is 'n verbond tussen God en Sy skepsel, naamlik die mens. As Christus in die vrederaad onderneem om die wêreld te verlos, dan doen Hy dit as Seun van God, as God self en nie as die vleesgeworde Woord nie. In die genadeverbond tree Hy egter op as die tweede Adam.

Ons moet hier fyn onderskei, al mag ons nie *skei* nie. As ons dit nie doen nie, maak ons eenvoudige die ewige vrederaad tot die genadeverbond. Dan is Adam eintlik geskape om te val, sodat Christus as die ware Adam geopenbaar kan word. Dan is die hele wêreldgeskiedenis eintlik Christusgeskiedenis en is die hele skeppings- en verlossingsprogram niks anders nie as 'n proses waarin God Homself teen Homself afset. Dan is God se openbaring of vleeswording in Christus sonder meer *versoening* en verloor die kruis sy betekenis. Dis bepaald ongerymd en gevaarlik om te sê, soos sommige doen, dat die genadeverbond reeds in die ewigheid met Christus gesluit is en alleen na die val *in werking* getree het. Weliswaar is die genadeverbond gesluit met Abraham én sy saad, sodat die ganse Israel (geestelike saad van Abraham) in Christus inbegrepe is, maar Christus hier dan as Middelaar van die genadeverbond, die vleesgeworde of nog vlees te worde Christus (Gal. 3:16).

8. **Wie onder die genadeverbond ingesluit is:** Die vraag is of almal wat uiterlik tot die verbondskring behoort en die verbondseël (besnydenis of doop) ontvang het, nou ook werklik verbondskinders is? So het byvoorbeeld Ismael, Esau, ens., tot die verbondskring behoort (tent van Abraham, Isak) en tog weet ons dat hulle weggedwaal het. Alle gedoopte kinders word tog seker nie salig nie.

Hoe moet ons dit dan beskou: Is dit net die uitverkorenes of wedergeborenes wat aan die verbond behoort en hoe *weet* ons of hulle uitverkore of wedergebore is? Of moet ons maar *veronderstel* dat hulle dit is, tot die teendeel blyk?

Ons weet dat God Sy verbond gesluit het met Abraham en sy saad (Gen. 17:7; Hand. 2:39). Ook die kinders is dus almal ingesluit. Tog weet ons dat almal nie Israel is wat uit Israel is nie (Rom. 9:6). Die uiterlike verbondsteken is nie altyd 'n waarborg van innerlike verbondsgenade nie (Rom. 2:28, 29). Alle *gelowiges* is geestelike kinders van Abraham (Rom. 4:9-17; Luk. 3:8). Dis alleen Gods verkiesende genade wat die verskil maak tussen gelowiges en ongelowiges (Rom. 9, veral v. 8). In Christus word die saad van Abraham gereken (Gal. 3:29; vgl. daarenteen Matt. 8:10-12; Joh. 8:39, 40).

Ons het hier met 'n moeilike vraagstuk te doen. Ons mag nie [95] praat van 'n uitwendige en inwendige verbond of selfs van twee *sye* van die verbond nie. Die Skrif weet nie van so 'n onderskeiding nie. God hou Sy verbond in stand (Deut. 7:9; 2 Kron. 6:14; Ps. 103:17 , 18). Uit 2 Tim. 2:19 kan ons sien dat die fondament van God vas staan met die seël: "Die Here ken dié wat syne is." As bondelinge is ons verplig om afstand te doen van ongeregtigheid. Ons moet God se verbond en Sy insettinge onderhou en bewaar (Gen. 26:5; Deut. 11:1; Eseg. 18:9; Ps. 25:10; Eseg. 37:24; Joh. 8:51; 1 Joh. 2:3-5). Tog is God se verbond nie afhanklik van wat *ons* daarmee doen nie, maar van wat *God* doen. Nieteenstaande verbondsbreuk en die Goddelike verbondswraak voer God tog Sy verbond deur, selfs al moet Hy uit klippe vir Abraham kinders verwek. Daarom praat Christus van Sy soendood as "die nuwe *testament* in my bloed" (Matt. 26:28). Hy het nie tevergeefs gesterwe nie (Joh. 17:12). Hy het vir die uitverkorenes gesterwe en sal hulle red deur wedergeboorte en geloof. In Christus word "die wêreld" gered (Joh. 3:16), nieteenstaande die feit dat baie verlore gaan.

In sekere sin moet *alle* goddeloses beskou word as verbondsbrekers, omdat God Sy verbond met Adam opgerig het. Ons *weet* nie wie uitverkore of wedergebore is nie, maar hou ons aan Gods verbondsbeloftes en doop alle kinders van gelowiges in die oortuiging dat God Sy belofte aan hulle sal bevestig, nieteenstaande daar baie mag wees wat verlore sal gaan. Dis God se verborgenheid, en Hy weet wat Hy doen. Ons moet maar net ons plig doen. Die genadeverbond is ten diepste gegrond in Christus as Hoof van Sy gemeente of, soos dit ook soms genoem word, Christus *mysticus*. Dit omvat Sy hele volk in Hom.

9. **Die genadeverbond is ten diepste onvernietigbaar:** In Gen. 17:19 noem God dit 'n *ewige* verbond (vgl. ook 2 Sam. 23:5; Heb. 13:20). God het die verbondsbelofte met 'n *eed* bevestig, om daardeur die onveranderlikheid van Sy raadsbesluit te beseël (Heb. 6:13-20). Daarom word die verbond in die Nuwe Testament dan ook 'n *testament* genoem (Heb. 9:16, 17), om aan te dui dat dit kragtens die soendood van Christus soos 'n erfenis toeval, wat vas en seker is. In sekere sin is die verbond dus eensydig, alhoewel dit nie die menslike aandeel insluit nie, soos ons nog sal sien. Die eise of voorwaardes wat God in die genadeverbond aan ons stel, is ten diepste gewortel en gewaarborg in die *belofte* wat Hy gee, nl. om ons God te wees en ons vir Hom as Sy volk aan te neem. Omdat God Sy verbond steeds *gedenk,* daarom bly dit van krag (Eks. 2:24; Lev. 26:39-42; 2 Kon. 13:23; Ps. 105:8-11; Jes. 54:10). Selfs wanneer God die bondsvolk straf vir hulle ontrou, is daar altyd 'n oorblyfsel of kern wat gered [96] word en in wie God Sy verbond bevestig (Jer. 44:28; Eseg. 16:60-63; Jes. 59:20, 21; Jer. 31, veral v. 31-34; Eseg. 36:22-28; Heb. 8:10-13; Jes. 1:8, 9; Jer. 23:3; Miga 2:12, ens.). Dat die droë ranke afgeruk en in die vuur gegooi word, maak nog nie God se wingerd tot niet nie.

10. **Verskillende bedelinge van die verbond:**

(a) *Die Adamitiese verbond:* Ons praat hier nou van die *genadeverbond,* soos dit ook met Adam en Eva bevestig is (Gen. 3:15), alhoewel die woord *verbond* daar nie gebruik word nie.

In die straf het God ook *genade* aan die mens bewys. Die straf is die *dood,* en alhoewel Adam en Eva nie onmiddellik dood neergeval het nie, mag ons nie sê dat die straf uitgestel of verswak is nie. God het ook nie gesê dat hulle onmiddellik sou sterf nie. Die dood is 'n proses, en Adam en Eva het gevolglik begin sterwe vandat hulle gesondig het, al het hulle skynbaar nog bly lewe. Ewewel het God in die straflyde ("die slang sal jou in die hakskeen byt") ook die Messias belowe wat die kop van die slang sou vermorsel. Eva sou met smart kinders baar; tog sou die lewe daardeur op die aarde voortgeplant word. Adam sou in sweet en moeite worstel met dorings en distels, maar arbeid adel, en daardeur sou die wêreld tog gekultiveer word en sou die mens sy brood verdien.

God het hier dus in beginsel Sy genadeverbond met Adam opgerig en deur hom ook met die ganse mensheid, wat seer seker nie beteken dat alle mense gered word nie, soos blyk uit Abel en Kain en die gelowige geslag van Set teenoor die goddelose Lamegs-geslag.

(b) *Die Noagitiese verbond:* Dit vind ons in Gen. 8:20-9:17. Ook hierdie verbond was universeel in sy strekking. Noag het tot die hele mensheid van daardie dae gespreek voor die sondvloed, en daarna het die hele mensheid uit die Noagitiese verbondskring uitgegaan en was dus bekend met God en Sy beloftes. Noag staan as gelowige nog in die krag van die Adamitiese genadeverbond. En ter beskerming en ontplooiing van die genadeverbond sluit God met Noag die algemene natuurverbond. Die menslike bestaan word beskerm deur die natuurelemente te beteuel (Gen. 8:22), die diere te bedwing (9:2, 3) en die moordenaar te straf deur die instelling van die gereg (Gen. 9:5, 6), die mens opnuut te seën met vrugbaarheid (9:7) en die goddeloosheid te temper deur verkorting van die menslike lewe (6:3) en deur splitsing van die mensdom in taal- en rassegroepe (11:1-9). God het so Homself aan geen enkele mens onbetuig gelaat nie (Hand. 14:17; 17:26-28; Rom. 1:19; Joh. 1:9).

(c) *Die Abrahamitiese verbond* (Gen. 15 en 17): Die bedding van God se genadeverbond word hier vereng en loop nou deur [97] die gesins- en volkslewe van Abraham en Israel. Alhoewel die verbond skynbaar betrekking het op 'n groot nageslag en die besit van die land Kanaän, is dit in sy diepste strekking dieselfde as die verbond met Adam en beteken dit dat uit Abraham die beloofde saad (Christus) gebore sou word, waardeur die hele wêreld geseën sou word (Gen. 12:2, 3). Die kern van die verbond is vervat in v. 7: "..... om vir jou 'n God te wees en vir jou na geslag na jou". Hierin lê die hele evangelie van verlossing deur Christus. Abraham (en Israel) het dan ook gedurig kontak gehad met die omringende heidenwêreld, en daar het 'n sterk getuienis uitgegaan na die verskillende volke. Die verkiesings- en afsonderingsgedagte kom hier ewewel sterk na vore, en daarom gee God 'n spesiale *verbondsteken,* naamlik die besnydenis. Daarin lê die idee van heiliging en toewyding aan God en Sy diens.

(d) *Die Sinaïtiese verbond:* Hierdie verbond is ingestel by Sinai, waar God die volk van Israel aan Hom verbind het (Eks. 19). God se bevele en insettinge wat Hy in Eks. 20-23 gegee het, word genoem die boek van die verbond (Eks. 24:7), en in v. 8 word gepraat van die bloed van die verbond. In hierdie verbond word talle wette en voorskrifte gegee rakende ook die persoonlike, huislike en volkslewe van Israel.

Hierdie verbond vertoon uiterlik 'n meer wettiese karakter as die met Abraham. Hier staan op die voorgrond die *eise* van God en nie die *beloftes* soos dit die geval met Abraham was nie. Dit dra skynbaar 'n meer *voorwaardelike* karakter as wat ons dit by Abraham gevind het (Eks. 23:22, 25). Tog is dit in wese niks anders as 'n *genadeverbond* nie. Dit is alleen in 'n

wettiese vorm gegee om die volk hulle verantwoordelikheid des te sterker te laat voel en hulle pedagogies op te voed na Christus toe. Hulle moes sien en leer dat die *wet* hulle nie kon salig maak nie (Gal 3, veral v. 24). Daarom is die versoening van sondes simbolies afgeteken deur die dierebloed. Daarom is die heiligmaking voorgestel deur die Levitiese reinheid en die saligheid deur 'n lang lewe in Kanaän. Tog is hierdie verbond in wese dieselfde as dié met Abraham (Eks. 6:6; Num. 15:41; Deut. 26:17). Hier waarsku God egter met alle mag teen verbondsbreuk (Lev. 26:15; Deut. 31:21, ens.). Die menslike sy word sterk beklemtoon. Maar onder dit alles lê die offerbloed as simbool van die Lam van God, in wie se bloed die verbond ewig vas is.

(e) *Die vervulling van die verbond in Christus:* In Christus val die skaduwees weg en staan ons voor die volle, diepe sin en werklikheid van die genadeverbond. In Christus is al God se beloftes van ouds af vervul en is voldoen aan al die eise van Gods verbond. En daarom word ook die nasionale grense deurbreek en kom die [98] universele betekenis en krag van die verbond weer na vore (vgl. Heb. 1:1, 2 en Heb. 8 en 9). Daarom verval nou ook die seremoniële en wettiese vorm van die genadeverbond (Kol. 2:17; Gal. 4:1-7; Joh. 4:20-23). En nou blyk dat Christus die eintlike Middelaar van die genadeverbond is (Gal. 3:16-18; Hand. 2:38; 1 Kor. 15:22; 45-49). En om Middelaar te kan wees, moes Hy in die plek kom van die eerste Adam, die hoof van die menslike geslag (Rom. 5:12-21; Ef. 1:10). Daarom is daar dan nie die minste teëstelling tussen Ou en Nuwe Testament of Verbond nie, maar is die Nuwe alleen die vervulling van die Oue. Daar is nie 'n verskil soos van letter en gees nie, maar alleen 'n ontsluiering van wat in die Ou Testament gegee is (2 Kor. 3). Die belofte is dieselfde (Jer. 31:33; Heb. 8:10). Dis dieselfde evangelie (Gen. 3:15; Gal. 1:8; Heb. 13:8). Almal is deur die *geloof* geregverdig (Gen. 15:6; Rom. 4:9-25; Gal. 3:7-9). Daar is geen ander naam onder die ganse hemel gegee waardeur ons gered word nie, as dié van Jesus Christus (Hand. 4:12).

## Les 22: DIE VLEESWORDING VAN CHRISTUS

**1. Die genade in Christus word aan alle mense aangebied:** Voor ons die daadwerklike koms van Christus in die vlees bespreek, moet ons eers let op die feit dat, alhoewel alleen die uitverkorenes gered word, God Sy genade tog aan alle mense aanbied. Lees maar Eseg. 18:21-32. God het geen behae in die dood van die goddelose nie. Volgens 2 Pet. 3:9 wil God nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. (Kyk ook Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 17.) In Abraham word al die geslagte van die aarde geseën (Gen. 12:2, 3; 22:18, ens.). So lief het God die *wêreld* gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat *elkeen* wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie (Joh. 3:16; vgl. ook Rom. 1:16). Jesus sê: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies . . . ." (Matt. 28:19). In Matt. 11:28 nooi Hy *almal* uit wat vermoeid en belas is, om by Hom die rus te kom ontvang. Christus *wil* almal red, maar hulle *wou* nie (Matt. 23:37; vgl. ook Ps. 81:13, 14). Die goeie boodskap is bedoel vir "die *hele* volk" (Luk. 2:10). Ons kan en mag nie probeer indring in God se verborge raad nie. Ons moet aanneem dat Hy in alle opregtheid Sy genade aan alle mense aanbied. Ons weet wel dat dié wat nie uitverkore is, dit nie sal aanneem nie, maar dan is dit vanweë hulle onverskilligheid en verharding. Verder moet ons swyg. God weet wat Hy doen, en Sy hart gaan uit tot alle sondaars.

[99]

**2. Wil God nie dat iemand verlore moet gaan nie?** Die hervormer Calvyn het gesê dat dit God se uitgesproke wil is dat alle mense salig mag word. In Joh. 6:40 lees ons: "En dit is

die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê." Tog weet ons dat volgens Gods ewige Raadsbesluit nie alle mense salig sal word nie. Dis alleen dié wat *die Vader aan Jesus gegee het,* wat nie sal verlore gaan nie (Joh. 6:39). En "niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie" (v. 44). God se verborge en geopenbaarde wil kan nie met mekaar stry nie. Ons kan nie begryp waarom God besluit het om sekere mense in hulle verhardheid en verblindheid te laat voortlewe tot hul eie verderf nie, behalwe dat Hy verheerlik word in hulle regverdige straf. Tog moet ons aanneem dat dit Hom ter harte gaan as sulke mense hulleself so verwoes en nie na die stem van Sy soekende liefde wil luister nie (Luk. 19:41-44). God se aanbod van genade is eg, en God toon daardeur dat Hy geen onderskeid tussen sondaars maak nie. Die poort van heil staan vandag nog oop. As die ongelowiges in hulle sonde sterf, sal hulle nie kan kla dat daar vir hulle geen geleentheid tot redding was nie. Hulle sal net hulleself moet verwyt.

3. **Geloof en bekering die voorwaarde tot redding:** Sover dit *God* aanbetref, hang ons redding alleen van Sy vrymagtige verkiesende *genade* af. Hy is aan geen voorwaardes gebonde nie. Niks en niemand kan Sy wil weerstaan nie. Tog skenk God Sy heil aan ons in die weg van geloof en bekering. Vir sover dit *ons* dus aanbetref, word niemand gered nie tensy hy in God glo en hom tot God bekeer. Dit neem egter nie weg nie dat die geloof enkel en alleen 'n *genadegawe* van God is (Ef. 2:8). As God dus Sy genade in Christus ook aan die goddelose (verworpene) aanbied, dan is dit nie *opdat* hy die genade sal verwerp nie, maar omdat God geen behae in sy dood het nie, en om hom alle verontskuldiging te ontneem (vgl. Dordtse Leerreëls, II en IV, art. 8 en 9). God se Woord is van aard en natuur saligmakend, sê Calvyn; dit wil sê God *soek* die heil van die sondaar, selfs waar God hom nie die saligmakende geloof skenk nie. Wat die uitverkiesing betref, sê Calvyn dat ons nie anders glo nie as dat Gods wil enig en eenvoudig is, maar dat God ons na die mate van ons swakheid as tweevoudig voorgestel word, omdat ons verstand tot die diepe afgrond van die verborge verkiesing nie kan deurdring nie.

4. **Die beloofde Saligmaker:** Soos ons nog verder sal sien, was Christus reeds in die ewigheid, van voor die grondlegging van die wêreld af, as Redder van die wêreld uitverkies (Ef. 1:4). Die vleeswording van Christus staan in direkte verband met die *sondeval.* As daar geen sonde was nie, sou Christus nie in die vlees gekom [100] het nie. Sy vleeswording was nie 'n natuurnoodwendigheid, asof Hy die noodsaaklike en onmisbare skakel (sintese) tussen God en mens sou wees nie. Die Skrif sê dat die Seun van die mens gekom het om te soek wat verlore is (Matt. 18:11). Christus het gekom om die skepping aan God te onderwerp (1 Kor. 15:28). Hy het gekom om die wêreld te verlos van sonde en dood (Joh. 1:29; 3:14-16). Hy het gekom om sondaars te red (1 Tim. 1:15) en om die werke van die duiwel te verbreek (1 Joh. 3:8). En Sy koms was nie onverwags nie, maar is lank tevore voorspel (vgl. maar plekke soos Deut. 18:15-19; Ps. 110; Jes. 9:5, 6; 11:1-4; 28:16; Ps. 2:45, 72; Jer. 33:17-22; Eseg. 34:23, 24; 37:22-24; Miga 5:1-4; Jes. 53; Sag. 9:9; 6:12, 13; Mal. 3:1, ens.).

5. **Die vleeswording is gewortel in God se Triniteit:** Ons kan die vleeswording van Christus nooit deurgrond nie. Paulus sê: "En onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees . . . ." (1 Tim. 3:16). Tog gee die drie-enigheid van God vir ons enige lig. As God byvoorbeeld 'n starre, abstrakte eenheid was soos die Allah van die Mohammedane, dan sou ons nie kon aanneem dat so 'n "God" die menslike natuur kon aanneem nie. Maar nou is God drie en tog één. Daarom kon die Seun vir ons aan die kruis ly sonder dat die Vader of die Heilige Gees of die Goddelike natuur as sodanig

gely het.

Tog moet ons nou ook nie dink dat die drie Persone teenoor mekaar gestaan het nie, sodat die Vader een en al toorn was wat deur die Seun geblus is nie. Agter die lyde van Christus het één Goddelike liefde en reddingswil gestaan. Daarom sê Jesus: Ek en die Vader is Één (Joh. 10:30). Soos in die Drie-eenheid God Homself gebly het en tog Homself meegedeel het (bv. in die ewige generasie van die Seun), so het God Homself gebly en tog Homself aan ons meegedeel toe Hy in Christus ons natuur aangeneem het. Christus is van nature Seun en Beeld van God, en so kon Hy deur Sy vleeswording *ons* ook maak tot kinders van ons hemelse Vader. By die Triniteit is die Goddelike Wese en Persone onderskei. Daarom kon die tweede *Persoon* Hom met ons vereenselwig sonder dat ons daardeur deel kry aan die Goddelike *Wese* en vergoddelik word. So bly Skepper en skepsel onderskeie.

6. **Die vleeswording en die beeld van God:** Deurdat die mens God se beeld dra, kon God Homself in besondere sin aan die mens meedeel en met hom gemeenskap hou. Daarom word die mens genoem "seun van God" (Luk. 1:38) en die mensheid Gods geslag (Hand. 17:28). Dat God met die mens as Sy beelddraer kon *spreek,* is in sekere sin ook 'n neerdaling, 'n soort menswording van God en dus ook 'n voorbereiding vir die eintlike vleeswording in Christus. Die vleeswording kan dus beskou word as die spits, [101] kroon en voltooiing van God se openbaring in hierdie wêreld (Heb. 1:1-3). Hier spreek God nie meer *deur* mense (profete) nie, maar *praat Hy self* as van mond tot mond met ons.

7. **Die vleeswording voorberei in die geskiedenis van Israel:** Die hele Ou-Testamentiese geskiedenis is 'n wegbereiding vir die Christus (Jes. 40:1-11). Paulus sê dat God die evangelie tevore beloof het deur Sy profete in die Heilige Skrifte (Rom. 1:2, 3; vgl. 1 Pet. 1:10-12). Al die dinge wat ons in die Ou Testament aangaande die Engel van die Here lees, sien op Christus in Ou-Testamentiese gedaante (Gen. 32:24; Jos. 5:14; Jes. 63:9, ens.). Jakob het van Christus geprofeteer (Gen. 49:10). Jesaja spreek van Hom as Immanuel (Jes. 7:14). Die ark van Noag, die rots waaruit water gevloei het, die koperslang, die manna in die woestyn, die Paaslam, die tempeldiens, die hoëpriester, die groot versoendag, die priesterskap van Melgisedek, die koningskap van Dawid en Salomo op Sions top, die verblyf van Jona in die ingewande van die vis — alles, ja, alles het, volgens die Nuwe Testament ons leer, na Christus heengewys.

8. **Die vleeswording vervul in Christus:** Toe die tyd van voorbereiding vervul is, het Christus in die vlees gekom, en so het die koninkryk van God naby gekom (Mark. 1:15). Die Skrif praat in hierdie verband van die volheid van die tye (Ef. 1:10). "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou . . . ." (Gal. 4:4). Vir Christus het dit beteken dat Hy wat ryk was as die Seun van God, arm geword het om ons ontwil (2 Kor. 8:9). Hy het Homself ontledig *(kenosis)* deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem, waaragter Hy Sy Goddelike heerlikheid verberg het (Fil. 2:6-8; Jes. 53:2). Dis dus nie Sy menslikheid as sodanig wat Sy heerlikheid verberg het nie (Joh. 17:5; 1 Kor. 2:8), maar die feit dat Hy die verswakte en gebroke menslike natuur aangeneem het, alhoewel Hy sonder sonde was (vgl. Rom. 8:3).

Dis moeilik om presies te sê waarom Sy geboortetyd juis die volheid van die tyd was. Gewoonlik word gewys op die algemene toestand van verwarring en moedeloosheid destyds onder die mensheid. Verder word gewys op die feit dat die Romeinse Ryk die wêreld met goeie verbindingsweë en met één wêreldtaal (Grieks) saamgesnoer het, as gevolg waarvan die evangelie maklik versprei kon word, asook op die feit dat die Bybel destyds uit die Hebreeus

in Grieks vertaal was (Septuagint), waardeur dit makliker verstaanbaar was. Tog weet God alleen waarom Hy die tyd ryp geag het vir die vleeswording van Sy Seun en moet ons aanneem dat alles daarop toegespits was om die verskyning van Christus op daardie tydstip noodsaaklik en moontlik te maak. Ons moet net [102] nie die moontlikheid gaan beskou as 'n menslike moontlikheid nie, maar as 'n Goddelike. Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie, en ewe-eens is God se tyd ook nie ons tyd nie.

9. **Jesus Christus, Seun van Dawid, Seun van die mens:** Christus was na Sy persoon in eintlike sin die Seun van God (Luk. 2:49; Matt. 3:17; 11:27; 17:5). Dit neem egter nie weg nie dat Hy in volle en egte sin Seun van Dawid en Menseseun was. Dit blyk onder andere uit die geslagsregisters van Jesus. Selfs al sou die geslagsregister wat Lukas gee, moontlik dié van Maria wees, in onderskeiding van dié wat Mattheüs van Josef gee, dan nog word Christus wetlik in die lyn van Josef as 'n Seun van Dawid gereken. So is God se belofte aan Dawid vervul (2 Sam. 7:12, 13; vgl. Rom. 1:3; Matt. 9:27; Hand. 13:22, 23). Hierby kom dat Jesus Homself dikwels Seun van die mens genoem het, waarskynlik oorgeneem uit Dan. 7:13 (vgl. byvoorbeeld Matt. 9:6; 12:8; 16:13; 20:18; 26:2; Joh. 3:13; 6:27; 12:23). Christus het Sy ware wese as Seun van God raaiselagtig agter hierdie naam: “Menseseun”, tydelik verberg, soos blyk uit Matt. 16:13-20. Deur die benaming “Seun van die mens” het Hy nogtans Sy innerlike eenswesenheid met die mensdom betuig, asook beklemtoon dat Hy dié Seun van die mens was, dus 'n mens in heel besondere sin, nie maar net één van die mense nie. Jesus het mettertyd duideliker gemaak wie en wat Hy as die Seun van die mens was en waarvoor Hy gekom het, in teëstelling met die valse Messiasgedagte van die Jode, naamlik van 'n aardse koningskap waarin hulle die nasies sou oorheers.

10. **Gebore uit die maagd Maria:** Dis duidelik voorspel in Jes. 7:14 en hier kan daar geen sprake van die vertaling: “jonkvrou” wees nie, soos blyk uit Matt. 1:23. Veral Lukas gee in hoofstuk 1:26-38 'n duidelike beskrywing van die *maagdelike* geboorte. Blykbaar het Josef en Maria hierdie heerlike geheim by hulleself bewaar en later eers bekend gemaak. Daarom word daar nie in die briewe van Paulus en ander direk daarna verwys nie. Ewewel was dit reeds in die eerste eeu die erkende belydenis van die kerk. Dit beteken nie dat Maria 'n maagd *gebly* het, soos sommige leer nie. Daar is alle rede om aan te neem dat Maria later kinders by Josef gehad het (Matt. 12:46, 47; 13:55; Mark. 3:31; Luk. 2:7; Hand. 1:14; 1 Kor. 9:5; Gal. 1:19, ens.). Uit al hierdie tekste blyk duidelik dat Jesus broers gehad het, kinders van Maria, en nêrens word selfs daarop gesinspeel dat hulle kinders van Josef uit 'n vorige huwelik sou gewees het nie. Die huwelik as sodanig is eerbaar (Ef. 5:22-33), en daar kleef niks sondigs aan as Maria en Josef in die huwelik saamgeleef het nie.

Hier moet ons egter waarsku teen die afgodiese verering van [103] die maagd Maria. Wel moet ons haar eer as die moeder van die Here Jesus Christus. Die engel het haar gegroet as “begenadigde” (Luk. 1:28; vgl. ook die besondere groet van Elisabet aan Maria in Luk. 1:41-45). Maria sê self: “Van nou af sal al die geslagte my salig noem” (v. 48). Tog, sover dit Sy werk as Verlosser betref, staan Jesus alleen en los van Maria (Joh. 2:4; 19:26, 27; Luk. 11:27, 28, ens.). Dat Maria haar dit laat geval het om moeder van Jesus te word (Luk. 1:38) spreek van haar geloofsberusting en -gehoorsaamheid, maar daardeur het sy nog nie in eintlike sin meegewerk om die Verlosser van die wêreld voort te bring nie. Uit haarself was sy nie daartoe in staat nie, soos sy self erken (Luk. 1:34-37). Maria was per slot van rekening sondares soos alle ander mense, en moes daarom ook die seremoniële reiniging volgens die wet ondergaan (Luk. 2:22). Blykens Hand. 1:14 neem Maria glad nie 'n buitengewone ereplek in die kerk in nie. Ons verwerp daarom die leer van die sogenaamde “heilige ontvangenis” van

Maria waarvolgens sy geen erfsonde sou gehad het nie, asook die veronderstelde liggaamlike opstanding en hemelvaart van Maria. Vir ons is sy nie "Hemelkoningin", "Medeverlosseres", "Uitdeelster van genade", "Godbarende" en dergelike lasterlike dinge meer nie. Haar sogenaamde "onbevlekte hart" is nie die "ope poort na die hemel nie".

11. **Ontvang van die Heilige Gees:** Jesus het nie 'n aardse vader gehad nie. As persoon kom Hy uit die hemel (Joh. 3:13; 6:38). Hy het self in die skoot van Maria ingedaal, en deur die oorskaduwende krag (seënende inwerking) van die Heilige Gees is Maria bevrug. Daar is absoluut nêrens sprake daarvan dat die Gees die plek van die man sou ingeneem het nie. Trouens, die Gees het op Jesus bly inwerk tot selfs met Sy dood en hemelvaart (Jes. 11:2; Matt. 3:16; 4:1; Joh. 3:34; 1 Kor. 15:45, ens.). Deurdat Christus nie op die gewone wyse uit aardse ouers gebore is nie, is die inwerking van die erfsonde by Hom afgesny, sodat Hy van alle smet en sonde vry gebore is. Die Skrif sê dat wat uit vlees gebore is, vlees is (Joh. 3:6). Maar Christus is geestelik, omdat Hy uit die Gees gebore is. Dat Jesus heilig en sonder sonde was, word ons op baie plekke geleer (Mark. 1:24; Joh. 4:34; 8:46; Hand. 3:14; 2 Kor. 5:21; Heb. 4:15; 1 Pet. 1:19; 1 Joh. 3:5).

Christus moes in volle sin *mens* wees, en daarom is Hy uit die vlees en bloed van Maria gebore. Maar Hy was as Persoon bomenslik, ewig, Goddelik en moes dus van bo en van buite af in ons natuur indaal. Daarom is Hy van die Heilige Gees in die skoot van Maria ontvang. Hy is dus nie *uit* die aarde aards nie, maar die lewendmakende Gees wat lewe *in* die aarde ingebring het van [104] *bo* af. Daar sit dus verlossende en saligmakende krag reeds in Sy *geboorte* (Heidelbergse Kategismus, vr. 36). Hy kon nie anders as deur die Heilige Gees ontvang word nie.

## Les 23: DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS

1. **Die naam Jesus:** *Jesus* is die Griekse vorm van die naam *Jehoshua.* Dis dieselfde as Josua in Jos. 1:1, Jesus in Esra 2:1 en die hoëpriester Josua se naam in Sag. 3:1. Die naam beteken "Redder" of "die Here is heil" (Matt. 1:21). Jesus het Sy naam direk *uit die* hemel ontvang (Matt. 1:21), en Hy is dus nie maar één van die baie redders nie, maar dié Redder van die wêreld. Ook verskil Hy hierin van alle sogenaamde redders van die mensdom dat Hy en Hy alleen die wêreld van *sonde* verlos (Matt. 3:11, 12; Joh. 1:29). Hy het nie in die eerste plek gekom om allerlei gunste en gawes aan ons mee te deel of die hemel vir ons te verwerf nie, maar om ons met God te versoen en na Hom terug te lei. As ons dus gemoedelik praat van Jesus, soos sommige doen, dan moet ons begryp dat Sy liefde en vriendelikheid *daarin* bestaan dat Hy ons van die *sonde* verlos en dat dit nie sal help om Hom so te noem terwyl ons in die strikke van die sonde voortlewe nie. Hy laat Hom nie bespot nie (Gal. 6:7), en vir dié wat in die sonde volhard, is Hy 'n verterende vuur (Heb. 12:29).

Dis *met* die oog op Sy groot verlossingswerk dat Hy *Jesus* genoem is (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 11). Hy is nie te verklaar uit Sy afkoms, omgewing of fisieke en psigiese samestelling nie. Ons het aan 'n sogenaamde "lewe van Jesus" niks nie. Hy was God in die vlees, en geen sielkundige of ander ontleding kan ons iets meer van Hom verklaar nie. Hy is absoluut uniek en onvergelykbaar met ander mense, omdat Hy 'n unieke taak moes volbring (Hand. 4:12).

2. **Christus, die gesalfde:** "Christus" is nie 'n tweede naam van Jesus nie. Dis 'n toenaam en dui aan dat Hy die *gesalfde* Jesus is, d.w.s. van God gesalf deur die Heilige Gees. *Christus* is die Grieks vir die Hebreeuse woord *Messias.* Die salwing het aangedui dat iemand spesiaal deur God geroep of uitverkies en bekwaam gemaak is vir 'n bepaalde *amp.* So is byvoorbeeld

die priesters gesalf met heilige salfolie wat spesiaal daarvoor toeberei was (Eks. 30:22-32; vgl. Eks. 29:1-9). Ook konings is gesalf (1 Sam. 9:16; 2 Sam. 19:10; 1 Sam. 24:7; 16:1-3, ens.). Ons weet net van een profeet wat gesalf is (1 Kon. 19:16). Die salfolie was simbool van die Heilige Gees (1 Sam. 10:1, 6. 10). Soos die gesalfde [105] uiterlik geskitter het van die olie en 'n aangename geur versprei het, so het die Here Hom innerlik deur Sy Gees verheerlik en versier of toegerus om tot 'n seën te wees en God se wil te volbring (vgl. 1 Sam. 16:13). Waar die mens deur God gemaak was om profeet, priester en koning te wees en daartoe die gawes van hoof, hart en hand ontvang het maar dit deur die sonde verloor het, daar moes Jesus as die tweede Adam die salwing van die Heilige Gees ontvang om as die Groot Ampsdraer God se wil te volbring en Sy Raad uit te voer (Jes. 61:1; Luk. 4:17-21; Ps. 40:8, 9). Christus is gesalf tot Profeet (Deut. 18:15-19; Hand. 3:22; Joh. 6:67-69), ook tot Priester (Ps. 110:4; Heb. 5:6) en tot Koning (Ps. 2:6; 45:7; Hand. 10:38; vgl. verder ook Luk. 1:35; Matt. 3:16, ens.).

3. **Jesus Christus was God:** Artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat ons ook die geloofsbelydenis van Nicea en van Athanasius aanneem, afgedruk in die Psalmboek agter die Dordtse Leerreëls. En dis belangrik om hierdie geloofsbelydenisse hier aandagtig deur te lees. Hiervolgens is Jesus die eniggebore Seun van God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God . . . van dieselfde Wese met die Vader deur wie alle dinge gemaak is; verder is Hy "ongeskape", "ewig", "almagtig", "volkome God", "uit die substansie van die Vader", ens. Jesus Christus was die Seun van God (Matt. 3:17; 11:27; Joh. 1:14; Matt. 16:16; 26:63-64). As sodanig het Hy van ewigheid af bestaan (Joh. 1:1; 17:5; Gal. 4:4; Fil. 2:6-8. Deur Hom is alle dinge geskape (Joh. 1:3; Ef. 3:9; Kol. 1:16, 17). Alle heil en saligheid kom deur Jesus Christus (Matt. 1:21; 18:11; Joh. 14:6; Hand. 4:12). Hy word *God genoem* (Joh. 1:1; 20:28; Rom. 9:5; Tit. 2:13; 2 Pet. 1:1; Heb. 1:8, 9). Alhoewel engele en mense (regters) in die Bybel ook soms figuurlik "gode" genoem word, word nooit van hulle soos van Christus gesê dat hulle die afskynsel van Gods heerlikheid is nie (Heb. 1:3). Geen mens, hoe groot of heerlik ook al, kan, soos Jesus, van homself sê nie: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:9). Ook lees ons van Jesus Christus dat Hy met Goddelike mag beklee is (Matt. 11:27; 28:18; Joh. 3:35; 17:2; 1 Kor. 15:27; Ef. 1:20-23; Fil. 2:9; Kol. 2:10; Heb. 2:8) en verder dat Hy die wêreld sal oordeel (Joh. 5:27; Matt. 25:31 e.v.; Hand. 10:42; Rom. 14:10; 2 Kor. 5:10; vgl. verder Jes. 9:6; Jer. 23:6; Miga 5:1; Mal. 3:1; Joh. 1:18; Matt. 14:33; Rom. 1:4; 9:5; Kol. 2:9; Heb. 1:8).

4. **God in die vlees:** Jesus Christus was nie net *Goddelik* (bv. in Sy kennis, mag, liefde, heiligheid, ens.) nie, maar was God selfs in die vlees. In Hom het God self as Persoon gehandel en met ons gepraat. Daarom is Sy naam: *Immanuel,* d.w.s. *God met ons* [106] (Jes. 7:14). Daarom kon Hy sondes vergewe (Matt. 9:6), alhoewel Sy vyande gedink het dat Hy laster. Daarom kon Hy selfs dooies lewend maak (Joh. 11:41-45), omdat Hy deur God self gestuur was (Joh. 17:1-5). Daarom sê Johannes dat elkeen wat die Seun loën, ook die Vader nie het nie (1 Joh. 2:23) en dat elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, nie uit God is nie, en dit is die gees van die Antichris (1 Joh. 4:3). Hier kan ons die belangrikheid van die Triniteitsleer beter verstaan. Terwyl God Homself gebly het as die Vader, kon Hy tog vlees aanneem as die Seun. As Jesus nie in volle sin *God* was nie maar 'n halfgod (Gnostisisme) of 'n ideale mens (Arius, Socinus), dan kan ons in Hom nooit God self ontmoet nie en is ons nog van God verlate in die sonde en die dood (vgl. Joh. 14:10; 6; 10:30; 8:58; 5:26; Openb. 1:7, 8). Van dieselfde Jesus word dikwels Goddelike en menslike dinge tegelykertyd gesê (bv. Joh. 1:14; Fil. 2:6 e.v.; Ef. 4:10; Gal. 4:4). Van Jesus Christus na

Sy mensheid word dikwels Goddelike dinge gesê (Joh. 6:62; Hand. 3:15; 1 Kor. 2:8; Heb. 4:14, 15). Na Sy mensheid was Jesus nie alwetend nie (Mark. 13:32; Luk. 2:52), en tog was Hy as God alwetend (Joh. 16:30; Matt. 11:27). Sy wonderwerke het Hy gedoen as God, maar Hy het gely en gesterwe as mens. En tog was dit een en dieselfde Persoon in die twee nature.

Wie sal dit ooit kan deurgrond? Ons kan maar net Gods grootheid en wysheid hierin aanbid.

5. **Implikasies van die God-syn van Jesus:** As Jesus nie God was nie, al was Hy dan ook hoe 'n wonderlike mens, beteken dit dat ons heil en saligheid nie van God nie maar van 'n *mens* af kom. Dan vertrou ons op vlees (vgl. Ps. 118:8; 146:3-6). Dan verval ons ten slotte in mensvergoding, naamlik van die goeie en voorbeeldige Rabbi van Nasaret. Dan verskil ons nie wesenlik van die Humaniste, wat hulle vertroue in die maagd Maria en die "heiliges" stel nie. En dit is duidelik dat die dood van 'n gewone mens, al word dit ook met hoeveel lourierkranse omhang, geensins 'n offer sou kan wees om die sonde van die hele wêreld te versoen nie.

Iets anders is dit wanneer Christus as Seun van God aan die kruis, in die vlees, gesterwe het. Jesus het Homself beskou as die ewige Seun van God. Hy was waarlik nie maar 'n soort fanatieke godsdiensstigter soos Boeddha, Zaratustra of Mohammed nie. Hy het nie maar vir ons geleer wie God is en wat Sy wil is nie. Hy was nie maar 'n openbaring van God se *Liefde* nie, maar van God *self*. Hy het nie maar 'n soort sedelike Godsryk op aarde gestig nie, maar is in eie Persoon self die Hoeksteen van die Tempel van God, die onmisbare skakel van versoening en gemeenskap tussen God [107] en mens. Jesus staan nie maar net vir 'n *idee* (bv. van reinheid, liefde, selfverloëning) wat altyd en oral waar is nie. Nee, Hy is 'n unieke historiese persoonlikheid wat één maal gely en gesterf het, opgestaan en na die hemel gevaar het om die Godsryk in die wêreldgeskiedenis tot vervulling en afronding te bring met Sy wederkoms. Hy moes volle *mens* wees om vir ons te kon ly en sterwe. Hy moes volle *God* wees om vir ons die dood te kon oorwin.

6. **Dwalinge in verband met die vleeswording:** Daar was van die vroegste tyd af allerlei dwalinge ten opsigte van die vleeswording. Sommige, soos die Gnostisiste, het in Hom so 'n soort halfgod gesien. Volgens hulle sou Hy slegs 'n .sAyrtliggaam aangeneem en so die Satan mislei het. Dit word genoem die Dosetisme, *skyn*vertoning. Ander glo weer dat Hy nie uit die vlees van Maria geword het nie, maar dat Hy Sy liggaam uit die hemel saamgebring en net *deur* Maria gegaan het.

Hierdie mense maak 'n teëstelling tussen stof en gees, tussen natuur en genade. So is die hele moderne neiging om Christus te sien as die oorgangspunt tussen tyd en ewigheid, tussen die historiese en bo-historiese of Goddelike bestaan en lewe. God openbaar Homself wel dialekties in die historiese Jesus, maar eintlik so dat die geskiedenis opgehef en die natuur beëindig word, deurdat dit in die transendentale bo-historiese, ewige wêreld opgerig word. Van God in die vlees in eintlike sin is daar nie sprake nie. Want, so word gesê: eindigheid kan die ewigheid nie omvat nie, d.w.s. daar is geen versoening of vereniging moontlik tussen die Goddelike en die historiese bestaan nie. Tog is dit vir ons 'n dierbare en troosryke gedagte dat God, ja, God self, in Christus in ons lewe en wêreld ingekom het om dit te verlos. Alleen *God* was sterk genoeg om die poorte van die hel vir ons te oorwin (Ps. 49:7-10). Alleen in Christus kan ons die lewende God ontmoet; anders sou ons Hom *nooit* kon vind nie (Joh. 14:6). Die hele valse teëstelling tussen natuur en genade val vir ons weg in Christus, in wie ons

daadwerklik met die ewige God verenig word, terwyl God tog God bly en ons mense bly.

7. **Jesus Christus was waaragtig mens:** Hy was uit die geslag van Dawid (Hand. 2:29, 30; Rom. 1:3) en uit Israel (Rom. 9:5), ons in alles gelyk uitgenome die sonde (Heb. 4:15; 2:17), 'n waaragtige *mens* (Rom. 5:15; 1 Kor. 15:21). Hy het opgegroei soos enige kind (Luk. 2:40, 52), het honger gehad (Matt. 4:2), dors gehad (Joh. 14:28), geween (Luk. 19:41; Joh. 11:35), was bedroef (Matt. 26:38), het getoorn (Joh. 2:15), het gely en gesterwe soos 'n mens. Hy het 'n liggaam gehad (Matt. 26:26; Joh. 20:12; Fil. 3:21), 'n liggaam van vlees en bloed [108] (Heb. 2:14), en daarby 'n siel (Matt. 26:38) en 'n gees (Matt. 27:50). Jesus kon doodgemaak word (Joh. 8:40). Hy het soos 'n mens die asem uitgeblaas by Sy dood (Luk. 23:46). Hy het selfs na Sy opstanding nog hande en voete en 'n menslike liggaam gehad (Luk. 23:39). Jesus het ook moeg geword en geslaap (Matt. 8:24). Jesus het soos 'n mens met smekinge en trane geroep in die gebed en selfs gehoorsaamheid geleer uit Sy lyde (Heb. 5:7, 8). Dit wil nie sê dat Hy sondig en swak was soos ons nie (Joh. 8:46; 2 Kor. 5:21; 1 Pet. 2:22; 1 Joh. 3:5), maar dat Hy in die weg van lyde Homself verloën het en altyd dieper gebuig het onder die kruis wat Hom opgelê is, alhoewel Hy daaronder swaar gekry het, soos blyk uit Sy worsteling in Getsemane. Hy was dus as mens onderhewig aan alle menslike beperkinge, uitgesonderd die sonde. Alhoewel Sy menslike en Goddelike nature deur Sy Persoon saam verbind is tot 'n hegte eenheid, het die twee nature nie vermeng nie (kyk Heid. Kateg., vr. 48). Uit tekste soos Mark. 5:9; 13:32, ens., is dit duidelik dat Jesus as mens beperkte, alhoewel foutlose, kennis gehad het (vgl. ook Luk. 20:40, 52 en Mark. 11:13).

8. **Waarom Christus mens moes wees:** Hy moes 'n ware, egte mens word, ja, dié mens wat alle mense kon verteenwoordig (Heb. 10:10-14; 2 Kor. 5:10). Hy moes ons verswakte natuur aanneem, sodat Hy in elke opsig in ons plek kon staan, uitgenome die sonde (Heb. 2:17, 18; 4:15-5:2). Christus sou nie vir *ons* kon sterwe as Hy self sonde gehad het nie (Heb. 7:26, 27). Christus moes *mens* word om as mens met ons in gemeenskap te kan tree en ons vloek te dra. Terselfdertyd was Hy as *God* in staat om ons uit ellende op te voer tot die volsalige gemeenskap en eenheid met God. Deurdat Hy 'n waaragtige mens was, kon Jesus ons ook roep om Hom na te volg, terwyl ons deur die Gees met Hom as Hoof één liggaam vorm (Matt. 11:29; Joh. 13:13-15; Fil. 2:1-8; 1 Pet. 21-25). Nooit het God so naby ons gekom as in die vleeswording van Christus nie. Daardeur het God die las van ons sondes as 't ware op Sy eie skouers geneem en ons in Sy sterk arms opgevoer uit die dieptes van die dood na die ewige lewe. Dis vir ons so troosryk om te dink dat God in Christus *alles* deurgemaak het wat ons moet deurmaak, tot ook ons beproewinge en versoekinge; God weet en ken dit alles (Heb. 2:18; 4:15).

Dit wil nie sê dat Jesus teen sondige begeertes of neiginge moes stry soos ons nie, maar wel dat die hele lydensweg wat Hy moes bewandel, vir Hom 'n geweldige versoeking ingehou het, aangesien Hy die kruis vrywillig op Hom geneem het en dit te eniger tyd kon aflê as Hy wou. Dis enkel Sy onbegryplike Middelaarsliefde wat Hom laat volhard het. Nogtans mag ons getroos wees dat ons [109] Heiland alle menslike leed en stryd deur en deur ken en dat Hy ons *verstaan* soos geen ander nie, selfs al vertoorn Hy Hom oor ons sonde en verdorwenheid. "Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is" (Ps. 103:14).

## Les 24: DIE PERSOON VAN DIE HERE JESUS CHRISTUS

1. **Één Persoon en twee nature:** Artikel 19 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê: "Ons glo dat .... die Persoon van die Seun onafskeidelik verenig en saamgevoeg is met die

menslike natuur, sodat daar nie twee Seuns van God of twee persone is nie, maar twee nature in een persoon verenig, terwyl elke natuur ewenwel sy onderskeie eienskappe behou."

Hier het ons die klassieke leer van die kerk, soos reeds in die Konsilies van Nicea en Chalcédon in die vierde eeu n.C. vasgelê. Die Skrif sê nie dat God (in die vleeswording) in 'n *mens* gaan woon het nie, maar dat Hy *vlees* geword het (Joh. 1:3). Christus, die tweede *Persoon* in die Triniteit, het die *menslike natuur* aangeneem, terwyl Hy terselfdertyd in elke opsig God *gebly* het. Dit *wil nie sê* dat die menslike natuur van Christus *onpersoonlik* was nie, maar dat dit gedra is deur die *Persoon* van Christus. Hy was dus nie 'n halwe mens sonder 'n Ek of subjek nie. Nee, Hy was *volle* mens, maar Sy Ek het Hy uit die hemel met Hom saamgebring. So alleen kon Hy *God* in die vlees wees, nie net *Goddelik* nie maar *God self* in eie Persoon.

Weliswaar het Hy besondere eer en heerlikheid ontvang na Sy hemelvaart (Rom. 1:4; Hand. 5:31; Fil. 2:9), maar dit neem niks daarvan af dat Hy van ewigheid af, voor en na Sy vleeswording, Seun van God was nie (2 Kor. 8:9; Fil. 2:6; Kol. 1:15-17, ens.). Buiten God is geen heil of saligheid te vinde nie. As Christus dus nie *God* was nie, sou ons tevergeefs na Hom gevlug het vir redding.

2. **Mistieke samebinding van die twee nature:** Daar was van vroeg af 'n neiging om die verhouding van die twee nature van Christus min of meer te sien as 'n soort los sedelike vereniging, 'n eenheidswil en -strewe tussen God en mens, net soos byvoorbeeld man en vrou as twee aparte indiwidue tog saamgesnoer word in die huweliks-eenheid. Hierdie opvatting, wat o.a. deur Nestorius sterk beklemtoon is, is op die Konsilie van Chalcédon (451 n.C.) sterk afgewys. Daar is op gewys dat die eenheid van God en mens [110] in Christus iets anders was as die beïnvloeding van 'n mens deur die Heilige Gees. Christus het nie net méér van die Gees gehad as enige ander mens nie, maar Hy self was die verpersoonliking en draer van die Gees van God, omdat Hy self God was. God, wat 'n gees is, het persoonlik deur Hom geleef en gewerk. Die twee nature was "ongedeeld en ongeskei" in Sy Goddelike Persoon saamgesnoer. Die Konsilie het verklaar dat die *Subjek* van Christus was "een en dieselfde Christus, Seun, Here, Eniggeborene .... met behoud van die eienaardigheid van elke natuur, en in een persoon en hipostase samelopende, nie in twee persone verdeel of gedeel .... nie".

3. **Jesus geen Godmens nie:** Die Konsilie van Chalcédon het ook besluit dat die menslike en Goddelike nature "onvermengd en onveranderd" in die Persoon van Christus verenig was. Hier is dus die idee van 'n vermenging en ineenvloeiing van God en mens in Christus verwerp. Jesus Christus was nie 'n halfgod of sogenaamde Godmens nie. Alhoewel die woord "Godmens" soms in 'n goeie sin van Jesus gebruik word, gee dit tog aanleiding tot panteïstiese gedagtes, asof Christus so 'n soort gemengde wese was wat tot stand gekom het deur die vereniging of samesmelting van God en mens. Tog was en is dit 'n gedagte wat tot vandag toe in sterker of swakker vorm by baie voortlewe. Die gedagte is gevoed deur die beskouing dat Christus in Sy menslike natuur teenwoordig moet wees op elke plek en tyd waar die Awendmaal gevier word, omdat Hy dan op een of ander wyse "liggaamlik" deur die Nagmaalgangers genuttig sou word. Daarom het hierdie mense sover gegaan om alomteenwoordigheid en alwetendheid aan Christus as *mens* te verkondig; m.a.w. Hy besit, as *mens,* sekere Goddelike eienskappe. En so word dan 'n Christus voorgedra wat *nie* aan ons in alle opsigte gelyk was uitgenome die sonde nie. Immers, dis 'n kenmerk van die menslike natuur om *beperk* (tyd-ruimtelik) te wees. As die engele vir Christus se dissipels sê dat Hy *net so* weer sal kom soos hulle Hom sien weggaan het, volg daaruit dat Hy, wat Sy

liggaam betref, *nie* alomteenwoordig kan wees nie. En *as* ons aan Hom, as mens, Goddelike eienskappe sou toeskrywe, dan *was* Hy nooit 'n ware mens soos ons nie. Dan is alles *skyn*. Uit Joh. 3:13 is dit duidelik dat Jesus *uit* die hemel neergedaal en *daarheen* opgevaar het. Jesus verklaar dat Hy *nie daar* was toe Lasarus gesterf het nie (Joh. 11:15). Jesus is nie altyd liggaamlik by Sy dissipels nie (Joh. 12:8; vgl. Joh. 16:28). Tog is Jesus na Sy Godheid, majesteit, genade en Gees altyd by Sy volk op aarde (Heid. Kateg., vr. 47; Matt. 18:20; 28:20). Christus is vandag "by Sy Vader" (Joh. 14:12, 28) en is deur die hemel ontvang (Hand. 3:21), *van waar* ons Hom as Verlosser [111] verwag (Fil. 3:20). Sy mensheid is *nooit* vergoddelik nie, nie tydens Sy lewe op aarde nie en ook nie daarna nie.

**4. Verhouding van twee nature tot mekaar:** (a) *Kommunikasie van eienskappe:* Hiermee word nie bedoel, soos hierbo aangetoon, dat Christus se menslike natuur deel gekry het aan Goddelike alomteenwoordigheid en Goddelike alwetendheid nie. Nee, Christus was deur en deur mens, sodat Hy self in gebede en trane met God geworstel het, soos bv. in Getsemane en aan die kruis (Heb. 5:7, 8). Nee, maar die bedoeling is dat, alhoewel elke natuur (menslik en Goddelik) sy identiteit behou het, hulle tog so saamverbonde was aan dieselfde subjek of Persoon van Christus dat die eienskappe oor en weer toegepas word op die verskillende nature. So word byvoorbeeld gesê dat die Seun van God vir ons *gesterwe* het of dat die *bloed* van Christus ons reinig van sondes (1 Joh. 1:7).

(b) *Kommunikasie van werkinge:* Een en dieselfde Persoon, Jesus Christus, God en mens, het die verlossing van die wêreld bewerkstellig. So het Hy in albei Sy nature opgetree toe Hy Sy wonders verrig het. Hy wandel as mens op die see en wek dooies op, maar dit doen Hy deur Sy Goddelike krag. Albei nature tree dus saam op, elkeen na sy eie aard en vermoë. In die werking van beide nature is Hy die goeie herder, die ware wynstok, ens. Sy Goddelike krag en heerlikheid het meermale deur Sy menslike slaafse gestalte gebreek en uit Sy woorde en dade gestraal (Joh. 2:11; 1:14). Juis aan die kruis, waar Sy menslike swakheid en gebrokenheid die duidelikste sigbaar was, het Sy Goddelike krag Hom die heerlikste ondersteun en aan Hom die oorwinning besorg.

(c) *Kommunikasie van gawes:* Hiermee word bedoel dat Christus se menslike natuur ryke en seënryke beïnvloeding van die Heilige Gees ontvang het, sodat Christus wel 'n buitengewoon begiftigde mens was, alhoewel dit nie wegneem dat Hy in wysheid en in genade kon groei en toeneem nie (Luk. 2:52). Christus se menslike kennis, ook van Homself, kon en moes toeneem, deurdat Hy geleidelik dieper ingedring het in Sy diepere Self, soos dit aan Sy Goddelike natuur en bestaan verbonde was. Dit beteken egter geensins dat Hy kon gedwaal het of dat Hy sedelik te kort geskiet het nie. As mens was Hy vatbaar vir liggaamlike pyn en uitputtinge en moes Hy selfs in Getsemane besondere ondersteuning ontvang. Ons mag dus nie Sy menslike natuur *so* deur die Goddelike laat deurdring dat Hy eintlik geen menslike beperktheid meer gehad het en as mens sonder geloof in direkte aanskouing van God geleef het, soos sommige doen nie. Dit lyk of baie mense Christus meer sien as 'n vergoddelikte mens in wie die mensheid tot sy ware bestemming gekom het om in God te versink. As Calviniste sien [112] ons die vleeswording van Christus meer as die aanname van ons swakke menslike vlees, om daarin die las van Gods toorn oor ons sondes te dra en ons met God te versoen (Heb. 2:17, 18; 3:1, 2; 12:2; Matt. 27:46).

5. **Hoe is God teenwoordig in Christus?** Hierop kan ons antwoord dat God in die vleeswording alleen persoonlik aanwesig is in die mens Jesus Christus. Ons verwerp dus die idee asof Christus alleen vir ons die liefde en genade van God gedemonstreer of geopenbaar het. Dis nie maar net dat Hy intens met God saamgeleef het of met Sy volle

toewyding die wil van God volbring het terwyl Hy onder dit alles tog maar niks meer as 'n *mens* was nie. Hy het ons ook nie maar net met God bekend gemaak nie. Hy was ook nie maar 'n fanatieke dweper of 'n sosiale hervormer of 'n godsdiensstigter soos baie Hom voorhou nie.

Die historiese Jesus is die vleesgeworde Woord, is God self, geopenbaar in die vlees. Dis nie, soos baie vandag leer, dat die Christus in Jesus *verberg* is nie, dat Sy historiese bestaan, lewe en sterwe eintlik 'n *bedekking* is van Sy Goddelikheid, wat eers met Sy opstanding (wat *nie* 'n historiese gebeurtenis in *ons* wêreld sou wees nie, maar 'n bo-historiese, transendentale, Goddelike gebeurtenis) openbaar sou geword het en nie direk waarneembaar nie, maar *alleen* deur die geloof geken word as 'n inslag uit die ewigheid. So sou dan die eintlike en ware *mens* tot openbaring kom, wat incognito in ons geskiedenis verborge lê en nie *uit* ons wêreld van onder af die Goddelike bereik nie, maar *in* ons wêreld, as sy teëbeeld of antitese, van bo af ingedra word en so die wêreld tot sy ewige bestemming bring.

Hierin lê ten diepste dieselfde dodelike dwaling as dié in verband met die menswording van Christus om, naamlik die mensheid, die historiese, tydruimtelike bestaan te laat verslind deur die ewige, Goddelike bestaan, sodat God opgaan in die bestaan van Christus en sodat God en mens ten slotte dieselfde is.

6. **Die twee nature het selfs in die dood met mekaar verenig gebly:** Die vereniging van die Goddelike en menslike nature was so volkome en innig in die Persoon van die Here Jesus Christus dat dit selfs in en deur die dood nie van mekaar geskei kon word nie. Aan die kruis van Golgota het dieselfde persoon as mens gesterwe en as God bly lewe. In Christus, en in Hom *alleen,* is God en mens saam in één Persoon verbind.

Daarom is Christus absoluut uniek en nie maar 'n tipe nie. Selfs toe Jesus Christus as mens in die graf gelê het, was Hy as Seun van God op die troon van heerlikheid. En, om nog verder te gaan, toe Christus uit die hemel neergedaal het en in Maria die vlees [113] aangeneem het, het Hy nogtans as God (Logos) in die hemel gebly en alles vervul (Joh. 1:18; 13:3; 1 Kor. 2:8).

Dwarsdeur Sy lewe was Christus onlosmaaklik verbonde aan Sy Goddelike natuur en is Sy swakke mensheid steeds onderskraag deur Sy Goddelike krag en wysheid. Daarom kon die apostel sê dat Hy Hom deur die Gees opgeoffer het (Heb. 9:14). En deur dieselfde Gees woon en werk Christus weer in ons, sodat ons, alhoewel op 'n ander manier, tog ook in sekere sin deel kry aan die mistieke unie met God en deelgenote kan word van die Goddelike natuur (2 Pet. 1:4) en sodat Christus in ons kan lewe (Gal. 2:20). Alhoewel in ons geval daar geen sprake is van 'n persoonlike vereniging met God, soos dit die geval met Christus was nie, is daar tog 'n *lewenseenheid* wat veel meer as 'n blote sedelike eenheid tussen ons en God is, soos onder andere blyk uit die beelde wat gebruik word van die wynstok en die ranke of van die hoof en die liggaam (Joh. 15:1-6; Ef. 1:22, 23).

7. **Die leer van die twee nature 'n onbegryplike misterie:** So staan ons dan voor 'n onbegryplike raaisel as ons met Christus te doen kry. Hy is, soos Paulus sê, 'n struikelblok vir die Joodse werkheiligheid en 'n dwaasheid vir die Griekse wysgerige denke (1 Kor. 1:23). Dat iemand terselfdertyd die ewige, almagtige God kan wees en ook 'n arme, nietige, sterflike mens, is vir ons verstand totaal onverklaarbaar. Dit gaan hier eenvoudig om wat die Skrif ons leer en wat vir ons so troosryk en soet is. Dat Hy terselfdertyd as mens op een bepaalde plek ingeperk kan wees en tog as God alles en almal vervul (wat die extra-

Calvinisticum genoem word, omdat Calvyn dit so sterk beklemtoon het), is vir ons verstand ondeurgrondelik. Tog wou die kerkvaders nie diepsinnige spekulasies oor Christus besin nie, maar net die gedagtes van die Skrif weergee, al was dit dan ook deur abstrakte terme soos *natuur* en *persoon.* Onder *natuur* het hulle net eenvoudig verstaan die syns- of bestaanswyse van iemand, bv. as God of mens. En onder *persoon* het hulle verstaan die subjek of ego wat die nature dra, die *Ek* van Christus. Dit was hulle net daarom te doen om God sowel as mens op Bybelse wyse in Christus saam te vat. Daarom het Calvyn die menslikheid van Jesus so sterk beklemtoon dat hy ten onregte van Nestorianisme beskuldig is.

8. **Voortdurende vleeswording?** Daar is mense wat meen dat Christus nog gedurig vlees aanneem en wel in die gestalte van Sy kerk, wat Sy liggaam is. Onder invloed van die dialektiese teologie wat in ons tyd so opgang maak, word die grense van kerk en wêreld eintlik identies, sodat Christus vir Hom 'n liggaam verkry in die *mensheid,* deurdat Hy vanuit die ewigheid die aardse tyd binnebreek en in Sy dood en opstanding vir ons die diepste sin van [114] ons bestaan demonstreer, naamlik dat alle tyd-historiese werklikheid "vlees" is en bestem om te vergaan, omdat dit verslind word deur die onaanskoulike, bo-historiese werklikheid. Christus het dan nie mens geword om as sodanig ons sondes aan die kruis te versoen nie. Nee, Sy menswording self *is* ons versoening met God, deurdat daarin die brandpunt van ons eenwording met God gevind word.

Ons vind hierdie gedagte ook in verband met die vergoddeliking van Maria en in haar ook van die mensheid wat sy verteenwoordig. Aan die een kant is Maria (die mensheid) die Godbarende, maar aan die ander kant kom God tot openbaring in Maria, d.w.s. kom tot vergestalting in die mensheid. So kom hulle dan tot die gedagte dat die kerk eintlik die liggaam van Christus is en dat Hy gevolglik nog steeds vlees *word* in Sy kerk. En so kom dit dan dat die kerk in die persoon van sy aardse "hoof" Goddelike eer en aanbidding ontvang.

Alhoewel die gemeente in afgeleide sin die "liggaam" van Christus genoem word, moet ons dit nie in realisties-fisieke sin opvat nie. Dit is wel so dat ons met Christus deur die Gees so verenig is dat "al is dit dat Christus in die hemel is en ons op die aarde, ons tog vlees van Sy vlees en been van Sy gebeente is en dat ons deur een Gees — soos die lede van een liggaam deur een siel — ewig lewe en geregeer word", soos ons lees by vr. 76 van die Heidelbergse Kategismus. Maar dit neem nie weg nie dat Christus aan die kruis 'n *volkome* offer gebring het (Heb. 10:11-13) en dat daar in geen opsig meer iets kan of hoef bygevoeg te word nie, behalwe die *toepassing* van wat Hy vir ons verwerf het. Van 'n nog steeds voortdurende vleeswording van Christus in eintlike sin kan daar geen sprake wees nie.

Ons moet ook hier waak teen mensvergoding. As ons Christus aanbid, soos ons seker mag en moet doen, dan aanbid ons nie Sy menslike natuur nie, maar wel Sy Goddelike natuur en *Homself as Persoon* vir wat Hy vir ons in albei nature beteken (1 Kor. 1:2; Openb. 5:12b). Christus self het ons geleer dat ons God alleen moet aanbid (Matt. 4:10).

## DIE WERK VAN CHRISTUS

## Les 25: DIE DRIEËRLEI AMP VAN CHRISTUS

**1. Christus, die Middelaar:** Christus het Sy werk op aarde gedoen as die Middelaar tussen God en die mense. Daarby was Sy hele wese betrokke, as God en mens, alhoewel Hy alleen as mens [115] gely het. Die Skrif sê: "Want daar is een God en een Middelaar

tussen God en die mense, die mens Christus Jesus" (1 Tim. 2:5; Heb. 8:6; 12:24). Christus moes as Middelaar optree sodat Hy God en mens met mekaar kon versoen en die vrede kon herstel. En dit het Hy nie gedoen deur as 'n derde Party op te tree nie, maar so dat Hy, eenswesend en eenswillend met God, volkome aan Gods kant was en terselfdertyd as mens Homself volkome aan ons kant in ons plek gestel het. En wat 'n magtige en allesoortreffende *taak* het Hy nie gehad om te volbring nie! In Jes. 53:11 word dit genoem "moeitevolle arbeid". Dit was 'n alomvattende taak en het God en mens geraak en verder alle reg en liefde, die hemel en die aarde, sonde en genade, kerk en wêreld, die hemelse en die helse ryk, ens. Waarlik, groter werk het niemand ooit gedoen as *Hy* nie. Geen wonder nie dat Sy name was Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors (Jes. 9:5).

2. **Christus was ook Middelaar onder die Ou Verbond:** As Christus net na Sy menslike natuur Middelaar sou gewees het, dan het dit beteken dat daar onder die Ou-Testamentiese bedeling geen Middelaar was nie, omdat Christus nog nie as mens gebore was nie. Daarom sê die Skrif dat Moses, die Ou-Testamentiese tipe van Christus, die middelaar van die Ou Verbond was (Eks. 20:19; Gal. 3:19; vgl. Deut. 5:5; Eks. 32:32). Ons moet egter sê dat Moses meer *bemiddelaar* was as middelaar, omdat hy nie in staat was om die kloof tussen God en mens te demp nie. Hy was nie in staat, soos Christus, om God se reg en Sy liefde met mekaar te versoen nie.

Maar omdat Christus ook Middelaar van die Ou Testament was, kon die gelowiges in daardie bedeling gered word. Hulle het nie met hulle dood in 'n soort *wagkamer* verkeer nie, soos soms geleer word nie, maar ingegaan tot die heerlikheid. Daarom sê die Skrif dat Abraham reeds die dag van Christus gesien het (Joh. 8:56). Christus was onder die ou bedeling nie maar net 'n abstrakte toekomsfiguur nie, maar Hy was die lewende Heiland van Sy volk. Reeds in die ewige Vrederaad *het* Hy Homself verbind en gegee as Redder van Sy volk, en onmiddellik *ná* die sondeval het Hy as sodanig opgetree, alhoewel toe nog in ander vorm en gestalte as na Sy vleeswording. Christus was dus dié Middelaar, absoluut enig en eiesoortig. Daar was nie nog een soos Hy nie, en daar sal ook nooit een wees nie. Hy is deur die Heilige Gees gesalf, d.w.s. geroep en toegerus vir Sy taak. En net soos die salfolie in die Ou Testament nie nagemaak mag word nie, so was daar maar net één salwing met die Heilige Gees soos Christus dit ontvang het. Dit kon op *daardie* wyse nooit weer herhaal word nie.

[116]

3. **Die drie ampte van Christus was wesenlik net één:** Ons sê gewoonlik dat Christus gesalf is tot Profeet, Priester en Koning, en bring dit in verband met die feit dat die mens sy taak verrig met hoof, hart en hand. Dis drie onderskeie funksies, maar gaan in 'n gesonde, normale lewe tog met mekaar gepaard. Nou het Christus in sekere opsigte meer as Profeet opgetree, in ander weer meer as Priester of as Koning. Dis ook waar dat Hy in die Ou-Testamentiese bedeling meer Sy profetiese amp uitgevoer het. Aan die kruis en dwarsdeur Sy lewe sien ons Hom meer as die Priester van versoening en barmhartigheid. En nou in die hemel is Hy eintlik die groot Koning op Sy troon, aan wie alle mag in hemel en op aarde gegee is.

Tog was Christus altyd al drie die ampte tegelyk en tesame. Ons mag nie, soos die Rasionalisme, Sy profetiese amp, of soos die Mistisisme, Sy priesterlike amp, of soos die Chiliasme Sy koninklike amp beklemtoon ten koste van die ander nie. Ons sal nog let op

elke amp afsonderlik, maar ons moet onthou dat Hy koninklik is in Sy priesterlike barmhartigheid en profetiese wysheid; dat Hy priesterlik is in Sy koninklike magsuitoefening en Sy profetiese leiding van Sy volk en dat Hy profeties is in Sy koninklike versiendheid en Sy priesterlike ondersteuning van dié wat Syne is — Hy leer ons, ook wanneer Hy goed doen. So is Sy dood 'n (profetiese) belydenis (1 Tim. 6:13; 1 Pet. 2:21), maar ook 'n (priesterlike) offerande (Ef. 5:2) en 'n (koninklike) betoning van Sy mag (Joh. 10:18). So profeteer Christus vanuit die hemel deur Sy Woord en Gees, maar dis terselfdertyd koninklike magsbetoning tot neerwerping van die hel, bevryding van Sy volk. En Sy voorbidding in die hemel is nie net priesterlike intrede vir ons nie, maar koninklike magswil om ons te verlos (Joh. 17:24). Die drie ampte is dus eintlik meer drie aspekte van Sy een groot Middelaarswerk, maar moet tog onderskei word. Onder die Ou Testament was profeet, priester en koning apart, maar in Christus is dit alles verenig. Hy verkondig profeties die evangelie met groot priesterlike bewoënheid en red dan ook met koninklike mag deur Sy wonderwerke.

4. **Christus as Profeet:** God het aan die mens (Adam) verstand gegee, waardeur hy God moes ken en Sy werke moes deurgrond. Maar deur die sonde is die mens se verstand verduister, sodat hy in onkunde, dwaling, bygeloof en verdwasing verval het. Om profeet te wees, beteken om mondstuk van God te wees (Eks. 7:1; Deut. 18:18; vgl. Num. 12:6-8; Jes. 6). 'n Profeet moet God se Woord hoor en verkondig (Eseg. 3:1-4). Hy moet die wil van God bekend maak, die wet interpreteer en getuie van God [117] onder die mense wees. En nou was Christus die groot en eintlik die *enigste* ware Profeet (Deut. 18:18; Hand. 3:22, 23; Joh. 12:49, 50; 9:17; 6:14; Luk. 24:19, ens.). Christus het onder die Ou-Testamentiese bedeling geprofeteer deur Sy profete. Op aarde het God uit die eie mond van Christus gespreek (Heb. 1:1). En ook vandag nog spreek Hy deur die mond van Sy diensknegte wat die Woord verkondig, en verder ook deur alle Christene, want alle gelowiges het die salwing van die Heilige en weet, deur Gods Woord, in geestelike sin alles (1 Joh. 2:20).

Ons moet egter duidelik onderskei tussen die profete, wat onder direkte ingewing van die Heilige Gees gespreek het, en *ons,* wat alleen deur die Gees *verlig* word maar tog kan dwaal. Ook moet ons daarop wys dat daar weer 'n duidelike onderskeid is tussen die profete, wat maar net met geleenthede oor bepaalde sake tot die volk gespreek het, en *Christus,* wat letterlik die Vader aan ons *verklaar* het (Joh. 1:18) en wat as die lewende *Woord* vir ons die ewige lewe bring. Hy laat ons God sien (Joh. 14:9, 10). Hy roep ons met 'n kragdadige roepstem, en met dieselfde Woord slaan Hy Sy vyande neer. Daarom word Hy ook Redder (Soter) genoem, omdat Hy ons red van sondes, maar ook die *wêreld* red (1 Joh. 4:14).

5. **Christus as Priester:** Die mens (Adam) was ook deur God geseën met 'n priesterlike hart. Die liefde van God moes sy wese vervul, en hy sou in selfvergetende liefde lewe om God te dien deur sy naaste en die skepsele priesterlik by te staan en ook as voorbidder vir die skepping in te tree. Waar die profeet God by die mense verteenwoordig, daar verteenwoordig die priester die skepsele by God.

Die Ou-Testamentiese priesters was ook Skrifgeleerdes, maar anders as die profete het hulle hoofsaaklik die wet in sy rituele en seremoniële betekenis uitgelê. Die priesterlike amp bevat die idee van offer, voorbidding doen en om in die Naam van God te seën. En Christus moes weer die priesterlike gedagte uitlewe, aangesien die mens deur die sonde koud, wreed, hard en selfsugtig geword het en die priestergestalte verloor het. Die Ou-Testamentiese priesterskap was tipe van die Hoëpriesterskap van Christus, soos die

Hebreërbrief dit so duidelik stel. Die bloed van beeste, bokke en skape het heengewys na die bloed van Christus. In Christus het die Ou-Testamentiese priesterskap tot vervulling gekom en is daarmee ook afgeskaf. Hy word genoem Priester na die orde van Melgisedek, omdat Melgisedek nog die natuurlike, aangebore, egte priesterskap verteenwoordig het, waartoe God die mens geroep het, en nie die kunsmatige, vormlike, seremoniële priesterskap soos [118] dit by Aaron en sy seuns uitgekom het nie (Ps. 110:4; Heb. 7:1-6).

Christus word op talle plekke as Hoëpriester geskets (Sag. 6:13; Jes. 53; Mark. 10:45; Ef. 5:2; 1 Pet. 2:24; Rom. 3:24, 25; 1 Joh. 2:2; Gal. 3:13; Heb. 5:1-10; 9:24-26; 2 Kor. 5:21, ens.). Christus was Hoëpriester en Offerlam terselfdertyd (Joh. 1:29; 1 Kor. 5:7; Openb. 5:6). Deur die voorhangsel van Sy vlees het Hy vir ons 'n nuwe en lewende weg ingewy in die heiligdom van God (Heb. 10:19, 20). Hy het ons vrygekoop van die mag van die sonde. Dis egter nie so dat Hy die losprys aan Satan betaal het nie, soos sommige meen, maar wel aan God, omdat Hy aan God se geregtigheid voldoen het. En so staan die troon van genade nou vir ons vir ewig oop en is daar geen voorhangsel meer om ons van God af weg te hou nie. En so tree Christus vandag nog vir ons in by God as Hoëpriester en word ook ons as gelowiges geroep om priesterlike liefdesarbeid teenoor ons naaste te doen.

In Heb. 7:25 lees ons dat Christus altyd leef om vir die gelowiges in te tree. Wat 'n heerlike gedagte! En hoe dankbaar moet ons dan nie wees nie om te weet dat daar Een is wat dag en nag onder alle omstandighede altyd gereed staan om vir ons in te tree! Meer nog, Sy intrede vir ons is nooit tevergeefs nie. Want Sy versoek aan Sy Vader is feitlik 'n eis wat uit liefde tot liefde spreek en nie geweier kan word nie (Joh. 17:24). Christus is ons parakleet of advokaat (te hulp geroepene) by die Vader en verdedig ons in die hemel teen die aanvalle van Satan en van die wêreld. Hy reinig en heilig ons gebede en seën ons met alle geestelike seëninge (Openb. 8:1-5; 19:11-16).

En dan moet ons begryp dat God, die Vader, self ons ook liefhet. Dis nie asof Christus ons moet beskerm teen 'n God van wraak wat ons maar net wil verdelg nie. God, die Vader, word ons Saligmaker genoem (Luk. 1:47; 1 Tim. 1:1). *God Self* versoen ons met Homself (2 Kor. 5:18, 19). Christus is 'n gawe van *Gods liefde* (Joh. 3:16; Rom. 8:32; 1 Joh. 4:9, 10).

6. **Christus as Koning:** Die mens (Adam) was deur God bestem om onder God as koning op die aarde te heers (Gen. 1:28). Maar die mens het deur die sonde 'n jammerlike *slaaf* van die sonde geword. Hy kan homself nie beheers nie en is die speelbal van sy eie drifte en hartstogte. In Christus is die ware koningskap weer herstel (vgl. Ps. 2:6; 45:6, 7; Jes. 9:5, 6; Miga 5:1, 2; Sag. 6:13; Luk. 1:33; Joh. 18:36, 37; Openb. 17:14; Joh. 19:19). Hy het Sy Koningsmag ook daarin getoon dat Hy die duiwels uitgewerp en selfs die dood oorwin het (Rom. 8:37; 1 Kor. 15:25, 26, 54). Christus het nie soos onder 'n soort noodlot gesterf nie, maar het *self* Sy lewe afgelê en ook in Sy dood Koninklike [119] oorwinnaar gebly (Joh. 10:17, 18; 19:30). Hy was van ewigheid af gesalf as Koning (Ps. 2:6; Spr. 8:23). Tog het Hy in eintlike sin Koning geword deurdat Hy, na Sy hemelvaart, aan Gods regterhand gaan sit het (Matt. 28:18; Fil. 2:9-11). Tog *was* Hy ook Koning *voor* Sy opstanding. Die wyses uit die Ooste het Hom as dié Koning gehuldig; vergelyk ook hoe Hy gehuldig is met Sy intog in Jerusalem (Matt. 21:1-11)! En Sy Koningskap is in drie tale op die kruis vermeld (Joh. 19:19, 20).

En so is Christus dan nou die absolute Koning en Heerser van die ganse wêreld, totdat Hy die koninkryk aan die Vader sal oorgee (1 Kor. 15:28). Christus dra die sleutels

van die hemelryk en *beslis oor* wie daar toegelaat sal word (Matt. 8:11, 12; 13:47-50). As tweede Persoon in die Drie-eenheid besit Christus ook wel absolute, Goddelike mag oor alles, maar dis nog iets anders as dat Hy as Oorwinnaar oor dood, graf en hel tot Koning van die wêreld gemaak is. Van die Koningskap in die hemelse Sion was die teokratiese koningskap van Dawid en Salomo in Jerusalem 'n floue afspieëling, maar dit was tog heerlik genoeg om die Jode eeue lank te laat verlang na die beloofde Messias-koning (2 Sam. 7:12, 13; Ps. 89:20-30; Luk. 1:32, 33).

7. **Die Koning organies aan Sy volk verbonde:** Anders as aardse konings is Christus ook Hoof van Sy volk, wat Sy liggaam is (Ef. 1:22, 23; 4:15). Volgens Deut. 17:14-20 moet die ideale koning uit sy broers (d.w.s. volk) gekies word en geen uitlander wees nie (v. 15). Hy moet nie iemand wees wat sy volk uitbuit en homself verryk nie. Ook moet hy Gods Woord (die wet) steeds bestudeer, sodat Hy God kan vrees en sy volk reg kan lei (v. 18-20).

So 'n Koning was Christus. Hy het Sy lewe afgelê vir Sy volk en Gods Woord geken en met mag verkondig, omdat Hy tegelyk God en mens was. Ook was Hy uit Sy broers, d.w.s. uit ons, en volkome een met ons tot in die dood. Daarom het Hy nie met krag en geweld oor Sy volk geregeer nie, maar deur Sy Gees, aangesien Hy in ons en ons in Hom lewe (Sag. 4:6). In 1 Kor. 12:12 word Christus se liggaam saamgevat onder die Hoof en het ons die mistieke unie van Christus en Sy kerk. In Ef. 5:23-27 word die eenheid van Christus en Sy kerk (liggaam) vergelyk by die eenheid van man en vrou. Christus se Koningskap is dus in die liefde gegrond en geestelik van aard. Tog hou dit in dat Hy *alle* mag, ook fisieke mag, oor die wêreld het en dat Hy ten slotte alles (ook die hellemagte) beheers en gebruik tot voordeel van Sy kerk. Omdat Christus organies met Sy volk verbonde is, kan daar geen einde aan Sy koninkryk kom nie, en selfs wanneer Hy dit aan die Vader oorgee, sal Hy nog die Hoof van Sy volk bly tot in ewigheid.

[120]

## Les 26: DIE STAAT VAN VERNEDERING

1. **Vernedering van Christus in die algemeen:** Ons lees in Fil. 2:7, 8 dat Christus Homself ontledig het deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en dat Hy Homself verneder het deur gehoorsaam te word tot die dood toe (vgl. ook Gal. 3:13; Matt. 3:14, 15). Dit was vir Christus as Seun van God 'n selfontrowing en inperking van Sy Goddelike heerlikheid om Hom aan ons menslike natuur te verbind, veral aan ons aardse, onverheerlikte natuur. Maar daarby kom nog dat Hy ons menslike natuur in Sy *slaafse,* d.w.s. verswakte en gebroke, aard aangeneem het, al het Hy nie die *sonde* aangeneem nie. Dit was vir Hom 'n groot *vernedering,* veral waar Hy as *Persoon,* as *Middelaar,* so in die dieptes afgedaal het, alhoewel Sy Goddelike natuur daarbuite gebly het. Hy het Hom in die *staat,* die *posisie* gestel van 'n dienskneg, 'n aangeklaagde en veroordeelde ter wille van ons. Hy wat 'n Koning *was,* het in ons staat van vernedering kom staan, sodat ons wat slawe *is,* in die staat van konings gestel mag word. Christus se vernedering was van dubbele aard, deurdat Hy Sy Goddelike heerlikheid as 't ware moes laat bedek deur Sy menslike natuur en verder deurdat Hy as mens die gestalte van 'n dienskneg moes aanneem.

2. **Christus se hele lewe 'n vernedering:** Hy is in 'n stal gebore, omdat daar vir Hom geen herberg op hierdie aarde was nie. Hy is besny, net asof Hy dit *nodig* gehad het om die voorhuid van die sonde af te lê en langs die weg van bloedstorting (kruisdood) met God versoen te word. Hy is gedoop, net asof Hy van sonde gewas moes word en bo alle

geregtigheid in gehoorsaamheid aan God moes volbring, alhoewel Hy self God was. Dit was alles om *ons* ontwil. Hy was 'n arm timmermanseun en het geen plek gehad om Sy hoof neer te lê nie, verag deur Sy eie mense en vervolg deur dié wat Hy wou red. Alhoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van ons arm geword om ons ryk te maak (2 Kor. 8:9). Hy het steeds dieper in die moeras van ons ellende weggesink, en die hemel het altyd verder van Hom af geraak, totdat Hy aan die kruis in 'n dubbelduistere nag, van God en mense verlate, gehang het in helse benouing. Soos Sy doop simbolies aangedui het, is Hy feitlik *begrawe* in ons sonde en ellende, *begrawe* onder smart en helse hoon en vervloeking (Rom. 6:34; Matt 27:41, 42; Mark. 15:29, 30, 34, ens.).

3. **Christus se lyde:** Omdat Christus net vir één doel gelewe het, nl. die eer van God, het Hy die soenoffer vir ons sondes gebring. Daarom was vir Hom die hele lewe een lyding. Dit is egter nie asof Hy altyd in pyn sou gewees het en nooit enige blydskap of [121] familievreugde of iets dergeliks sou geken het nie; maar Hy het van Sy geboorte-uur af gelewe onder die swart slagskaduwee van die kruis en getors[2] aan die swaar las van die toorn van God wat op Hom gerus het, ter wille van ons sondes. Hy het gestaan as die vlekkeloos Reine en Heilige in 'n onheilige en goddelose wêreld. Hy het gedurig gely onder die aanslae van Satan, soos toe Herodes die kindermoord in Betlehem gepleeg het, toe die Satan Hom in die woestyn versoek het en toe Hy selfs vir Sy geliefde dissipel Petrus moes sê: Gaan weg agter My, Satan! (Matt. 16:23). Hy het gely onder die haat en vervolging van Sy eie volk, wat Hy so liefgehad het (Matt. 23:37; Luk. 19:41-44). Hy het honger en dors gely en was dikwels so uitgeput van vermoeienis dat Hy aan die slaap geraak het. As die tere Lam van God was Hy in Sy Middelaarshart besonder vatbaar vir kwetsing en sielepyn. Hy wat uit die rein hemelsfere kom, moes hier die vuil peslug van die sonde inasem. Selfs Sy dissipels het Hom dikwels misverstaan en selfs in die nag van die laaste Pasga nog weer onder mekaar getwis oor wie die grootste in die hemelryk sal wees. En Sy verraaier sou uit die dissipelkring kom; selfs Petrus sou Hom verloën, en almal sou Hom ten slotte verlaat. Sy lyde het altyd banger en bitterder geword namate Hy die beker van Gods toorn gedrink het, sodat Sy sweet in Getsemane geword het soos bloeddruppels wat op die grond val (Luk. 22:44).

So het Hy Sy ganse lewe lank nie 'n enkele oomblik vir Homself geleef nie, maar net om vir Sy volk te ly en te stry (Rom. 15:3; Matt. 11:29; Joh. 13:14-16; 12:27; Heb. 2:18; 4:15; 5:7-9). En Sy lyde het Hy nie maar net as 'n soort noodlot ondergaan nie, maar daarin het Hy Homself doelbewus en vrywillig opgeoffer. Dit was 'n *lydensdaad.*

4. **Christus se veroordeling:** "Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat u gesalf het, om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind" (Hand. 4:27, 28). Jesus Christus mog volgens Gods Raad nie vermoor word of per ongeluk sterf nie; nee, Hy moes behoorlik deur 'n regter veroordeel en kragtens dié vonnis tereggestel word.

Die Romeinse regspraak was beroemd vir die gesonde beginsels waarop dit berus het en het tot vandag toe nog groot invloed. En Pontius Pilatus was die verteenwoordiger van wat beskou kan word as die hoogste regstelsel, sodat sy uitspraak as 't ware die offisiële oordeel van hierdie wêreld oor Jesus is. Soos blyk uit die aangehaalde teks, asook uit Joh. 19:11, het Pontius Pilatus ten diepste sy mag om reg te spreek van *God* ontvang. Hy handel dus as instrument van God, wat hom ewewel nie van sy gruwelike [122] regsverdraaiing

[2] Met groot moeite gedra.

verontskuldig nie. Immers het hy, na langdurige en sorgvuldige ondersoek, offisieel uitspraak gelewer dat Jesus onskuldig was en as teken daarvan selfs sy hande gewas (vgl. Joh. 18:38; 19:4; Matt. 27:24).

Nogtans het hy Hom oorgelewer om gekruisig te word. Dit was dus 'n skreeuende onreg, 'n geregtelike moord op Jesus. Uit sy *verhoor* het egter Jesus se persoonlike onskuld geblyk. Ook het dit klaar en duidelik geblyk dat Hy enkel en alleen gesterf het omdat die wêreld Hom nie as die Seun van God wou erken nie (Matt. 26:63, 64; Matt. 27:11). Uit alles het oorvloedig geblyk dat Jesus Sy siel as 'n losprys vir ons gestel het (Matt. 20:28; Jes. 53:12). Hy is by die misdadigers *gereken* (Matt. 15:28). Hy het borgtogtelik gely en gesterf in ons plek (Rom. 3:25). Die feit dat Barabbas, wat 'n moordenaar was, uit die tronk gelaat is en Christus gekruisig is, spreek boekdele. Die onskuldige het vir die skuldige gesterwe. En aan die ander kant wys dit hoe bedorwe die menslike regsgevoel is. Dis immers nie 'n klomp onkundige barbare wat Jesus se dood geëis het nie, maar dis die uitverkore volk van God wat eeue lank onder die lig van Sy openbaring geleef het, en die sg. ordelike beskawing en reg van Grieke en Romeine wat die reg so onder die voete vertrap het, deur 'n man soos Pontius Pilatus.

5. **Christus gekruisig:** In Gal. 3:13 lees ons: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word, want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" (vgl. Deut. 21:23). Omdat Christus die vloek van God teen ons sondes moes dra, kon Hy geen ander dood as die kruisdood sterf nie. Hy mog byvoorbeeld nie gestenig of onthoof word nie. Die Romeine het die besonder wrede kruisdood alleen op slawe en die uiterste misdadigers toegepas. Die kruis is daarom die hoogtepunt van die lyde van Jesus (1 Kor. 2:2; Gal. 6:14). Sy dierbare bloed moes vloei vir ons sondes (Matt. 26:27, 28; Ef. 1:7; Heb. 9:11, 12). Ons kan byna sê dis of Jesus deur 'n soort bloedoortapping Sy lewe aan ons oorgedra het, sodat ons uit die dood kon opstaan.

En as ons bedink *wie* dit is wat hier vir ons sterwe, naamlik die ewige Seun van God, God self, dan kan ons besef *wat* 'n offer daar gebring is, en dan kan ons net maar in aanbidding neersink voor die kruis van Golgota. Christus het vir ons die dood deur die dood verslind (Heb. 2:14, 15). Hy is as 't ware van die aarde af weggewerp, sodat ons hier lewensruimte mag kry. Hy moes tussen hemel en aarde hang. Daar was vir Hom op hierdie aarde nie eens 'n plekkie om te sterf nie. En omdat Hy vir ons tot sonde gemaak is, wou die hemel Hom ook nie hê nie. Hy was as Middelaar daar aan die kruis letterlik van God en mens *verlate,* die groot [123] *Eensame.* So het die "boom van die kennis van goed en kwaad" vir die mens geword 'n dorre, barre vloekhout, waaraan hy homself doodbloei en waarvan hy nie meer kan loskom nie.

Christus kon wel van daardie hout afgekom het, maar dan sou *ons* die vloekdood moes sterwe, wat ons waarlik verdien het. Hoe moet ons dan nie die sonde haat en verafsku, wat ons dierbare Verlosser so swaar laat ly het, om *ons* skuld nie! Daarom moet ons uit dankbaarheid die vlees kruisig, d.w.s. die sonde in ons afsterwe (Gal. 2:20; 5:16-26; Kol. 3:5) en ons lewe as 'n dankoffer aan God wy (Rom. 12:1).

6. **Die begrafnis van Christus:** Alhoewel Christus aan die kruis die volkome oorwinning behaal het en dus aan die einde kon uitroep: "Dis is volbring!" het die graflegging tog ook nog tot Sy lydensweg behoort, alhoewel dit nie meer *aktiewe* lyde was nie. Dit was 'n deel van Sy *vernedering,* alhoewel Sy vlees in die graf nie verderwing gesien het nie (Hand. 2:27, 31; Ps. 16:10). Die begrafnis van Christus was dus ook wel 'n bewys

dat Hy werklik gesterf het, soos die Heidelbergse Kategismus sê by vr. 41, maar dit was sekerlik ook nog meer as dit. Dit was om ook die graf vir ons te oorwin en te heilig as 'n rusplek. Daarom word die graf van die gelowige in Jes. 57.2 'n "bed" genoem. Uit Hand. 13:33-35 is dit duidelik dat Jesus deur die graf die graf oorwin het, sodat Hy daarin nie eens verderwing gesien het nie en as oorwinnaar daaruit opgestaan het. Christus het dus ook tot die hades of doderyk gaan behoort, wat vir Hom 'n ontsettende smaad en vernedering was. Daarom vergelyk Hy ook Sy graflegging met die groot vis wat vir Jona ingesluk het (Matt. 12:40). Sy graflegging word herhaaldelik in die Skrif beklemtoon (Jes. 53:9; Matt. 27:59, 60; vgl. ook Luk. 23:53; Joh. 19:40-42; Hand. 13:29; 1 Kor. 15:4). Terselfdertyd was Sy siel en gees in die paradys (Luk. 23:43).

Die feit dat Jesus spesiaal in 'n nuwe graf begrawe was, beklemtoon dat Hy hier die oorwinning oor *dié graf* in al Sy vreeslike krag behaal het. Dit was 'n vars graf en nie een wat al deur ouderdom afgetakel en verweer was nie. Die feit dat Hy die nuwe graf ontvang het as 'n soort praalgraf — Jes. 53:9 sê: "by 'n ryke was Hy in sy dood" — wys vir ons dat Hy as voorlopige oorwinnaar die graf ingegaan het om dit van *binne* af oop te breek en dat Hy hier gesien moet word as die Vors van die lewe, deur God gereken onder die *rykes,* vir wie 'n spesiale graf gemaak moes word.

So word die graf dan vir ons die poort van die lewe, die deurgang na die hemel. Die bande van die dood en angste van die doderyk (Ps. 116:3) hoef ons nie meer te verskrik nie. Christus [124] was nie verniet 'n lyk in 'n graf nie (Openb. 1:18). Hy leef en ons sal lewe tot in ewigheid.

Daarom is dit so afskuwelik as gelowiges hulle lyke laat verbrand. Die Bybel ken alleen die begrafnis. Slegs die lyke van misdadigers is verbrand (Lev. 20:14; 21:9) of in buitengewone gevalle, soos byvoorbeeld om lykskending te voorkom (1 Sam. 31:11, 12) of om pestilensie in oorlogstyd te verhoed (Amos 6:10). Lykverbranding is 'n heidense' gebruik en vloek teen die opstandingsgedagte, soos Paulus dit in 1 Kor. 15 so mooi uitwerk onder die beeld van die koringkorrel en die halm.

7. **Neerdaling na die hel:** Hierdie artikel in die Apostoliese Geloofsbelydenis is waarskynlik eers teen die vierde eeu n.C. ingevoeg. Dit word nogal verskillend uitgelê, maar dis nie te ontken nie dat dit 'n waardevolle en onmisbare deel van ons belydenis is, aangesien so alleen blyk dat Christus ons in *alles* gelyk geword het en vir ons selfs ook die helse smarte gedra het. Die vraag is net *hoe* ons die hellevaart van Jesus moet verstaan? Dis immers duidelik dat Hy aan die kruishout by Sy sterwe Sy gees in die hande van Sy Vader beveel het en dat Hy aan die moordenaar aan die kruis gesê het dat hy *met* Hom in die Paradys sou wees. Hy kon dus nie na Sy dood nog hel toe gegaan het nie, soos sommige dit uitlê, veral na aanleiding van 1 Pet. 3:19, 20. Hulle meen dat Hy daarheen sou gegaan het of om die Ou-Testamentiese gelowiges uit die sg. voorburg van die hel te verlos — iets wat nêrens in die Skrif geleer word nie — of om Sy oorwinning aan die duiwels bekend te maak. Maar in hierdie laaste geval sou Sy veronderstelde hellevaart dan meer tot Sy verhoging as tot Sy vernedering behoort, wat tog klaarblyklik nie die bedoeling van die artikel in ons Geloofsbelydenis is nie.

Daar is heelwat verskil oor die verklaring van 1 Pet. 3:19, 20. Sommige meen dat die bedoeling is dat Christus in die dae van Noag, deur die Heilige Gees, tot die destydse mensheid sou gepreek het. Ander laat dit sien op 'n getuienis *(kerugma)* wat van Sy opstanding en hemelvaart tot die magte van die hel sou uitgegaan het. Dit hoef dus nie te

veronderstel dat Hy self hel toe gegaan het nie. In alle geval kan ons saam met Calvyn e.a. Sy neerdaling ter helle sien as Sy ontsettende benoudheid, pyn en verskrikking aan die kruis, waar Hy as 't ware in die helse vlamme was (kyk Heid. Kateg., vr 44). Ook sou ons die neerdaling ter helle in verband kon bring met Sy wegsinking in die doderyk, soos ander dit verstaan (Rom. 10:7; Ef. 4:9; Hand. 2:27), waardeur Hy dan in die doodstaat sou ingegaan het. Maar hoe ons dit. ook al verstaan, ons moet vashou aan die gedagte dat Christus vir ons [125] *al* die angste en benoudheid van die helse verskrikking deurgemaak het in *al* sy onbeskryflike donkerheid.

8. **Jesus se Godheid en Sy lyde:** Dit spreek vanself dat Jesus na Sy Godheid nie *kon* ly nie en ook nie gely het nie. Tog was Sy Godheid via Sy Persoon wel daarby betrokke. Dit het Hom in staat gestel om die ewige straf van God vir die ganse wêreld te kan dra en die helse vlamme te blus vir almal wat in Hom uitverkies is, en dit in 'n kort menseleeftyd en Sy sterwensoomblikke. Maar juis daardeur is Sy lyde ontsettend verswaar. Want as Hy net gewone menslike krag gehad het, sou Hy beswyk het onder die swaar las, maar nou het Hy dit enduit gedra.

Daar was dus vir Hom geen uitkoms selfs in die dood nie. Hy moes die drinkbeker eenvoudig ledig, en geen enkele smart is Hom gespaar nie. Ook moet ons onthou dat Hy nie *net* aan die kruis gely het nie. Hy was van die begin af bewus van Sy taak en die lydensweg wat Hy sou moes bewandel (Luk. 4:16e.v.). Hy het dus die dood gesmaak toe dit nog in aantog was en in sekere sin duisend dode gesterwe. En, aangesien Hy die eie, eniggebore en geliefde Seun van Sy Vader was, was juis *dit* vir Hom die allerbitterste dat Hy ten slotte ook deur Sy Vader verlaat en aan die hellemagte oorgegee is. Aan die kruis was die Vader as 't ware vir Hom *dood,* en dit was vir Christus ondraaglik. Dat *God* Hom verlaat het, was vir Hom die diepste diepte van die hel self. Alhoewel die Vader Hom nooit persoonlik gehaat het nie, moes Hy Hom geregtelik oorlewer asof Hy Hom nie ken nie en ook nie hoor nie, omdat Christus met die sware las van ons sondes die kruis bestyg het (1 Pet. 2:24). So het Christus ook vir ons 'n voorbeeld van geloofsgehoorsaamheid tot in die dood toe nagelaat, sodat ons Sy voetstappe kan navolg (1 Pet. 2:21). Sy offer was egter veel meer as 'n blote voorbeeld, soos ons nog sal sien.

## Les 27: WAAROM CHRISTUS GELY HET

**1. Omdat God ons liefgehad het:** Agter die bitter lyde van Christus sit die ewige liefde van God. Ons mag dit nooit so voorstel asof ons in die Ou Testament met 'n toornige, wraaksugtige God en in die Nuwe Testament met 'n liefdevolle hemelse Vader te doen het nie. Dis deur en deur 'n valse teëstelling. Wel kom God se geregtigheid in die Ou Testament meer op die voorgrond, maar onder dit alles klop Sy liefdevolle, brandende hart van genade vir Sy kinders. En in die Nuwe Testament, waar God se liefde vir sondaars so heerlik geopenbaar word en Hy as 'n barmhartige [126] Vader geteken word, byvoorbeeld in Heb. 12, word God in dieselfde hoofstuk as 'n verterende vuur voorgestel (v. 29).

God se liefde rus steeds in Sy heilige geregtigheid, en Sy geregtigheid word gedra en besiel deur 'n allesoortreffende Goddelike liefde. Die dood van Christus het God nie beweeg om Sy geregtigheid te laat vaar en aan ons liefde te bewys nie. Nee, daardie selfde dood was uiting van God se hoogste liefde vir ons, 'n liefde so groot dat God Sy eniggebore Seun vir ons in die dood gegee het, sodat ons kan bly lewe. God self word in Luk. 1:47 ons Saligmaker genoem. Dis *God* wat in Sy genade die wêreld met Homself versoen het. Dis *God* wat die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het om ons te behou

(Joh. 3:16). Daarom is dit so ontsettend as ons in ons verharding Christus verwerp en daardeur as op die bloeiende hart van God in Christus trap en Sy liefde vir ons versmaad (Joh. 3:36). Dan word daardie brandende liefde 'n heilige vuurvlam waarin ons verteer word (Matt. 25:30; Ps. 97:3; Heb. 2:3). Daar is niks wat so kan brand soos gekrenkte liefde nie.

2. **Was dit noodsaaklik dat Jesus moes ly?** Sommige mense meen dat Jesus se lyde en veral Sy dood wel *nuttig* was, bv. om ons God se liefde te toon of om vir ons 'n voorbeeld van selfverloëning en gehoorsaamheid teenoor God te wees. Maar volgens hulle was dit nie absoluut noodsaaklik dat die Here juis ter wille van ons sondes moes sterwe nie. Volgens Abélard byvoorbeeld wou God ons deur die wonderbare liefde van 'n sterwende Christus tot wederliefde beweeg (Luk. 7:47). Ritschl weer het dit so verstaan dat God aan ons deur die dood van Christus wou toon dat Hy ons waarlik liefhet en dat ons dus nie onder die waan moet verkeer dat Hy op ons toornig is nie.

Hierdeur word die erns van ons sondeskuld misken. Die kruis moet dan aan ons toon dat ons onder 'n groot *misverstand* verkeer het. Dis nie *God* wat met ons versoen moet word nie, dis *ons* wat met Hom versoen moet word. Dit wil sê daar moet by *ons* 'n veranderde insig kom. Van God se kant is daar net liefde. Maar so gesien, was die kruis van Jesus dan 'n geweldige tragedie. Dis nie ons *sondes* wat Hy aan die kruis gedra het nie, nee, dis deur ons onkunde dat die ramp oor Hom gekom het. Daar sou dus wel vergewing van sondes kon gewees het sonder bloedstorting, net anders as wat Heb. 9:22 ons leer. Hierteenoor glo ons dat die soenlyde van Christus absoluut noodsaaklik was.

3. **Die satisfaksieleer van Anselmus:** Anselmus is 'n teoloog van die Middeleeue. Volgens hom *moes* God die sonde van die wêreld versoen deur die dood van Sy Seun. Want Hy is 'n regverdige God, en Sy heilige Wese vereis dat die sonde gestraf moet [127] word. En as God de mens vir sy sonde met die dood sou straf, dan is God se handewerk daarmee vernietig. Daar was dus geen ander weg oop nie as dat God self die regverdige straf vir ons sou dra in die persoon van Jesus Christus. Die dood van Christus het meer as voldoende versoeningswaarde gehad, en God kon kragtens daardie dood almal verlos wie Hy wou verlos.

Hierdie leer van Anselmus kom ook voor in ons Belydenisskrifte (vgl. N.G.B., art. 21). In Sondag 4 van die Heidelbergse Kategismus word gesê dat God die sonde nie ongestraf kon laat bly nie: aan God se geregtigheid *moet* voldoen word (Sondag 5). Christus het ons vervloeking op Hom geneem (vr. 39). In Gal. 3:13 lees ons dat Christus vir ons 'n vloek geword het. Hy het Sy lewe af gele vir Sy skape (Joh. 10:15). Hy het vir ons gesterf toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8; vgl. 1 Kor. 15:3; 2 Kor. 5:14, 15; 1 Thess. 5:10). Christus het vir ons *borg* geword by God (Heb. 7:22). Hy het Sy siel as 'n *losprys* gegee vir baie (Matt. 20:28). In Jes. 53 is die plaasvervangende gedagte tog so duidelik. In vers 10 lees ons dat Hy (d.i. Christus) Sy siel as 'n skuldoffer aangebied het en in vers 11 dat Hy hulle skuld sal dra. In vers 12 staan dat Hy die sonde van baie gedra het en in vers 6 dat God ons almal se ongeregtigheid op Hom laat neerkom het. Dit laat ons dink aan die simboliese oordrag van die sondeskuld deurdat die priester sy hande op die kop van die slagoffer gele het. Dis opmerklik hoe dikwels Jesaja 53 in die Nuwe Testament aangehaal word: Matt. 8:17; Mark. 15:28; Luk. 22:37; Joh. 12:38; Hand. 8:32; Rom. 10:16; 1 Pet. 2:22-25, ens. Daar kan nie die minste twyfel bestaan dat Jesaja 53 'n profetiese heenwysing na Christus, die Lam van God, is nie. Die substitusie- (plaasvervangings)-idee kan ook wel gesien word by ouers wat ter wille van hul kinders ly of helde wat ter wille van hul vaderland sterwe, ens.

Maar tog was die plaasbekleding van Christus uniek. Hy het vir ons gesterwe toe ons nog *vyande* was. Hy wat geen sonde geken het nie, is vir ons tot sonde *gemaak* (2 Kor. 5:21). Daar was in of aan ons niks waarom Christus ter wille van ons graag sou wou sterwe nie. Dit was net Sy liefde.

**4. Jesus het met Sy bloed vir ons sondes betaal:** Uit wat ons reeds gesê het, is dit duidelik dat Jesus nie maar gesterf het om vir ons tot 'n voorbeeld te wees of om ons sedelik te beïnvloed of ons met God in gemeenskap te bring nie. Al hierde dinge bevat 'n element van waarheid. Maar die groot Skrifgedagte is dat Christus met Sy bloed vir ons sondes betaal het. Dit was 'n *offer* wat Hy gebring het, in ons plek.

God haat die sonde. Dis 'n aanranding van Sy eer, en Sy hele [128] Wese verset Hom daarteen. In die straf handhaaf God Homself, want sonde is teen Sy majesteitlike Wese gemik. God is die heilige en regverdige Regter (Gen. 18:25), wat die werkers van ongeregtigheid haat en verafsku (Ps. 5:6, 7; Nah. 1:2). "Die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Eseg. 18:4).

In die Ou Testament moes 'n offerdier geslag word om deur simboliese bloedvergieting versoening te doen vir die sonde. Die priester of offeraar moes sy hand op die kop van die dier lê as simbool dat sy sonde op die dier oorgedra word (Lev. 1:4; 16:21), en die bloed moes op die altaar gesprinkel word as teken dat die altaar as met die bloed bedek en geheilig word (Lev. 5:9, 16). Die sondaar gee simbolies sy lewe vir die sonde, "want die siel van die vleis is in die bloed" (Lev. 17:11).

Tog kon al die dierebloed nie die sonde versoen nie (Heb. 10:10-14); dit was alleen die bloed van Christus wat al die sondes van Sy volk vir ewig bedek het. As die Lam van God is Hy geslag op die altaar (kruis) van Golgota (1 Pet. 2:24; 1 Joh. 2:2; Gal. 1:4). "Sonder bloedvergieting vind daar geen vergif nis plaas nie" (Heb. 9:22, 24-27). Die dood van die Seun van God was so waardevol in die oë van God dat dit voldoende was om *al* die sondes van Sy kinders te bedek, nie gesien as 'n optelsom van soveel en soveel bepaalde sondes nie, maar as die bose mag wat hom teen God gestel het en soos 'n sware skuld op ons skouers gerus het.

5. **Plaasbekleding en solidariteit:** Sommige denkers het gemeen om die plaasbekledingsgedagte te moet vervang met die solidariteitsidee. Christus het één met ons geword en wel so dat Hy nie *in ons plek* kom ly het nie, maar Hy in ons en ons in Hom. Ook hierin sit 'n element van waarheid. Paulus sê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my" (Gal. 2:19). Volgens Ef. 2:5, 6 het God ons saam met Christus lewend gemaak en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus (vgl. ook Rom. 6:4-8; 2 Kor. 5:14-21). Ook weet ons dat Christus ons Sy liggaam noem (Ef. 1:22, 23) en die ranke van die wingerdstok (Joh. 15). Ook weet ons dat, alhoewel die paaslam as *offer* bedoel was, dit tog ook *geëet* is as teken van gemeenskap met God. Dit geld ook van die ongesuurde koeke. Jesus sê dat ons Sy vlees moet eet en Sy bloed moet drink om die ewige lewe te verkry (Joh. 6:51-57). Hy spreek natuurlik figuurlik, en dit wys op Sy offerande aan die kruis.

Dat Jesus dus met ons solider een geword het deur Sy vleeswording, is nie te betwyfel nie. Dit hang maar net af *hoe* ons ons die eenheid voorstel. En dan moet ons vashou dat Hy die Hoof en ons die liggaam is en bly; dat die eenheid nie fisiek nie maar [129] **geestelik** van aard is en dat dit gefundeer is in die verbondsmatige verhouding waarin Christus tot ons staan, sodat Hy vir ons en in ons plek kon ly en die hoogste offer bring (Matt. 20:28; Mark. 10:45).

Van die paaslam mag geen been gebreek word nie (Num. 9:12). So is dit ook met Jesus, die ware Paaslam (Joh. 19:33-36; 1 Kor. 5:7). Jesus het dus in ons plek gesterwe net soos die paaslam, maar dit neem nie weg dat Hy ook één met ons was nie, net soos die lam geëet is. Die slag wat Sy "liggaam" moes getref het, het op Sy hoof (Homself) neergekom, en so het Hy vir ons gesterwe.

6. **Die losprys is aan God betaal:** Christus het Homself "vir ons oorgegee as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur" (Ef. 5:2). Dit stry nie met God se liefde nie. God het in Christus die wêreld met Homself versoen (2 Kor. 5:19). Die Vader het die hoogste offer, nl. Sy geliefde, eniggebore Seun, as 'n losprys vir ons sondes gegee. Dit spreek van oneindige en onbegryplike sondaarsliefde van God. God se liefde word geopenbaar in Sy heilige geregtigheid, nl. die bittere lyde van Christus. En Sy geregtigheid word gedra en besiel deur Sy wonderbare liefde, "want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:16). Met die bloed van Sy eie Kind het Hy die Nuwe Testament ingewy en beseël (Matt. 26:28).

Christus is die ware Paaslam (1 Kor. 5:7; 1 Pet. 1:19; Openb. 5:6). Daarom mag aan Hom geen sonde of gebrek wees nie (vgl. Lev. 22:20e.v. met 1 Pet. 1:19). Net soos die oorskot van die sondoffers buitekant die laer verbrand moes word (Lev. 16:27), so moes Christus ook buitekant Jerusalem sterwe (Heb. 13:13). Net soos die sondebok as 't ware die sondes van die volk weggedra het na die woestyn (Lev. 16:22), so het Christus ons sondes weggedra en soos 'n betaalde rekening aan die kruishout geslaan (Kol. 2:14). En agter dit alles sit die ewige *liefde* van God (Rom. 5:8; 8:32).

7. **Christus het sowel aktief as passief vir ons gely:** Hy het in ons plek alle geregtigheid volbring sowel as die straf van God vir ons gedra (Matt. 3:15; Gal. 4:4, 5; Matt. 20:28; Rom. 4:25). Christus het self vrywillig Sy lewe vir ons afgelê (Joh. 10:18). In Hom het die wet van God tot sy reg gekom (Rom. 8:4; 10:4). Die Skrif druk dit selfs so sterk uit om te sê dat Christus gehoorsaamheid geleer het uit wat Hy gely het (Heb. 5:8; vgl. ook Rom. 5:19). Christus het elke jota en tittel van die wet vervul (Matt. 5:17, 18). Dit was Sy voedsel om Gods wil te volbring (Joh. 4:34; Heb. 10:5-9). In die antwoord op vr. 60 van die [130] Heidelbergse Kategismus word gesê dat die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus aan die gelowige geskenk en toegereken word .... asof hy self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir hom volbring het. Dit beteken natuurlik nie dat Christus Hom in ons plek bekeer het nie, want sonde het Hy nooit geken nie. Nee, maar die wedergeboorte en bekering is vrugte wat ons pluk van die gehoorsaamheid en soenlyde van onse Here Jesus Christus.

Die lydelike gehoorsaamheid van Christus word duidelik vermeld in Jes. 53:4, 5: "Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom" (vgl. ook Rom. 4:25; 1 Pet. 3:18; Joh. 3:14; 10:11, 15 ens.). Ons kan wel onderskei tussen lydelike en aktiewe gehoorsaamheid van Christus, maar tog moet ons dit nie skei nie. Christus het steeds met Sy hele persoon in ons plek opgetree, sowel in wat Hy gedoen het as wat Hy gely het. Ons troos is egter dat Hy vir ons *alles* gedoen en gely het wat daar as vergelding vir ons sondes te dra was, en dat ons net dankbaarheid hoef te betoon. Daar bly niks meer oor wat ons nog van ons kant moet betaal nie.

Daar word in die Bybel verskillende woorde gebruik om die "versoening" uit te druk, maar dis steeds God wat die subjek is, wat die versoening bewerkstellig waardeur ons vrede

met Hom kry. Die versoening kom objektief van God se kant af en nooit subjektief van ons kant nie. Dis buite ons in Christus vasgelê, en ons neem dit maar net deur die geloof aan.

8. **Vir wie het Jesus gesterwe?** In hoofstuk 2, art. 3, van die Dordtse Leerreëls lees ons dat die bloed van die Seun van God van oneindige krag en waarde is, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. Die rede is dan, volgens art. 4, nie alleen omdat Christus volkome heilig was nie, maar veral omdat Hy die Seun van God en dus self God was. En art. 5 sê dat almal wat in Christus glo, nie verlore sal gaan nie. Tog leer die Bybel ons op baie plekke dat nie *alle* mense gered sal word nie, omdat talle in hul ongeloof volhard. Die feite wys ons dit tog ook. En ons glo daarom dat Christus gesterwe het vir *Sy volk* (Matt. 1:21), vir *vele* (Matt. 20:28), vir *Sy skape* (Joh. 10:11b), vir Sy *gemeente* (Hand. 20:28), vir Sy *liggaam* (Ef. 5:23).

Christus het dit nie net vir ons *moontlik* gemaak om salig te word nie (en dus by implikasie ook die *moontlikheid* dat nie 'n enkele mens die saligheid aanneem nie), nee, Hy het vir ons die heil en saligheid *verwerf* as iets wat vas en seker is. Die gelowiges is inderdaad die *gelukkige besitters* van die heil en saligheid in Christus (Ef. 1:7). Niks kan ons van die liefde van Christus skei [131] nie (Rom. 8:31-39). Daarom bid Christus nie vir die wêreld nie, maar vir dié wat die Vader Hom gegee het (Joh. 17:9).

Natuurlik weet *ons* nie wie gered word nie. Ons is nie as regters aangestel nie. Ons kan maar net uiterlik oordeel na die maatstaf van die geloof. Van ons kant gesien, word *alle mense* opgeroep tot geloof en bekering, en *as* sommige in hulle ongeloof volhard, is dit seker nie God se skuld nie. Dan ontvang hulle hul verdiende straf. In elk geval is daar geen universele redding van *alle* mense nie. Dit erken feitlik alle *Christelike* rigtinge, selfs dié wat die heil van die mens se vrye wil afhanklik maak. Waar daar in tekste soos Joh. 3:16; 1 Tim. 2:4; Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 2:2 gesê word dat God die hele wêreld of alle mense wil behou, moet dit gesien word of as 'n globale uitdrukking waardeur die wêreld in sy essensie gered word, of as 'n uitdrukking wat te kenne wil gee dat God alle (soorte van) mense sonder onderskeid wil red, of almal wat in die verbond met God staan.

## Les 28: DIE STAAT VAN VERHOGING

**1. Ons moet die staat van vernedering en verhoging by Christus onderskei, maar nie skei nie:** Christus se lewe en werk was één groot geheel. In sekere sin kan ons sê dat dit van ewigheid tot ewigheid strek. Bavinck sê dat die Middelaarswerk één groot, magtige, Goddelike werk is wat in die ewigheid begin het en hom tot in die ewigheid voortsit. Dit bedoel hy natuurlik in verband met die ewige Vrederaad, waarin Christus reeds voor die grondlegging van die wêreld Homself as Heilsmiddelaar tot beskikking gestel het. En selfs nadat Hy eenmaal die koninkryk aan die Vader sal oorgegee het, sal Hy nog Middelaar van vereniging tussen God en mens wees.

Nou het Christus wel met Sy opstanding en hemelvaart die staat van verhoging ingegaan, maar die wortels van Sy verheerliking moet gesoek word reeds in Sy vleeswording, lyde en dood of, met ander woorde, in die staat van Sy vernedering. Die vernedering was die begin en beginsel van Sy verhoging. Hy moes deur lyde tot heerlikheid gaan. Net soos 'n vrou met smart kinders baar, soos Noag uit die sondvloed gered is of Israel uit Egipte deur die Rooi See heen, so moes die Christus ook ly en sterf, om daaruit vir ons die lewe te bring. So word Christus in die Skrif vir ons geteken (Ps. 22:40; Matt. 16:21; Jes. 53; Luk. 24:26). Aan die kruis, waar die Satansmagte *skyn* te oorwin, word hulle

juis naak uitgetrek en ten toon gestel (Kol. 2:15). As Christus sterf, [132] breek die grafte oop (Matt. 27:52) en triomfeer Hy oor die dood. Hy staan na drie dae op met 'n verheerlikte liggaam en vaar weldra na die hemel. Sy kondisie (toestand) moet pas by Sy staat (posisie) van verhoging.

2. **Die opstanding werp lig op die kruisiging:** Toe Christus oor die dood getriomfeer het, het 'n helder lig opgegaan oor die donker nag van Sy lewenseinder. Dit het duidelik geword dat dit alles *so* moes geskied volgens Gods Raad (Hand. 2:23; 3:18; 4:28). Dit was nie 'n blinde noodlot wat Jesus getref het nie, maar Hy het gesterwe volgens Gods alwyse Raad om die wêreld te verlos. Daardeur het Christus die Hoeksteen van verlossing geword (Hand. 4:11; 1 Pet. 2:6); is kragtig bewys dat Hy die Seun van God is (Rom. 1:4); het Hy geword die eersgeborene uit die dode (Kol 1:18). So het Hy van God 'n Naam bo elke naam ontvang (Fil. 2:9); het Hy Regter geword van lewende en dode (2 Kor. 5:10), ook Hoof en Voorbidder van en vir Sy gemeente (Ef. 1:22; Rom. 8:34) en erfgenaam van alle dinge (Heb. 1:2).

Christus het dus nie maar net weer lewend geword soos byvoorbeeld Lasarus nie. Nee, Hy het anderkant die dood opgestaan in 'n staat en sfeer van onbeskryflike heerlikheid (Openb. 1:18). Hy het die heerlikheid bereik waarvoor God die mens bestem het en wat selfs Adam voor die sondeval nie bereik het nie. Die Son van geregtigheid het opgegaan (Mal. 4:2) en het 'n verblindende lig gewerp op die donker nag van Godverlatenheid op Golgota se kruin. Die Leeu van Juda het opgestaan (Openb. 5:5), en die doodskrik het Sy vyande om die hart geslaan. Christus keer terug na die wêreld om te behou of te verderf. Die wêreld kom nooit meer los van Hom nie. Wie voor Hom nie buig nie, moet breek.

Ons leef in die tyd van Sy wederkoms.

3. **Christus was eers verneder en toe verhoog:** Ons sal nog sien waarin die verhoging eintlik bestaan het. Maar wat ons hier wil beklemtoon, teenoor sekere rigtinge, is dat Christus *werklik* verneder was en juis daarom verhoog kon word. Dis nie so dat Hy reeds van Sy vleeswording (geboorte) af na Sy menslike natuur met Goddelike gawes of eienskappe begiftig was, dat Sy mensheid dus feitlik Goddelik van aard was nie, al sou Hy dit ook nog tydens Sy aardse lewe bedek het. Nee, selfs in Sy verhoging in die hemel is Sy mensheid nooit Goddelik van aard nie. Die twee is en bly wesensverskillend. Christus, as mens, is nie alomteenwoordig nie, selfs nie in die Nagmaal nie. Sy vleeswording beteken nie dat Hy, soos baie meen, vergoddelik is nie; nee, dit beteken dat Hy *mens* geword het en in ons wêreld en geskiedenis (dus ook ons dood en ondergang) ingegaan het en daarvandaan 'n wending gemaak het om ons met Hom op en uit te voer na die [133] ewige heerlikheid, wat Hy nou besit. Hieruit volg verder dat Christus nie maar net 'n figuur was, 'n eksemplaar van die algemene *idee* van die sedelik goeie wat tot vandag toe invloed uitgeoefen het nie; nee, Hy was en is die Seun van God, God self, wat in ons geskiedenis gestalte aangeneem het om ons te verlos, dus die konkrete gestalte van God in ons werklikheid. Wie God nie hier, in Christus, vind nie, sal Hom in der ewigheid nie vind nie.

**4. Die hele Christus was verneder en verhoog:** Ons weet wel dat die Goddelike natuur van Christus nie vatbaar is vir verandering nie. Tog moet ons vashou dat Christus se twee nature albei onaf skeibaar saamverbonde is in Sy Persoon, en so het albei nature deel gehad, elkeen op sy wyse, aan Christus se Middelaarswerk. As dit net bloot Sy menslike natuur was wat betrokke was, dan sou daar denklik ook *ander* middelaars kon gewees het; maar nou is dit *net Christus,* en *Hy alleen,* wat ook God was (1 Joh. 1:7; Heb. 9:14). Vir Sy

Godheid moet dit as vernedering beskou word dat Hy in die ewige Vrederaad Homself bereid verklaar het om 'n "dienskneg van God" te word en dit wel in 'n verswakte menslike natuur, waaragter Sy Goddelike gedaante verberg was, sodat Hy nooit hier op aarde van Sy Goddelike krag gebruik gemaak het om vir Homself iets te verkry en Sy vyande te verpletter nie. Aan die ander kant kom Sy Goddelike glorie en luister weer op 'n besondere wyse tot uiting in Sy verhoogde menslike natuur, waardeur dit in hemelse heerlikheid skitter (Openb. 1:12-18).

5. **Christus se verhoging 'n verdiende loon:** Christus het as die tweede Adam deur wetsgehoorsaamheid en die straf wat Hy vir ons gedra het, die hemelse heerlikheid verdien. Hy is, met ander woorde, daarop geregtig, en dit kom Hom toe. Die loongedagte in verband met die Middelaarswerk van Christus word duidelik uitgespreek in Jes. 53:11; Luk. 24:26; Joh. 13:12-16; 17:4, 5; Fil. 2:6-9; Heb. 2:10; 12:2. Christus moes deur lyde volmaak word. Dit wil nie sê dat Hy sedelik volmaak moes word nie, want sonde het Hy nooit geken nie; maar dit beteken dat Hy langs die lydensweg moes opklim tot waar Hy vandag is, waar Hy as Hoëpriester gaan sit het aan die regterhand van God (Heb. 8:1).

6. **Christus het 'n lewendmakende Gees geword** (1 Kor. 15:45). Die verhoogde Heiland het wel 'n liggaam en is dieselfde Jesus as wat op aarde gewandel het (Hand. 9:5; Rom. 4:24; 2 Kor. 4:5-11). Maar dit is 'n verheerlikte liggaam (Fil. 3:21). Volgens 2 Kor. 3:17 is die Here die Gees; en waar die Gees is, is vryheid. Dit wil sê dat Jesus se liggaam nou so volkome deur die Gees beheers en deurdring word dat Hy en die Gees feitlik identies is, sodat Hy vry is om liggaamlik te doen net wat Hy wil en aan [134] geen sogenaamde natuurwette of enigiets meer gebonde is nie, soos onder andere daaruit geblyk het dat Hy kon verskyn en verdwyn net soos Hy wou en waar Hy wou. So woon dan in Christus die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9; 1:19). Die dood heers oor Christus nie meer nie, en Hy kan nie sterf nie (Rom. 6:9, 10; Openb. 1:18). In plaas van self te sterf, is Hy die lewendmakende Gees, wat self die lewe gee aan wie Hy wil.

7. **Die opstanding van Christus:** Die Skrif praat sowel van die opstanding (bv. Rom. 1:4) as die opwekking (bv. Rom. 4:24) van Jesus Christus. Die eerste dui daarop dat Hy die dood oorwin het en as sodanig uit die dood opgestaan het. Die laaste wys daarop dat Hy die Goddelike straf gedra en alle geregtigheid volbring het en dat God Hom dus uit die dode opgewek het om Hom voor Sy vyande te regverdig en in die gelyk te stel. Aangesien die dood die besoldiging van die sonde is en Christus daardie prys vir ons sondes betaal het, was dit *onmoontlik* dat die dood Hom kon hou (Hand. 2:24).

Die leë graf van Jesus kan nie verklaar word nie en bly 'n ergernis vir hierdie wêreld. Alle teorieë, soos byvoorbeeld dat Christus skyndood was, dat Sy liggaam gesteel was, dat Sy dissipels aan hallusinasies en oorspanne senuwees sou gely het en hulle verbeel het dat hulle Hom gesien het, moes prysgegee word. Die feit is dat juis die dissipels die ongelowigste van almal was en dat Christus herhaalde male aan hulle moes verskyn om hulle te oortuig dat Hy *werklik* lewe. Die feit dat Hy die wonde aan hande en voete vir hulle gewys het en ook saam met hulle geëet het, bewys dat ons hier ook nie met visioene te doen gehad het nie. En diegene wat die opstanding as 'n *mite* wil voorhou wat later deur die gemeente in die Evangelies sou ingedra gewees het, verwerp die duidelike getuienis van die Skrif op so 'n manier dat ons dan maar net so goed *alles* aangaande Christus kan vermitologiseer en dan geen historiese Jesus meer oorhou nie.

Vir die eiegeregtige mens (Jood) en die eiewyse of slim mense (Griek) is dit inderdaad

kranksinnigheid om ons heil te verwag van 'n gekruisigde, gestorwe en opgestane Christus (1 Kor. 1:18-25). Tog weet ons dat ons hele heil hang aan die waaragtige opstanding van Jesus. As Hy nie opgestaan het nie, help dit ons niks dat Hy so 'n goeie voorbeeld, 'n wyse leermeester, 'n sosiale hervormer, 'n godsdienstige genie of wat ook al mag gewees het, soos van Hom beweer word nie. Christus lewe, en dan sal ons ook lewe; of Hy is dood, en ons is ten dode gedoem. 'n Middeweg is daar nie (1 Kor. 15:17-20; Ef. 4:9, 10). In die opstanding van Christus word *ons* geregverdig, omdat Hy in ons plek gesterwe het (Rom. 4:22-25; 6:4-10). In Christus se opstanding ontvang ons [135] 'n onbesmette en onverwelklike erfenis, naamlik die ewige lewe (1 Pet. **1:**3-5; 2 Kor. 4:10).

8. **Christus na Sy opstanding dieselfde en tog anders:** 'n Gees

was Hy nie (Luk. 25:37-39). Hy kon aangeraak en betas word (Joh. 20:27); Hy kon eet (Joh. 21:9-12; Luk. 24:41-43). Tog het Sy dissipels Hom nie maklik herken nie, soos byvoorbeeld die Emmausgangers en Maria Magdalena (Joh. 20:11-18; Luk. 24:13-35). Hulle het selfs vir Hom geskrik (Luk. 24:37) en in aanbidding voor Hom neergeval (Matt. 28:9; Joh. 20:28). Sy gedaante was anders (Mark. 16:12). Hy het, na Sy opstanding, tot die hemelse sfeer behoort en sou nie weer op dieselfde wyse as voor Sy dood met Sy dissipels omgaan nie (Joh. 20:16, 17; 1 Kor. 15:44).

Christus se opgewekte liggaam was wel 'n stoflike liggaam, maar het nie tot die natuurlike (psigiese) dinge behoort nie, dog tot die geestelike, d.w.s. wat volkome op die Gees ingestel is en vry van alle stoflike beperkinge (1 Kor. 15:42-49). Hier is buik en spyse te niet gedoen, d.w.s. oorbodig en onnodig (1 Kor. 6:13). So is die aardse liggaam van Christus dan verheerlik tot 'n hemelse, en gepaard hiermee is ook Sy siel verheerlik met hemelse gawes, sodat Hy dieselfde was as voor Sy dood en tog ook weer in menige opsig volkome anders.

9. **Die veertig dae wat Jesus nog op aarde was:** Die vraag is waarom Christus nog veertig dae op die aarde vertoef het voor Sy hemelvaart? Volgens die Skrif het Hy herhaalde male aan Sy dissipels verskyn en hulle onderrig in die Skrifte aangaande Sy lyde en die betekenis daarvan (Luk. 24:26, 27; 44-47). Ook het Hy hulle ingelei aangaande die nuwe roeping en taak wat op hulle gewag het, nl. om Sy getuies te wees en die evangelie uit te dra tot by die eindes van die wêreld (Matt. 28:18-20; Mark 16:15; Hand. 1:8; 1:3; Joh. 20:21-23; 21:15-17).

Hoe verbasend het manne soos Petrus, Jakobus en Johannes nie in hierdie tyd verander nie! Dis byna ondenkbaar dat hierdie manne soos hulle was, eenvoudige vissers, sulke heerlike dinge kon skrywe soos ons vind in die Evangelie volgens Johannes en in hulle sendbriewe. In die lig van die opstanding het vir hulle 'n nuwe wêreld oopgegaan en het die Skrifte vir hulle nuwe betekenis gekry, en so is hulle feitlik self volkome getransformeer. Hulle het in hierdie veertig dae op die drumpel van die ewigheid gestaan en onder hemelse lig en inwerking verkeer en is so toegerus vir hulle magtige taak om die wêreld te evangeliseer. So het Christus die fondament gele vir Sy kerk en koninkryk (Ef. 2:20).

10. **Die hemelvaart van Christus:** Dit was 'n ware triomf tog van die Koning van alle konings na die hemelse hoofstad, die nuwe [136] Jerusalem, waarvan ons reeds profeties lees in Ps. 68:18, 19 (vgl. Ef. 4:8-10; 1 Pet. 3:22). Hierin het Christus getriomfeer oor die wette van die natuur (swaartekrag) en oor Sy vyande en het Hy na die Rykshoofstad en Koninklike setel vertrek, terwyl Hy seënend Sy hande oor Sy volk en kerk uitgebrei het

(Ef. 4:8). Hy het dwarsdeur die hemel deurgegaan tot in die Troonsaal, waar Hy aan Gods regterhand gaan sit het (Heb. 4:14). Dit dui op die eer en mag waarmee God Hom beklee het.

Dit hoef nie noodwendig te beteken dat Jesus saam met die Vader letterlik in die hemel op 'n troon sit nie (vgl. Matt. 28:19; 26:64; Rom. 8:34; Kol. 3:1; Openb. 3:21, ens.). Dit wil egter te kenne gee dat God alle dinge deur die hand van Christus regeer en bestier. Hy oefen alle mag uit, selfs ook oor die magte van die hel en die dood. So gesien, is die hemel en Christus baie naby ons en uiters aktueel en nie ver af soos ons geneig is om te dink nie. Die miljoene ligjare waarvan die sterrekundiges praat in verband met die verste sterre, is van geen betekenis sover dit die hemel aanbetref nie. Christus is inderdaad "met ons" soos Hy beloof het (Matt. 28:20) en dit wel in 'n veel inniger en heerliker sin as wat Hy op aarde met Sy dissipels was. Geen wonder dat Stefanus en Paulus Hom in die hemel *gesien* staan het nie.

Omdat ons aan Christus behoort en deel het aan Hom en Sy genade, sê die Skrif dat ons saam met Christus opgewek is en saam met Hom in die hemele sit (Ef. 2:6) en dat ons burgers is van die hemelland (Fil. 3:20). Daarom moet ons die dinge soek wat bo is (Fil. 3:1), waar ons 'n onverganklike erfenis het (1 Pet. 1:4). Dis die dinamiek van die geloof (Fil. 3:12). Dit beteken nie wêreldvermyding nie, maar om onsself in alles ten dienste te stel van ons hemelse Koning en steeds te bid en te werk vir Sy koninkryk en Sy wederkoms.

**11. Christus oefen Sy drieërlei amp uit in die hemel:** Uit wat ons gesê het, is dit duidelik genoeg dat Christus nie ledig in die hemel verkeer nie. Deur Sy Gees leer en lei Hy Sy volk profeties in die verkondiging van Sy Woord. Ook tree Hy priesterlik vir ons in by God. Hy kan dit doen omdat Hy die voorhangsel van die sonde geskeur het en in die binneste heiligdom ingegaan het (Heb. 6:19, 20; 9:11, 12). Hy kan priesterlik alle heil en saligheid vir Sy volk bewerk, omdat Hy aan die regterhand van die troon van God gaan sit het (Heb. 8:1; 7:25). Verder tree Hy op as die Here van alle here en die Koning van alle konings (Openb. 19:16). Oor Sy vyande regeer Hy met mag (Matt. 28:18; Openb. 17:14). Maar vir Sy gemeente is Hy 'n Hoof wat met wysheid en liefde daaroor regeer (Ef. 5:23-27; 1:22, 23). Die hele wêreldgeskiedenis draai om die kerk, ter wille waarvan Christus die [137] wêreld in stand hou; en die kerk is daar in belang van die hemelryk wat Christus nie deur swaardgeweld nie maar deur die verkondiging van Sy Woord en die werking van Sy Gees tot stand bring.

## DIE HEILSORDE: HOE ONS SALIG WORD

### Les 29: DIE HEILIGE GEES EN SY WERK

**1. Die uitstorting van die Heilige Gees:** Al die weldade en genadegawes wat Christus vir Sy volk verwerf het, sou vir ons geen waarde gehad het as die Heilige Gees dit nie aan ons persoonlik toegepas het nie. Daarom moes by die verhoging van Christus die Heilige Gees uitgestort word om ons op geestelike wyse Christus en Sy weldade deelagtig te maak. Alhoewel die Heilige Gees ook reeds in die Ou Testament werksaam was, was dit maar voorlopig. Eers met die uitstorting sou die Gees permanent en vir goed in die hart van Gods volk kom woon, om nooit meer tot in ewigheid van ons te skei nie. Die uitstorting was dus 'n unieke gebeurtenis en kan nooit weer herhaal word nie. Die Gees het gekom om te bly. Daarom sê die Skrif dat Hy *ryklik* uitgestort is op ons (Tit. 3:6). Die begrip "uitstorting" dui volheid en oorvloed aan, en dit bevat ook die idee van *vir goed* weggee. Die hemel het sy sluise oopgetrek, en daar is geen reserwe geplaas op die Gees nie

(vgl. Hand. 10:45).

Treffend dat die uitstorting moes plaasvind op die Pinksterfees, wat die oesfees was! Deur hierdie uitstorting sou daar 'n geweldige "oes" vir God en Sy koninkryk ingesamel word. Daar het 'n sterk wind gekom, en tonge soos vuur het op die hoofde van die vergaderde dissipels neergedaal (Hand. 1:15, 16; 2:1-13). Dit was simbolies van die geheimsinnige en kragvolle werking van die Heilige Gees wat waai waar Hy wil (Joh. 3:8) en die kwaad verteer en wegbrand. Die kerk sou voortaan selfstandig bestaan as volk van God, los van die nasionale bindinge van die Israelitiese volksbestaan. Dit sou soos 'n vuurbrand oor die wêreld trek en wêreldkerk en sendingkerk word. Die tempel in Jerusalem sou verdwyn en plek maak vir die geestelike tempel van Gods volk oor die aarde (1 Kor. 3:16, 17; 6:19).

Hierdie uitstorting van die Gees is in die Ou Testament voorspel (bv. Jes. 44:3; Joel 2:28). Vir spesifieke doeleindes het die Gees ook in die Ou Testament gewerk. So het die Here se Gees byvoorbeeld gewerk in die sewentig oudstes wat Moses help regeer [138] het (Num. 11:17). Die Gees het in die rigters gewerk, bv. Otniël (Rigt. 3:10). Die profete was deur die Heilige Gees gedrywe (2 Pet. 1:21). Ook die Ou-Testamentiese gelowiges het soms die Heilige Gees weerstaan (Hand. 7:51) en bedroef (Jes. 63:10). Die *uitstorting* van die Heilige Gees was egter toe nog nie werklikheid nie. Daarom dat tekste soos Joh. 7:39 en Hand. 19:2 die indruk gee asof die Gees daar nog nie was nie. Dis egter nie die bedoeling nie. Dit wil net sê dat die volle en finale koms van God in die Gees eers met die uitstorting plaasgevind het, waardeur die werking van die Gees universele en alomvattende betekenis gekry het vir die heil en redding van Gods volk en die wêreld.

2. **Die Gees deur Christus gestuur:** Die Heilige Gees is aan Christus deur die Vader belowe, om dit op Sy volk uit te stort (Hand. 2:33; Luk. 24:49; Joh. 15:26). Die Vader stuur die Gees deur Christus, en so word Sy volk met krag uit die hoogte toegerus en geleer en in alle waarheid gelei (Joh. 14:26; 16:13). Daarom word in Openb. 3:1 van Christus gesê dat Hy die sewe Geeste van God het, en elders selfs dat Christus die Gees *is* (2 Kor. 3:17). Die Gees spreek niks uit Homself nie, maar sal spreek wat Hy hoor en *Christus* betuig (1 Joh. 16:13, 14). Daarom is dit sondig en dwaas om die Gees los te maak van Christus, die Woord van God, soos die geesdrywers doen. Die Gees is streng en stip aan die Woord gebonde en bring niks anders as Gods Woord tot ons nie. Die Gees word daarom ook dikwels genoem die Gees van Christus (Rom. 8:9; Gal. 4:6; Fil. 1:19). As Christus nie hemel toe gevaar het nie, sou ons nie die Gees kon ontvang het nie (Joh. 16:7; 14:16).

3. **Gawes van die Heilige Gees:** Daar is twee kategorieë van gawes wat die Gees ons deelagtig maak, nl. die gewone en die buitengewone. Hierdie laaste soort gawes was beperk tot sekere tye en geleenthede en het 'n spesiale doel gehad. Die gewone gawes was egter vir alle tye en plekke en het die algemene stigting en opbouing van die gelowiges ten doel gehad. Onder die buitengewone gawes was dinge soos om in tale te spreek (1 Kor. 14), vrymoedigheid om die evangelie te verkondig (Hand. 4:31), wysheid (Hand. 6:3, 10), profesie (Hand. 11:28), verskyninge en openbaringe (Hand. 7:55; 13:2), gesondmaking (Hand. 3:6; 1 Kor. 12:28).

Hierdie buitengewone gawes het gedien om as getuienis van God se kant die prediking van die evangelie te bevestig en dit as 't ware ingang te laat vind by die heidendom. Maar toe die kerk gevestig was en oral die gereelde Woordbediening plaasgevind het, het daardie besondere gawes mettertyd verdwyn en alleen die gewone gawes bly voortbestaan.

Die doel van die besondere gawes [139] was om die gemeentes te dien solank dit nodig was (1 Kor. 14:6, 18, 19; 2 Kor. 12:12; 1 Kor. 2:4; Rom. 15:18, 19).

In Rom. 12:6-8, 1 Kor. 12:7-10, Gal. 5:22 gee Paulus 'n kort opsomming van die gawes van die Heilige Gees, sowel die gewone as die buitengewone. Paulus het die buitengewone gawes nie besonder hoog geag nie en het die *liefde* gereken tot die beste gawe (1 Kor. 13). Die liefde alleen bly vir ewig (v. 13). Onder die gewone gawes kan ons die volgende reken: roeping, wedergeboorte, bekering, regverdigmaking, reiniging van sondes, geloof, hoop, liefde, vrede, vreugde, vertroosting, heiligmaking, bewaring, volharding, heerlikmaking (vgl. Joh. 3:36; 14:26 en bogenoemde tekste). Die gelowiges word deur die Gees gelei (Rom. 8:2; 1 Kor. 2:13, 14; Ef. 4:30).

4. **Die Gees maak ons Christus deelagtig:** Die groot werk van die Heilige Gees is om ons Christus en al Sy weldade deelagtig te maak. Christus en die Heilige Gees mag in die heilswerk nie vir 'n oomblik los van mekaar gedink word nie, soos trouens die Vader ook nie daarvan afgesonder mag word nie. In Jes. 11:2 lees ons dat die Gees van die Here, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die Here op Christus sou rus. Hy was dan ook met die Heilige Gees gesalf en oorskadu en het Sy ganse Messias-taak deur die Gees volbring. En so werk Hy nog deur die Gees om ons met Hom te verenig. Ons kan Christus se gawes nie ontvang tensy ons Hom persoonlik ontvang nie. Die skat van God se genade is nie iewers of by iemand (bv. Maria) gedeponeer nie. Christus self *is* die Goddelike genadeskat. Sy goedheid, guns en genade is nie los van Sy persoon te dink of te verkry nie. Deur die Gees deel Christus *Homself* aan ons mee (Joh. 16:13-15; vgl. Ef. 3:19; 4:13, 16) en is Hy alles en in almal (Kol. 3:11). Bavinck sê in sy Dogmatiek met betrekking tot die mistieke unie tussen Christus en die gelowiges dat dit die ganse Christus met Sy hele gemeente en elke lid in die diepte van hulle wese, in die kern van hulle persoonlikheid, ten volle en vir ewig verbind. Ons word dus nie, soos sommige meen, buite Christus om deur die Gees wederbaar, om dan daarna met Hom in aanraking te kom nie. Nee, Christus self wederbaar ons deur Sy Gees en maak so woning in ons hart. Die Heilige Gees reinig ons met die bloed van besprenkeling van Christus (1 Pet. 1:2; 1 Kor. 6:11). Die Gees maak ons in Christus tot kinders van God (Rom. 2:15). Geen wonder nie dat in die Apostoliese seën die genade van Christus en die liefde van God afgerond word met die gemeenskap van die Heilige Gees.

5. **Die Gees word vergelyk met water, olie, vuur, ens.:** Paulus [140] sê byvoorbeeld: “Blus die Gees nie uit nie” (1 Thess. 5:19; vgl. Matt. 3:11; Hand. 2:3). Die Gees verteer die sonde net soos vuur en dit reinig en louter die gelowiges net soos die goud deur vuur. Ook reinig die Gees ons siel van die sonde, net soos die liggaam deur water gereinig word (1 Pet. 1:22; Eseg. 36:25, 26). So lees ons in Tit. 3:5 dat Hy (God) ons gered het deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees. In 1 Joh. 5:8 word die Gees in verband gebring met die doopwater as simbool van die bloed van Christus (vgl. Hand. 11:16; Joh. 1:33). Die werking van die Gees is geheimsinnig en tog kragtig net soos die wind (Hand. 2:2; Jes. 40:7), en Hy is volkome vry om te kom en te gaan waar en soos Hy wil, net soos die wind. Ons kan Hom nie dwing of beheer nie. Ook word die Gees vergelyk met salfolie (Hand. 10:38), wat in sy werking die soet en verfrissende geure van Gods genade en krag oor ons sprei. Ook word die Heilige Gees vergelyk met 'n seël wat ons verseël in Christus (Ef. 1:13), en met 'n duif, wat die simbool is van sagtheid, opregtheid en reinheid (Matt. 3:16).

6. **Die Heilige Gees is God self wat in ons woon en** werk: Omdat daar soveel beelde is waardeur die Heilige Gees aangedui word, moet ons nie dink dat die Gees maar 'n krag of werking van God is nie. Ons het reeds tevore betoog dat die Heilige Gees God self in eie persoon is. Tog is die gevaar groot, veral waar ons hier te doen kry met die verborge en geheimsinnige *werking* van God in die mensehart, dat ons soos die geesdrywers 'n spel gaan speel met die Heilige Gees, asof dit 'n soort toorkrag is wat ons kan "kry" of kan ontwikkel. Dan laster ons eintlik en maak van die hele saak 'n klug. Ons moet onthou dat ons te doen het met die *Heilige* Gees, dus met God self en dat ons hier op heilige grond is en voor Hom moet bewe. Ons mag nooit op 'n goedkoop familiêre wyse met die Gees "dweep" nie. Die herskeppingswerk wat God die Heilige Gees doen, is deur en deur Goddelik en nie mensewerk nie. Ons kan dit alleen maar aanbid. Al word ons in die bekeringswerk ingeskakel as medewerkers van God, wil dit nie sê dat dit nou iets "van ons" is nie. Dit bly van begin tot end God se werk in ons (Rom. 9:16; Fil. 2:12, 13).

7. **Indeling van die werke van die Heilige Gees:** Daar is verskillende werkinge van die Heilige Gees, en dit is ook deur verskillende teoloë verskillend ingedeel. In die algemeen kan ons dit soos volg indeel:

(a) Die werkinge waardeur ons na God toe getrek word: roeping, wedergeboorte (in engere sin), geloof en bekering;

(b) die werkinge waardeur God as 't ware na ons toe gebring [141] word, sodat ons met Hom vrede kan hê: regverdigmaking, aanneming tot kinders, verlossing van die mag van die wet en van vrees, geestelike bevryding en vervulling met hemelse vrede en vreugde;

(c) die werkinge wat ons verlos van die smet van die sonde en ons vernuwe na Gods ewebeeld: wedergeboorte (in ruimere sin), afsterwe van die oue en opstanding van die nuwe mens, daaglikse bekering en die volharding van die heiliges.

Dit alles word voltooi en afgerond in die verheerliking, waaroor ons aan die slot van hierdie boek sal handel. In die algemeen kan ons sê dat die volgorde of die heilsorde, soos dit genoem word, is: roeping, regverdigmaking en heiligmaking (vgl. Rom. 8:30; 1 Kor. 1:30).

8. **Algemene oorsig van die werkinge van die Heilige Gees:** Die Heilige Gees bewerk die geloof in ons (Joh. 3:5; 1 Kor. 12:3). Hy lei ons in alle waarheid (Joh. 16:13; 1 Kor. 2:12). Hy lei ons uit die slawerny van vrees (Rom. 8:15), regverdig ons (1 Kor. 6:11) en maak ons tot kinders van God (Gal. 4:6; Rom. 8:16). Die Heilige Gees stort Gods liefde in ons hart uit (Rom. 5:5), verbreek die mag van die sonde en van die dood in ons (Rom. 8:2) en vervul ons met hemelse blydskap (Rom. 14:7). Verder vertroos die Heilige Gees ons (Joh. 14:16), bid ook vir en in ons (Rom. 8:26), lei ons (Rom. 8:14; Gal. 5:18) en laat ons vrugte van geregtigheid dra (Gal. 5:22; Rom. 15:13). Die Heilige Gees gee ons die oorwinning oor die vlees *en* laat *ons* wandel na die *Gees* (Rom. 8:4 e.v.; Gal. 5:16, 17, 25); verbind alle gelowiges saam tot 'n woning van God in die Gees (Ef. 2:18-22; 4:3, 4); waarborg die hemelse erfenis (Ef. 1:13; 2 Kor. 1:22; 5:5) en laat ons eenmaal met verheerlikte liggaam opstaan uit die dood (Rom. 8:11; 1 Kor. 15:44).

Wat het ons dan nie 'n heerlike voorreg bokant die wêreld wat die Gees nie kan ontvang omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie! (Joh. 14:17: " ... . maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.")

## Les 30: ROEPING EN WEDERGEBOORTE

**1. God roep:** Dis God wat ons in ons sonde kom opsoek het en wat vir Adam geroep het: "Waar is jy?" (Gen. 3:9). Dis nie *ons* wat na die Here gesoek en geroep het nie; inteendeel, die sondaar vlug vir God, soos Adam en Eva gedoen het. In die heilsorde begin ons daarom nie by die geloof en bekering (van die [142] *mens*) nie, maar by die roeping en wedergeboorte (deur *God).* Dis God die Vader wat ons roep (1 Kor. 1:9; 1 Thess. 2:12; 1 Pet. 5:10), maar dis ook God die Seun (Matt. 11:28; Joh. 7:37) en ook die Heilige Gees (Joh. 15:26; Hand. 5:32). Dis God Drie-enig wat ons roep.

2. **Die uitwendige roeping:** Daar gaan 'n algemene roeping van God uit uit die werke van Gods hande, wat alle mense toespreek (Ps. 19:1-5; Rom. 1:20). God se ewige krag en Goddelikheid kan duidelik daaruit verneem word. In die gewete dra ook die heiden nog 'n sekere getuienis van God se wet in sy hart, wat voldoende is om hom alle onskuld met betrekking tot sy sondige dade te ontneem (Rom. 2:14, 15). Die natuur en geskiedenis roep luid van God se almag en Sy geregtigheid, en daarin is veel te sien van Sy trou en lankmoedigheid selfs oor sondaars, want Hy laat Sy son opgaan en Hy laat reën oor goeies en slegtes. Tog moet ons hierdie algemene roepe van God in die natuur nie beskou as 'n soort ontvangsapparaat vir Sy besondere roepe in Christus Jesus nie, asof ons van nature nog enige moontlikheid besit om ook maar iets van Sy stem te beluister nie. Immers, deur die sonde het ons juis hierdie roepe van God ontvlug en ons ore en harte toegestop vir Sy soekende liefde (Rom. 2:21).

Daarom moes God Sy besondere genadeboodskap tot ons stuur in die verkondiging van die evangelie. Dis wat genoem word die uitwendige roeping. In Matt. 28:19 het Jesus aan Sy dissipels opdrag gegee om die evangelie aan *al* die nasies te gaan verkondig (vgl. ook Mark. 16:15). Die genade van God in Christus Jesus moes aan alle mense, sonder onderskeid, verkondig word (Joh. 1:29; 2 Kor. 5:18-20), altyd egter op voorwaarde van berou en bekering. Dis dus nie 'n heilstoesegging aan alle mense sonder onderskeid nie, maar alleen aan dié wat hulle bekeer. Geen Christus vir *almal* nie. Uit Matt. 22:1-14 kan ons ook sien wat die aard van die uitwendige roeping is, naamlik: "Baie is geroep, maar min uitverkies" (vgl. ook Joh. 3:36; 5:40; Hand. 13:46; 1 Joh. 5:10, ens.). Dat die bekering egter nie uit onsself is nie, sal ons nog sien.

3. **Die uitwendige roeping vir alle mense bedoel (vgl. Ps. 86:5)**: In Joël 2:32 lees ons dat *elkeen* wat die Naam van die Here aanroep, gered sal word; in Jes. 55:1 word almal wat dors het, uitgenooi om wyn en melk sonder geld te kom koop en eet; in Matt. 28:11 word alle vermoeides uitgenooi om na Christus toe te kom (vgl. Openb. 22:17; Luk. 14:16-24, ens.). Dis 'n spesifieke opdrag van Christus dat aan *alle mense,* sonder onderskeid van ras of geslag of ouderdom of stand, die evangelie verkondig moet word. Paulus sê: "God het dan die tye van onkunde oorgesien [143] en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer" (Hand. 17:30). Vantevore het God die kennis van Sy openbaring beperk tot Israel (Ps. 147:19, 20), alhoewel Hy Hom aan die ander nasies nie heeltemal onbetuig gelaat het nie (Hand. 14:16, 17). Ook hulle het iets van God geweet. Dis egter nou God se wil dat die kennis van Sy genade uitgedra sal word tot by die eindes van die aarde (Matt. 24:14).

**4. Is die uitwendige roeping ernstig bedoel?** Terwyl die Skrif ons leer en ons met ons oë kan sien dat duisende mense die evangelie verwerp en dus verlore gaan, kom die vraag hier op of die verkondiging van die evangelie aan *alle* mense dan welgemeend en

opreg bedoel is? God het alles in Sy hande, en sonder die wederbarende werking van Sy Gees is dit onmoontlik vir die verharde sondaar om hom te verootmoedig en Christus aan te neem. Dis die Heilige Gees wat die gelowiges oortuig dat hulle kinders van God is. Maar dis ook die Gees wat die wêreld oortuig van sonde, oordeel en geregtigheid (Joh. 16:8-11). God se Woord het altyd sy uitwerking, hetsy tot behoud van die kind van God of tot verswaring van die oordeel oor hom wat die evangelie verwerp. God se Woord is lewend en kragtig (Heb. 4:12) en keer nooit leeg terug nie (Jes. 55:11). Die evangelie is 'n *krag* van God tot redding vir elkeen wat glo (Rom. 1:16). Paulus noem dit die *swaard* van die Gees (Ef. 6:17).

God *bedoel* wat Hy in die Evangelie sê, naamlik heil vir die berouvolle en straf vir die goddelose. "Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?" (Num. 23:19). Dis 'n straf op die sonde dat dit 'n mens verhard en verblind, maar dis nie God se skuld nie. God het inderdaad geen behae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe (Eseg. 18:23-32; vgl. Spr. 1:24; Jes. 1:18-20, ens.).

Ons staan hier voor 'n onbegryplike raaisel van Gods welbehae, maar ons moet nooit twyfel aan God se beloftes en Sy bedoelinge met ons nie. Ons weet ten slotte nie wat in God se Raad oor ons besluit is nie, maar het daar ook niks mee te doen nie. Ons het God se evangeliewoord om op te bou; en as ons dit gelowig aanneem, sal ons nie beskaamd uitkom nie (vgl. hier die Dordtse Leerreëls, hoofstuk III en IV, 8). God roep in alle erns.

5. **Betekenis van die uitwendige roeping:** Die uitwendige roeping het nie saligmakende betekenis of krag nie. Al hoor die natuurlike mens ook die evangelie, kan hy nie die geestelike dinge onderskei nie (Jes. 6:9, 10; 1 Kor. 2:14). In die Dordtse Leerreëls, III en IV, 9, word vir ons mooi uiteengesit dat dit die mens se skuld is as hy die evangelie nie aanneem nie, want dit hang saam met die toestand van sy hart, waarop die saad gesaai word, volgens die [144] gelykenis in Matt. 13. Die fout lê nie by die evangelie of die Christus van die evangelie nie of by God, wat roep nie. Ons moet self die skuld dra as ons verlore gaan, alhoewel dit alleen Gods reddende genade is wat ons kan verander.

Tog beteken dit nie dat die evangelieprediking vir die ongelowiges geen nut het nie. Nee, daardeur handhaaf God steeds Sy eis op die mens, wat na Sy beeld geskape is, en laat Hy hom nie los nie. Ook ontneem dit die mens alle verontskuldiging wat hy moontlik nog kon gehad het. Hy kan nie sê dat God nooit met hom gepraat het nie. Deur die uitwendige roeping hou God die wêreld tog nog vas dat dit nie geheel en al aan die verwoesting oorgegee word nie en dat 'n samelewing darem moontlik is en dat 'n soort Christelike beskawing of kultuur opgebou kan word, wat vir die kerk meer lewensruimte en bestaansmoontlikheid gee. Ook gebruik God die remmende invloed van die uitwendige roeping om ons in sekere sin te bewaar en te lei om Hom te ontmoet wanneer Hy met die inwendige roeping na ons toe kom. So sien ons byvoorbeeld hoedat Paulus in Hand. 17:22-31 by die uitwendige roeping aansluit as hy die evangelie verkondig.

6. **Die inwendige roeping:** Solank die mens se hart nie verander word nie, val die Woord op dowe ore en vind dit nie ingang in die siel nie. Paulus sê dat Christus 'n struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke is, *maar vir dié wat geroep is,* is Hy die krag en die wysheid van God (1 Kor. 1:23, 24). Van Lidia lees ons dat die Here haar hart geopen het om ag te gee op wat deur Paulus gesê is (Hand. 16:14). Die Gees van God werk in en deur die prediking op so 'n wyse dat dit in die harde sondaarshart ingang vind. En selfs waar die Here deur Sy Gees miskien direk inwendig mag roep, soos in die geval van

klein kindertjies wat sterf byvoorbeeld, daar geskied dit nogtans nie sonder Sy Woord nie, soos ons nog sal sien.

As Paulus sê: “Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep” (Rom. 8:30), sien dit op die inwendige roeping, wat altyd 'n roeping tot saligheid is, in teenstelling met die uitwendige roeping, waarby vele tog nog verlore gaan (Matt. 22:14). Dit is dus nie omdat *ons* ons aan die Here wil oorgee dat ons gered word nie, want dan sou niemand gered word nie (vgl. Dordtse Leerreëls, III en IV, 10: “ . . . . maar dit moet aan God toegeskrywe word wat al diegene, deur Hom as Sy eiendom van ewigheid af in Christus uitverkore, ook almal in die tyd kragtiglik roep, met die geloof en die bekering begiftig . . . .”). God alleen kan 'n sondaar wat in sy sonde *dood* is, kragtiglik roep om op te staan tot 'n nuwe lewe, soos Jesus vir Lasarus uit die graf.

**7. Die inwendige roeping altyd kragdadig:** Paulus sê: “Want [145] die genadegawes en die roeping van God is onberoulik” (Rom. 11:29). Paulus betrek eintlik die hele verlossing van die sondaar, insluitende wedergeboorte en bekering, onder die kragdadige *roepe* van God, en daarom praat hy maar net op een plek, nl. Tit. 3:5, van die wedergeboorte. Paulus sien die roepe van God as 'n skeppende of herskeppende *daad,* en daarom sê hy dat God “die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan” (Rom. 4:17). Gods Woord keer *nooit* leeg terug nie (Jes. 55:11). Die Woord van God is óf 'n reuk van die dood tot die dood óf 'n reuk van die lewe tot die lewe (2 Kor. 2:16). Daarom is Christus tot 'n *oordeel* in die wêreld gestel, hetsy tot behoud of bederf (Joh. 3:18, 19).

Die inwendige roeping van God beslis oor ons ewige wel en wee. Sy genade is onweerstaanbaar. Wie sou Hom kan keer as Hy wil red? Van ons kant word ons nooit sedelik “ryp” om die evangelie te ontvang nie, en die sakramente kan ons ook nie, soos sommige leer, vir genade vatbaar maak nie. Dis God se Gees wat ons 'n nuwe hart gee (Jer. 31:33; vgl. Rom. 9:16). Dis *God* wat die geestelike wasdom gee (1 Kor. 3:7), en dis Hy wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae (Fil. 2:13).

Dit beteken nie dat ons ons nie moet bekeer en maar heeltemal passief moet bly nie, want Paulus sê juis in die vorige vers: “Werk julle eie verlossing uit met vrees en bewing”! Maar Paulus wys ons daarop dat ons dit alleen kan doen op grond daarvan dat God ons hart en verstand neig en rig om ons tot Hom te bekeer. Ons word dus nie met geweld gedwing om ons te bekeer nie, maar God bring ons deur die oorredende krag van Sy Woord tot vrywillige onderwerping en oorgawe aan Hom, omdat die liefde van Christus ons hart dring (2 Kor. 5:14).

8. Die wedergeboorte: Paulus sê dat God ons gered het “deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees” (Tit. 3:5); en Petrus sê: “ . . . . want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God” (1 Pet. 1:23; vgl. 1 Joh. 3:9). Calvyn het onder die wedergeboorte ingesluit die algehele vernuwing van die mens, dus insluitende die bekering as vrug van die wedergeboorte. So word ook in Sondag 33 van die Heidelbergse Kategismus alleen gewag gemaak van die bekering, waaronder die wedergeboorte ingesluit is. En as in art. 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gesê word dat die wedergeboorte deur die geloof ontstaan, dan sluit die wedergeboorte hier ook die algehele vernuwing van die mens in en wys dit aan dat die bekering 'n vrug van die geloof is. Tog moet ons die wedergeboorte liewer beperk tot die [146] eerste opwekking van die mens uit die sondedood en dan die bekering sien as

die verdere ontplooiing van die nuwe lewe.

Die wedergeboorte is absoluut noodsaaklik om die heil te ontvang (Joh. 3:3: "As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"). Die wedergeboorte vernuwe ons verstand en hart, ons wil en gevoel (Ef. 4:24; Rom. 12:2) en maak ons deelgenote van die Goddelike natuur (2 Pet. 1:4), wat egter nie beteken dat ons deel kry aan die Goddelike *wese* nie. Die wedergeboorte beteken 'n opwekking uit die dood (Ef. 2:5). In die Ou Testament word dit voorgestel as 'n besnydenis van die hart (Deut. 30:6) of die gee van 'n vleeshart i.p.v. 'n kliphart (Eseg. 36:26).

Hoe God in die wedergeboorte deur Sy Gees in die binneste dele van die mens indring en die hart open en die wil wat dood was, lewend maak, word mooi beskrywe in die Dordtse Leerreëls, III en IV, 11. Dis die moeite werd om dit te lees.

8. **Die wedergeboorte vernuwe ons in elke** opsig: As ons die wedergeboorte in ruimere sin verstaan, kan ons daaronder begryp die deurlopende proses van vernuwing, heiligmaking en selfs heerlikmaking wat die kind van God deurmaak vandat die nuwe lewe in hom ontvang is totdat hy as 'n verloste en verheerlikte mens na siel en liggaam eenmaal in die heerlikheid voor God sal staan. Eintlik sal die proses eers voltooi wees in die wedergeboorte van die ganse heelal (Matt. 19:28). Ewewel word deur die wedergeboorte in die eerste plek ons siel verander en vernuwe, bv. ons verstand (1 Kor. 2:14, 15; 2 Kor. 4:6; Ef. 1:18), ons wil (Fil. 2:13; 2 Thess. 3:5) en ons gevoel (1 Pet. 1:8; Ps. 116:1). Die wedergeboorte is, radikaal gesien, 'n onmiddellike gebeurtenis en nie 'n geleidelike oorgang uit die dood tot die lewe nie. Tussen lewe en dood is daar geen oorgangsvorm nie. Dis óf die een óf die ander.

Ewewel is dit *dieselfde* mens wat dood was en nou lewend geword het. Dis nie 'n totaal nuwe skepping, soos die geesdrywers dit wil hê nie. Daarom kan ons ons ook nie verenig met dié wat die opstandingslewe eintlik sien as iets anderkant en bokant ons aards-historiese werklikheid nie, 'n lewe in die Goddelik-transendentale sfeer en werklikheid. Nee, God laat die werke van Sy hande nie vaar nie. En Hy rig in Christus weer op wat in Adam ten onder gegaan het.

9. **Verhouding van Woord en Gees in die wedergeboorte:** Dis duidelik dat, sonder die werking van die Heilige Gees, die natuurlike mens nie die Woord van God kan aanneem nie, omdat hy deur sy sonde verhard en verblind is. Dis die *Gees* wat die hart oopmaak (Hand. 16:14). Dis deur die Gees dat ons die [147] geestelike dinge kan onderskei (1 Kor. 2:12-15). Dis die Gees wat aan ons verligte oë die verstand gee (Ef. 1:18). Tog geskied dit alles nie buite die Woord om nie. Jak 1:18 sê dat God ons voortgebring het deur die *woord* van die waarheid, en in 1 Pet. 1:23 staan dat ons wedergeboorte nie uit verganklike saad is nie, maar uit onverganklike, deur die *lewende* woord van God. Blykens Rom. 10:13, 14 kan ons God nie aanroep nie, tensy ons in die prediking van Hom *gehoor* het.

Tog weet ons dat talle verbondskinders klein sterwe, en hulle kon tog nie na Gods Woord geluister het nie. Ook mag ons nie sê dat dit *onmoontlik* is dat God ook heidene direk sou kan roep en wederbaar, sonder dat hulle juis die evangelieprediking gehoor het nie. Die Skrif sê daar niks van nie. God is almagtig, en Hy sou seker ook langs buitengewone wyse sondaars kan red. Calvyn wys ook daarop in sy Institusie IV, 16, par. 19. Kindertjies kan wedergebore word sonder dat hulle ooit die gepredikte woord gehoor het. Johannes die Doper is 'n voorbeeld van 'n kind wat van kleins af die Gees gehad het. Tog mag Woord

en Gees nooit van mekaar losgemaak word nie. Die Gees dra die *Woord* in ons harte in. Christus sê: "Hy (d.i. die Heilige Gees) sal *My* verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig" (Joh. 16:14).

Ons moet ons dit so voorstel dat die wedergeboorte in elk geval op die *roeping* van God volg; as dit dan nie uit die mond van God se dienskneg is nie, dan deur 'n persoonlike en direkte toespreke van God, waardeur die saad van die Woord in ons hart geplant word. Maar dis dan ook nie 'n sluimerende saad nie, maar 'n lewende en kragtige Woord wat sy uitwerking in ons betoon en openbaar. So kry Christus in ons gestalte. Daarom sê die Heidelbergse Kategismus, vr. 64: " . . . . want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n waaragtige geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie." Die geloof sonder werke is *dood* (Jak. 2:17).

## Les 31: GELOOF EN BEKERING

**1. Wat is geloof?** Die geloof is die eerste en eintlike vrug van die wedergeboorte en dra die hele proses van lewensvernuwing. Sonder geloof is bekering en heiligmaking onmoontlik en bly ons in ons sonde. Deur die geloof neem ons die getuienis van God aan vir waar (Joh. 3:33). Deur die geloof neem ons die evangelie aan en word ons Christus deelagtig (Joh. 17:20). Die ware geloof [148] bestaan uit kennis en vertroue: kennis van God in Jesus Christus en vertroue in Hom as ons Verlosser (vgl. Heid. Kateg., Sondag 7). Die Kategismus sê dat die inhoud van ons geloof bestaan in "al wat God ons in sy Woord geopenbaar het" (vr. 21).

Geloof is 'n vertrouensaak in dié sin dat ons iets op gesag van 'n ander aanneem. Glo is dus nie sien nie, soos Paulus sê: "Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie" (2 Kor. 5:7), en Jesus het vir Thomas gesê: "Salig is dié wat nie gesien het nie en tog geglo het" (Joh. 20:29). Paulus betuig sy geloof in Christus as hy sê: "Ek weet in wie ek geglo het." Dis 'n kwessie van vertroue deur een persoon in 'n ander Persoon. Maar dit veronderstel in elk geval dat ons die ander Persoon, Christus, *ken* uit die geopenbaarde Woord. In Heb. 11:1 lees ons dat die geloof 'n vaste vertroue is op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie, en in vers 6: "Want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van dié wat Hom soek." Maar ons ken God nie anders as deur Christus nie, en daarom moet ons geloof verankerd wees in Christus (Joh. 3:36) en in die evangelie van Jesus Christus (Mark. 16:16). Wie homself gelowig aan Christus toevertrou en Hom aanneem, is 'n kind van God (Joh. 1:12). Deur die geloof *bly* ons in Christus en dra ons vrugte van geregtigheid (Joh. 15:4; Gal. 2:20).

2. **Geloofsvermoë:** Blykens Rom. 10:14 kan niemand in Christus glo as hy nie die prediking van die Christus gehoor het nie. Sonder geloof kan niemand aan Christus deel hê nie.

Maar wat dan nou van byvoorbeeld ons klein kindertjies wat sterwe? Volgens Mark. 16:16, Heb. 11:6, ens., ens., kan ook hulle nie gered word tensy hulle in Christus *glo* nie. Tog kan hulle nog nie glo nie, altans geen bewuste geloof beoefen nie. Daarom moet ons aanneem dat die Heilige Gees op hulle kan inwerk en hulle wederbaar, selfs al verstaan hulle daar niks van nie (Ps. 8:3; 71:5, 6). So word Christus in hulle ingeplant en as dit tot rypheid en wasdom kom, dan openbaar hulle hul as volwaardige gelowiges (vgl. Institusie van Calvyn, IV: 16, 20). Dit beteken nie dat daar iets in hulle hartjies ingestort word of dat so 'n kind 'n soort geloofsorgaan ontvang wat hom 'n ander soort mens maak as ander kinders nie, maar dat sy hartjie so bewerk en beïnvloed word dat hy *reg* dink, voel en handel

as hy daarvoor ryp word. Dis dus nie 'n soort "saad" wat in sy hart sluimer en eers jare daarna tot wasdom kom nie. Nee, soos die kind groei en ryp word, groei die geloof, wat eers maar net in beginsel in sy hart was, saam met hom en neem hy toe in kennis en genade, soos Christus Jesus (Luk. 2:52).

3. **Historiese geloof:** Dit gaan hierby om 'n geloof wat net [149] bestaan in die uitwendige formele aanvaarding van die kerk se geloofsbelydenis sonder dat die hart daarin is en sonder persoonlike geloofsgemeenskap met Christus. As ons byvoorbeeld blindweg glo soos die kerk glo terwyl ons miskien selfs nie eens weet wat die kerk glo nie, dan is dit 'n historiese en lewelose geloof, wat ons nie in lewende gemeenskap met God deur Christus bring nie en wat dus van geen saligmakende betekenis kan wees nie. By die historiese geloof kan ons nie agter die Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, aan sê nie: "Nie alleen vir *ander* nie, maar ook vir *my."* Dis die slaaf wat die wil van sy heer *geweet* maar nie daarvolgens *gehandel* het nie (Luk. 12:47). Dis die geloof wat wel in God glo, maar soos Jakobus sê: "Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder" (2:19). Koning Agrippa het ook so aan die profete geglo, dog dit het by hom geen saligmakende krag gehad nie (Hand. 26:27, 28). So was ook Demas 'n historiese gelowige toe hy die teenswoordige wêreld liefgekry het (2 Tim. 4:10). Dis mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het (2 Tim. 3:5).

Dis van hierdie soort geloof wat Jakobus sê: "En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie" (1:22; vgl. ook Matt. 7:26, 27; Joh. 13:17). Daarenteen is die ware geloof 'n *vertroue* op die profetiese woord, wat baie vas is (2 Pet. 1:19), en op die onveranderlike Christus (Heb. 13:8), in wie al God se beloftes ja en amen is (2 Kor. 1:20). Dis 'n innig persoonlike gemeenskapsverhouding met die lewende Christus.

4. **Tydgeloof:** Die tydgeloof *lyk* op die oog baie soos die saligmakende geloof, en op die oog belowe dit veel, maar dit dra geen blywende vrug nie. Dis die soort geloof waarvan ons lees in die gelykenis van die saaier (Matt. 13:20, 21). Dit neem die Woord met blydskap aan, maar het g'n wortel, g'n diepte nie, is net vir 'n tyd, en sodra daar verdrukking kom ter wille van die geloof, sterf dit. Ons lees daarvan ook in Heb. 6:4-6. So iemand het onder hemelse verligting gekom en selfs uitwendig iets gesmaak van die genadegawe en die werking van die Gees, maar tog afvallig geword en verval. Dis hierdie soort "gelowiges" wat in vervoering kan raak en die Woord "met blydskap", in geestesverrukking aanvaar en o, soveel te vertel het oor hulle "bekering", maar wat alte gou weer terugsak in koudheid en onverskilligheid, en dan is die laaste soms baie erger as die eerste. Hierdie mense kan nie verdrukking ter wille van hulle geloof verdra nie en is swak om staande te bly teen die verleiding van die wêreld. Dis alleen die ware geloof wat 'n werk is van die Heilige Gees (1 Kor. 12:3) en vrug van die wedergeboorte (Joh. 1:12, 13), gewortel in die uitverkiesing (Hand. 13:48) en as 'n besondere genadegawe van [150] God aan ons geskenk is (Fil. 1:29), wat nie kan verval nie en sy vrugte dra vir die ewige lewe.

5. **Wondergeloof:** Dis die geloof dat deur ons of aan ons 'n wonder kan geskied. In Joh. 2:23, 24 lees ons dat baie in die Naam van Jesus geglo het, omdat hulle die *tekens* gesien het wat Hy gedoen het, tog het hulle Hom nie as hul persoonlike Saligmaker aangeneem nie. Die wondergeloof hoef nie noodwendig die ware geloof uit te sluit nie, soos ons kan sien uit Matt. 17:19, 20. Jesus sê daar dat as ons maar 'n geloof soos 'n mosterdsaad het, ons berge sal kan versit. So het die twee blindes ook geglo in die wondermag van Jesus (Matt. 9:28) en kon Hy deur die ongeloof van Nasaret daar nie baie wonders doen nie

(Matt. 13:58). Simon, die towenaar, was ook so 'n wondergelowige (Hand. 8:13; 18-24). Uit Matt. 7:22 blyk dit duidelik dat baie wat kragtige wonders gedoen het in die Naam van Christus, tog nog verlore sal gaan.

Die wondergeloof is op sigself meer 'n bygeloof, 'n geloof in die *mag* van God eerder as in die persoon van God. Die historiese en tydgeloof kom, wat die vorm betref, ooreen met die regte geloof, maar dit het g'n innerlike lewenskrag nie. Die wondergeloof is egter net geloof in die *mag* van God en het verder met God niks te doen nie. Dis die soort geloof wat sensasie najaag en soek om indruk te maak en eie voordeel te behaal, soos Simon, die towenaar, en so baie wat ook in ons tyd sensasie verwek met voorgewende wondergenesinge, ens.

6. **Die kwessie van geloofsversekerdheid:** Die vraag is of 'n mens *seker* kan wees van jou persoonlike heil? Behoort dit tot die wese van die ware geloof dat mens van jou eie saligheid versekerd moet wees, of kan ons net so goed in Christus glo sonder om te weet of Hy ook vir *my* gesterf het? Job het uitgeroep: “Maar ek, ek weet: My Verlosser leef' (19:25). Asaf het gesê: “U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem” (Ps. 73:24). Paulus sê: “Maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het” (2 Tim. 1:12) en weer in 4:8: “Verder is vir my weggelê die kroon van geregtigheid, wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee.” Hulle was dus blykbaar almal versekerd van hulle saligheid. Die vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus (vr. 1) veronderstel en betuig persoonlike heilsekerheid by die gelowige, naamlik dat hy nie aan homself nie maar aan Jesus Christus toebehoort en dat hy deur die Heilige Gees “verseker” is van die ewige lewe. Die Dordtse Leerreëls (V, 9) verklaar ook dat ons persoonlik verseker kan wees van ons saligheid en dat ons dit ook is na die mate van ons geloof.

Ons mag en moet soek na *sekerheid,* veral ook omdat Gods eer daarmee gemoeid is en ons *ewige* heil daarvan afhang. Hoe meer [151] sekerheid, des te kragtiger sal ons in die stryd teen die Bose staan, en hoe meer vreugde sal ons uit ons geloof put (1 Joh. 5:15). Dit lê in die aard en wese van die geloof self dat dit vastigheid en sekerheid bied (Heb. 11:1). Tog moet ons die sekerheid soek nie in allerlei ervaringe van die siel nie, maar in die feit dat ons *lewe* uit die geloof, soos die Kategismus sê: “ . . . . dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees” (vr. 86).

Die feit dat ons meestal so swak en wankelmoedig is, kom dikwels daarvandaan dat ons nie ons geloof uitleef nie, maar miskien sekere boesemsondes koester, of dat ons direkte sekerheid van ons uitverkiesing wil hê in plaas daarvan dat ons op God se beloftes vertrou. Ons moet wel ons geloof beproef (2 Kor. 13:5), maar dit beteken nie dat ons altyd aan twyfelsiekte moet ly nie, asof dit 'n wesenskenmerk van die ware geloof sou wees.

Aan die ander kant moet ons nie meen dat 'n ware geloof altyd die volkome *sekerheid* waarborg nie. Die sterkste gelowiges leef in stryd en aanvegtinge van Satan en moet worstel teen die Bose tot die einde van hulle lewe. Wie nie kan verklaar dat hy 'n kind van God is nie, hoef daarom nog nie 'n kind van die hel te wees nie. Tog moet ons soek na en bid om 'n sterk geloof, en al vind ons in onsself geen steun of sekerheid nie, in Christus bly die beloftes van God ja en amen.

7. **Die geloof 'n genadegawe van God:** Paulus sê: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie — dit is die gawe van God” (Ef. 2:8). Die geloof is die werk van die Heilige Gees in ons hart. Daartoe maak die Gees gebruik van die genademiddele. Deur getroue Skrifstudie en gereelde kerkbesoek en gebedsvolharding

word ons geloof opgebou, maar dan is en bly dit nog die werk van God in ons hart. Daarom is ongeloof nie maar dwaling van ons verstand nie, maar 'n verwerping van God. "Hy wat in God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak" (1 Joh. 5:10). Van nature is ons duisternis (Joh. 1:4, 5); in God se lig sien ons die lig (Ps. 36:10). Die Gees verseël die beloftes aan ons (2 Kor. 1:22; Ef. 1:13) en open die hart om die dinge van God aan te neem (Hand. 16:14).

8. **Vragte van die geloof:** Die ware geloof moet vrugte dra. Dan eers word dit 'n volkome geloof (Jak. 2:22). "Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood" (Jak. 2:26). Deur die geloof word ons kinders van God (Joh. 1:12) en ontvang ons die ewige lewe (Joh. 3:15, 16; Mark. 16:16; Hand. 16:31). Deur die geloof maak die Heilige Gees woning in ons (Gal. 3:14; Hand. 11:15-17). Deur die geloof ontvang ons vergiffenis van sondes (Hand. 10:43; 26:18), ook versoening en regverdigmaking (Gal. 2:16; Rom. 3:25; Fil. 3:9), [152] heiligmaking (Hand. 15:9), die ewige lewe (Joh. 11:25; 1 Tim. 1:16). Deur die geloof woon Christus in ons hart (Ef. 3:17) en gaan ons die ewige rus in (Heb. 4:3). Die geloof gee ons toegang tot God (Rom. 5:2; Ef. 3:12) en is vir ons die hele lewe (Rom. 1:17; Heb. 10:38).

9. **Bekering:** Uit wat ons in die vorige paragraaf gegee het, is dit duidelik dat die vrug van die geloof is die bekering, met alles wat daaraan verbonde is. In die Ou Testament het die woord *bekering* die betekenis van "terugkeer", en in die Nuwe Testament word veral twee woorde gebruik wat die betekenis het van "sinsverandering" en "wilsverandering". Dit dui aan die vernuwing van ons verstand (insig en opvatting) en van ons wil (gemoed). Ons begin dus anders dink oor sake en ook anders handel en lewe. Ons draai om op die breë pad waarop ons gewandel het, en kies nou die smal pad terug na die Here toe. Ons innerlike gesindheid en praktiese instelling teenoor die lewe word omgekeer volgens God se wil. In Hand. 3:19 en 26:20 word die tweërlei bekeringsgedagte (sinsverandering en wilsverandering) tesame uitgedruk. Paulus praat van die droefheid volgens die wil van God, wat 'n "onberoulike bekering tot verlossing" werk (2 Kor. 7:10).

Die bekering gaan dus met droefheid en pyn gepaard, omdat dit niks minder is nie as die afsterwe van die oue mens en die opstanding van die nuwe mens soos die Heidelbergse Kategismus dit verklaar in Sondag 33 (vgl. Ef. 4:22-24; Kol. 3:9, 10). Die Kategismus sluit egter die wedergeboorte onder die bekering in en omvat daarin die ganse vernuwingsproses van die gelowige. Dit is die bekering in ruimere sin. Gewoonlik verstaan ons onder bekering egter die eerste en prinsipiële omkering wat in die lewe van Gods kind op die wedergeboorte volg. Ons moet egter nie vergeet nie dat die bekering in elke fase nie die mens se eie werk nie maar God se werk in ons is. God bly die alfa en die omega ook in ons hele bekering en heiligmaking.

10. **God werk die bekering:** In Fil. 2:13 word gesê: " .... want dit is God wat *in* julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae", en op grond daarvan sê die apostel dan: "Werk julle heil uit met vrees en bewing" (v. 12). Artikel 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat dit die Heilige Gees is wat "in ons harte 'n opregte geloof laat ontvlam", en die Heidelbergse Kategismus sê dat dit die Heilige Gees is "wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige evangelie" (kyk bv. vr. 65). En die geloof is die wortel waaruit die bekering opbloei. Sonder wedergeboorte en geloof is die bekering alleen skyn, 'n valse bekering (Jer. 3:10). Sonder wedergeboorte kan daar net so min waaragtige bekering plaasvind as wat 'n Kusiet sy vel of [153] 'n luiperd sy vlekke kan verander (Jer. 13:23). Dis alleen God wat in ons binneste 'n rein hart kan skep (Ps. 51:12)

en wat ons kan bekeer (Jer. 31:18). Dis God alleen wat die hart kan besny en die sonde kan uitban (Deut. 30:6). Omdat ons wedergebore is en vir sover ons uit die wedergeboorte *lewe,* doen ons die sonde nie meer nie (1 Joh. 3:9), en daarom is die bekering 'n gawe van *God* (2 Tim. 2:25), net soos die wedergeboorte dit is.

11. **Die menslike faktor in die bekering:** Bekering vind sy oorsprong as 'n daad van God in ons (Klaagl. 5:21; Hand. 5:31), maar voltrek hom tog as 'n daad van die *mens* (Hand. 2:38; 11:21; Openb. 2:5, 16). Sowel Johannes die Doper as Jesus Christus het die bekering gepreek (Luk. 3:8; Mark. 1:15); so ook Paulus (Hand. 20:21) en baie ander. Die eis tot bekering word aan alle mense, sonder onderskeid, gestel (Hand. 17:30). In Luk. 15 stel Jesus Christus die bekeringsgedagte op 'n klassieke wyse deur middel van die gelykenisse van die verlore skaap, die verlore penning en die verlore seun. So arbei God gedurig aan ons om ons te bekeer; en as ons dit nie doen nie, is dit nie *Sy* skuld nie, maar is dit te wyte aan *ons* hardnekkigheid (Jes. 5:1-7; Luk. 13:6-9): God het alles gedoen vir die wingerdstok en die vyeboom, maar dit het onvrugbaar gebly. Alhoewel die sondaar hom nie uit homself kan bekeer nie, is dit nogtans nie God se skuld dat hy 'n sondaar is nie. God het die mens nie as sondaar geskep nie en hom ook nie gedwing om sondaar te word nie. As die sondaar hom nie bekeer nie, is dit nie omdat hy *wil* maar nie *kan* nie. Nee, hy *wil* nie luister nie, en hy alleen dra die verantwoordelikheid vir sy verharding en uiteindelike ondergang. Ons kan ons skuld nie op God afskuiwe nie.

12. **Daaglikse bekering:** Daar is en moet wees 'n daaglikse groei in die genade, d.w.s. 'n toename in geestelike wasdom by die kinders van God (Fil. 1:6; 3:12-14). In Heb. 6:1 sê die skrywer: "Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan . . . ." Ook in Openb. 2:4, 5 word die gemeente gewaarsku om terug te keer tot die eerste liefde, waarvan dit uitgeval het. Daar is ook mense soos bv. Johannes die Doper wat bekeerd gebore is en daarom nooit 'n bekering gehad het soos byvoorbeeld Saulus van Tarsus hom bekeer het nie. Tog moet ook diesulkes hulle elke dag tot die Here bekeer en stry teen die wêreld en die vlees en die mag van die Bose.

13. **Uitwendige bekering:** Die berou wat Kain (Gen. 4:13), Esau (Heb. 12:17) en Judas Iskariot (Matt. 27:3) gehad het, was uitwendig en het daarom nie gelei tot 'n hartgrondige bekering tot God nie. Ware bekering is 'n hartsaak (Ps. 51:19; Hand. 2:37).

[154]

Ook die bekering waarvan ons lees in verband met die Nineviete (Jona 3:8, 10), was nie innerlik nie, maar alleen 'n uiterlike volksbekering. Daarom sê Christus: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (Matt. 7:21). Die *hart* moes geskeur word en nie die klere nie (Joël 2:13; vgl. Jes. 58:5-8). Die skynbekering ontstaan nie uit waaragtige berou teenoor God nie (Ps. 51:6), maar uit vrees vir die straf en die gevolge van ons sonde. Dis dan dat ons in valse skyn tot God nader met die lippe, terwyl die *hart* hom ver van die Here af hou (Jes. 29:13).

14. **Sensasionele "bekering":** Die sogenaamde bekeringsveldtogte wat gewoonlik met veel sensasie en opsweping, gevoelsdwepery en geesdrywery gepaard gaan, het in die reël nie diep en blywende betekenis nie. Dit word genoem "metodisties", omdat die *metode* hier van soveel belang geag word. Almal moet op groot skaal en op dieselfde wyse tot "bekering" gebring word, gewoonlik deur skrikwekkende dreigemente van vuur en swawel.

Dis egter juis die fout wat gemaak word. Alle mense kom nie op dieselfde wyse *tot* bekering nie. Dis nie elkeen wat presies die uur en dag van sy bekering kan aangee nie. Hoe verskillend was die bekering nie in die gevalle van byvoorbeeld Abraham en Jakob, van 'n Paulus en Timotheüs nie! Die een het in die verbondslyn opgegroei en het eintlik nooit van iets anders as 'n toegewyde lewe geweet nie, terwyl 'n ander uit die dieptes van die sonde op skokkende wyse na die Here gebring is. Daar is "verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk" (1 Kor. 12:6).

Ook vergeet sommige predikers dat *ons* nie in staat is om mense te bekeer nie, tensy die Here deur ons werk, soos Jesus gesê het: "Sonder My kan julle niks doen nie" (Joh. 15:5). Dié predikers hou nie rekening met die verbondsgedagte nie en beskou die gemeente van die Here as 'n klomp heidene wat tot "bekering" gebring moet word.

**15. Hoe die bekering werk:** Die bekering werk hom uit in 'n lewe van dankbaarheid as vrug van die geloof, soos Paulus sê: "Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde" (Rom. 14:23; vgl. 1 Sam. 15:22). Die gelowige trek die hele wapenrusting van God aan (Ef. 6:13) en stel sy lede vir God tot werktuie van geregtigheid (Rom. 6:13). Hy volhard in sy stryd teen die sonde en het na die innerlike mens 'n verlustiging in die wet van sy God (Rom. 7:22). Hy jaag na die doel om die prys te kry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (Fil. 3:14). Die bekeerde walg van die sonde en probeer dit met alle mag ontvlug (Eseg. 36:31) en alle [155] versoekinge te vermy, en daarom bid hy steeds: "Lei ons nie in versoeking nie." Hy verlustig hom in die volbrenging van God se welbehae (Ps. 40:9) en jubel in die geloof voor die aangesig van sy God (Ps. 126:2). Sy hele lewe is een bekering tot sy God. Nooit sal hy dus roem op sy bekering nie, maar steeds is hy vervul met die besef dat hy nog so ver van die volmaaktheid af is en jaag hy dit vurig na.

## Les 32: DIE REGVERDIGMAKING

1. **Wat regverdigmaking beteken:** Dit dui aan 'n regterlike daad of uitspraak van God, waardeur Hy ons, wat in onsself doemskuldig is, vir onskuldig en regverdig verklaar op grond van die soenverdienste van Christus. In Rom. 4:6 sê Paulus dat Dawid (Ps. 32) die mens salig spreek aan wie God geregtigheid *toereken* sonder werke (vgl. ook v. 11). In Rom. 5:19 sê Paulus dat soos deur Adam se ongehoorsaamheid baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van Christus baie tot regverdiges gestel word. Uit Rom. 8:33, 34 is dit duidelik dat regverdiging 'n daad van God is waardeur Gods kinders vrygespreek word, sodat geen beskuldiging meer teen hulle ingebring kan word en geen veroordeling oor hulle uitgespreek kan word nie. Ook Ps. 32:1, 2 laat duidelik sien dat die *ongeregtigheid* aan die kind van God *nie toegereken* word nie en dat sy skuld hom *vergewe* word, dus 'n objektiewe *vryspraak* van God. In Gal. 2:16 is dit duidelik dat die geregtigheid nie iets is wat ons deur die goeie werke verdien nie, maar wat ons ontvang uit die *geloof* in Christus Jesus, dus toegerekende geregtigheid (vgl. ook Joh. 1:12; 2 Kor. 5:19). Sonder geregtigheid kan ons in die koninkryk van God nie ingaan nie (Matt. 6:33; 5:20; Ef. 5:5). En sowel in die Ou as in die Nuwe Testament is geregtigheid steeds iets wat buite ons bestaan en deur God ons *toegereken* word.

2. **Toegerekende geregtigheid:** Uit onsself kan ons nooit voor God geregverdig word nie, want "al ons geregtighede is soos 'n besoedelde kleed" (Jes. 64:6; vgl. Heid. Kateg., vr. 62). As dit nie was dat God in Sy genade *"die goddelose regverdig"* nie (Rom. 4:5), dan was daar vir ons geen hoop nie. Heerlik en troosryk is die regverdigingsleer wat ons bely in vr. 60 van die Heidelbergse Kategismus: " . . . . dat al klaag my gewete my aan dat

ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het . . . . en dat ek tog gedurig tot alle boosheid geneig is, God my nogtans, sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken, asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie . . . . vir sover ek dié [156] weldaad (Christus se soenverdienste) met 'n gelowige hart aanneem."

Ons word geregverdig, hoegenaamd nie omdat ons in 'n heilige *toestand* voor God verkeer nie maar wel omdat ons deur God, om Christus wil, in die *staat* van 'n onskuldige geplaas is (Rom. 5:9; 1 Kor. 6:11; Fil. 3:9). Christus het vir ons die eis van die werkverbond volkome volbring, daarom het die wet geen vat meer op ons nie. Daarom sê Paulus: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus" (Rom. 5:1), en weer: "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet" (Rom. 3:28). Uit die wet sal niemand geregverdig word nie (Gal. 2:16; Ef. 2:8, 9; Spr. 20:9; Pred. 7:20).

Daarom is dit ons troos dat Christus nie gekom het om regverdiges te red nie, maar sondaars (Matt. 9:13). Christus self is ons geregtigheid (1 Kor. 1:30; 1 Tim. 1:9).

3. **Deur die geloof kry ons deel aan Christus:** Ons word nie geregverdig *op grond van* ons geloof asof ons geloof soveel innerlike *waarde* voor God sou besit nie. Ons geloof self is so swak en wankelend dat ons nie vir 'n oomblik daardeur die lewe sou kon verwerf nie. Dis alleen deur die soenbloed van Christus dat ons geregverdig word (Rom. 5:12-19), en die geloof is alleen maar die middel waardeur ons Christus persoonlik aanneem as ons Verlosser (Rom. 4:5). Die geloof moet nie beskou word as 'n soort ingestorte genade, op grond waarvan ons geregverdig word nie (Rom. 3:24). Die geloof self is 'n vrug van die genade van God in Jesus Christus (Ef. 2:8).

As in Rom. 4:5 gesê word dat die geloof vir ons tot geregtigheid gereken word, beteken dit alleen dat ons deur die geloof Christus aanneem en op grond van Sy geregtigheid geregverdig word. Die geloof is nie 'n soort goeie werk wat van óns kant by die verdienste van Christus bykom nie, maar is bloot die *aanvaarding* van Christus as ons Verlosser (vgl. Ned. Geloofsbelydenis, art. 22). Die geloof *is* nie 'n goeie werk nie, maar *dra* goeie werke as vrug van Gods *genade* (Gal. 5:6; Jak. 2:14-26). Dis nie 'n soort substansie of 'n orgaan of hand waarmee ons Christus aanneem nie, nee, dis 'n aanvaarding, in liefde en vertroue, van die Christus self. Waar die geloof is, daar is Christus; en waar Hy nie is nie, is geen geloof nie.

4. **Wanneer geskied die regverdigmaking?** Subjektief word ons geregverdig nadat ons Christus deur die geloof aangeneem het; dus na die roeping en wedergeboorte. Maar objektief is ons geregverdig deur die lyde en oorwinning van Jesus Christus in Sy opstanding. En in sekere sin lê die wortels van die regverdigmaking [157] in die ewigheid, in die ewige Vrederaad van God, waarvolgens Hy besluit het om Sy volk te regverdig op grond van die lyde van Christus. Tog moet ons 'n duidelike verskil maak tussen die voorgenome regverdigmaking van God in die Vrederaad en die daadwerklike regverdigmaking in die tyd. As daar in Openb. 13:8 en 17:8 staan dat die name van die gelowiges van die grondlegging van die wêreld af *'m* die boek van die lewe geskrywe staan, beteken dit nog nie dat hulle toe reeds daadwerklik geregverdig is nie, maar alleen dat God *besluit* het om hulle te regverdig. Uit Rom. 8:30 blyk duidelik dat die regverdigmaking op die roeping volg, en die roeping is tog iets wat in die *tyd* geskied. *Voor* hulle bekering was ook die uitverkorenes kinders van die toorn (Ef. 2:3, 12, 13).

5. **Regverdiging deur die opstanding van Christus.** Christus het vir ons alle geregtigheid volbring (Matt. 4:15) en het vir ons die vloek gedra (Gal. 3:13). Daarom moes Hy uit die dood opstaan om ons vry te maak van die juk van die wet (Gal. 5:1). Deurdat die Vader die Seun opgewek het, het Hy Hom voor die hele wêreld regverdig verklaar (vgl. 1 Kor. 6:14; Rom. 4:25; 1 Tim. 3:16). Maar Sy regverdigverklaring het nie vir Hom persoonlik gegeld nie, omdat Hy dit nie *nodig* gehad het nie, maar vir *ons,* in wie se plek en om wie se skuld Hy gely het; "(Hy) wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking" (Rom. 4:25; vgl. ook Rom. 8:34). In Christus is die wêreld met God versoen en die toerekening van die misdade uitgedelg (2 Kor. 5:19). En dis daardie regverdiging, wat ons almal saam in Christus besit, wat persoonlik aan elke gelowige toegepas word deur die Heilige *Gees.*

6. **Uit die geloof geregverdig:** Subjektief word ons geregverdig as ons Christus deur die geloof aanneem (Rom. 5:1; Joh. 1:12; Rom. 3:22). En hierdie subjektiewe regverdigmaking sal eenmaal met die jongste gerigsdag voor die oë van almal verklaar en bevestig word. Daaroor sal ons nog later handel.

Vir sover die regverdiging 'n vrug is van die *geloof,* mag ons die geloof beskou as die wortel en bron van ons geestelike lewe. Daaruit bloei 'n kragdadige en toegewyde geloofslewe op. Dit dra vrugte van geregtigheid. Dis 'n lewende en werksame geloof, soos Jakobus dit so treffend uiteensit. Deur die geloof kry Christus in ons gestalte. Dit was die grondtoon van die Reformasie, naamlik dat ons nie deur ons goeie werke die hemel kan verdien nie, maar dat ons die heil en saligheid ontvang alleen op grond van die verdienste van Christus, wat ons deur die geloof aanneem.

7. **Vrugte van die regverdigmaking:** Die regverdigmaking het heerlike gevolge. Dit hou in die vergewing van ons sondes, die aanneming tot kinders van God en die besit van die ewige lewe. [158] Wat die vergewing van sondes betref, beteken dit die uitdelging van *alle* sondeskuld, ook van sondes wat nog in die toekoms lê. Tog sal die gelowige elke dag weer in sy gewete beswaard voel en opnuut vergewing van sondes soek en afsmeek. Deur die bloed van Christus is ons van *alle* skuld bevry (Heb. 10:14; Rom. 8:1). Tog erken en bely die kind van God sy *spesifieke* sondes (Matt. 6:12; Ps. 32:5; Joh. 1:9). Dit gaan vir hom wat sy skuld voel, hard om aan die vergewing van sondes te glo. Tog belowe God dat Hy ons sondes agter Sy rug sal werp en nie meer daaraan sal dink nie (Jes. 43:25; Heb. 8:12).

Deur die regverdiging word ons verder aangeneem tot kinders van God, d.w.s. in wetlike sin (Rom. 8:14-17; Gal. 4:4, 5). Maar wie tot kind van God *aangeneem* word, *word* dan ook 'n kind van God (Joh. 1:12). En wie kind van God is, word 'n erfgenaam van die ewige lewe (Rom. 8:17; Joh. 3:36). So ontkom die gelowige dan aan die straf wat Adam vir die sonde moes ontvang het, en beërf hy die ewige lewe, wat Adam deur sy ongehoorsaamheid nie kon verwerf het nie, maar wat Christus vir ons verwerf het.

8. **Aktiewe en passiewe regverdigmaking:** Die aktiewe regverdiging is die vryspraak waarmee God ons buite ons om in Christus vryspreek. Die passiewe regverdiging is die versekering wat die kind van God in sy hart ontvang dat sy sondes vergewe is en dat hy vrede met God het. Die aktiewe regverdiging is wanneer die misdadiger *berig* kry van sy begenadiging. Die aktiewe regverdiging gaan aan wedergeboorte en geloof vooraf, die passiewe regverdiging volg daarop. Die passiewe regverdiging is die vryspraak van God in ons gewete. Maar dit wankel gedurig. Daarom is dit so 'n troos om te weet dat ons

objektiewe regverdiging in Christus ewig vasstaan, en dit gee vrede in die gemoed van God se worstelende kind. Die gelowige weet dat hy deur die wet vir die wet gesterwe het om vir God te lewe, om Christus ontwil (Gal. 2:19). Juis daarom staan die kind van God soveel vaster in God se wet, soos Paulus sê: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Dit tog nie! Inteendeel, ons bevestig die wet" (Rom. 3:31). Die passiewe regverdiging gee ons volkome vrede met God en met die ganse wêreld. Ons kan niemand meer haat nie, maar bid selfs vir ons vyande; ons vergewe soos ons vergewe is. Ons vrees niks en niemand meer nie, want "as God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?" (Rom. 8:31).

9. **Besware teen die sogenaamde vreemde geregtigheid:** Dit word gesê dat ons uit *genade* gered word, terwyl hier sprake is van Goddelike *geregtigheid,* waardeur ons gered moet word. Hierteenoor moet ons egter stel dat die genade van God juis in Sy [159] geregtigheid skitter. In Sy genade red God ons deur die geregtigheid van Christus. Verder word gesê dat hierdie toegerekende geregtigheid God onwaardig is, omdat Hy ons vir regverdig *verklaar* terwyl ons dit nie *is* nie. Maar ons moet onthou dat God ons vir regverdig verklaar nie in onsself nie, maar in Christus. Hy reken ons die geregtigheid van *Christus* toe.

Hierdie leer maak ook nie onverskillige mense nie, want ons hang die geregtigheid van Christus nie soos 'n kleed buite ons om nie; nee, dit dra praktiese vrug in die heiligmaking. Net soos Christus vir ons "tot sonde" gemaak is, so word Sy geregtigheid ook ons deel (Rom. 4:5; 5:10). Aan die regverdigmaking in ons gaan die roeping en wedergeboorte vooraf, sodat die geregtigheid nie iets los en buite ons bly nie. Ons kan nooit aanneem dat God ons regverdig sou maak om iets wat *in* ons is nie, want juis dan sou God onwaaragtig wees, aangesien in ons niks is op grond waarvan God ons sou kan regverdig nie.

10. **Verskil tussen regverdigmaking en heiligmaking:** Die regverdiging neem die sondeskuld weg; die heiligmaking neem die sonde*smet* weg. Regverdigmaking is 'n daad van God *buite* ons wat ons deur die geloof aanvaar; heiligmaking is 'n daad van God *in* ons waardeur Hy ons vernuwe. Waar heiligmaking 'n *proses* is wat ons lewe lank duur, daar is regverdigmaking 'n gebeurtenis wat eens en vir altyd geskied, 'n verklaring of uitspraak van God oor ons. By die regverdigmaking tree God die Vader op die voorgrond, by die heiligmaking God die Heilige Gees. Calvyn sê dat regverdigmaking en heiligmaking net so min soos lig en warmte van mekaar geskei kan word; tog is hulle nie dieselfde nie. In 1 Kor. 1:30 en 6:11 kom beide begrippe saam en in verband met mekaar voor. Die regverdiging is nie die gevolg van die heiliging nie, maar net andersom. Ons word nie geregverdig omdat ons met Christus verenig is nie, maar ons word met Hom verenig omdat ons geregverdig is. Die heiliging vloei voort uit die regverdiging (Rom. 8:2). Die regverdiging is dus nie maar net bloot dat ons in 'n ander verhouding tot God te staan kom nie, maar is 'n daad van begenadiging van God se kant wat ons eens en vir altyd stempel tot Sy kinders en op grond waarvan ons ook inderdaad kinders van God *word.*

## Les 33: HEILIGMAKING EN VOLHARDING

1. **Wat ons onder heiligmaking verstaan:** Die grondidee van heiligmaking in die Skrif is "afsondering" en wel in die sin van iets apart te hou om dit aan God en Sy diens toe te wy. So [160] byvoorbeeld is daar heilige plekke, soos Jerusalem, die tempel, ens.; heilige voorwerpe, soos die altaar, die tempelgereedskap, priesterklere, ens.; heilige offers en seremonies en ook heilige (d.w.s. aan God gewyde) persone, soos priesters, profete, ens. Daarom beveel die Here dat onderskeid gemaak moet word tussen wat heilig en onheilig,

rein en onrein is (Lev. 10:10; vgl. 1 Sam. 21:5; Eks. 19:6; Lev. 19:2). God is 'n *heilige* God of, soos Jesaja sê, "die Heilige van Israel" (bv. Jes. 5:19; 6:1-5; vgl. 1 Sam. 2:2). Christus word genoem "die Heilige van God" (Mark. 1:24). Hy is heilig gebore, maar het ook deur Sy volmaakte lewe heiligheid verwerf as 'n skat vir Sy volk (Heb. 5:7-9). Ons kry dus nie net ons geregtigheid van Christus nie, maar ook ons heiligheid (Gal. 3:27). Dis wat die Skrif noem die besnydenis van die hart (Deut. 30:6). Dis die vernuwing na Gods beeld en voortsetting van wat in die wedergeboorte en bekering gegee is.

Die heiligingsgedagte omvat dus nie net die uiterlike afsondering vir God nie, maar ook die innerlike afsondering van die sonde, dus heiligheid van hart (Joh. 17:17; 1 Thess. 5:23). Ook in hierdie sin word Gods volk 'n heilige volk genoem (2 Kor. 6:15-17; 1 Pet. 2:9; 1 Kor. 1:2). "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskryf is: Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Pet. 1:15, 16).

2. **Die afsterwing van die oue mens (Heid. Kateg., vr. 89):** Die negatiewe sy van die heiligmaking bestaan daarin dat ons die sonde hoe langer hoe meer haat en ontvlug. Paulus sê dat ons die oue mens met sy werke moet aflê (Kol. 3:9; vgl. Ef. 4:22). En hierdie aflegging bestaan in die doodmaak van ons ou, verdorwe Adamsnatuur. Ons moet die sondige in ons natuur kruisig en laat doodbloei (Rom. 6:6). Paulus sê: "Dié wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig" (Gal. 5:24). Hy bedoel nie dat ons ons natuur as sodanig in selfpyniging en asketiese onthouding moet doodmaak nie, maar wel dat ons die vleeslikheid en verdorwenheid van ons natuur moet kruisig. As Jesus sê dat ons vader en moeder, ja, selfs ons lewe moet haat om Sy dissipels te kan wees (Luk. 14:26), dan bedoel Hy dat ons onsself volkome aan Hom moet onderwerp, al kos dit selfverloëning (Matt. 16:24). Die liggaam moet volkome in diens van die gees gestel word en nie daaroor heers nie, soos Paulus sê: "Ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar" (1 Kor. 9:27). As hand of voet of oog ons laat struikel, moet ons dit afkap of uitruk (Matt. 18:8, 9). Ons moet elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, om die wedloop te kan wen (Heb. 12:1), Ons liggame is tempels van die Heilige Gees, en [161] ons mag dit nie met vuil begeertes en dade besmet nie (1 Kor. 6:15-20). Paulus verstaan onder vleeslikheid nie net sulke sondes soos hoerery en dronkenskap nie, maar ook afgodery, naywer, tweedrag, ens. (Gal. 5:19-21). Ons mag die sonde in ons nie voed nie, maar moet dit geleidelik maar seker oorwin en **tot** in sy wortel laat sterwe.

3. **Die opstanding van die nuwe mens (Heid. Kateg., vr. 90):** Die positiewe sy van die heiligmaking is 'n hartlike vreugde in God en 'n lus en liefde om in alle goeie werke na die wil van God te lewe. Paulus sê dat ons vernuwe moet word in die gees van ons gemoed en ons moet beklee met die nuwe mens wat na God geskape is in geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:23, 24; vgl. Kol. 3:10; Rom. 6:4-6, 11). Heiligmaking beteken dat Christus 'n woning kry in ons harte (Ef. 3:17). Christus moet in ons gestalte kry (Gal. 4:19), sodat Hy as 't ware in ons persoon en lewe gesien kan word. Die gelowige dien God dus nie uit vrees of dwang nie, maar in dankbare en vrywillige toewyding. Dit beteken egter nie bandelose vryheid nie. Paulus sê: "Alles behoort aan julle; maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God" (1 Kor. 3:22, 23).

Heiligmaking is dus iets heel anders as sogenaamde morele herbewapening. Dit beteken inlywing in Christus soos die ranke in die wynstok (Joh. 15:4, 5), sodat ons vrugte van die geloof dra. Dit is om van heerlikheid tot heerlikheid verander te word deur die inwonende werking van die Heilige Gees (2 Kor. 3:18). So word God se Naam geheilig in

ons persoonlike lewe. Wie nie in Christus *glo* nie, kan die heiligmaking nie deelagtig word nie, want alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom. 14:23). Alleen God kan ons hart in Christus verander en verlewendig (Eseg. 36:25-27). Vernuwing is alleen moontlik in Christus (2 Kor. 5:17) en dis die werk van die Heilige Gees (Tit. 3:5). Dis nie blote uiterlike navolging (imitasie) van Christus nie, maar dis die openbaring van Christus self in ons lewe. Dit beteken niks minder nie as om in Christus en met Hom uit die dood opgewek te word (Kol. 2:12; 3:1, 2). Paulus sê: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my" (Gal. 2:20). Heiligmaking is nie 'n magies-fisiese proses of instorting van 'n soort bonatuurlike krag nie, maar dit is wel 'n radikale en voortgaande proses van verandering van ons gemoed en hart en lewe. Daar sit groei en lewe in, soos 'n boom wat vrugte dra (Ps. 1:3; 92:14, 15; Matt. 7:16-19).

**4. Heiligmaking 'n proses wat die hele lewe verander:** Heiligmaking is iets wat ons hele lewe lank duur. Die volmaaktheid bereik ons nie voor ons dood nie. Dan eers oorwin ons die sonde [162] volkome en gaan die gelowige die heerlikheid in, sonder vlek of rimpel (Fil. 3:21; Heb. 12:23; Openb. 14:5; 21:27). Intussen is die kind van God egter 'n doodsvyand van alle sonde en kan hy nie meer van harte sondig nie: "Elkeen wat in Hom bly, sondig nie" (1 Joh. 3:6). Sy verstand word geheilig, sodat hy in God se waarheid lewe en deur God geleer en gelei word (Joh. 6:45). Sy gemoed of hart word innerlik totaal vernuwe (Eseg. 36:26). Deur God se krag en genade kruisig hy alle sondige hartstogte en begeerlikhede in hom (Gal. 5:24). Sy sedelike oordeel is geheilig, alhoewel nie volmaak nie, anders as dié van die ongelowige, wie se verstand en gewete besoedel is (Tit. 1:15; Heb. 9:14). Selfs die uiterlike liggaamlike lewe word geaffekteer, want die siel werk ook in op die liggaam en op die hele openbaring van die mens na buite (Rom. 6:12). Paulus sê: "Mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word . . . ." (1 Thess. 5:23; vgl. ook 1 Kor. 6:15, 20; 2 Kor. 5:17).

5. **Die heiligmaking 'n werk van Gods Gees:** Die Skrif sê dat ons geregverdig sowel as geheilig is in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van God (1 Kor. 6:11). Dis deur die Gees dat ons roep: Abba, Vader! (Rom. 8:15; Gal. 4:6). Wie deur die Gees wandel, sal nie die werke van die vlees volbring nie (Gal. 5:16); en in v. 22 noem Paulus 'n hele aantal Christelike deugde as vrug van die Gees. Petrus praat van die reiniging van ons siel deur die Gees (1 Pet. 1:22; vgl. 2 Thess. 2:13). In Christus besit die gelowige volkome heiligheid, maar dit moet aan ons toegepas word deur die inwerking van die Heilige Gees. Daarom sê die Doopsformulier dat ons kinders in Christus geheilig is, wat nie beteken dat hulle in hulleself volkome heilig is nie. Wel is almal wat deur Gods Gees gelei word, kinders van God (Rom. 8:14). Dit beteken egter nie dat ons nou nie meer die Woord, Christus, nodig het nie; inteendeel, dit is Christus wat Sy Gees stuur om ons na Hom toe te lei en met Hom te verenig (Ef. 4:15; 1 Kor. 6:17; Gal. 2:20; Heb. 13:20, 21). Deur die geloof woon Christus in ons harte (Ef. 3:17), en deur die geloof kry ons deel aan die oorwinningslewe van Christus en oorwin ons die wêreld (1 Joh. 5:4).

6. **Die gelowige is werksaam in die heiligmaking:** Deur die wederbarende werking van die Heilige Gees word Gods kind lewend gemaak uit die doodslaap van die sonde (Ef. 5:14). En dan staan hy op in Christus om die stryd teen die sonde aan te bind. Nie asof God Hom nou terugtrek en die mens self in eie krag verder stry nie, maar so dat God in en deur ons werk en ons *daarom* juis self ook teen die bose stry. God *gee* wat Hy *vra*. Die heiligmaking is nie gedeeltelik Gods werk en gedeeltelik ons [163] werk nie, maar geheel en al Gods werk in en deur ons. Petrus sê: "Immers, sy goddelike krag het ons alles

geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien" (2 Pet. 1:3). En daarom kan hy in v. 10 sê: "Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak" (vgl. 1 Pet. 1:22, 23). Paulus moedig die Korinthiërs aan om die heiligmaking in die vrees van God te volbring deur hulle te reinig van alle besoedeling van die vlees en die gees (2 Kor. 7:1). In Rom. 12:1, 2 vermaan hy dat die gelowiges hul liggame moet stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer en dat hulle verander moet word deur die vernuwing van hulle gemoed (vgl. Gal. 5:16-22; 6:7, 8). Christus roep ons toe: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is" (Matt. 5:48; vgl. 1 Thess. 3:13; 4-7). Hier moet ons weer herinner aan wat Paulus sê in Fil. 2:12, 13: "Werk julle eie verlossing uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae", en ook aan wat in Jer. 31:18 staan: "Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die Here my God."

7. **Verwerping van die perfeksionisme:** God se volk word dikwels in die Skrif as heiliges bestempel (Eks. 19:6; Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2). In 1 Pet. 2:5 word die gelowiges genoem 'n heilige priesterdom en in v. 9 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk. Die volmaaktheidsideaal spreek ons toe uit tekste soos Matt. 5:48; 2 Pet. 1:4; Fil. 2:5; 1 Thess. 2:10; Fil. 4:13. Tog is dit baie seker dat ons in hierdie lewe nooit volmaak heilig sal wees nie. Daarom het Christus ons in die Onse Vader geleer om elke dag weer te bid om vergiffenis van sondes.

Die gelowiges besit die volmaaktheid hier net in beginsel, en selfs die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van gehoorsaamheid, soos die Kategismus sê by vr. 114. Selfs manne soos Noag, Job, Dawid, Petrus en Paulus het gesondig en diep geval, en Paulus het hom as die grootste van die sondaars gevoel (1 Tim. 1:15). Hy sê van homself, na sy bekering: "Wat ek wil, dit doen ek nie; maar wat ek haat, dit doen ek" (Rom. 7:15) en in Fil. 3:12: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag dit na of ek dit kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is."

In *Christus* is ons inderdaad nuwe skepsele (2 Kor. 5:17), en vir sover ons in Hom lewe en Hy in ons, kan ons nie sondig nie (1 Joh. 3:6, 9). Maar in onsself is ons nog nie volmaak nie. In 1 Kon. 8:46 lees ons: "Want daar is geen mens wat nie sondig nie" (vgl. ook Spr. 20:29; Pred. 7:20; Jak. 3:2). Volgens Jes. 64:6 is al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed. Volgens 1 Kor. 1:3; 2 Tim. 3:16, 17 en Heb. 5:12-14 is daar groei in die [164] geestelike lewe: sommige is nog kinders, ander volwassenes in die geloof; sommige is nog vleeslik, d.w.s. grootliks onder invloed van die vlees; ander is egter geestelik, d.w.s. hulle lewe meer deur die Gees. Hoe volmaakter die kind van God is, hoe meer voel hy sy sonde en hoe hartgrondiger kan hy saam met Johannes sê: "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself" (1 Joh. 1:8). Tog is dit 'n heerlike feit dat die sonde nie meer in die lewe van Gods kind kan *heers* nie (Rom. 6:14).

8. **Goeie werke:** Die gelowige is altyd huiwerig om van "goeie werke" te praat, aangesien hy maar alte bewus is dat selfs sy beste werke met sonde besmet is (Kateg., vr. 62). Selfs as hy sy plig ten volle sou kon uitgevoer het, wat tog nooit gebeur nie, sal hy nog sê dat hy 'n onverdienstelike slaaf is, want hy het maar net gedoen wat hy verplig was om te doen (Luk. 17:10). Tog is alle dade wat uit die geloof, volgens Gods wil en tot Sy eer gedoen word, vir God aangenaam, en wil Hy dit selfs uit genade beloon (Kateg., vr. 91). Wie in Christus deur die geloof ingelyf is, moet vrugte van geregtigheid dra (Matt. 7:18; Joh. 15:5). Al wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom. 14:23). Die reël vir alle goeie werke is dat hulle met Gods wil moet ooreenkom (Jes. 8:20; Ps. 119:105; 1 Sam. 15:22).

God het geen behae in eiewillige godsdiens nie (Matt. 15:9). Verder is goeie werke sulke dade wat tot Gods eer gedoen word (Joh. 15:8). Paulus sê: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God" (1 Kor. 10:31; vgl. Kol. 3:17, 23). God het ons in Christus uit die sondedood opgewek, sodat ons tot Sy eer vrugte kan dra (Rom. 7:4); 'n geloof sonder werke is dood (Jak. 2:26). Ons is duur gekoop en moet daarom God verheerlik, aan wie ons behoort (1 Kor. 6:20). God het ons bestem vir 'n lewe van dankbare gehoorsaamheid. In Christus is ons "geskape . . . . tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Ef. 2:10). Dis onmoontlik dat hy wat die sonde afgesterf het, nog daarin kan lewe, d.w.s. dit van harte doen (Rom. 6:2).

9. **Genadeloon:** Volgens die Heid. Kateg., vr. 63, is daar so iets soos 'n beloning uit genade. En inderdaad is die Skrif vol van die loongedagte, die loon wat die gelowige ontvang nie omdat hy daarna gesoek of dit verwag of verdien het nie, maar as blyk van God se welbehae in Sy kinders. "Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele" (Matt. 5:12; vgl. Matt. 6:4, 33; 16:27). In Matt. 25:21 sê die Here vir Sy getroue kind: "Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer" (vgl. ook Matt. 25:34-40). In Rom. 2:6, 7 sê Paulus dat God aan elkeen wat in goeie werke volhard, heerlikheid, eer en onverganklikheid [165] sal vergelde. In 1 Kor. 9:11 praat Paulus van die prys wat elkeen sal ontvang wat die wedloop gewen het (vgl. ook 2 Kor. 5:10); in 2 Tim. 4:7, 8 spreek Paulus dieselfde gedagte uit ten opsigte van homself. Die loongedagte kom onder andere ook nog uit in tekste soos Heb. 6:10, 11, 24-26; Openb. 22:12. In die briewe aan die sewe gemeentes van Klein-Asië word heerlike dinge belowe "aan hom wat oorwin", soos die kroon van die lewe, verborge manna, 'n wit keursteen met 'n nuwe naam daarop, die môrester, om vir ewig 'n pilaar in Gods tempel te wees, ens. (Openb. 2 en 3).

10. **Volharding van die heiliges:** Die hele vyfde hoofstuk van die Dordtse Leerreëls word aan hierdie saak gewy. Jesus sê in Joh. 10:28: "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." En in Rom. 11:29 lees ons: "Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik"; en in Fil. 1:6: "Omdat ek hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Christus." Dit hang saam met die uitverkiesingsgedagte (Hand. 13:48). Die gelowiges is verseël met die Heilige Gees (Ef. 1:13). Wie vantevore verordineer is, word uiteindelik almal verheerlik (Rom. 8:30). Die saad van die wedergeboorte *bly* in die gelowige (1 Joh. 3:9). Diegene wat wel afval, het nooit waarlik tot die heiliges behoort nie (1 Joh. 2:19; Rom. 9:6).

Ons moet van ons kant dus wel *stry* om in te gaan deur die nou poort, maar ten slotte is dit God se onweerstaanbare genade wat ons tot die volmaaktheid lei, en God se genade is onverliesbaar. God se belofte in Christus is ja en amen (2 Kor. 1:20; vgl. Joh. 6:30; Luk. 22:23). En hierdie volhardingsgedagte maak nie onverskillige mense nie (Kategismus, vr. 64), maar spoor juis aan tot die hoogste toewyding en openbaring van geloofskrag. Die gelowige soek dan ook heiliging van God se Naam in die ganse wêreld deur 'n kragtige evangelisasie en deur verchristeliking van huisgesin, maatskappy en staat. Oral en altyd jaag hy na alles wat waar, edel, rein, lieflik en loflik is (Fil. 4:8).

## DIE KERK

### Les 34: WAT DIE KERK IS

1. **Die naam van die kerk:** Die naam soos dit in die Bybel voorkom, het die

betekenis van 'n vergadering of samekoms van God se volk, wat deur God geroep of uitgeroep word. Dit word soms vertaal as gemeente en dan weer as kerk.

[166]

Die woord "kerk" beteken eintlik "wat aan die Here behoort" (kuriakon). Al die heilsweldade waarvan ons in die vorige hoofstuk gepraat het, deel Christus uit, nie aan private indiwidue nie, maar aan Sy volk of kerk, in die *gemeenskap* van die heiliges. In Christus is die volk van God as 'n *eenheid,* as die herbore *mensheid* uitverkies, en dit is die kerk. En in dié sin is die kerk ook organies verweef met die volkere en die mensheid, alhoewel dit nooit volkskerk in die sin van 'n volk se kultuurgoed is nie, maar altyd 'n skepping van Christus, waardeur Hy vir Hom uit die mensheid 'n liggaam vorm.

Daar is volgens die Skrif 'n absolute teëstelling tussen kerk en wêreld, vir sover die kerk leef uit die opgestane Christus en die wêreld leef uit die sonde en die ongeloof (2 Kor. 6:14-18). Daarom word die kerk ook aangedui as die liggaam van Christus (1 Kor. 12:27; Ef. 1:23) of as die tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 3:16); as Jerusalem daarbo (Gal. 4:26); as die bruid van Christus (Openb. 21:9, 10) of die nuwe Jerusalem (Openb. 21:2); ook as die pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15).

Die kerk het by die Ou-Testamentiese aartsvaders saamgeval met die huislike en familielewe; by Israel was kerk en volk saam-verbonde in 'n sogenaamde teokrasie, Godsregering, en in die Nuwe Testament het die kerk wêreldkerk geword en alle nasionale grense deurbreek. In die kerk het die gemeenskapsidee altyd oorheers teenoor alle indiwidualisme (Hand. 2:42). Dis één Here, één geloof, één doop, ens. (Ef. **4:**4-6).

**2. Die wese van die kerk:** Die wese van die kerk moet nie in die eerste plek in die uitwendige organisasie gesoek word nie. Ook is dit verkeerd om die kerk te skei in 'n sogenaamde leerkerk en 'n hoorkerk, naamlik die priesterlike en die leke-afdelings. Almal saam, sowel ampsdraers as gewone lidmate, maak die kerk uit, en die wese van die kerk bestaan daarin dat die gelowiges saam die *liggaam van Christus* vorm. Hulle is geestelik verenig en saam-verbind in Christus tot 'n gemeenskap van die heiliges, tot 'n uitverkore volk en 'n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9).

Alle ware gelowiges maak saam die kerk uit. En omdat daar ook hipokriete is wat uiterlik aan die kerk behoort (vgl. Ned. Geloofsbelydenis, art 29), kan ons nie die uitwendige of sigbare kerk sonder meer met die volk van God identifiseer nie. In die kring van die verbond is daar goeie maar ook slegte lote (Joh. 15:6), seuns maar ook diensknegte (Joh. 8:35).

Die kerk bestaan uiterlik nie net uit heiliges en wedergeborenes nie, soos die Labadiste en Piëtiste beweer het nie. *Ons* weet nie [167] wie wedergebore is nie, omdat ons nie in die hart kan sien nie (Matt. 13:29, 30).

Die diepste wese van die kerk is geestelik van aard en bestaan daarin dat ons deur die geloof in Christus ingelyf is en in gemeenskap met God lewe. Hierdie innerlike, verborge lewe in God deur Christus kom egter tot uitdrukking in 'n vroom en toegewyde lewenswandel en openbaar hom so na buite, ook in die sigbare kerk.

3. **Sigbare en onsigbare kerk:** Die geloof, as geestelike band aan Christus, is nie iets wat ons direk kan sien nie. Tog kom die geloof ook na buite tot uitdrukking, onder andere in die belydenis van die lidmate, die kerklike organisasie en die bediening van Woord en sakramente.

Die uiterlike organisasie of die sigbare kerk moet egter soveel moontlik openbaring en uitdrukking wees van die innerlike geestelike lewe van Gods volk. Daarom mag die kerk nooit as 'n sogenaamde volkskerk somaar met die volk geïdentifiseer word nie. Anders sou ons maar voor die voet alle kinders moet doop wat tot die volk behoort, en sou geen kerklike tug toegepas mag word op diegene wat Christus deur leer of lewe verloën nie.

Die kerk mag nooit ontaard tot 'n rowerspelonk nie, maar altyd soek om te wees 'n heilige tempel van die Here, 'n woning van God in die Gees (Ef. 2:20, 21). Ons moet steeds heiliger *word,* omdat ons in Christus heilig *is.*

Die kerk is nie 'n *genootskap* of vereniging waarby 'n mens maar kan aansluit of waaruit 'n mens maar na willekeur kan bedank nie. As lewende lidmate van onse Here Jesus Christus *moet* ons vrugte van geregtigheid dra, en die kerk word geroep om die ou suurdeeg van die sonde uit te suiwer (1 Kor. 5:7, 9-13). Paulus sê dat sy strewe as apostel was om die gemeente as 'n *reine maagd* aan Christus voor te stel (1 Kor. 11:2). Die kerk mag dus geen gemeenskap hou met dié wat na die vlees wandel nie (Rom. 16:17; 1 Tim. 6:3-5).

Daar is 'n onderskeid tussen kerk en wêreld (1 Joh. 4:1-6), en die gelowiges mag nie met die ongelowiges gemeenskap hou nie (2 Joh. 9:11).

Die sigbare kerk kan wel onderskei word van die onsigbare, maar dis nie twee aparte kerke nie, maar in wese een en dieselfde kerk uit twee aspekte gesien.

4. **Strydende en triomferende kerk:** Daar word gewoonlik ook onderskeid getref tussen die strydende en die triomferende kerk.

Die triomferende kerk is die deel van die gelowiges wat reeds ontslaap het en die heerlikheid ingegaan het, wat nie meer stry teen sonde en dood nie en wat nou rus van hulle moeitevolle arbeid (Openb. 7:9-17). Die strydende kerk is die deel van die [168] kerk wat nog hier op aarde in die hitte van die stryd staan (Ef. 6:12-18). Die gelowiges is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie (Joh. 17:14-16), en daarom word hulle deur die wêreld gehaat en vervolg (Joh. 15:18-20).

Ons moet egter ook hier nie dink aan twee aparte kerke nie. In wese is dit dieselfde kerk en bly die twee dele onverbreekbaar één. Die triomferende kerk stry in sekere sin ook nog saam met ons, waar hulle in die hemel wag en bid vir die uiteindelike oorwinning (Openb. 6:9-11); en aan die ander kant is die gelowiges wat nog op aarde stry, tog in Christus meer as oorwinnaars (Rom. 8:36, 37) en word hulle besiel deur die wolk van getuies, d.w.s. dié wat reeds in die heerlikheid is, terwyl die gelowiges nog deelneem aan die wedloop van die geloof (Heb. 12:1, 22-24).

5. **Organisme en instituut:** Die kerk bestaan nie net as ’n instituut met sy ampsdraers nie, maar is in die eerste plek die vergadering van gelowiges of die liggaam van Christus. Elke gelowige het die amp van profeet, priester en koning (Kateg., Sondag 12). Maar Christus het dit nodig geag vir die welwese van Sy kerk om spesiale ampte in te stel, naamlik van predikant, ouderling en diaken. Op die nuwe aarde sal hierdie spesiale ampte egter wegval en sal die kerk alleen as organisme, as volk van God, leef.

Ook hier weer moet ons nie dink aan twee kerke nie, maar aan twee aspekte van dieselfde kerk. Die amptelike institutering van die kerk op aarde is nie maar “’n toevallige en bykomstige saak nie, maar behoort tot die bestaanwyse van die kerk hier op aarde en moet as onmisbaar en essensieel beskou word. Die spesiale ampte funksioneer ook nie net op

Sondag in die erediens nie, maar deurgaans. Leraar, ouderling en diaken tree wel in die week anders op as op Sondag, maar hulle bly altyd en oral in funksie.

In Hand. 2:42 sien ons die kerk funksioneer as instituut; in Kol. 1:18 sien ons die kerk as organisme (vgl. ook Rom. 11; Joh. 15:1-5; Ef. 5:30).

Die gelowiges word geroep om elkeen *persoonlik* die lig van Gods genade te laat skitter (Rom. 12:4-8; 1 Kor. 12:4-7; Ef. 4:7). Hulle moet nie alleen die kerkdiens in stand hou nie, maar die Christelike gedagte uitdra in staat en maatskappy, in politiek, radio, pers, wetenskap en op elke terrein. Ons mag nie wil hê dat die *kerk as instituut* al daardie terreine moet oorheers en die hele lewe as 't ware moet verkerklik nie. Ons mag nie uitgaan van die gedagte dat die gelowiges as sodanig onmondig is nie (1 Pet. 2:15, 16; 3:15; 1 Joh. 4:1). Dis "n verkeerde gedagte om te veronderstel dat die predikant of die ampsdraers die kerk is.

6. **Plaaslike en algemene kerk:** Die Bybel praat net in tweërlei sin van 'n kerk of gemeente, naamlik die plaaslike kerk [169] (Hand. 5:11; 1 Kor. 11:18; Gal. 1:2) en daarnaas die universele kerk (bv. in Ef. 1:22; Matt. 16:18, ens.). Selfs parogiale gemeentes wat in private huise vergader het, is *kerke genoem* (Rom. 16:5; Kol. 4:15). Die plaaslike gemeentes of kerke moet beskou word as selfstandige openbaringe van die één, heilige, algemene kerk. Hulle staan egter nie los van mekaar nie, maar is saamgebind deur die gemeenskaplike band aan Christus, en daarom moet die verskillende kerke ook in kerkverband met mekaar saamlewe. Die plaaslike gemeentes moet egter nie beskou word as takke van 'n landskerk nie. So iets ken die Bybel nie. Om lid van die kerk van Christus te wees, moet 'n mens lid wees van een of ander *plaaslike* kerk.

7. **Attestasies:** Uit die voorgaande volg dat ons op drie maniere lidmaat van 'n kerk kan word, naamlik:

(i) deur geboorte uit ouers wat aan die kerk behoort;

(ii) deurdat ek as heiden of afgevallene deur belydenis opgeneem word in die boesem van die kerk en

(iii) deurdat ek met 'n attestasie (getuigskrif) van 'n plaaslike gemeente oorgaan en aansluit by 'n ander gemeente waarheen ek vertrek.

Aangesien lidmaatskap van 'n kerk 'n vrywillige saak is, is elke gelowige verplig om by vertrek persoonlik sy attestasie aan te vra en dit by die nuwe kerkraad in te handig. Ons moenie dink dat ons altyd en oral lid is van 'n sekere kerk en daarom geregtig is om die sakramente te gebruik nie. Dis 'n prerogatief van die plaaslike kerkraad om ons toe te laat, na ingelewerde attestasie. Weens die kerkverband erken *die* gemeentes egter mekaar se attestasies.

In en deur die kerkverband kom die geestelike eenheid van die kerk van Christus uit, soos onder andere blyk uit die eerste "sinode" of samekoms van die kerkverband in Jerusalem (Hand. 15). Solank so 'n meerdere vergadering van sy besluite kan sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit" (Hand. 15:28), kan dit nooit ontaard in hiërargie en die vernietiging van die gesag van die plaaslike kerke nie, omdat dit juis die plaaslike kerke is wat deur hulle afgevaardigdes besluit, en omdat hulle gebonde is aan Skrif en Belydenis.

8. **Voorregte van kerklike lidmaatskap:** Dis oneindige genade van God dat ons lidmate van Sy kerk *mag* wees, en dis ten diepste gewortel in die ewige uitverkiesing. En daarom kan selfs die dood ons nie ons lidmaatskap ontneem nie, soos Sondag 21 sê: " ....

dat ek daarvan (die kerk) 'n lewende lid is en *ewig sal bly"*. (Vir die uitverkiesingsgedagte vgl. Rom. 8:29, 30; Joh. 6:37; Ef. 1:4-6; Rom. 9:14-16; Jes. 49:16; Joh. 10:26-30.)

Alleen in die kerk as liggaam van Christus leef ons vir ewig. [170] Daarbuite kan ons alleen maar sterwe. Alleen in die kerk word ons geestelike lewe opgebou (Ef. 4:12, 13); daarbuite kwyn en sterf ons in elke opsig. Daarom is dit so 'n voorreg om as 'n lid van Gods kerk *gebore* te wees. Ons word nie eers later "aangeneem" as lidmate nie, maar doen alleen later "belydenis" van ons geloof, om so te kom tot mondige lidmaatskap, waardeur ons al die kerklike voorregte kan geniet, soos bv. die gebruik van die sakramente en die aktiewe en passiewe kiesreg. Daarom moet ons nie onnodig lank uitstel om belydenis van geloof te doen nie, maar daartoe oorgaan so gou ons verstaan wat ons doen en geestelik daarvoor ryp is. En wie belydenis gedoen het, is *verplig* om die dood van die Here te gedenk en Nagmaal te gebruik (1 Kor. 11:24, 25).

9. **Christus die stigter van die kerk:** Volgens die Kategismus, Sondag 21, is dit die Seun van God wat van die begin van die wêreld af (Gen. 3:15) tot die einde toe (Openb. 19) Sy kerk vergader, beskerm en bewaar. Die kerk is dus nie mensewerk nie, geen produk van die staat of maatskappy en aan geen menslike mag of instelling onderworpe nie. Christus is die Hoof van Sy kerk. Daarom sê Hy: "Op hierdie rots sal *Ek my gemeente (kerk) bou"* (Matt. 16:18) en: "Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde" (Matt. 18:20). Dis Hy wat "tussen die goue kandelaars" wandel en wat "die sleutels van die doderyk en die dood het" (Openb. 1:13, 18).

## Les 35: DIE TAAK VAN DIE KERK

**1. Die sout van die aarde en die lig van die wêreld** (Matt. 5:13-16): Die *bestaan* van die kerk moet 'n seën wees vir die wêreld en is dit ook solank die kerk getrou bly aan die innerlike wese daarvan as die Bruid van Christus. God het reeds aan Abraham gesê: "In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen. 12:3). Waar die kerk tot openbaring kom, werk dit soos sout wat die kwaad uitsuiwer, en daar verdryf die Goddelike lig, wat uit die kerk uitstraal, die duisternis van onkunde en haat. Juis om vir die wêreld 'n seën te wees, mag die kerk nooit met die wêreld of met die volkslewe geïdentifiseer word asof kerk en volk dieselfde sou wees nie. Die kerk mag nie in die volk opgaan nie, maar moet sy eie identiteit behou en so vir die volk tot seën wees. Waar die kerk eenvoudig wegsink in die volksmassa, onstaan dikwels kringetjies of groepies wat 'n kerkie in die kerk vorm. Dis ongesond en bewys dat die begeerte daar is om *kerk* te wees [171] as 'n gemeenskap van heiliges. Die kerk is nooit *van* die volk nie, maar wel *vir* die volk. Die taak van die kerk is om vir die wêreld tot seën en redding te wees (Joël 2:32; Jes. 25:6-10). In hierdie sin is die kerk katoliek, wêreldkerk (vgl. Mark. 16:15; Joh. 10:16).

2. **Die kerk moet die evangelie verkondig:** Die kerk het eintlik net één taak en roeping op aarde, en dis die verkondiging van die evangelie. Bavinck sê dat alle mag in die kerk (d.w.s. alle amptelike werk) regstreeks of sydelings die bediening van die Woord is. Selfs die diens van barmhartigheid (armesorg) wil op praktiese wyse die liefde en genade van Christus openbaar. En die diepste grond van die ordelike regering van die kerk en die handhawing van die tug is ook die liefde van Christus, tot behoud van die sondaar.

Die kerk se opdrag of mandaat vind ons in Matt. 28:19, waar Jesus Sy dissipels gebied om dissipels van al die nasies te maak en om hulle te leer om alles te onderhou wat Hy beveel het. Hulle moes getuies van Christus op aarde wees (Joh. 15:27), en Paulus sê: "Wee my as ek die evangelie nie verkondig nie" (1 Kor. 9:16), en: "Ek het my voorgeneem om

niks onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (1 Kor. 2:2). In hierdie sin kan die kerk dan ook beskou word as die *moeder* van die gelowiges (Gal. 4:26) tot opbouing van die liggaam van Christus (Ef. 4:12).

Tog sou die kerk uit eie krag geen *enkele* sondaar kon red nie. Dis Christus wat in en deur die kerk werk, en dis Hy wat gesê het: *"Ek* sal my gemeente bou" (Matt. 16:18). Dis Hy wat Sy knegte *stuur* om die evangelie van vrede te verkondig (Rom. 10:13-15). Die kerk is nie 'n maatskaplike of staatkundige organisasie nie. Die kerk is geen filantropiese welsyn-instituut, geen kulturele organisasie en geen politieke instansie nie. Wel *beïnvloed* dit deur die verkondiging van die evangelie al daardie terreine, maar die kerk het 'n eie wese en taak.

3. **Amptelike uitvoering van die taak van die kerk:** Behalwe die amp van elke gelowige, wat die Kategismus vir ons in Sondag 12 verduidelik, is daar die besondere ampte waardeur die kerk as instituut sy opdrag uitvoer. Hierdie ampte word verdeel in die *buitengewone* ampte van apostels, profete en evangeliste (Ef. 4:11), wat net tydelik was en toe verdwyn het, en die *gewone* ampte van leraar, ouderling en diaken, wat blywend van aard was. Al hierdie ampte is gewortel in en spruit voort uit die universele amp van *die groot Ampsdraer, Jesus Christus,* wat in Heb. 3:1 genoem word die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis.

Wat die *apostels* aanbetref: hulle is direk deur Christus geroep [172] (Mark 3:14) en was oor- en ooggetuies van Sy lewe, dood en opstanding (1 Joh. 1:1-3). Hulle was die grondlêers van die Christelike kerk (Ef. 2:20), was onfeilbaar geïnspireer (Joh. 14:26) en kon magtige wonders verrig as Goddelike bevestiging van hulle getuienis (2 Kor. 12:12; Matt. 10:8). Hulle was uniek in die kerkgeskiedenis, en daar bestaan vandag nie meer apostels nie.

Die Nieu-Testamentiese *profete* het eintlik as taak gehad om die Skrifte uit te lê en was met besondere gawes toegerus (vgl. Hand. 11:28; 13:1, 2; 1 Kor. 14:3, ens.). Hulle het dus enigsins verskil van die Ou-Testamentiese profete.

Die *evangeliste* was hulpkragte vir die apostels om die evangelie te verkondig en het meer sendingwerk gedoen. Manne soos Filippus, Markus, Titus en Timotheüs was evangeliste (vgl. Hand. 21:8; 2 Tim. 4:5, ens.).

Wat die gewone ampte aanbetref, was daar eers die kollege van *ouderlinge of opsieners* wat die gemeentes geregeer en die tug uitgeoefen het (Hand. 11:30; 15:12; 20:28; 1 Pet. 5:1, 2). Hulle het ook voorgegaan in die Woordverkondiging, sodat hieruit mettertyd die amp van *leraar* ontstaan het, wat dan 'n *lerende ouderling* was (Ef. 4:11; 1 Tim. 5:17; 2 Tim. 4:2).

Wat die *diakens* aanbetref, word gewoonlik aangeneem dat ons van hulle instelling lees in Hand. 6:1-6. Hulle was behulpsaam by die bediening van die tafels en om toe te sien dat die arm weduwees en wese versorg is. Hulle amp is dus die priesterlike diens van barmhartigheid (Rom. 12:8, 13; Gal. 6:10; Jak. 1:27, ens.).

4. **Die mag om te bind en te ontbind:** Die kerk het die taak om deur die verkondiging van die evangelie en die tug in die Naam van Christus die hemel oop of toe te sluit, en daartoe het dit die *mag* ontvang om te bind of te ontbind (Matt. 16:19; 18:15-18; Joh. 20:23). Alhoewel die ouderlinge die amptelike tug uitoefen, is dit tog gewortel in die gemeente as geheel. Ook hulle moet die ou suurdeeg uitsuiwer en hulle afsonder van diegene wat in die sonde lewe (1 Kor. 5:7, 11, 13). Natuurlik is die kerklike binding ondergeskik aan Gods Woord en moet dit volgens die Woord geskied. Anders het dit nie

krag nie. Alhoewel die kerk dus nie die swaardmag besit nie, besit dit 'n veel groter en dodeliker mag, wat ons meer behoort te vrees as die arm van die staat. Die staat kan alleen ons liggaam bind, maar die kerklike mag bind siel en liggaam, vir tyd en ewigheid.

Hoe dwaas en sondig het die kerk self nie al dikwels gehandel nie deur van geweld en vervolging gebruik te maak om mense te dwing om hulle aan die kerk te onderwerp! Die kerk se mag is [173] geestelik van karakter (2 Kor. 10:3 5). Dis die *Heilige Gees* wat die opsieners aanstel om as herders die gemeente te versorg (Hand. 20:28) en deur wie die tugmag uitgeoefen word (Joh. 20:22, 23). En die kerklike mag is altyd 'n *dienende mag* (Hand. 20:24; Rom. 1:1) en moet steeds in die Naam van Jesus uitgeoefen word (1 Kor. 5:4) en nooit om te *heers* oor God se volk nie (1 Pet. 5:3; Matt. 20:25-28).

5. **Die kerklike taak om te leer:** Die kerk moet die evangelie suiwer bewaar en uitdra (1 Tim. 1:3, 4; Tit. 1:9-11). Daardeur moet dit die geloof van die lidmate versterk en bou (Tit. 1:1-3; 2 Tim. 2:15; Jes. 3:10, 11). Christus spreek deur Sy diensknegte, en wie hulle verwerp, verwerp Christus (Luk. 10:16).

Om die evangelie te verbrei, moet die kerk ook leraars oplei (2 Tim. 2:2) en ook die jeug katkiseer (Deut. 6:6, 7; Joh. 21:15). Die kerk moet ook die sakramente bedien, wat as 't ware 'n demonstratiewe verkondiging van die evangelie is. Hierop kom ons weer terug. Verder moet die kerk ook die evangelie na buite uitdra deur evangelisasie en sending (Matt. 28:19). Dis nie die werk van persone of verenigings nie, maar 'n amptelike taak van die kerk, alhoewel die leermag ook gewortel is in die gemeente en elke lidmaat persoonlik die plig het om van Christus te getuig teenoor medegelowiges sowel as teenoor ongelowiges (Luk. 12:8; 1 Thess. 5:11). Die kerk rnoet getuig in hierdie wêreld, al is dit ook ten koste van bloed en trane (Openb. 11:1-13).

6. **Die kerklike taak om teen die sonde te stry:** Vir hierdie taak het die kerk die regeermag ontvang. Daar moet orde gehandhaaf word in die gemeentelike lewe (1 Kor. 14:33, 40). Ook moet tug uitgeoefen word oor hulle wat openlik in sonde lewe, en almal kan byvoorbeeld nie somaar aan die Nagmaalstafel toegelaat word nie (Kateg., vr. 82; vgl. 1 Kor. 5:2; 9:13; Rom. 16:17; 2 Thess. 3:6, 14; 2 Joh. 10, 11).

Die tug gaan sowel oor valse leer (Rom. 16:17; Openb. 2:20) as oor 'n sondige lewe (1 Kor. 5:13). Ook dooplede is voorwerpe van tug in die vorm van vermaning en bestraffing, en as hulle na jare nie tot die geloofsbelydenis kom nie, uiteindelik ook deur afsnyding. Sondes waar die kerkraad van weet maar wat nie in die openbaar bekend is nie, word eers deur stille sensuur getug, d.w.s. deur dissiplinêre afhouding van die Nagmaal. Dis alleen sondes wat openbaar van karakter is of wat, deur daarin te volhard, openbaar word, wat deur die openbare sensuur gestraf word.

Die tugtiging is om die eer van God te handhaaf, die heil en welsyn van die gemeente te bevorder en die sondaar te probeer red. Waar daar dan ook ware berou is, moet die sensuur opgehef word [174] en die sondaar teruggeneem word in die boesem van die gemeente. Die regeermag berus nie by die keiser (politieke owerheid) of by die pous (priesterheerskappy) nie, maar alleen by die kerk self, wat dit in die Naam en volgens die wil van Christus uitoefen deur middel van die kerkraad. Daarom praat ons van die presbiteriale kerkregering, d.w.s. regering deur die kollege van ouderlinge. Ten diepste berus die regeermag by Christus alleen (Jes. 33:22; Matt. 28:18).

7. **Die kerklike taak om barmhartigheid te bewys:** Ook die priesterlike taak van die

kerk rus in Christus Jesus, ons Hoëpriester, wat ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra het (Matt. 8:17). Die dissipels moes nie alleen preek nie, maar ook duiwels uitwerp en siekes gesond maak (Matt. 10:1, 8; Mark. 16:17, 18; 1 Kor. 12:9, 10). Die oorspronklike gawes van die apostels besit ons nie meer nie, maar aan ons is opgedra om armes en siekes by te staan en vir hulle te bid (Matt. 26:11; Hand. 4:34, 35; 6:1-6; Luk. 10:25-37). In 1 Tim. 3:1-13 gee Paulus 'n mooi beskrywing van die vereistes wat aan sowel ouderlinge as diakens gestel moet word (vgl. ook Hand. 11:29; 20:35; 1 Kor. 16:12; Jak. 1:27; 1 Joh. 3:17). Waar die kerk geroepe is om die evangelie ook aan heidene te verkondig, spreek dit vanself dat dit geroep is om ook aan alle mense, selfs nie-kerklikes, barmhartigheid te bewys (Gal. 6:9, 10). Ons geloof moet spreek uit ons *dade* van barmhartigheid (Jak. 2:14-17). Anders is dit 'n bespotting van die evangelie.

8. **Ons moet die lig van Gods genade op alle terreine uitdra:** Net soos ons geroep word om die evangelie aan *alle* mense te predik, so moet ons ook op *alle* terreine getuig van ons geloof in Christus en moet ons alles heilig tot Gods eer (1 Tim. 4:1-5). Alhoewel die kerk as instituut enkel en alleen die taak het om die evangelie te verkondig, sal dit tog sy uitwerking hê in die lidmate, wat op elke gebied — pers, radio, skoolwese, vakorganisasie, politiek, wetenskap, ens. — die Christelike beginsel bely en beleef. Ons mag nie al daardie dinge direk onder die septer van die kerk wil plaas en die hele lewe verkerklik nie. Christus en Sy dissipels het hulle nooit direk beywer vir afskaffing van slawerny of vir sosiale welsyn nie (Luk. 12:13-15; Filémon; 1 Tim. 6:1, 2). Tog het die Christelike evangelie uiteindelik gelei tot afskaffing van slawerny en radikale omwenteling op sosiale gebied. Vergelyk ook maar byvoorbeeld die status van die Christelike vrou met dié van die heidense vrou! Watter geseënde invloed het Jesus se voorbeeld en prediking op alle terreine van die lewe gehad!

9. **Praktiese instelling van die** kerk: Alhoewel die kerk se uitgangspunt, doel en metode geestelik van aard is, is dit alles tog ingestel op die praktyk en die daadwerklike verandering van die [175] lewe en die wêreld. Die kerk bely sy geloof onbeskroomd teenoor die hele wêreld, en dit doen die indiwiduele gelowiges ook (1 Pet. 3:15; 4:11). Deur die inwerking van die evangelie in die hart van die gelowiges, word hulle nuwe mense en skep hulle oral nuwe toestande (2 Tim. 3:16, 17; Ef. 6:5-9; Tit. 2:9, 10). Die prediking van Jesus sowel as dié van Sy apostels het altyd 'n praktiese strekking gehad, en dis onmoontlik dat Gods Woord leeg kan terugkeer: "Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan . . . ." (Jes. 55:11-13).

### Les 36: DIE EENHEID EN HEILIGHEID VAN DIE KERK

1. **Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk:** Hierdie kwalifikasie van die kerk bring veral die *eenheid* en *heiligheid* van die kerk na vore, en ons wil in hierdie les daarop nader ingaan. Dat die kerk Christelik is, spreek so vanself dat ons nie daaroor verder hoef uit te wei nie. Daar bestaan geen kerk buite Christus nie, want so iets is 'n innerlike teenstrydigheid. Wat die heidene as hulle "kerk" beskou, *is* eenvoudig geen kerk nie. Die eenheidsgedagte kom uit in die heiligheid van die kerk, waardeur dit iets unieks en eiesoortigs is, sodat daar nie meer as een kerk kan bestaan nie. Ook die katolisiteit of algemeenheid van die kerk is van so 'n aard dat dit omvattend is en net één kerk veronderstel. Hoe ons dit moet verstaan, sal ons nog sien.

2. **Geen saligheid buite die kerk nie:** In art. 28 van die Geloofsbelydenis lees ons dat die kerk "'n heilige vergadering van dié is wat verlos word" en dat "daarbuite geen saligheid is nie". Ook volgens art. 27 is die kerk "'n heilige vergadering van almal wat waarlik in

Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur Sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees". Die kerk rus in Gods ewige verkiesing (Hand. 13:48) en bestaan wesenlik uit die totaal van die uitverkorenes.

Uit dit alles is dit duidelik dat daar buite die kerk, as liggaam van Christus, geen saligheid kan wees nie. Dit beteken egter nie dat almal daarbuite verlore gaan nie, soos soms voorgestel word. Die grense van die kerk, as mistieke liggaam van Christus, lê veel verder as dié van enige bepaalde instituut op aarde. Daar kan ware gelowiges wees wat om een of ander rede nie by 'n bepaalde kerklike instituut kan aansluit nie, miskien weens geografiese omstandighede, alhoewel hulle tog in die gees één is met die kerk van Christus. Aan die ander kant is daar ongetwyfeld baie wat as hipokriete uiterlik aan een of ander kerk behoort en tog nie [176] lewende lidmate van Christus is nie. Dit alles beteken egter nie dat dit maar om die ewe is of ons aan 'n kerk behoort of nie en aan watter kerk ons behoort nie.

3. **Die kerk nie uitdeler van** genade nie: Dat daar geen saligheid buite die kerk is nie, beteken allermins dat die kerk uitdeler van genade is en dat ons van die kerk of priesters byvoorbeeld afhanklik sou wees om in die hemel te kom. Wel gebruik Christus Sy kerk om Woord en sakramente te laat bedien, maar dis *Hy* wat deur Sy Woord en Gees ons inlyf in Sy liggaam en ons deelgenote maak van die gemeenskap van die heiliges. Die kerk is die huisgesin van God (Heb. 3:6; Ef. 2:19). Al sou die evangelie ook reg gepreek word in 'n kerk en daar word geen kerklike tug uitgeoefen nie, sodat so 'n kerk meer na 'n rowerspelonk lyk as na die tempel van die Heilige Gees, dan sou 'n ware gelowige in so 'n kerk hom nie kan tuis voel nie. Die kerk moet objektief en subjektief beantwoord aan die maatstaf van Gods Woord en moet in alle opsigte die bruid van Christus wees.

Blykens Hand. 9:31 vind ons dat die gemeentes "opgebou" is deur die evangelieprediking en "gewandel het in die vrees van die Here". Hier is dus sowel die objektiewe as subjektiewe kenmerk van die ware kerk. Alhoewel die kerk dus nie die genade *uitdeel* nie, moet dit tog in haar optrede en in haar bestaan die kenmerke van die genade *vertoon*. Dit moet haar betoon as die liggaam van Christus (Ef. 5:23), die bruid van Christus (1 Kor. 11:2; Openb. 19:7), 'n tempel gebou van lewende stene (1 Pet. 2:5).

3. **Die eenheid van die kerk:** In art. 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word gesê dat "ons glo en bely 'n *enige* katolieke of algemene kerk", wat daar was van die begin van die wêreld af en wat sal bly tot die einde toe. Hierdie kerk is nie aan bepaalde plekke of persone gebonde nie, maar is oor die hele wêreld versprei; nogtans is die hele kerk deur die krag van die geloof met hart en wil in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.

Dit sien dus hier op die algemene of universele kerk van Christus wat, nieteenstaande dit oor baie tye en plekke versprei is, tog 'n heerlike en hegte *eenheid* vorm, aangesien alle gelowiges deur dieselfde Gees aan dieselfde Christus in dieselfde liggaam saam-verbonde is en bly. Terloops merk ons op dat die naam *katoliek* dus nie aan 'n bepaalde kerklike instituut verbonde is nie. Ons as Protestante is net so katoliek as enige ander kerk, d.w.s. algemeen en wêreldomvattend.

Verder let ons dan daarop dat ons die *eenheid* van die kerk in die eerste plek moet soek in geestelike eenheid van hart en wil en slegs in die tweede plek moet soek om die innerlike eenheid ook tot openbaring te bring in 'n uiterlike eenheid van die [177] geïnstitueerde kerk. Dit moet egter baie duidelik wees dat daar alleen eenheid *in Christus* kan wees. Dan alleen kan daar sprake wees van een liggaam en *een Gees, een Here,* een geloof, een doop, *een God en*

*Vader* van almal (Ef. 4:4-6). Die eenheid kom van die één Hoof, Jesus Christus (Ef. 1:10). *Hierdie* kerk is wêreldkerk (Matt. 8:11; Openb. 7:9) en is as sodanig voorwerp van *geloof,* maar openbaar hom tog ook in die uitwendige (Rom. 10:10; Matt. 7:16; 10:32; 1 Joh. 4:2).

5. Kerk of kerke: In Sy groot Hoëpriesterlike gebed sê Jesus onder andere: "Maar Ek bid .... dat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U, dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" (Joh. 17:20, 21).

Nêrens in die Bybel lees ons dat daar meer as een kerk sal wees nie. Daar is net die plaaslike kerke of gemeentes en dan die universele of algemene kerk. Dis dus duidelik dat ons nie maar kan berus in die verskeurde toestand waarin die kerk van Christus vandag op aarde verkeer nie en dat ons ons steeds moet beywer om alle ware Christus-gelowiges byeen te bring op die grondslag van die heilige Woord van God en die Belydenis wat daaruit opgebou is en wat met bloed en trane beseël is. Ons mag nie maar alle verdeeldheid wil goedpraat met die idee van die pluriformiteit van die kerk, naamlik dat die waarheid te ryk sou wees om in die organisasie en belydenis van één kerk tot uitdrukking te kom nie. Ook moet ons waak teen indifferentisme ten opsigte van wat ons glo en bely en die valse deurbraakgedagte van ons tyd, waardeur getrag word om maar alle kerke saam te smelt tot één groot kompleks en dit miskien ten koste van die waarheid: die kerk van Christus is "'n pilaar en grondslag van die *waarheid"* (1 Tim. 3:15).

Daar is wel 'n egte soort pluriformiteit in die kerk, soos ons nog sal sien, maar dis heeltemal iets anders as om maar al wat hom "kerk" noem as sodanig te aanvaar en 'n onheilige eenheidsfront te stig, net maar ter wille van die eenheid. Christus sê: "Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak" (Joh. 17:26), en dis alleen in daardie *Naam* van God Drie-enig dat ons in Christus één kan wees.

6. **Verskeidenheid in eenheid:** Daar is 'n natuurlike Godgegewe rykdom in die werke van Gods hande. Daar is talle variëteite binne dieselfde soort. So is daar ook verskeidenheid onder die mense wat rasse-eienskappe, taal, temperament en aanleg betref, en in hierdie sin kan daar dus wel pluriformiteit binne die kerk van Christus wees. Dis nie nodig en selfs nie wenslik dat rasse wat radikaal van mekaar verskil in biologiese, psigiese en histories-geografiese eienaardighede en omstandighede, 'n gemengde kerk [178] sal vorm nie. Die kerk moet ook aanskakel by die nasionale en volksbedding, solank dit maar in wese die kerk van Christus bly, en dan sal sulke kerke ook in diepere geestelike sin één wees in Christus, al sou hulle ook hulle eie identiteit en selfstandigheid bewaar. Dit is die heerlike eenheid in verskeidenheid. Christus het nie verniet gesê nie: "Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde" (Matt. 18:20). Hy is oral teenwoordig in elke plaaslike gemeente wat *in Sy Naam* vergader, en daarin lê die *eenheid* van alle gelowiges en alle kerke. Die ryke verskeidenheid van God se werke in natuur en genade moet ons nie op kommunistiese wyse wil gelykskakel nie. Petrus praat van *"veelvuldige* genade van God" (1 Pet. 4:10), en hierdie *rykdom* sal in verheerlikte vorm ook ingedra word in die Nuwe Jerusalem (Openb. 21:26), en daar sal *al die nasies* verteenwoordig wees (Openb. 7:9; 21:24).

7. **Ware en valse kerk:** Artikels 28 en 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis praat van die ware en die valse kerk. Christus het gewaarsku: "Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is" (Matt. 7:15). Die valse kerk word ook vir ons geteken in Joh. 16:2: "Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys." Die valse kerk vervolg die ware gelowiges met vuur en swaard, met banvloeke en

verdrukking (vgl. Hand. 20:29).

Onder 'n valse kerk het die Hervormers 'n kerk verstaan wat die *fondamente* van die geloof vervals het en nie een wat oor kleinere sake afwykende beskouinge mag gehad het nie. Dis duidelik dat *binne die bestek van die* WARE *kerk* daar tog nog op kleinere punte allerlei gebreke sal wees, sodat 'n kerk nog tekortkominge mag hê sonder dat dit juis in sy geheel 'n *valse* kerk hoef te wees. *Ons sou ook kon sê dat 'n kerk vals is op* SEKERE *punte* sonder dat daardeur die *hele* kerk absoluut vals is, solank dit die fondamente van die geloof handhaaf. Net so min as wat daar 'n volmaakte Christen in absolute sin op aarde is, net so min is daar *volmaakte* kerke (vgl. 1 Kor. 11:17-34; Gal. 1:6, 7; 2 Kor. 12:20, 21 en al sewe die gemeentes van Klein-Asië in Openb. 2 en 3).

Elke kerk moet gedurig reformeer en die volmaaktheid najaag.

8. **Merktekens van die ware en** die **valse kerk:** Volgens art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is die merktekens van die valse kerk dat dit "aan homself en sy ordinansies meer mag (toeskryf) as aan die Woord van God; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in Sy Woord verorden het nie, maar neem daarvan af en voeg daaraan toe na goeddunke", en "dit steun meer op mense as op Christus (en) vervolg diegene wat heilig [179] lewe na die Woord van God". En art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis toon aan dat die valse kerk in die plek van Gods onfeilbare Woord stel "die groot menigte" (groot aanhang) of "die oudheid" (die oudste kerk) of "opvolging van tye of persone" (pouslike suksessie) of kerklike dekrete en verordeninge. Die valse kerk "het die naam dat dit leef en is tog dood" (Openb. 3:1). In die valse kerk word die mens op die troon gesit in plaas van God (2 Thess. 2:4), en daar heers die leuen (2 Thess. 4:9-12; 1 Tim. 4:1, 2; 2 Pet. 2:1-3). Daar word Christus as die Seun van God geloën (1 Joh. 2:18-23; 4:1-3).

Daarenteen word die vernaamste kenmerk van die ware kerk gevind in die suiwere verkondiging van Gods Woord en die inrigting van die kerklike lewe volgens daardie Woord. Dit beteken dus dat ook die sakramente suiwer bedien moet word en die kerklike tug gehandhaaf moet word. Christus self het Sy kerk gegrond op en verbind aan die Woord van God (Joh. 17:8, 17) én op die belydenis dat Hy die Seun van God is (Matt. 16:15-18). Die ware kerk is daar waar die kudde van die Here *luister* na Sy stem (Joh. 10:16). Paulus sê dat al sou hy self of selfs 'n engel uit die hemel 'n evangelie verkondig in stryd met dié wat hy verkondig het, dan moet hy 'n vervloeking wees (Gal. 1:8); "dié wat uit God is, luister na die woorde van God" (Joh. 8:47).

By hierdie ware kerk is elke gelowige "verplig om aan te sluit" (Ned. Geloofsbelydenis, art. 28). Ons roeping is om die Here te dien in die kerk wat volgens ons oortuiging Gods Woord suiwer verkondig en handhaaf. Dan sal ons kerklik wees in die goeie sin van die woord en nie kerkisties nie.

## DIE GENADEMIDDELE

### Les 37: DIE PREDIKING VAN DIE EVANGELIE

**1. Die Woord as genademiddel:** God vergader en bou Sy kerk deur middel van die evangelisasiewoord. Daarom het Christus opdrag aan Sy dissipels gegee om die evangelie aan alle nasies te verkondig en so van hulle dissipels te maak (Mark. 16:15; Matt. 28:19). En Paulus sê in Rom. 10:14: "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?" Jesaja sê dat God se woord nie leeg na Hom toe sal terugkeer nie,

maar sal doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe die Here dit stuur (Jes. 55:11). [180] "Is my woord nie só, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?" (Jer. 23:29). In Ef. 6:17 noem Paulus die Woord van God "die swaard van die Gees". Ook lees ons in Heb. 4:12: "Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard . . . ."

Net soos God middele gebruik vir die verwekking en onderhoud van ons natuurlike lewe, so gebruik Hy ook middele vir ons geestelike lewe, en eintlik gebruik Hy maar net één middel, en dit is Sy Woord. Want die sakramente is maar net 'n bevestiging van die Woord. Sommige praat ook van die kerk, die gebed, ens., as genademiddele; maar dit is duidelik dat die kerk maar net die orgaan is waardeur God werk, en dat die gebed byvoorbeeld eerder 'n *vrug* is van die genade as 'n middel. In die gelykenis van die saaier (Mark. 4:3-20) kan ons ook sien hoe die Woord sy uitwerking in die hart van Gods kinders het (vgl. ook 2 Tim. 4:23; 1 Pet. 1:23-2:2). Vraag 21 van die Heidelbergse Kategismus sê dat die Heilige Gees die geloof "deur die evangelie in my hart werk" (vgl. ook vr. 65). Geen wonder dat die preekstoel die middelpunt van ons kerklike lewe vorm nie. Christus is die weg en die *waarheid* wat aan ons verkondig word en wat ons vrymaak, ook van priesterheerskappy (Joh. 14:6; Gal. 5:1).

2. **Woord en Gees:** Die Heilige Gees gebruik Gods Woord as genademiddel en gee daaraan sy krag, deurdat ons so in lewende verbinding met Christus kom. Ons moet dus Woord en Gees onderskei, maar nie skei nie. Ons moet nie soos die geesdrywers praat van die Woord as 'n dooie letter nie, want dit is hy nooit. Ons kan ons nie verlaat op die sogenaamde inwendige lig nie, want Gods Woord alleen is die lamp vir ons voet en die lig vir ons pad (Ps. 119:105). Ons mag nooit in valse mistiek die kerk van Christus, die ampte en Gods geskrewe en vertaalde Woord (Heilige Skrif) minag nie. Dan word ons blinde leiers van die blindes.

Reeds in die Ou Testament het God in die tempeldiens die kerklike lewe georganiseer. Die godsdiens was nie maar 'n saak van willekeur en van blinde geesdrywery nie. Die verhouding tussen God en Sy volk is wel altyd 'n persoonlike verhouding, maar sluit die middele nie uit nie. God *gebruik* die ampte om Sy volk te bou (Ef. 4:11, 12, 16; Gal. 3:5). Ook die sakramente is 'n "verkondiging" van die dood van Christus (1 Kor. 11:26; Rom. 6:4). Tog wek die Gees nie outomaties deur die Woord nie maar in vrye selfbepaling. Daar is 'n innige wisselwerking tussen Woord en Gees. Daarom lees ons byvoorbeeld dat die Here (Heilige Gees) Lidia se hart geopen het om ag te gee op die woorde van Paulus (Hand. 16:14).

[181]

Die Gees werk dus *deur* die Woord, en tog *berei* Hy, aan die ander kant, die akker om die Woord te ontvang (vgl. ook Joh. 3:8). Waar die Gees nie in ons werk nie, daar word die Woord vir ons 'n reuk van die dood tot die dood (2 Kor. 2:16). Daar sit altyd *gees en krag* in die Woord van God (1 Kor. 2:4). Ons moet aanneem dat selfs waar die Gees skynbaar sonder die Woord werk, bv. in die wedergeboorte van ons kindertjies wat vroeg sterwe en nooit onder die prediking gekom het nie, daar is dit tog die lewende Woord van God, die Christus, wat in hulle hartjies ingedra word deur 'n onmiddellike werking van Gods Gees. Die Gees gaan altyd van die Woord uit en lei ons terug na die Woord.

4. **Wet en evangelie:** Die Woord van God in die Skrif omvat wet sowel as evangelie. Maar dan moet ons dit nie so verstaan asof die Ou Testament net die wet verkondig en die

Nuwe Testament net die evangelie nie. Die feit is dat die evangelie in die Ou Testament in 'n enigsins meer wettiese vorm voorkom en dat in die Nuwe Testament die wet 'n enigsins meer evangeliese karakter dra, maar dwarsdeur die Bybel vind ons wet en evangelie, wat ook weer onderskei maar nie geskei moet word nie.

Waarom die Nuwe Testament 'n skynbaar meer "evangeliese" karakter dra, is omdat in die Ou Testament die wet meer 'n tugmeester tot Christus is (Gal. 3:24), terwyl dit in die Nuwe Testament meer 'n reël van dankbaarheid is (Matt. 22:36-40). Daar kan dus geen wetsprediking sonder evangelieprediking wees nie en ook andersom. God se wet stry nie teen Sy beloftes nie (Gal. 3:21). As Paulus sê: "Die letter maak dood, maar die gees maak lewend" (2 Kor. 3:6), dan is dit nie 'n teëstelling tussen wet en evangelie nie, maar tussen 'n bloot wettiese, vormlike en 'n geestelike opvatting van die evangelie. Die geloof (evangelie) sluit nie die *gehoorsaamheid* uit nie; daar is so iets soos geloofsgehoorsaamheid (Rom. 1:5).

Aan die ander kant is die evangelie in die Ou Testament te vinde (Gen. 3:15; Gal. 3:8; Rom. 4:11; 11:32). Ook daar was geloof en bekering 'n eis van die verbond, net soos in die Nuwe Testament, maar in beide gevalle *gee* God wat Hy vra, en so word die wet, wat andersins vir ons die *dood* sou gewees het, vir ons 'n evangelie van verlossing in Christus (Rom. 8:1-17), aangesien *Christus* die wet vir ons volbring het.

5. **Wie die prediking verwerp, verswaar sy eie oordeel:** Die evangelie is 'n welmenende aanbod van genade aan alle mense (Jes. 55:1; Matt. 11:28; Openb. 22:17), wat ons deur die geloof moet aanneem (Joh. 1:12; Ef. 1:13). Wie egter die evangelie verwerp, haal 'n vreeslike oordeel oor homself, selfs erger as dié [182] wat Sodom en Gomorra getref het (Matt. 11:20-24; Luk. 12:47, 48). Tog verhard en verset die onwedergebore mens hom, tensy die Gees sy hart oop en ontvanklik maak. En so word sy oordeel dan verswaar (Joh. 12:39, 40; Jes. 6:9, 10; Matt. 13:14, 15; vgl. ook v. 12). As ons ons teen die evangelie verset, dan verset ons ons teen Christus self. Daarom sê die Here: "Wie na julle luister, luister na My; en wie julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het" (Luk. 10:16). Dis nie Gods Woord wat ons verhard nie; nee, dis die mens self wat dit doen, en daarom sal diegene wat volhard om Christus te verwerp met dubbele slae geslaan word.

5. **Die genademiddele werk nie magies nie, maar tog misties:** Daar is so iets soos 'n Bybelse of Christelike mistiek. Die geloof is nie net 'n gewisse *kennis* nie, maar ook 'n vaste *vertroue* (Kateg., vr. 21). Die geloof is nie net blote verstandsaak nie, maar ook 'n saak van die hart, van gevoel en belewing. Ten slotte kan ons nie met ons verstand deurgrond *hoe* die Gees die genade in ons hart bewerk deur die middele nie. Daar is verborge dieptes in die werk van God wat ons ervaar en beleef, maar nie kan *verklaar* nie (Rom. 11:33, 34). Dit beteken nie dat daar iets toweragtigs (magies) in die genadewerking is nie. Nee, alles is gefundeer in die raad en wil van Hom wie se weë en gedagtes hoër as ons s'n is (Jes. 55:8-13).

In die Dordtse Leerreëls, III en IV, 11, word vir ons pragtig uiteengesit hoe die Gees in die hart van Gods kinders indring en alles daar vernuwe en verlewendig in 'n onbegryplike, verborge werking, wat ons nie kan deurgrond nie, maar waarvan ons alleen die wonderbare vrugte sien. Vir die wêreld is dit dwaasheid, maar vir die gelowige 'n krag van God (1 Kor. 1:18). Waar die werking van die Heilige Gees aan die *Woord* van God verbonde bly, is dit iets verborge. Waar dit egter losgemaak word van die Woord en as

"ingestorte genade" aan die sakramente verbind word (sakramentalisme, liturgiese beweging), daar kry dit 'n magiese (onbybelse) karakter, en dan word die gelowige afhanklik gemaak van die "priester", wat alleen hierdie sakramentele krag kan uitoefen. En so kom ons onder die juk van sakerdotalisme of priester-heerskappy.

6. **Skrifprediking:** Die prediking moet altyd bediening van die Woord wees, d.w.s. die *Skrifte* moet vir die gemeente oopgemaak en toegepas word. Enige vroom praatjie of geleerde betoog of aandoenlike betuiging is nie 'n preek nie. Om te preek, is om *Gods Woord* te laat spreek. Dan alleen het dit krag en gesag. Ons moet met die Christus van God gekonfronteer word, wat ons dwing [183] tot 'n beslissing vir of teen Christus. Daartoe is die kerk deur Christus met gesag beklee om uitdeler van die verborge en menigvuldige rykdom van Goddelike genade te wees, deurdat die kerk *Gods Woord* aan die gemeente bedien (2 Kor. 4:5-7; 2:14-17; 1 Kor. 1:17-24; 1 Thess. 2:13). Omdat en in sover die kerk waarlik Gods Woord bedien, kan die kerk in goeie sin beskou word as uitdeler van die genadegoedere in opdrag en met volmag van Christus (1 Kor. 4:1; 1 Pet. 4:9, 10). Maar dan moet ons altyd onthou dat ons nie *na aanleiding van* die Skrif moet spreek nie, maar dat ons die *Skrifwoord self* tot die gemeente moet laat spreek.

7. **Gods Woord spreek ook tot ons buiten die prediking:** Ons mag en moet ook self Gods Woord lees en ondersoek en oordink en met mekaar bespreek. As 'n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9), wat die salwing van die Heilige het en alles weet (1 Joh. *?:* 20), is ons nie maar 'n klomp onmondige leke in wie se hande dit "gevaarlik" sou wees om die Skrifte te gee nie. Wel moet ons nie eiewys wees nie en moet ons ons laat leer en die amptelike prediking steeds bywoon tot stigting en opbouing van ons geloof. Maar dis 'n geseënde voorreg wat ons het dat ons die Skrif ook in ons huis en binnekamer mag lees en die Christelike waarheid op alle lewensterreine mag bely en uitdra. Gods Woord "gee wysheid aan die eenvoudige en verlig die oë (Ps. 19:8, 9). Groot is die voorreg van kinders wat in hulle huise, op die skool en by die kerklike katkisasie in Gods Woord onderrig mag word.

8. **Die krag van Gods Woord lê nie aan die prediker nie:** Wel moet gestreef word om Gods Woord as op goue borde aan die gemeente mee te deel. Tog kan die grootste geleerheid en welsprekendheid sonder meer nie Gods Woord kragdadig maak nie. Wel moet die prediker besiel wees met die begeerte om waarlik *bedienaar* van Gods Woord te wees of, soos Paulus dit uitdruk, om "in barensnood" te wees, "totdat Christus in die gemeente gestalte kry" (Gal. 4:19). Paulus sê: "My rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag" (1 Kor. 2:4); en daarom is "hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God, wat laat groei" (1 Kor. 3:6, 7).

Waar daar ware geestelike *honger* is, sal ons nie soveel kritiek op die prediking hê nie, maar sal ons dit met blydskap en waardering aangryp, tot versterking van ons geloof. Hier geld die woord van Christus: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word" (Matt. 7:7). Wie Gods Woord versmaad, sal van honger sterf (Amos 8:11, 12). En die predikers moet onthou dat by 'n sendinggemeente die [184] gelowiges wel nog met *melk* gevoed moet word (1 Pet. 2:2), maar dat namate die geestelike lewe groei, die gemeente met *vaste spyse* gevoed moet word (Heb. 6:1, 2; 1 Kor. 3:1, 3). 'n Leraar mag nie deur traagheid toelaat dat sy gemeente geestelik ondervoed is en bly nie.

## Les 38: OOR DIE HEILIGE DOOP

1. **Die idee van sakramente in die algemeen:** Die woord *sakrament* kom nie in die Bybel voor nie. Maar die *idee* is wel deeglik Skriftuurlik. Die Romeine het die woord gebruik in verband met die eed van trou wat soldate teenoor die keiser moes aflê. Dit dui aan die oorbring van iets op heilige terrein. Deur die Christendom is die woord toegepas op die sogenaamde misterie van die kerklike kultus in verband met doop en heilige Avondmaal.

Sakramente is sinnebeeldige handelinge van die kerk waardeur die genade van God in Christus afgebeeld word (vgl. hier die mooi definisie van die Heid. Kateg. in vr. *661).* Die Kategismus *noem* die sakramente sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël (vgl. ook die mooi uiteensetting in art. 33, Ned. Geloofsbelydenis: " . . . . sigbare waartekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak").

Die genade word deur die sakramente nie net afgebeeld nie maar ook bevestig en verseël (Rom. 4:11). Ewewel gee die sakramente ons wesenlik niks anders of meer as die evangeliewoord nie, naamlik Jesus Christus as Redder en Verlosser. Die besondere krag en betekenis in die sakramente lê net daarin dat dit Jesus Christus vir ons op 'n *ander* wyse (naamlik deur 'n sigbare teken) verkondig en so die Woord bevestig.

2. **Hoeveel sakramente is daar?** Sakramente is alleen daardie wat deur *God* as sodanig ingestel is, en dit is die doop en die nagmaal, net soos daar onder die Ou Testament die besnydenis en die Pasga was. Onder die Nieu-Testamentiese bedeling is daar nie meer bloedstorting nie, omdat Christus Sy bloed eens en vir altyd aan die kruis vergiet het (Heb. 9:24-26; 10:10-14). Sakramente is alleen sulke sake waardeur die *genade* van God in die soenbloed van Christus afgebeeld word, en dit kan nie gesê word van byvoorbeeld sake soos priesterordening, huwelik, konfirmasie van lidmate, ens., wat deur sommige ook as sakramente beskou word nie.

3. **Werking van die sakramente:** Die sakramente werk nie outomaties, soos 'n soort toormiddel wat toegedien word of, soos dit [185] ook uitgedruk word: *ex opere operatom,* d.w.s. deur die volbragte handeling self nie. Dit druk nie 'n sogenaamde *character indelibilis* (onuitwisbare merk) op hom af wat dit ontvang nie. Volgens sommige sit daar 'n soort geheimsinnige en onweerstaanbare krag in die sakramente waardeur hulle feitlik meganies hulle uitwerking het op elkeen wat dit ontvang, solank hy net nie opsetlik 'n hindernis daarteen probeer in die weg lê nie.

Die sakramente kan en mag nooit losgemaak word van die bediening van die Woord nie en kan alleen 'n uitwerking hê waar die betekenis daarvan begryp en deur die geloof aanvaar word. Dit geld ook vir die doop wat aan kindertjies bedien word. Hoe dit kan wees, sal ons nog sien. Die Woord *verwek* en versterk die geloof, die sakramente *versterk* dit alleen; die Woord gaan uit tot *alle* mense, die sakramente alleen tot die *gelowiges* en hulle saad. Die sakramente mag daarom alleen in verband met die *Woord* bedien word, d.w.s. deur 'n geordende *leraar* en in die midde van die *gemeente.* Dit mag nie somaar in private huise, los van die gemeente, bedien word nie. Eintlik is Christus self die Bedienaar van Woord en sakramente, en dit doen Hy waar dit amptelik bedien word in 'n gemeentelike samekoms.

4. **Wat deur die doop-sakrament aangedui word:** (a) *Reiniging van die sonde.* Net soos die stof die liggaam besoedel en die lewe versmoor, so maak die sonde ook met die siel. Water is die gewone reinigingsmiddel, en waar water kom, verlewendig dit die natuur.

En daarom word dit gebruik as simbool van geestelike wassing en verfrissing. So moes Aaron en die priesters hulle in die koperwaskom reinig (Eks. 30:17-21; vgl. Eseg. 36:25). In Sag. 13:1 lees ons: “In dié dag sal daar 'n geopende fontein wees . . . . teen die sonde en die onreinheid” (vgl. Hand. 2:38; 22:16). Paulus sê: “Maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig . . . . in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God” (1 Kor. 6:11), en Petrus sê: “ . . . . waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n vraag aan God om 'n goeie gewete” (1 Pet. 3:21; vgl. Heb. 10:22; Ef. 5:26).

(b) *Wedergeboorte:* Paulus sê: “Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop en die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is . . . . ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel!” (Rom. 6:4). En in Tit. 3:5 sê hy dat God “ons gered (het) deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees”. Dit wil nie sê dat ons deur die doop wedergebore word nie, maar dat die doop in verband staan met die wedergeboorte, of die wedergeboorte nou al voor, tydens of na die doop [186] plaasvind. Uit Ef. 5:26 is dit duidelik dat dit nie die doop (water) is wat reinig nie, maar die Woord van God wat ons lewend maak. Die doop dui daarop dat ons in Christus gesterf het en begrawe is, maar ook in en met Hom uit die dood opgestaan het in die wedergeboorte (Rom. 6:5-8). Paulus sê: “ . . . . omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het” (Kol. 2:12).

(c) *Inlywing in die liggaam van Christus:* Ons ontvang nóg die wedergeboorte nóg die heiligmaking elkeen vir homself, los en apart van die liggaam van die Here Jesus Christus, dit is Sy kerk. Teenoor die indiwidualisme van die Metodisme en alle sektarisme handhaaf ons die organiese eenheidsidee en die verbondsgedagte. Paulus sê: “Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam . ...” (1 Kor. 12:13; vgl. Ef. 1:22, 23). En in Ef. 4:5 praat hy van “een Here, een geloof, een doop”. Toe dit geblyk het dat heidene ook deel het aan die liggaam van Christus (bekering van Cornelius), het Petrus hulle ook gedoop, as teken van die eenheid in Christus (Hand. 10:44-48). Ons word nie deur die doop ingelyf as lidmate van Christus nie, tog is die doop die teken van ons deelgenootskap en lewende lidmaatskap van die liggaam van Christus.

5. **Doop in die Naam van die drie-enige God:** Die Christelike kerk mag geen doop erken wat nie in die Naam van God Drie-enig bedien is nie. Vergelyk die uitdruklike opdrag van Christus in Matt. 28:19. Daardeur word die gedoopte se verbondsverhouding tot die drie-enige God aangedui. Dit wys dat die Vader met ons Sy genadeverbond opgerig en tot Sy kinders aangeneem het (Gen. 17:7; Hand. 2:39); dat die Seun ons gewas het in Sy bloed en ons inlyf in die gemeenskap van Sy dood en Sy wederopstanding (Gal. 3:27) en dat die Heilige Gees in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig (1 Kor. 6:11; Tit. 3:5; vgl. die Doopformulier!).

6. **Van Godsweë vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid:** Soos die Doopformulier ons leer, het elke verbond twee dele, en die doop lê dus ook op ons 'n heilige verbondsver*pligting* teenoor God en is nie net die teken van God se verbondsbeloftes nie. As gedooptes moet ons lewe soos dissipels van Christus en alles onderhou wat Hy ons *beveel* het (Matt. 28:19). Dit wil egter nie sê dat die krag van die verbond in Remonstrantse sin afhang van wat óns daarmee maak nie. God se heilswerk rus ten slotte in Sy ewige verkiesende genade en word volgens Sy Goddelike Raad uitgewerk in die wedergeboorte en verheerliking van Sy kinders. [187] Ewewel weet óns nie wie uitverkies is nie en doop

ons die kinders nie in die veronderstelling dat hulle wedergebore is nie. Ons doop alleen diegene wat hulle geloof in Christus bely (Mark. 16:16). Ons kan oor die hart nie oordeel nie. Ons voer alleen die Goddelike opdrag uit in die oortuiging dat God Sy beloftes sal waar maak en dat Sy trouverbond in ewigheid nie sal wankel nie (Ps. 105:8). Dat die *kinders* van die gelowiges in die verbondskring ingesluit is, sal ons nog sien. (Vir die samehang van geloof en doop, vgl. Hand. 2:38, 41; 8:36, 37 en 10:47.)

7. **Die kinderdoop:** Reeds in die tweede eeu n.C. het Origenes al gesê dat die kinderdoop deur die apostels ingestel was. Dit word egter deur Tertullianus bestry, 'n bewys dat dit toe reeds in gebruik was. Ook ontken hy nie dat dit deur die apostels ingestel was nie, wat hy sekerlik sou gedoen het as hy grond daarvoor gehad het. In 252 n.C. bepaal die Sinode van Carthago dat kinders op die tweede of derde dag na hulle geboorte gedoop moet word — 'n bewys dat kinderdoop toe reeds algemeen van toepassing was.

Die kinders is ook in God se verbond opgeneem (Gen. 17:7; Hand. 2:39). Hulle is en word geheilig deur die verbondsouers uit wie hulle gebore is (vgl. 1 Kor. 7:14). Aangesien die kinders in die Ou Testament die verbondsteken van die besnydenis ontvang het, sou Christus die doop van kinders spesifiek moes *verbied* het as dit Sy bedoeling was dat hulle onder die Nuwe Testament nie die verbondsteken moet ontvang nie. Dit het Hy nêrens gedoen nie. Dat alleen die *seuntjies* die besnydenis ontvang het, sê niks nie, want die man is beskou as die hoof van die vrou en sy is by hom in die verbond ingesluit. Ons lees dan ook op verskillende plekke van *huisgesinne* wat gedoop is, waarby dan tog seker ten minste in *sommige* gevalle ook wel *kinders* sou gewees het (vgl. Lidia en "haar huis", Hand. 16:15; die sipier van Filippi en "al sy mense", Hand. 16:33; "die huisgesin van Stéfanus", 1 Kor. 1:16; Crispus "met sy hele huis", Hand. 18:8, ens.).

In Kol. 2:11, 12 word baie duidelik geleer dat die doop dieselfde betekenis het as die besnydenis in die Ou Testament en dus daarmee ten nouste verband het. Die onbloedige verbondsteken het die plek van die bloedige ingeneem, omdat die bloed van Christus aan die kruis eens en vir altyd vergiet is. Daarom praat die profete dan ook van die onbesnedenheid van die harte (bv. Jer. 4:4). Ons kinders is in die verbond ingesluit (Deut. 29:10-13; 2 Kron. 20:13; Joël 2:28), en dis wreed en onbarmhartig as ons hulle nie die verbondsteken wil laat toekom nie. Uit Matt. 19:14 is dit duidelik dat Jesus die kindertjies geseën het omdat "aan sulkes die koninkryk van die hemel behoort".

Ons kinders is onderskeie van heidenkinders en moet die [188] merken veldteken van Christus dra en ook as verbondskinders opgevoed word. Al kan hulle nog nie hulle geloof bely nie, sê dit niks, want selfs by grootmense *weet* ons nooit met absolute sekerheid of hulle glo nie, omdat ons nie in die *hart* kan sien nie. As ons onder "geloof" altyd 'n *bewuste* geloof verstaan, dan sou geen kindjie wat klein sterwe, gered kan word nie, want Mark. 16:16 sê: "Hy wat nie *glo* nie, sal veroordeel word." Tog was Jeremia en Johannes wedergebore in die moederskoot en moet hulle dus 'n onbewuste geloof besit het (Jer. 1:5; Luk. 1:15). Die kindertjies is die *lammertjies* van die kudde van Jesus (Jes. 40:11; Joh. 21:15) en behoort dus aan Hom. As verbondskinders is hulle gehoorsaamheid aan hulle ouers verskuldig in die Here (Ef. 6:1; Kol. 3:20). God hou in Sy genadewerk rekening met die natuur, en Hy laat die heil in die lyn van die geslagte (organies) voortgaan; daarom word al die "geslagte" in Abraham geseën (Gen. 12:3).

8. **"In Christus geheilig"?** Hierdie woorde kom voor in die eerste doopvraag van ons Doopformulier. Wat moet ons daaronder verstaan? Beteken dit net dat Christus

objektief aan ons kinders aangebied word onder die doopsimbool, of beteken dit ook dat hulle subjektief wel deel het aan Christus en dus in beginsel ook geheilig *is* in Sy bloed?

As ons in die doop niks meer sien as die blote teken van die *aanbod* van genade in die bloed van Christus nie, dan verloor dit veel van sy waarde, soos by die Remonstrante, Rasionaliste, ens., en is dit g'n wonder dat die Kwakers dit heeltemal afgeskaf het nie. Die Doopformulier skyn anders te dink oor die saak, as in die gebed voor die doop gepraat word van *"hierdie kind(ers) van U"* en as in die dankgebed gedank word "dat U ons en ons kinders, deur die bloed van U liewe Seun Jesus Christus, al ons sondes vergeef *het* en ons . . . . tot U kinders aangeneem *het,* en dat U dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig". Die Dordtse Leerreëls, 1, 17 verklaar dat "die kinders van die gelowiges heilig is, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond . . . . en daarom moet Godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hul jeug uit hierdie lewe wegneem nie". Die heiligheid van ons kinders is dus wel in die eerste plek 'n objektiewe heiligheid in Christus, maar het tog wel 'n subjektiewe strekking en toespitsing waardeur ons kinders die skatte deelagtig word wat hulle in Christus besit. Artikel 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verklaar dat ons kinders deur die doop afgesonder word om geheel en al die eiendom van Christus te wees en Sy merk en vaandel te dra.

Daar sal wel altyd hipokriete in die verbondskring wees, maar die krag en betekenis van die verbond en die verbondsteken word [189] nie deur die hipokriete bepaal nie, maar deur wat dit vir die volk van God beteken.

As ons dus sê dat ons kinders in Christus geheilig is, dan beteken dit nie dat ons *veronderstel* dat hulle *wedergebore* is nie en ewe min dat ons glo dat hulle bloot aan die *verbondskring* behoort sonder dat dit hulle *geheilig-wees* in Christus insluit. Nee, dit beteken dat ons glo, *op grond van Gods genadeverbond,* dat hulle deel het aan die genadegoedere in Christus, *sonder dat ons oordeel oor die subjektiewe toestand van elke bepaalde dopeling.* Dis nie vir ons om oor die harte te oordeel nie.

9. **Besprenkeling of onderdompeling:** Die vraag is of dit voldoende is om deur besprenkeling te doop, soos feitlik die algemene gewoonte is, of *moet* ons juis doop deur onderdompeling? Die antwoord is dat onderdompeling op sigself nie verkeerd is nie, solank ons nie daarvan 'n prinsipiële kwessie maak nie. Dis moontlik dat in die eerste tyd van die Christelike kerk daar dikwels deur onderdompeling gedoop is. Dit was egter nie die algemene reël nie. Dis baie onwaarskynlik dat die 3,000 mense wat in Jerusalem tot bekering gekom het (Hand. 2:41), deur onderdompeling gedoop is, aangesien water daar uiters skaars was. Dieselfde geld vir die gesin van Cornelius (Hand. 10:47; vgl. ook Hand. 16:33, ens.). Die doop met die Heilige Gees (Matt. 3:11) kon tog nie deur onderdompeling geskied het nie. In Heb. 10:22 praat die skrywer van die harte wat "deur besprenkeling" gereinig is van 'n slegte gewete. Die Leviete moes deur besprenkeling gereinig word (Num. 8:7; vgl. ook Num. 19:13, 18, 19; Ps. 51:9; Heb. 9:13). Eseg. 36:25 verklaar: "Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel, sodat julle rein kan word" (vgl. ook v. 26).

Ons kan moeilik *kindertjies* deur onderdompeling doop, en dis ten slotte nie die hoeveelheid *water* wat ons siele reinig nie, maar die *bloed* van Christus. In Heb. 12:24 lees ons van "die bloed van die besprenkeling" en Jesus sê vir Petrus: "Hy wat klaar gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein" (Joh. 13:10). In 1 Pet. 1:2 lees ons ook van die "besprenkeling met die bloed van Jesus Christus"; en waar in 1 Pet. 3:20, 21 die doop in verband gebring word met die ark van Noag, was die ark tog

ook nie ondergedompel nie, wel met die water besprinkel.

Die Griekse woord *baptizo* hoef nie noodwendig "onderdompel" te beteken nie, maar kan ook beteken om te reinig deur te was. In Rom. 6:3, 4 word die doop wel in verband gebring met die "begrawe" word deur die doop in die bloed van Christus, maar dis duidelik dat die water maar die simbool is en dat ons ook by besprenkeling onder die water deurgaan. In elk geval is dit in [190]

*Christus* wat ons begrawe moet word en weer opstaan en nie in die *water* nie.

Ons konklusie is dus dat die besprenkeling 'n duidelike simbool is van die afwassing van die sonde deur die bloed van Christus en dus nie veroordeel mag word nie.

## Les 39: OOR DIE HEILIGE NAGMAAL

**1. Nagmaal en Pasga:** Die nagmaal is deur Christus ingestel by geleentheid van die paasfeesviering (vgl. Matt. 26:17-30; Mark. 14:12-26; Luk. 22:7-23). Paulus sê: "Want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus" (1 Kor. 5:7). Christus self word in die Bybel dikwels 'n Lam genoem (Jes. 53:7; Joh. 1:29; 1 Pet. 1:19; Openb. 5:6). In 1 Kor. 10:16 noem Paulus die nagmaalsbeker die "beker van danksegging", en dit was die naam vir die derde beker wat gewoonlik by die paasfeesviering die omgang gemaak het. Die nagmaal sluit dan ook mooi aan by die Pasga en vervang dit, want in Christus is die ware Paaslam geslag, en Sy bloed is vergiet eens en vir altyd tot vergiffenis van die sonde (vgl. Heb. 11:28; 9:11-14). Ons kan Egipte beskou as die dienshuis van die sonde waaruit ons "Moses", d.i. Christus, ons uitgelei het. En waar die Pasga ook 'n *dankfees* was en die Paaslam geëet is, daar eet en drink ons ook op geestelike wyse die vlees en bloed van ons "Paaslam", Jesus Christus (Joh. 6:48-58).

2. **Nagmaal en doop:** Wat is die verhouding van die twee sakramente, wat Christus ingestel het, tot mekaar? Albei hierdie sakramente beteken en verseël die weldade van die genadeverbond in Christus. By die doop is die gedagte van *geboorte* (inlywing in Christus) op die voorgrond, by die nagmaal die gedagte van die opgroei (voeding) en sterker word in Christus. Daarom word die doop slegs een maal bedien, aangesien 'n mens net een maal gebore word; die nagmaal word egter dikwels bedien, omdat 'n mens gedurig voedsel nodig het om te groei en die lewe in stand te hou. By die doop is die mens (kind) lydelik, net soos by die geboorte. By die nagmaal is jy egter aktief, neem self die voedsel en eet. Die doop wys meer negatief op die afwassing van die sonde, die nagmaal meer positief op die gemeenskap en die lewe in Christus. As Christus sê: "Neem, eet en drink!" dan veronderstel dit volwassenheid. 'n Kind kan nog nie "homself beproef", soos Paulus in 1 Kor. 11:28 beveel nie.

3. **Betekenis van brood en wyn:** Die gebreekte brood en vergote wyn wys simbolies op die verbreking van die liggaam van Christus [191] en die vergieting van Sy bloed aan die kruis, en daardeur word die dood van Christus verkondig (1 Kor. 11:26). Die feit dat ons die brood *eet* en die wyn *drink,* wys op ons *persoonlike* deelname aan die offer van Christus en toeëiening van God se genade in Christus. Die brood en wyn stel ook voor ons voeding en verkwikking met die Brood van die lewe, d.i. Jesus Christus. Die brood is in die Skrif die staf van die lewe om die mens te versterk, en die wyn dien tot lafenis en verkwikking (Ps. 104:15). Ook lê daar in die brood en wyn wat ons almal gemeenskaplik gebruik, die heerlike eenheidsgedagte, naamlik dat ons almal saam gemeenskap het aan die liggaam en bloed van Christus. Daarom sê Paulus dat die beker van danksegging die gemeenskap is

met die bloed van Christus en dat die brood wat ons breek, die gemeenskap is met die liggaam van Christus (1 Kor. 10:16); en “omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood” (v. 17). Die Nagmaalsformulier wys ook daarop dat die brood en wyn uit baie korrels gemaal en gepers is, en net so is ons ook almal saam een liggaam, omdat ons deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is.

4. **Hoe moet die nagmaal bedien word?** Die nagmaal moet steeds as 'n maaltyd gevier word, net soos Christus dit by die Paasmaal ingestel het en net soos die eerste Christelike kerk dit altyd aan die einde van die liefdemaaltye *(agapae)* gevier het, waar almal in die aand saamgekom en 'n gemeenskapsmaaltyd gehou het en dit dan met die nagmaal afgesluit het. Daarom word die nagmaal ook aangedui as die “tafel van die Here” en “die beker van die Here” (1 Kor. 10:21; 11:27) of “die beker van danksegging” (1 Kor. 10:16) of “die breking van die brood” (Hand. 2:42). Daarom het by ons die nagmaalstafel die plek ingeneem van die *offeraltaar*. 'n Maaltyd veronderstel dat die huisgesin hulle skaar om die huistafel, en daarom is dit ook nodig dat die nagmaal bedien sal word in die midde van die gemeente, in die teenwoordigheid van die ganse volk (gemeente) van God (Ps. 116:13, 14, 18): die sakramente mag nie van die Woordbediening losgemaak word en indiwidualisties aan private persone uitgedeel word waar die gemeente nie saamkom nie (vgl. 1 Kor. 10:17; 11:18; 20:21).

Verder moet ons stel dat die nagmaal onder die *twee* tekens van brood en wyn bedien moet word, soos Christus dit ingestel het en nie net onder die teken van die brood *(ouel)* soos sommige kerke doen nie. Sowel die liggaam (brood) as die bloed (wyn) moet hier onder die sakrament aangedui word. En ook mag die *breking* van die brood en die *vergieting* van die wyn nie ontbreek nie, soos die Kategismus in die antwoord by vr. 75 aandui. In [192] 1 Kor. 11:24 word die breking van die brood in direkte verband gebring met die verbreking van die liggaam van Christus. Ook die drie evangeliste, Mattheüs, Markus en Lukas, vermeld spesiaal die *breking* van die brood.

5. **In watter sin is die brood en wyn die liggaam en bloed van Christus?** As Christus sê: “Neem, eet, dit is my liggaam” en “dit is my bloed” (Matt. 26:26, 27), wat bedoel Hy dan daarmee?

Hier wil ons eintlik eers verduidelik wat Hy *nie* daarmee bedoel het nie. Dis naamlik duidelik dat Hy nie kon bedoel het dat daardie brood en wyn letterlik Sy liggaam en bloed was nie, soos sommige tog wel glo. Ons mag nie hier vir 'n oomblik dink dat Christus werklik by elke Nagmaalsviering as 't ware opnuut geoffer word en dat daardie brood en wyn werklik die liggaam en bloed van Christus word as dit by die nagmaal bedien word nie. Christus is net een maal aan die kruis geoffer (Heb. 10:11, 12). Dis onnodig en onmoontlik dat Hy weer op 'n onbloedige wyse by die nagmaal geoffer word. Elke ding is geskape “na sy aard”, en die brood en wyn verander net so min in die liggaam en bloed van Christus as wat die doopwater die bloed van Christus word. As ons sou glo dat die brood en wyn werklik in die liggaam en bloed van Christus verander, dan sou dit beteken dat die dissipels Hom geëet en gedrink het terwyl Hy nog in lewende lywe by hulle gestaan het, en dat vleis en bloed die eienskappe van brood en wyn kan besit — iets wat tog onmoontlik is. As Paulus sê: “Die rots *was* Christus” (1 Kor. 10:4), of as Jesus sê: “Hierdie beker *is* die nuwe testament in my bloed” (1 Kor. 11:25), dan is dit tog duidelik beeldspraak; so ook as Jesus sê dat ons die sout of lig van die wêreld is (Matt. 5:13, 14). Christus is na Sy liggaam in die hemel en nie alomteenwoordig nie, daarom kan Hy nie liggaamlik teenwoordig wees by elke Nagmaalsviering nie. Vir ons is en bly die brood *(hostie* genoem deur sommige) net

brood en die wyn net wyn, en ons kan en mag dit nooit aanbid as die wesenlike liggaam en bloed van Christus nie.

6. **Hoe geniet ons Christus dan in die nagmaal?** Ons herhaal net eers weer dat ons Christus nie geniet deur *verandering* van die brood en wyn in Sy vlees en bloed (ook genoem transsubstansiasie) nie, ook nie deurdat ons Hom letterlik eet en drink in, onder en met die brood en wyn (genoem konsubstansiasie) nie, en ook is die nagmaal nie *bloot* 'n gedagtenis- of herinnerings-maaltyd nie, alhoewel ons dit seer seker *ook* vier tot *gedagtenis* aan die bittere lyde en sterwe van Christus (Luk. 22:19; 1 Kor. 11:24, 25). Nee, ons moet aanneem dat ons inderdaad op 'n geheimsinnige en geestelike wyse deel kry aan die liggaam en [193] bloed van Christus wanneer ons die nagmaalsbrood eet en die wyn drink (Joh. 6:55-57; 15:4-6).

Dis egter nie die brood en wyn wat soos 'n toormiddel dien om ons Christus deelagtig te maak nie, maar terwyl ons dit sakramenteel geniet, kry ons deur die *geloof* deel aan Christus, deur die kragtige werking van Sy Heilige Gees. So kry ons "gemeenskap" aan Christus (1 Kor. 10:20, 21), gemeenskap nie alleen aan Sy weldade nie, maar aan Sy Persoon en dus ook Sy nature.

Dit beteken allermins dat ons in panteïstiese sin vergoddelik word of dat Christus Sy vleeswording in ons voortsit. Calvyn sê dat die vereniging met die mensheid van Jesus vir ons noodsaaklik is om die lewe deelagtig te word, aangesien kragtens Sy Godheid die volheid van lewe in Sy mensheid woon, en uit Sy mensheid vloei die lewe in ons oor. Ons Geloofsbelydenis, art. 35, sê onder andere: "Intussen dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie, maar die wyse waarop ons dit gebruik, is nie die mond nie, maar die gees deur die geloof." Die Kategismus, vr. 76, druk dit so uit: " . . . . om deur die Heilige Gees . . . . só met Sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig te word dat, al is dit dat Christus in die hemel is en ons op die aarde, ons tog vlees van Sy vlees en been van Sy gebeente is . . . ." (vgl. Ef. 5:30). So is Christus dan die Hoof en ons Sy liggaam (Ef. 1:22, 23; 4:15; 1 Kor. 6:15).

En so word ons geestelike eenheid met God in Christus (Joh. 17:21) versterk. Dis nie die *nagmaal* wat ons een met Christus maak nie. Wie die Woord gelowig aanneem, het reeds deel en gemeenskap aan Christus, maar in die nagmaal word ons geloof versterk en leef Christus deur Sy Gees des te kragtiger in ons. So is nagmaal dan ook 'n teken en seël waardeur die waarheid van die evangelie vir ons bevestig word en ons also versterk.

**7. Onvoorwaardelik eet en drink:** Paulus sê in 1 Kor. 11:29: "Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie", en daarom sê hy dat ons ons eers self moet beproef en so van die brood eet en uit die beker drink (v. 28). Deeglike voorbereiding, ernstige en biddende selfbeproewing is dus nodig vir 'n geseënde en vrugbare Nagmaalsviering. Die voorbereiding en nabetragting vorm saam met die Nagmaalsdiens één geheel, en daarom doen ons ons eie geestelike lewe groot skade aan as ons net die Nagmaalsdiens bywoon en verder wegbly. En waar die geestelike lewe kwyn, raak dit op die end ook ons tydelik-liggaamlike lewe (1 Kor. 11:30).

Die gelowige sal homself wel altyd onwaardig voel om deel te [194] neem aan die Nagmaalsviering. Maar dis juis goed, want die eerste vrug van selfbeproewing is selfmishae, en juis die ware sondebesef sal ons uitdryf na Christus. En so sal ons dan gryp na die

beloftes van God, waarvan ons deur die nagmaal verseker word en wat God persoonlik wil bevestig aan elkeen wat die nagmaal met 'n gelowige hart vier. En so sal ons dus dan die drinkbeker van die Here drink as 'n beker van danksegging en sal ons in opregte dankbaarheid jeens God in nuwigheid van lewe wandel en in ware eensgesindheid met ons naaste lewe (vergelyk ons mooi Nagmaalsformulier).

8. **Ons is verplig om Nagmaal te gebruik:** Tot die ware voorbereiding vir die Nagmaalsviering behoort ook dit dat ons alle struikelblokke uit die weg moet probeer ruim wat ons sou kan verhinder om deel te neem aan die Nagmaalsviering. Sulke struikelblokke is onder andere sondes waar ons aan verkleef is, en twis of tweedrag met ons medemense. Ons mag nie maar in sonde of onenigheid bly voortlewe nie. Dan bring ons smaad op die Naam van Christus, wat ons met die mond bely, en vertrap ons Sy heilige verbond onder ons voete.

As gedooptes is ons verplig om die verbondseise uit te voer en die verbondsvoorregte te gebruik. Daaronder val die gebruik van die nagmaalsakrament. Christus het nie verniet beveel nie: "*Doen* dit tot my gedagtenis!" (Luk. 22:19; 1 Kor. 11:24, 25). In die Ou Testament moes iemand doodgemaak word wat nalaat om die Pasga te hou (Num. 9:13). Waar ons by ons doop lydelik was, moet ons, as ons volwassenheid bereik het, self aktief optree om ons geloof te bely en die verbond bewustelik te aanvaar met alles wat daaraan verbonde is, onder andere ook om toe te tree tot die verbondstafel van die Here.

9. **Die nagmaal beseël die Nuwe Verbond:** Christus sê in Matt. 26:28: "Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes" (vgl. ook Luk. 22:20 en 1 Kor. 11:25). In hierdie verbond, wat met die heilige bloed van die Lam beseël is, ontvang ons vergewing van sondes en die heiligmaking deur die Gees (Jer. 31:31-33). As Christus beveel: "Drink *almal* daaruit!" dan dui Hy daardeur aan dat die *almal,* die gelowiges, Sy bondsvolk is. Christus is die ongesiene Gasheer of die Vader wat Sy kinders aan Sy tafel spysig. Die gelowiges is 'n afgesonderde volk van God, en daarom belet Paulus hulle om *ook* aan te sit aan die tafels van die duiwel (1 Kor. 10:21; Hand. 15:29). Daarom verklaar die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 35: "Ons glo en bely dat ons Saligmaker, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal verorden en [195] ingestel het om te voed en te onderhou diegene wat Hy alreeds wederbaar het en in Sy huisgesin, naamlik Sy kerk, ingelyf het."

10. **Die nagmaal wys ook heen na die bruilofsmaal van die Lam:** Christus sê in Luk. 22:16: "Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan (nl. die Pasga) eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie", en weer in v. 18: "Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie" (vgl. ook Matt. 26:29). In Matt. 8:11 verwys Jesus ook na die bruilofsmaal as Hy sê: "Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele." Ook word die bruilofsmaal vir ons pragtig geteken in Openb. 19:7-9. Daar sal die bruid (kerk) geklee wees in rein en blink fyn linne en sal die soet en salige gemeenskap tussen bruid en Bruidegom (Christus) vir ewig gesmaak word. Die nagmaal is daarom 'n voorafskaduwing en 'n voorlopige heenwysing daarna. Dit moet ons dan ook sterk laat verlang na die hemelse bruilofsmaal.

## DIE VOLEINDING VAN DIE WÊRELD

### Les 40: DIE TUSSENTOESTAND NA DIE DOOD

**1. Wat ons onder die voleinding verstaan:** As Bybelgelowiges glo ons nie, soos sommige, aan 'n ewige kringloop van die geskiedenis nie. Die wêreld was daar nie van altyd af nie, en hy beweeg na 'n definitiewe punt in die geskiedenis waarin alles tot sy ewige bestemming sal kom. Daarom sien ons steeds uit na die groot dag van die wederkoms van Christus (Openb. 22:20). En wanneer Christus dan alles aan God onderwerp het, sal God alles wees in almal (1 Kor. 15:28). En so kom daar ook 'n *persoonlike* voleinding in sekere sin vir elke mens in die uur van sy dood, wanneer hy na sy ewige bestemming gaan. In elk geval, hierdie wêreld en hierdie lewe duur nie vir altyd nie. Daar kom 'n definitiewe *historiese* keerpunt wanneer alle aardse dinge en gebeurtenisse getransformeer sal word en uitloop op 'n *nuwe* aarde onder 'n *nuwe* hemel (Jes. 66:22). Tog sal dit hierdie selfde ou wêreld wees wat so in nuwe gedaante uit die as en puin in glorie sal herrys (2 Pet. 3:10-13).

Die voleindingsgedagte wil dus nie maar net te kenne gee dat die aardshistoriese dinge deur God onder ewigheidsbeligting gestel word nie, maar dat daar definitief 'n historiese wederkoms van [196] Christus, 'n historiese ingrype van God in die gang van die ondermaanse gebeure sal wees waardeur *ons* geskiedenis in sekere sin tot sy einde sal kom, om in die ewigheid in heerlikheid voortgesit te word (vgl. Hand. 1:11; Matt. 24:29-31, 42-44). Die voleinding kom dus nie van onder af op deur sosiale ewolusie nie, maar van *bo* af deur neerdaling van God en van die nuwe Jerusalem op aarde (Openb. 21; Jes. 65:17).

2. **Onsterflikheid:** Ons sê gewoonlik dat die mens 'n onsterflike siel besit. Tog moet ons dit goed verstaan. In sekere sin is al God se handewerk, dus siel en liggaam, onvernietigbaar, maar in ander sin weer is siel sowel as liggaam (vanweë die sonde) aan die dood onderworpe (Matt. 10:28). Ons moet dit dus nie soos die ou heidene verstaan dat die siel sonder meer die draer van die ewige lewe is, terwyl die ou aardstoflike omhulsel eenmaal afgelê sal word nie. Ons sien die dood nie as 'n natuurnoodwendige gebeurtenis in ons bestaan nie, soos 'n papie byvoorbeeld ophou om te bestaan, sodat uit hom 'n heerlike vlinder kan kom nie.

Die dood is die *straf* op die sonde (Gen. 2:17; Rom. 6:23; Heb. 9:27), en dit tref siel sowel as liggaam, deurdat dit die mens losruk van God, siel en liggaam uitmekaar ruk en beide op eiesoortige wyse laat desintegreer. Dis 'n proses van ontbinding. Onsterflikheid besit God alleen (1 Tim. 6:16), en Hy alleen kan ons dit deelagtig maak (1 Kor. 15:53). Daar is geen *bewyse* buite die Skrif om vir die onsterflikheid nie. Tog leef dit diep in die hart, selfs van die heidene, soos die praktyke van balseming en begrafnis van lyke byvoorbeeld aantoon. Uit Gods geopenbaarde Woord *weet* ons egter dat wie in Christus sterf, tot in die ewigheid sal lewe (Matt. 22:32; Joh. 11:25, 26; 5:24).

3. **Geen vagevuur:** Volgens sommige moet die gelowiges, met uitsondering van die martelare en besondere heiliges, na die dood eers 'n tyd lank in die vagevuur of reinigingsvuur verkeer om te betaal vir die sogenaamde tekort aan tydelike strawwe wat hulle nog moes ontvang het. Dit word ook genoem die purgatorium. Deur voorbidding, misoffers, aflate, ens., sou ons sodaniges dan kan help om des te gouer uit die vagevuur te kom. Hulle beroep hulle op Matt. 5:22, wat egter van die helse straf praat, en op 1 Kor. 3:13-15, wat egter dui op die keuring van ons werke in die Goddelike oordeel en met 'n vagevuur niks te doen het nie. Ook Matt. 5:25, 26 gee nie te kenne dat daar nog kans vir afbetaling na die dood sal wees nie, maar eerder dat wie in verharding sterf, *geen* kans op

die lewe meer het nie.

4. **Geen sieleslaap:** Sommige meen dat ons na die dood in 'n soort bewustelose toestand verkeer, soos dié wat slaap. Nou [197] vergelyk die Skrif wel die dood met 'n slaap (Deut. 31:16; Jes. 57:2; Matt. 9:24; Joh. 11:11-14; 1 Thess. 4:14, 15), maar daardeur wil die Skrif net te kenne gee dat die dooies geen kontak meer met ons wêreld het nie, maar nie dat hulle werklik slaap nie. Selfs in ons gewone slaap is ons gees lewendig en bedrywig, soos byvoorbeeld in droomtoestande en herinneringsbeelde. Dis ten slotte nie ons oor wat hoor of ons oog wat sien nie, maar ons gees wat deur middel van die oor en oog hoor of sien. God en die engele het ook geen liggame nie, tog hoor en sien en leef hulle bewustelik. Die Skrif leer duidelik dat die dooies in die hiernamaals *bewustelik* lewe, vgl. bv. die gelykenis van die ryk man en die arm Lasarus (Luk. 16:19-31). As Ps. 73:24 sê dat God ons in Sy *heerlikheid* sal opneem, dan veronderstel dit tog seker dat ons daardie heerlikheid in volle bewussyn sal *geniet.* As Jesus vir die moordenaar aan die kruis sê: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees" (Luk. 23:43), wil dit nie net sê dat hy *by* Jesus sal wees nie, maar wel dat hy *saam* met Jesus die Paradysvreugde sal *geniet* (vgl. verder 2 Kor. 5:1; Fil. 1:23; 2 Tim. 4:7, 8; Hand. **7:**59).

5. **Verwerping van Spiritisme:** Die Spiritiste glo dat ons deur sogenaamde "mediums" kontak kan kry met die afgestorwenes. Ons moet dit egter verwerp as grotendeels bedrog van die sinne, onder hipnotiese toestande, en verder as die bose werke van die duiwel. Die Skrif belet dit uitdruklik. In Deut. 18:10-12 lees ons: "Daar mag niemand by jou gevind word wat . . . met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met beswering omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel." (Vgl. ook Lev. 19:31; 20:27.) In Jes. 8:19 word gesê: "As hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel — moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?"

Die Skrif weet nie van 'n sogenaamde astrale of eteriese liggaam wat die mens ná sy dood sou besit nie. Dit kan nie uit 2 Kor. 5:1 e.v. afgelei word nie. Die Skrif ken geen voorvaderverering en weet niks van dooies wat soos skimme by graftes rondspook nie. By sy dood gaan die mens na sy *ewige* huis (Pred. 12:5b). Hy is dan saam met Abraham, Isak en Jakob met *Christus* in die Paradys, in die hemel (Ef. 2:6; Hand. 9:3-5; Luk. 23:46; Openb. 5:6; 14:1; 19:11-16). Die goddelose daarenteen gaan na die verderf, soos duidelik blyk uit die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16). Van terugkeer uit die doderyk is daar geen sprake nie. Die Skrif sê: "Want Abraham *weet* van ons nie, en [198] Israel *ken* ons nie. U, o Here, is ons Vader" (Jes. 63:16; vgl. ook Pred. 9:5, 6; Job 14:21). Wat betref die verhaal van 1 Sam. 28, waar Samuel aan Saul sou verskyn het, kan ons net sê dat die hele agtergrond en atmosfeer waarin die verhaal afspeel, heidens is en dat die hele opset van die verhaal ons laat voel dat hier of sinsbedrog of Satanswerk in die spel is. Dit is immers moontlik en selfs waarskynlik dat die Satan en sy bose engele 'n groot rol speel by dergelike sogenaamde geestesverskyninge, soos ook afgelei kan word uit die feit van duiwelbesetenheid, waarvan ons veral in die tyd van Christus so baie lees.

6. **Kondisionele onsterflikheid?** Sommige meen dat die goddelose in die verderf uiteindelik vernietig sal word. Dit raak dus die kwessie van die ewige straf, waarop ons nog weer sal terugkom. Maar die Skrif leer duidelik dat ons ewige lot met ons dood beslis word

(Heb. 9:27). Daar is na die dood geen moontlikheid van bekering meer nie, wat nie wegneem dat dit God se *begeerte* is dat alle mense gered moet word nie (1 Tim. 2:4). Ewewel leer die Skrif duidelik dat ons eenmaal geoordeel sal word volgens wat ons hier *op aarde* gedoen het (2 Kor. 5:10; Heb. 9:27). In die verderf sal die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie (Mark. 9:43-48; Jes. 66:24). Wel sal daar verskil wees in die graad van straf (Matt. 10:15) na gelang ons opsetlik of meer uit onkunde mag gesondig het, maar die feit is dat die ewige lewe altyd teenoor die ewige straf gestel word (Matt. 25:46; Dan. 12:2) en dat nêrens van 'n tweede kans na die dood gepraat word nie.

7. **Geen bewaarplaas:** Dat die gelowige na sy dood *terstond* by Christus in die hemel is, is duidelik uit tekste soos Luk. 23:43, 46; Hand. 7:59; 2 Kor. 5:8; Fil. 1:23; Heb. 4:9, 10. In Openb. 6:9 sien Johannes die siele van die afgestorwe martelare in die hemelse heiligdom onder die altaar, en in Openb. 7:9 sien hy die skare van verlostes in die hemel (vgl. v. 15-17). Hulle regeer en heers met Christus op goue trone in die hemel (Openb. 20:4, 6). Tog spreek dit vanself dat solank siel en liggaam nog nie verenig is nie, die hemelse saligheid 'n *voorlopige* karakter dra, en dieselfde kan ook gesê word van die helse straf.

8. **Wat die Skrif leer oor die doodstaat:** In die Ou Testament word die dood oor die algemeen in donker kleure geskets (Ps. 6:6; 30:10; 115:17). Die dood word daar veral gesien in teëstelling met die aardse geluk en lewe. Die dooies woon in die doderyk *(sjeool* genoem), en daardeur word in die algemeen aangedui diegene wat in die doodstaat verkeer of, soos ons sal sê: "die oorledenes" (vgl. Ps. 49:10; 1 Sam. 2:6; Jes. 7:11). Soms dui [199] dit meer bepaald aan die strafplek van die goddelose (Job 21:13; Jes. 14:9). Die gelowiges word uit die sjeool (verderf) verlos (Ps. 103:4; Jes. 38:17-19). En daar is in die Ou Testament ook 'n verwagting van die ewige lewe (Gen. 49:18; Ps. 16:9-11; 17:15; 49:15, 16; 73:24; Job 19:25-27; Jes. 25:7-9; 26:14, 19; 1 Sam. 2:6). Die idee van triomfering oor die dood kom ook uit in die hemelvaart van Henog en van Elia. (Vgl. ook Hos. 13:14.) In Eseg. 37:1-14 word wel gepraat van die verlossing van Israel, maar tog in terme wat duidelik die opstanding uit die dood veronderstel. (Vgl. ook Dan. 12:2.)

In elk geval is in die Ou Testament die teëstelling tussen die lot van die regverdiges en die goddelose nog nie so skerp soos in die Nuwe Testament nie. Dit word meer besien as twee afdelings van die doderyk of tweë toestande waarin die dooies verkeer. Die dooies *leef* daar soos skimme, 'n soort van ingeperkte, skaduagtige, bloedlose bestaan. Sjeool en graf is nou verwant, en dis feitlik 'n soort massagraf of donker onderwêreld, waarheen die afgestorwenes afdaal (Jes. 14:9-15). Dit word in die Nuwe Testament as *hades* aangedui (Matt. 11:23; Openb. 20:13; 1 Kor. 15:55). Die verderf word daar as *gehenna* (dal van Hinnom) aangedui, wat wys op die ashoop buitekant Jerusalem waar die vuil en afval weggewerp is en waar altyd vuur gebrand en wurms gevreet het (Mark. 9:43) — simbool van die plek van ewige verderf. Daarteenoor vind ons die hemel, wat ook onder die simbool van die paradys aangedui word (vgl. 2 Kor. 12:2, 4; Openb. 2:7 en Openb. 21, 22) — simbool van onuitspreeklike vreugde, vrede en saligheid in die gemeenskap van God en die engele.

9. **Weet die dooies van ons af?** Volgens Jes. 63:16 moet ons sê: *nee.* As die verlostes in die hemel sou weet van al die sonde en ellende op aarde, sou dit hulle ongelukkig maak. Uit Luk. 15:7 kan ons nie aflei dat almal in die hemel wel presies weet van elke sondaar wat tot bekering kom nie. As die verlostes wel iets sou weet, dan moet dit *indirek* wees, miskien deur middel van die engele. Wel mag ons aanneem dat ons in die herinnering van die

afgestorwenes voortlewe (Luk. 16:27, 28), alhoewel dit moeilik is om te dink dat hulle ook steeds die herinnering van al die donkerhede van hierdie lewe behou. Heb. 12:1 en Openb. 6:9-11 wys ook in die rigting van 'n algemene meelewing van die hemel met die aardse dinge, maar veronderstel nie direkte kennis nie.

10. **Sal ons mekaar in die hemel herken?** Dis moeilik om ons in te dink dat die verlostes mekaar kan eien waar daar geen liggaam is nie. Tog is daar Skrifgegewens wat in die rigting wys. [200] Paulus sê byvoorbeeld dat ons eendag van aangesig tot aangesig sal sien en ten volle sal ken net soos ons geken is (1 Kor. 13:12). Dit sien eintlik op die sien en ken van God in Christus, maar kan dan ook die onderlinge ken in Christus inhou (vgl. ook 2 Kor. 3:18). Die gelowiges sal in die heerlikheid saam God verheerlik, en dit veronderstel gemeenskap ook met mekaar (Openb. 4:10, 11; 5:9; 7:10, ens.). Hulle sing saam in dieselfde hemelse koor. As die koning van Babel in die doderyk kom, herken die bewoners daarvan hom (Jes. 14:9-15). Uit tekste soos Matt. 8:11; Luk. 16:22-24, ens., kry ons ook die indruk dat daar herkenning sal wees. Dit moet egter nie so verstaan word asof die aardse verhoudinge (bv. in die huwelik) daar sal voortbestaan nie (Matt. 22:30; vgl. ook 1 Kor. 6:13; Gal. 3:28). *Christus* is daar die sentrum van gemeenskap. Hy is na Sy opstanding op aarde herken deur Maria en Sy dissipels, dus mag ons aanneem dat ook ons mekaar daar sal herken.

11. **Die hemelse lewe:** Die Kategismus sê in antw. 57 dat "my siel na hierdie lewe *dadelik* tot Christus .... opgeneem sal word". Nou kom die vraag op: Wat sal ons dan daar by Christus maak?

Die lewe in die hiernamaals word soms as 'n *rus* voorgestel (Heb. 4:9, 10; Openb. 14:13) of ook as 'n *slaap* (Joh. 11:13). Tog beteken dit nie stilstand, dooie rus en stagnasie nie, maar 'n lewe in gerustheid en volkome vrede. God *rus* ook ná Sy skeppingswerk, tog *werk* Hy nog steeds in Sy rus, soos Christus ons geleer het. Wel is daar in die hemel geen verdere ontplooiing of wording nie. Ewewel sluit dit nie uit dat ons God se heerlikheid daar steeds ryker en dieper sal leer ken en Hom daarvoor sal eer en aanbid nie. Die verlostes *dien* God in die hemel dag en nag tot in alle ewigheid (Openb. 7:15).

Ook daar sal verskeidenheid in gawes en aanleg wees en elke persoon sal daar ten volle aangepas wees en hom uitlewe in persoonlike verheerliking van God, in aansluiting by die gemeenskaplike grootmaking van Gods Naam.

Daar sal die verlostes dus *rus* van hulle moeitevolle arbeid, en tog volg hulle *werke* met hulle (Openb. 14:13), sodat hulle daar nie sonder werk sal wees nie. Die gelowige wat hier oor weinig getrou was, sal daar oor veel gestel word (Matt. 25:21). Hy sal dus gepromoveer word tot groter en heerliker werk en nie gedoem word tot ewige niksdoen nie. Dit sou die mens, geskape na die beeld van God, onwaardig wees.

Die hemelse werk sal egter salig wees en 'n ewige feesvreugde voor Gods aangesig. En in sekere sin sal dit 'n voldrae vrug, die oes wees op die arbeid, die lyde en stryd van hierdie lewe. Net [201] soos Israel die skatte van Egipte weggevoer het na Kanaan en dit onder andere gebruik het om die tabernakel mee te versier, so sal Gods volk in Christus die heerlikheid en eer van die nasies in die hemelse Sion inbring, om God daarmee te verheerlik en dit tot Sy diens te heilig (Openb. 21:26).

**Les 41: DIE TEKENS VAN DIE NADERENDE EINDE**

1**. Die evangelie aan alle nasies gepreek:** "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom" (Matt. 24:14; Mark. 13:10). Daar is 'n *volheid (pleroma* genoem) van heidene wat in Gods koninkryk moet ingaan (Rom. 11:25).

Uit die woorde van Christus, hierbo aangehaal, mag ons nie aflei dat elke mens, hoof vir hoof, voor die voleinding eers die evangelie moet gehoor het of dat die Christendom eers oor die hele wêreld moet uitgebrei het nie. Nee, maar "tot 'n getuienis" moet die evangelie oor die hele wêreld klink, en in ons dag *het* dit feitlik gebeur. Dis opmerklik dat volgens Openb. 6:2 Christus op die *voorpunt* ry van die vier perderuiters wat die gerigsoordele van God oor die aarde bring, en dit dui aan dat alles in diens van die evangelie staan en ten goede meewerk vir die uitbreiding van Gods koninkryk.

2. **Oorloë, hongersnood, pestilensie, aardbewings:** Hiervan lees ons onder andere in Matt. 24:6, 7. Dié dinge was daar altyd, maar dit sal teen die voleinding van die wêreld tog toeneem in intensiteit en uitgebreidheid. Die vloek van God tref die hele natuur, en daarom "sug die hele skepping en is tesame in barensnood tot nou toe", soos Rom. 8:22 ons leer. As die stoflike skepping sy einde tegemoetgaan en asof op sy sterfbed lê, sal die wêreld geskud word soos deur pyn en smart en die hele natuur sal as 't ware ontwrig word en die aarde sal soos 'n kleed verslyt (Jes. 51:6). Ook Openb. 6 spreek van die verwoestende oordele van God deur die ruiter van die rooi perd, naamlik oorlog (v. 4), die swart perd, naamlik honger (v. 5, 6), en die vaal perd, naamlik die dood (v. 8; vgl. ook Hos. 13:14).

3. **Die groot verdrukking:** Christus sê in Matt. 24:9: "Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak, en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam." Stryd sal daar wees tussen geloof en ongeloof, en dit sal teen die einde toeneem (Matt. 10:34). In Mark. 13:19 lees ons ook van die groot verdrukking soos daar van die begin van die skepping af nie was nie en ook nooit weer sal wees nie. Ja, as God daardie dae nie verkort nie, d.w.s. van bo af tot redding van Sy volk [202] ingryp nie, sou geen vlees, selfs nie die uitverkorenes, gered kon word nie (v. 20). Ook in Openb. 12:12, 13, lees ons van die groot vervolging van die kerk deur Satan, maar deur die vleuels van Gods voorsienige bewaring sal die kerk gered word (v. 14). In Openb. 13:7 staan dat die ongeloofsmagte oorlog sal voer teen die heiliges. Dit sal uitloop op die groot en vreeslike slag waarin Christus die magte van die bose sal vernietig (Openb. 16:16-21; vgl. ook Openb. 2:10).

4. **Die groot afval:** Paulus sê in 2 Thess. 2:3: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom ... ." Die ongeloofsmagte sal eers deur propaganda probeer om die kinders van God af te rokkel en deur leuens en bedrog tot ongeloof te voer (v. 9, 10). Selfs die duistere mag van die "swart kuns" sal daarin 'n rol speel. Daarom praat hy van "kragtige dade en tekens en wonders" wat die Antichris sal uitvoer. Christus sê: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei (Matt. 24:24; vgl. ook v. 11).

Daar is wel 'n onderskeid tussen die *Antichris* (teen-Christus) en die valse christusse (wat eintlik *poseer* as Christus), maar tog is dit nie 'n absolute teëstelling nie, want ook die Antichris sal in meer as een opsig Christus na-aap en die wêreld wil wysmaak dat *hy* eintlik die egte, die ware "Christus", is. Dit neem ewewel nie weg nie dat teen die voleinding van

die wêreld die liefde van baie sal verkoel (Matt. 24:12; Openb. 2:4) en dat daar 'n geweldige afval sal wees van die Christendom terug na die heidendom, en so sal die valse kerk, die hoerkerk, ontstaan (Openb. 13:11-18; Openb. 17, 18), wat eintlik nie 'n kerk sal wees nie, maar die goddelose kultuur en beskawing, wat die plek van die godsdiens sal inneem en waarin die *mens* as God op die troon sal sit en homself sal aanbid (2 Thess. 2:4; vgl. ook 1 Tim. 4:12).

5. **Vermenigvuldiging van die ongeregtigheid:** In Matt. 24:12 lees ons: "En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel" (vgl. hier ook 2 Tim. 3:1-5). Dieselfde gedagte kom ook uit in Openb. 22:11: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen, en wie vuil is, laat hom nog vuiler word . . . ." Wanneer die Satan ontbind word, kort voor die voleinding van die wêreld (Openb. 20:7), moet ons 'n ontsettende uitbarsting van sonde en gruwelikheid op die aarde verwag, soos daar nog nooit gewees het nie. Dis dan ook opmerklik dat gruwelike sondes nog nooit op so 'n groot skaal so onbeskaamd en brutaal gedoen is soos in ons tyd nie. Daarom dat Paulus die Antichris noem "die mens van sonde" (2 Thess. 2:3). Hy sal as 't ware die vergestalting en vleeswording van die sonde, van [203] Satanisme wees. Sy hele optrede, sy woorde en dade sal een stuk *laster* teen God wees (Openb. 13:5, 6).

6. **Ander tekens:** Daar is nog baie Skrifgegewens, maar ons noem hier net nog die ekonomiese druk wat op die gelowiges uitgeoefen sal word, "sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam" het (Openb. 13:17). Daartoe sal al die aanhangers van die Antichris sy merk ontvang op hulle regterhand en voorhoof, d.w.s. hulle sal almal in hul lewenskyk en optrede die stempel van die ongeloof dra en feitlik soos nommers in sy organisasie ingeskakel word.

Verder wil ons hier net daarna verwys dat 'n mens uit Skrifgedeeltes soos Openb. 16:12; Eseg. 38, 39 en Openb. 20:7, 9 die gedagte kry dat teen die voleinding van die wêreld daar 'n magtige "deurbraak" sal wees waardeur die heidendom, wat eeue lank gesluimer het, soos 'n stortvloed oor die sogenaamde Christelike beskawing heen sal vloei en die laaste kern van die geestelike Sion sal bedreig. Gog en Magog verteenwoordig die oerheidendom, wat Satan duisend jaar lank (getal van volheid) nie teen die Christendom kon opsweep nie, maar wat tog uiteindelik soos 'n reus uit sy slaap sal wakker skrik en die wêreld met 'n sondvloed van barbarisme sal bedreig.

En ten slotte noem ons net die tekens aan die sterrehemel waar Christus van praat (Matt. 24:29, 30; Luk. 21:25, 26). Die ganse skepping sal meevoel en ly onder wat hier op die aarde gebeur en ons sal ongewone en aangrypende dinge aan die sterrehemel sien, wat groot beroering op aarde onder die mense sal veroorsaak.

7. **Die Antichris:** Die apostel Johannes is die enigste wat die Antichris by sy naam noem: "Kinders, dit is die laaste uur, en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar nou ook baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is" (1 Joh. 2:18). Die Antichris stel hom *teen* Christus en ontken dat Jesus die Christus is (1 Joh. 2:22). Ook ontken hy die *vleeswording* van Christus (1 Joh. 4:3; 2 Joh. 7).

Omdat die *gees* van die Antichris alreeds in die tyd van die apostels bekend was, sê Johannes dat daar baie antichriste is. Maar die eintlike Antichris kom nog en sal 'n soort wêrelddiktator wees wat hom teen God en mens verhef. Daarom word hy ook genoem die "seun van die verderf" (2 Thess. 2:3). Hy sal nie net 'n mag of 'n beginsel verteenwoordig nie, maar sal 'n *persoon* wees wat sy mag as uit die hand van Satan sal ontvang (Openb. 13:4)

en sal dus feitlik 'n inkarnasie van Satan wees. Tog sal hy ook maar 'n instrument wees wat Christus sal gebruik om uiteindelik Sy koninkryk te vestig. Hy sal 'n wêreldheerser met geweldige [204] politieke en militêre mag wees (Openb. 13:1-10; vgl. ook Dan. 7-9, 11, veral v. 36).

Hy sal die voldrae vrug wees van die moedersonde, naamlik selfverheffing en 'n poging om aan God gelyk te wees, soos Paulus hom ook teken in 2 Thess. 2:4: " . . . . wat hom verhef bo elkeen wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God sal sit as God en voorgee dat hy God is." So is byvoorbeeld reeds in die tyd van Christus die Romeinse keisers as "god" aanbid en het 'n borsbeeld van die keiser in die verskillende tempels gestaan. Ons het hier dus staats-absolutisme en mensverheerliking in hoogste graad. Ons kan feitlik sê dat alle menslike mag op aarde in die persoon van die Antichris saamgetrek sal wees.

Sy vernaamste propagandis sal die "groot hoer" (Openb. 17:1-18) wees of die "dier wat uit die aarde opkom" (Openb. 13:11-14), wat op die dier (Antichris) sal ry en die staatsmag na willekeur sal bestier, totdat die politieke mag wat van God losgeskeur is, uiteindelik alle skynkultuur in die grond sal boor en die "hoer" sal verwoes (Openb. 17:16). Dan sink die wêreld terug in die oernag van barbarisme. Maar dan sal die Antichris en sy mag ook skielik en finaal verbreek word deur Christus, wat aan die hemeltrans sal verskyn (Openb. 20:9, 10; 19:15; 2 Thess. 2:8; Eseg. 38:1-12; Joël 2:1-11; 3:1, 2; Dan. 2:34, 35; Openb. 18:20, 21; Matt. 11:23; Luk. 10:18). So hoog as wat die Antichris hom verhef het, so diep en dodelik sal sy vernedering wees.

8. **Die duisendjarige ryk:** Dit word ook genoem die millenianisme of chiliasme (wat die Latyns en Grieks van duisend aandui). Daar is baie wat glo dat daar voor die voleinding van die wêreld nog eers so 'n duisendjarige vrederyk op aarde deur Christus gestig sal word. Die mees algemene voorstelling daarvan is soos volg: Christus sal na die aarde toe kom en die *gelowiges* wat salig word, opwek uit die dood; Satan sal gebind word, d.w.s. sy mag sal duisend jaar lank baie ingeperk word; die Jode sal as 'n volk tot bekering kom en in Kanaän die tempeldiens herstel; Christus sal Sy troon in Jerusalem oprig en oor die ganse aarde heers, alhoewel dit nie beteken dat sonde en dood van die aarde af sal verdwyn nie; na die duisend jaar volg 'n laaste opstand van Satan en die heidene teen Christus; dit word onderdruk, die dode word almal opgewek, die laaste oordeel volg, en die koninkryk van God word op die nuwe aarde opgerig.

9. **Verkeerde** uitleg **van Openb.** 20:**1-10:** Die leer van die chiliasme is vir die grootste deel gebaseer op Openb. 20:1-10. Ons moet egter daarop let dat ons hier te doen het met "siele" wat in die hemel is (v. 4). Hulle het deel aan die eerste opstanding, [205] d.w.s. hulle het deur wedergeboorte oorgegaan uit die dood in die lewe (v. 6). Tog is hulle in sekere sin nog dood, want hulle liggame is nog nie opgewek nie, daarom word in v. 5 gepraat van "die *ander* dode".

Hier is geen sprake van 'n wegneming (rapture) van die kerk van die aarde af of van 'n onsigbare neerdaling van Christus en die heiliges op aarde en die vestiging van Sy troon in Jerusalem nie. Hier word met geen woord melding gemaak van die bekering van Israel en die herstel van die tempeldiens nie. Nee, ons het hier te doen met 'n simboliese voorstelling van die oorwinning van Christus, wat met Sy hemelvaart plaasgevind het. Hy leef en regeer as Koning oor hemel en aarde vir duisend jaar, d.w.s. 'n *volheid* van tyd (10 x 10 x 10). Satan se mag is ingeperk, en eers kort voor die tweede en finale koms van Christus

sal hy weer vrye teuels kry om die ganse wêreld (en veral die heidendom) vir 'n laaste kragmeting teen Christus en Sy kerk op te sweep (v. 8, 9). Dit sal ook sy finale ondergang wees, en dan word die ewige Vrederyk van 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel gevestig (Openb. 21 en 22).

10. **Die Skrif ken net één wederkoms van Christus:** Jesus self het altyd net van Sy enigste en laaste wederkoms gepraat. In Sy groot profetiese redes (Matt. 24; Mark. 13 en Luk. 21) word tevergeefs gesoek na 'n enkele aanduiding van 'n sogenaamde duisendjarige ryk, wat nog eers as intermezzo, voor die voleinding hier op aarde opgerig sal word. Die één refrein wat ons gedurig aantref, is dat Christus ons waarsku om wakker te wees en Sy wederkoms ten gerigte te verwag (vgl. Openb. 2:25; 3:3, 11; 22:7, 20, ens.). Die Skrif ken net die een groot opstanding van gelowiges en ongelowiges tegelyk op die jongste dag (Dan. 12:2; Joh. 5:28, 29; Joh. 6:39, 40, 44, 54; 11:24; Openb. 20:11-13; 1 Kor. 15:50-52).

11. **In plaas van 'n duisendjarige ryk moet ons donker tye verwag:** In die lig van die Skrif moet ons nie 'n goue eeu of bloeitydperk voor die voleinding van die wêreld verwag nie, maar 'n tyd van toenemende bederf en verwoesting (Matt. 24:6-14, 21). So erg sal dit wees dat Jesus vra of Hy wel nog enige *geloof* op die aarde sal vind as Hy weer kom (Luk. 18:8; vgl. verder Luk. 21:25-28; 2 Tim. 3:1-13; Openb. 13). Die nuwe en verloste wêreld sal nie deur geleidelike ewolusie nie, maar deur 'n vreeslike katastrofe heen tot stand kom (Matt. 24:29-31; Heb. 12:26, 27; 2 Pet. 3:10-13). In Matt. 19:28 word dit selfs genoem 'n "wedergeboorte" van die wêreld.

Jesus en die Skrif ken net twee bedelinge, naamlik die huidige en die toekomstige of die hiernamaals. In die huidige wag op Sy [206] kerk nie 'n duisendjarige vrederyk nie, maar *verdrukking* (Matt. 5:10-12; 8:20; 16:24-26; Joh. 17:14; Rom. 8:36).

12. **Die herstel van Israel:** Daar is veral in die Ou Testament baie gedeeltes wat 'n herstel van Israel verkondig (bv. Sag. 12:10; 13:1; Rom. 11:25, 29), en die vraag is: Hoe moet ons dit verstaan?

Die idee van 'n duisendjarige vrederyk waarin Israel vanuit Sion oor die hele wêreld sal heers, kan ons glad nie aanvaar nie, en dis niks anders as 'n religieuse vorm van Joodse imperialisme nie. Maar dit neem nie weg nie dat daar tog geprofeteer word van 'n terugkeer van Israel na God en na Sion (Jes. 54:7, 8; Miga 7:9; Amos 9:11; Miga 4:6, 7; Eseg. 37:17) — ja, al is dit maar 'n oorblyfsel (Jes. 6:13; 11:11; Sag. 13:8, 9). Daar word ook geprofeteer van 'n herstel van die tempeldiens (Joël 3:17, 18; Miga 4:1, 2; Jes. 60:7; 66:20-23 en veral Eseg. 40-48).

Dis egter duidelik dat ons hierdie profesieë nie letterlik moet verstaan nie. Dis 'n aankondiging van die verlossing van Gods volk (insluitende die gelowige deel van Israel) en van die wêreld in nasionaal-historiese kleure en wys heen na die voleinding van die wêreld. Wel is dit voorlopig en seer ten dele vervul in die terugkeer van die Jode uit die Babiloniese ballingskap, maar die ware en volle vervulling geskied eers met die voleinding van die wêreld. Daarom word selfs die oorwinning oor sonde en dood en die vestiging van 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel daarin opgeneem (Jer. 31:31-34; Eseg. 36:25-28; Jes. 54:13; 61:6; 25:8; 65:17; 66:22). Daar is baie wat ons *nie sonder meer letterlik* kan opvat nie, bv. Jes. 11:9a, waar die *berg* die hele aarde voorstel; v. 14 kan ook nie letterlik opgevat word nie, want die nasies wat daar genoem word, bestaan nie meer nie. Christus is die *ware* Paaslam (Joh. 1:29) en die gelowiges die *ware* Israel (Rom. 9:24, 25; Gal. 3:7-9).

Skrifverklaarders verskil oor die uitleg van Rom. 11:26 waar verklaar word: " . . . . en so sal die hele Israel gered word." Sommige verklaar dit as volg: Die gelowiges uit die heidene word op die olyfboom van Gods genade ingeënt, maar as "die volheid van die heidene ingegaan het" (v. 25), sal die verharding van Israel 'n einde neem, en alhoewel dan nie *elke* Jood tot bekering sal kom nie, mag ons tog 'n betreklik groot bekering van die Jode tot God aanneem, afgesien van die Jode wat Christus reeds in die loop van die geskiedenis aangeneem het. Die herstel van Israel in volle sin sal dus volgens hierdie verklaring eintlik eers sy vervulling vind in die hiernamaals. Dan eers sal die ewige Vrederyk bloei en sal Christus se koninkryk bloei van "see tot see" en tot by "die eindes van die aarde" en sal dit wees die *koninkryk van God* waarin Hy [207] alles in almal sal wees. Ander Skrifverklaarders beskou egter Jesus se woorde, bv. in Luk. 19:41-44; 20:16; Matt. 21:40-43, as afdoende bewys dat omdat die Joodse volk Hom finaal verwerp het, hulle voortaan nie meer die ware Israel, die uitverkore volk van God, sou wees nie. Die kerk van Christus, die gelowiges uit alle volkere, is tans die ware Israel. Daar sal egter ook uit die Joodse volk steeds uitverkorenes gered word totdat "die hele Israel" (die volle getal van uitverkorenes) gered is.

## Les 42: DIE VOLEINDING

1. **Die wederkoms van Christus:** Die werk van Christus wat Hy met Sy eerste koms op die aarde begin het, wag nog op voltooiing en sal eers met sy tweede en finale koms afgerond word. Die ewige Vrederyk word nie langs die weg van sosiale ontwikkeling bereik nie en ook nie deur die geleidelike en prosesmatige deurwerking van die Heilige Gees in die harte van die mense nie. Wel is Christus "die Komende" wat altyddeur kom, soos bv. die gelykenis oor die suurdeeg aantoon. Maar die koninkryk van die hemele sal nie deur ongestoorde groei en uitbreiding oor die aarde verwesenlik word nie; inteendeel, die sonde en die ryk van Satan sal sterk word en geweldig uitbrei teen die voleinding van die eeue, en so swaar sal die stryd word dat Christus selfs gevra het of Hy nog geloof op die aarde sal vind as Hy weer kom (Luk. 18:8). En dis juis omdat en wanneer dit skyn of die saak van Christus op die aarde totaal verlore is, dat Hy in glans en glorie sal verskyn om Sy werk af te rond en Sy koninkryk vir ewig op aarde te vestig.

Ons verwag ons Verlosser dus uit die hemel (Fil. 3:20) en nie van onder af uit die aarde nie. Jesus sal letterlik liggaamlik weer na die aarde toe kom, net soos Hy van die aarde af opgevaar het (Hand. 1:11; vgl. Heb. 9:28; Openb. 1:7). En sedert Sy hemelvaart staan die Seun van die mens gereed om met Sy engele in die heerlikheid van Sy Vader te kom en elkeen volgens sy dade te vergeld (Matt. 16:27; vgl. Hand. 17:31). Daar is niks wat so gewis en seker is as dat "die dag van die Here" kom nie (2 Thess. 2:2; 1 Joh. 2:28; 3:2; Joël 2:11; Mal. 4:5, ens.). Daarom moet ons steeds met brandende lampe en heupe wat gegord is die Here verwag (Luk. 12:35), d.w.s. gereed om Hom te ontmoet en Hom te dien (vgl. Matt. 25:1-13).

2. **Hoe sal Christus se wederkoms wees?** Wanneer Christus weer kom, sal dit nie soos die eerste keer in die gestalte van 'n dienskneg wees nie, maar met groot eer en heerlikheid. Die ganse wêreld sal Hom sien kom (Matt. 24:26, 27, 30; 26:64; Luk. 21:27). [208] Die koms van Christus beteken dus nie maar 'n algemene deurwerking van die gees en gesindheid van Christus in die maatskappy of 'n geleidelike deurdrenking van die samelewing met die Christelike beginsels nie. Nee, dis 'n persoonlike en letterlike wederkoms, wat fisies waarneembaar sal wees (Hand. 1:11; 3:21; Tit. 2:13). Soos 'n wolk

Hom weggeneem het, so sal Hy op die wolke kom (Matt. 24:30) en sal Hy begelei wees van engeleskares (1 Thess. 4:16) en eindelik ook vergesel van die afgestorwe heiliges (1 Thess. 3:13; vgl. verder Matt. 24:30, 31; 25:31; Openb. 19:14; 1 Kor. 15:52 en 1 Thess. 4:13-17).

3. **Wanneer sal Christus weer kom?** Soos ons gesê het, is Christus in sekere sin altyd besig om te kom in sover die wêreld *ryp* word vir die oordeel (Openb. 14:14-20). Hy is die Alfa en die Omega, wat is en wat was en wat kom (Openb. 1:8). “Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie” (Heb. 10:37). Uit ewigheidsoogpunt is Sy koms altyd *naby* en was dit so vanaf Sy eerste koms. Daarom praat Paulus in 1 Kor. 10:11 van “ons op wie die eindes van die eeue gekom het”, en Petrus van “hierdie laaste tye” (1 Pet. 1:20). En Johannes sê: “Kinders, dit is die laaste uur” (1 Joh. 2:18; vgl. ook 1 Pet. 5:10; Openb. 1:3; 3:11).

Volgens 1 Thess. 4:15 lyk dit byna of Paulus die wederkoms al gedurende sy lewe verwag het. Jakobus druk dit sterk uit as hy sê: “Kyk, die Regter staan voor die deur” (Jak. 5:8, 9). Hierby moet ons egter onthou dat vir die Here een dag is soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag (2 Pet. 3:8). En verder dat ons nié weet presies wanneer die Here weer sal kom nie. Christus sê in Mark. 13:32: “Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.” In Hand. 1:7 lees ons: “Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur Sy eie mag bepaal het nie.” Christus sal skielik en onverwags kom soos 'n dief in die nag (Matt. 24:22-44; 2 Pet. 3:10; Openb. 16:15). Die wêreld sal betrap word, terwyl dit in goddeloosheid en sorgeloosheid voortlewe (Matt. 24:36-41).

Daarom moet ons gedurig *waak* (Mark. 13:33-37), want ons is nie in duisternis, sodat die dag ons soos 'n dief sou oorval nie (1 Thess. 5:4). Al weet ons nie presies die oomblik nie, kan ons tog wel die tekens van die tye sien en merk dat die wederkoms naby is (Matt. 24:32, 33). Een ding is seker, en dit is dat die wederkoms nie sal plaasvind voordat al die uitverkorenes se getal vol is nie (Openb. 6:11; Ned. Geloofsbelydenis, art. 37).

4. **Die opstanding:** Wanneer Christus verskyn, *voor* die laaste oordeel, sal alle mense uit die dood opstaan, en dié wat nog lewe, [209] sal verander word, soos deur die dood heen. **Ons** glo **dus** nie **net** aan 'n geestelike opstanding of wedergeboorte van die mens nie, maar aan 'n letterlik liggaamlike opstanding uit die graf (Matt. 22:31, 32; vgl. Eks. 3:6; Joh. 5:25-29; 6:39; 11:25, 26; 1 Kor. 15; 2 Kor. 5:1-10; Openb. 20:13; 1 Thess. 4:13-17). Net soos Christus letterlik liggaamlik opgestaan het met dieselfde liggaam waarmee Hy begrawe is, so sal ons ook uit die graf opstaan.

Daarom verwag ons ook die verlossing van ons liggaam (Rom. 8:23), wanneer ons vernederde liggaam van gedaante verander sal word om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam (Fil. 3:21). Dit sal ook gebeur met die gelowiges wat by die wederkoms nog lewe. Paulus sê: “Ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin” (1 Kor. 15:51, 52; vgl. 1 Thess. 4:15).

Ons glo dus aan 'n weeropstanding van *alle* mense, gelowiges sowel as goddelose (Hand. 24:15; Openb. 20:12, 13; Dan. 12:2; Joh. 5:28, 29). Tog stel die Skrif die opstanding van die *gelowiges* steeds op die voorgrond, omdat dit die vrug is van die opstanding van Christus (1 Kor. 15:20-23; Kol. 1:18). Die opstanding van die goddelose is tot hulle verderf en om ook in die liggaam waarin hulle gesondig het, die straf vir die sonde te dra.

5. **Dis dieselfde liggaam wat begrawe is wat weer opstaan:** Soos ons gesê het,

het Christus in dieselfde liggaam opgestaan waarmee Hy begrawe is, sodat selfs die tekens van die wonde in Sy hande, voete en sy nog daar was (Luk. 24:39, 40; Joh. 20:27; vgl. Rom. 8:11). Ons sal in *hierdie* liggaam van ons, wat begrawe word, ontvang wat ons deur die liggaam verrig het, of dit goed is of kwaad (2 Kor. 5:10). Volgens 1 Kor. 15:53 is dit *hierdie* verganklike (liggaam) en *hierdie* sterflike wat met onverganklikheid en onsterflikheid beklee word. In 1 Kor. 15:42, 43 vergelyk Paulus die opstanding met die halm wat uit die koringkorrel te voorskyn kom. Al lyk dit wel anders as die pit, is dit tog daardie selfde korrel wat ontkiem en 'n koringstoel word. Ons liggame is tempels van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19), en daarom sal God dit nooit aan verderwing prysgee nie. Openb. 20:13 wys ook dat dieselfde liggame wat gesterwe het, weer uit die dood sal teruggegee word om loon of straf te ontvang. Selfs al sou die stof van ons liggaam ook al verdwyn het, sal God op Sy wyse daardie selfde liggaam weer laat opstaan. Ons *weet* ten slotte nie eens *wat* stof is nie, en God het nie bepaalde *atome* nodig om ons liggame weer op te bou nie. Die feit is dat God se reg vereis dat *dieselfde* mens as wat hier gesterf het (liggaam en siel), beloon of gestraf sal word. En om dieselfde rede verkies ons ook die begrafnis, omdat die hoop op die opstanding daaruit veel kragtiger en heerliker spreek.

[210]

6. **Hoe sal die opstandingsliggaam wees?** Al sal dit dieselfde liggaam wees wat begrawe is, sal hy in heerlikheid en eer uit die graf herrys (1 Kor. 15:41-43). Swakheid en gebreke sal daar nie meer wees nie. Volgens v. 44 sal die liggame geestelik wees, d.w.s. dit sal 'n geskikte en doelmatige instrument wees vir die gees om te gebruik, sodat die gees volkome daarin sal heers. Waarskynlik sal die liggaam baie beweegliker wees en minder deur tyd-ruimtelike omstandighede vasgeperk as wat hier op aarde die geval is. Vir sover ons lewe in die sonde deur vleeslike gesindheid en die sondemag ingeperk was en ons nie ten volle as geestelike mense geleef het nie, sal dit hiernamaals radikaal omgekeerd wees. Daarom sê Paulus: "Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie" (1 Kor. 15:50). Hiernamaals sal ons nie meer van voedsel en die maag afhanklik wees vir die voortsetting van ons fisieke lewe nie (1 Kor. 6:13). Ook sal daar geen huwelikslewe meer wees nie (Matt. 22:30). Uit Fil. 3:21 konkludeer sommige dat die opstandingsliggame almal *volwasse* sal wees, net soos dié van Christus wat op 33-jarige leeftyd gesterf en opgestaan het. Elke mens sal ewewel daar nog sy persoonlike identiteit behou, maar sal daar op sy skoonste en heerlikste tot openbaring kom. Hoe die opstandingsliggaam van die goddelose daarenteen sal wees, is moeilik om in te dink. Jesaja sê: " . . . . en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees" (66:24; vgl. ook Dan. 12:2).

7. **Die laaste oordeel:** Wanneer die aartsengel die basuin geblaas het en alle dooies opgewek is, sal hulle die Here tegemoetgaan in die lug. Die engele sal met hierdie groot byeenvergadering behulpsaam wees (Matt. 24:31; 25:32; 13:41). In Pred. 3:17 lees ons dat God elke werk in die oordeel sal bring, goed of sleg. Hand. 17:3 sê dat God 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man (Christus) wat Hy aangestel het (vgl. ook Matt. 25:31-46; Rom. 14:2; 2 Kor. 5:10; 1 Pet. 4:4; Openb. 20:11-15.

Die Regter sal dus Christus self wees, en daarin sal Hy die laaste trap van Sy verhoging voor God vind (Joh. 5:22, 23; Hand. 10:42). Vir die gelowiges is dit 'n troos, want is dit dan nie juis Christus wat vir ons gesterf het en wat as Hoëpriester met ons swakhede medelyde het nie? (Heb. 4:15). Juis Sy *regverdigheid* vereis dat Hy die gelowiges sal vryspreek. Die

gelowiges word uit die staanspoor aan die *regterhand* van Christus vergader en is in sekere sin dus klaar vrygespreek (Joh. 3:18; vgl. Heid. Kateg., vr. 52), sodat hulle feitlik ook deel het aan die oordeel oor hulle vyande (1 Kor. 6:2, 3; Matt. 19:28). Die oordeel van Christus sal oor ons *hele* lewe gaan: oor ons *werke* (Openb. 20:12; [211] Matt. 25:35 e.v.), ons *woorde* (Matt. 12:36) en selfs ons *gedagtes* (1 Kor. 4:5; Rom. 2:16; Matt. 6:4, 6). God hou as 't ware boek van ons doen en late, en daar is by Hom niks wat vergeet word nie (Openb. 20:12).

Die oordeel sal nie lank duur nie. Die Skrif praat van 'n dag of 'n uur (Matt. 11:22; 24:36, 42). Elke mens se lewe sal soos in een oogopslag voor hom klaar en duidelik staan, tesame met die oordeel van Christus daaroor, en niemand sal twyfel of dit regverdig is nie (Fil. 2:10, 11).

8. **Die ewige straf:** Kragtens die regverdige oordeel van Christus sal 'n groot deel van die mensheid verlore gaan, naamlik almal wat Hom nie tot redding aangeneem het nie (Matt. 7:13). Daar *moet* 'n bedeling kom waar reg beloon en onreg gestraf word. Die hel word in die Skrif aangedui as 'n bepaalde *plek* van verderf. Dis *buitekant die hemel* (Openb. 22:15; Matt. 8:12). Dis 'n bepaalde plek waar iemand imgegooi word (Matt. 13:42) en word genoem die onderwêreld (Luk. 8:31) of die gevangenis (1 Pet. 3:19). Dit word vergelyk met 'n onuitblusbare vuur (Matt. 5:22; Mark. 9:46; Openb. 16:10). Ook word dit as plek van uiterste en finale wanhoop genoem, die buitenste duisternis (Matt. 8:12; Ef. 2:12). Die gewete sal daar vreet en knaag soos 'n wurm wat nooit sterf nie (Mark. 9:48). Daar sal geween en gekners van die tande wees (Matt. 8:12). Daar sal dag en nag geen rus wees nie (Openb. 14:11). En omdat niemand hom daar meer sal bekeer nie, word dit ook genoem die tweede dood (Openb. 20:6; 16:10, 11). Daar sal dus ook geen einde aan kom nie, vir sover begin en einde in die ewigheid nog van enige betekenis sal wees. Sowel die lewe as die straf sal hiernamaals ewig wees (Matt. 25:46; vgl. Heid. Kateg., vr. 11). Ewewel sal daar ook verskil in grade van straf wees (Luk. 12:47, 48; Matt. 11:22-24; Joh. 19:11; Rom. 2:12).

9. **Die** ewige **lewe:** Die verlostes van die Here sal in die ewige vreugde ingaan (Matt. 25:34). Die hemel is ook 'n bepaalde *plek* en nie net 'n gelukkige *toestand* nie. Dit word vergelyk met 'n *huis* (Joh. 14:2), waar daar 'n binne- en buitekant is (Matt. 22:12, 13; 25:10-12). Die hemel sal eenmaal op die *aarde* neerdaal (Openb. 21; Matt. 5:5; Hand. 3:21; 2 Pet. 3:13). Die ganse stoflike skepping sal dus ook deel in die vernuwing en verheerliking (Rom. 8:19-22; Jes. 11:6-11; 65:19-25). Geen sonde, siekte of dood sal daar meer wees nie (Openb. 21:1-8; 2 Pet. 3:13), daarom ook geen rou of geween nie, maar onuitspreeklike heerlikheid (Openb. 21:4; 1 Kor. 2:9; Jes. 35). Die hemelse heerlikheid is vir ons nog grotendeels verborge (2 Kor. 12:4; 1 Joh. 3:2). Die hemel word vir ons meer in negatiewe kleure beskrywe [212] (Openb. 7:16, 17; 22:5). Die saligheid sal veral bestaan in die ken en geniet van God (Joh. 17:3; Ps. 37:4) en die lieflike en soete gemeenskap met God in Christus en *met* al die hemelinge (Joh. 17:24; Luk. 23:43; Matt. 8:11; Luk. 13:28). Net soos daar in die hel grade van straf sal wees, al sal *almal* die helse smarte ly, net so sal in die hemel ook verskil in heerlikheid wees, alhoewel *almal* die hemelse glorie sal besit (vgl. Luk. 19:17, 19; 1 Kor. 15:41; Matt. 25:20-23). Elkeen sal daar sy *eie* besondere plek inneem in die Vaderhuis met sy baie woninge; elkeen sal daar op sy eie manier meesing in die groot hemelkoor (Openb. 14:23), en elkeen sal daar homself wees en op persoonlike wyse God se heerlikheid openbaar in sy lewe en 'n *eie* naam dra (Openb. 2:17).

In Matt. 7:14 en Luk. 12:32 praat Jesus van Sy klein kuddetjie, wat maar min in getal is. Tog blyk dit uit byvoorbeeld Matt. 8:11, Openb. 7:9 ens. dat die volk van God wat verlos

word, 'n magtige groot skare is. Verlostes uit alle volkere maak daarvan deel uit (Matt. 20:28; 1 Kor. 15:22; Openb. 19:1; 5:9). Daar sal dus die hoogste verskeidenheid in die hoogste eenheid wees (Matt. 8:11; Ef. 4:3-7; 1 Kor. 12; Joh. 17:21; Ps. 87:4-6). Persoonlike en nasionale eienskappe sal daar nie opgelos word in 'n kleurlose, saaie eentonigheid (eenvormigheid) nie, maar sal daar in hoogste potensie uitskitter en tog met die geheel saamvloei tot 'n hemelse eenheid, net soos die name en edelgesteentes op die borstas van Aaron en die fondamentstene van die nuwe Jerusalem (Eks. 28:15-21; Openb. 21:19-21).

Ons moet ons dus voorstel dat nadat Christus verskyn het en die dode opgewek is, hulle almal deur Christus geoordeel sal word. Daarna sal die goddelose in die verderf gewerp word. Die hemel (sterrehemel) sal dan met 'n gedruis verbygaan (2 Pet. 3:10), en die stoflike skepping sal in rook en swaweldamp opgaan. Uit die chaotiese stofmassa sal God egter 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde te voorskyn roep (Jes. 51:6; 65:17; *66:*22; 2 Pet. 3:13; Openb. 21), en dan sal die hemel op aarde wees en sal God vir ewig tussen Sy kinders woon. Dan tree die ewige Sabbatsrus in, waarin ons sal rus van alle stryd en lyde en tog terselfdertyd God sal dien in volmaakte toewyding tot in ewigheid (Openb. 7:15; 22:3).

En so sal God Drie-enig die eer ontvang wat Hom alleen toekom (Openb. 5:13) en sal Hy alles wees in almal (1 Kor. 15:28), "want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid" (Rom. 11:36).